

‘n Interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat

**ML van der Schyff
10329501**

Proefskrif voorgelê vir die graad
Doctor Philosophiae
in
Maatskaplike Werk
aan die Potchefstroomkampus
van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof CC Wessels

Mede-promotor: Prof EH Ryke

Mei 2014



DANKBETUIGINGS

Só 'n groot uitdaging kan 'n mens onmoontlik alleen aanpak. My opregte dank aan:

- ◆ my Hemelse Vader, wat my deur die moeilike tyd gedra en krag gegee het om die navorsing te voltooi;
- ◆ my wonderlike man, Jannie. Jy het altyd in my bly glo. As dit nie vir jou was nie, weet ek nie of ek ooit sou klaargemaak het nie. Jou oneindige geduld, leiding, hulp, motivering en liefde in dié tyd het alles vir my die moeite werd gemaak - ek het nie genoeg woorde om vir jou dankie te sê nie;
- ◆ my pa, vir sy volgehoue aanmoediging;
- ◆ my familie, vriende, lidmate binne kerkverband en kollegas, wat in opregtheid belangstelling en begrip in dié tyd getoon het;
- ◆ my taalversorger, Corrie Fopma, Oezbekistan, vir flink diens en puik taalversorging;
- ◆ die Noordwes-Universiteit vir die finansiële steun ontvang;
- ◆ my promotor en hulppromotor vir hulle begeleiding;
- ◆ die deelnemers wat bereid was om aan die navorsing deel te neem; en
- ◆ Child Welfare South Africa (CWSA), Goldfields, vir die toestaan van studieverlof.

**IN LIEFDE OPGEDRA AAN MY MAN, JANNIE
VIR SY ONBAATSUGTIGE ONDERSTEUNING EN LEIDING**

UITTREKSEL

TITEL:

'n Interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat

SLEUTELTERME:

Interagentskap; Aanmeldingsprotokol; Kinderbeskermingstelsel; Vrystaat

Die oorhoofse doelstelling van die navorsing was om 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat te ontwikkel waarin bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, wat effektiewe toegang tot en respons van die kinderbeskermingstelsel vir die kind wat sorg en beskerming benodig, verseker. Die proefskrif bestaan uit ses afdelings:

AFDELING A:

Hierdie afdeling bestaan uit die probleemstelling, navorsingsdoelstelling en -doelwitte, sentrale teoretiese stelling, die benadering tot die ondersoek, navorsingsmetodologie en die begrensing en beperkings van die navorsing. Voorts word sleutelterme gedefinieer en 'n uiteensetting van die navorsingsverslag gegee.

In die probleemstelling word aangetoon dat daar reeds geruime tyd probleme is met die wyse waarop aanmeldings binne die kinderbeskermingstelsel hanteer word. Gevolglik bekom kinders, wat sorg en beskerming benodig, nie effektiewe toegang tot en respons van die kinderbeskermingstelsel met aanmelding nie. Hoewel die regte, belange en behoeftes van die kind, wat sorg en beskerming nodig het, in bestaande wetgewing en beleid aangespreek word, is daar 'n probleem met die implementering en toepassing van wetgewing en beleid.

AFDELING B:

Hierdie afdeling bestaan uit vier artikels wat op mekaar volg:

Artikel 1:

Wetgewing en beleid vir aanmelding binne die kinderbeskermingstelsel van Suid-Afrika

In hierdie artikel is van Fase 1 (probleem-analise en projekbeplanning) van die intervensiemodel gebruik gemaak. 'n Analise is gemaak van die wetlike en beleidsvoorskrifte wat tans in Suid-Afrika in gebruik is tydens aanmelding by die kinderbeskermingstelsel. Dit is deur middel van literatuurontleding gedoen.

Artikel 2:

Agente, sake, persone en respons met aanmelding by die kinderbeskermingstelsel

- In hierdie artikel is van Fase 2 (inligtingsinsameling) van die intervensiemodel gebruik gemaak. 'n Analise is gemaak van wat wetgewing en beleid, wat tans in Suid-Afrika in gebruik is, aangaande agente, sake, persone en respons wat in die ontwikkeling van 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel in gedagte gehou moet word. Dit is deur middel van literatuurontleding gedoen.

Artikel 3:

Buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle van toepassing op 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel

In hierdie artikel is van Fase 2 (inligtingsinsameling) van die intervensiemodel gebruik gemaak. Die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle is geanaliseer, sodat bepaal kon word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel kan lewer. Dit is deur middel van literatuurontleding gedoen.

Artikel 4:

'n Interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat

In hierdie artikel is van Fase 3 (ontwerp), 5 (evaluering en gevorderde ontwikkeling) en 6 (disseminasie) van die intervensiemodel gebruik gemaak. Die navorser het die inligting, wat uit die literatuurontleding tydens Fase 1 (probleem-analise en projekbeplanning) en 2 (inligtingsinsameling) van die intervensiemodel na vore gekom

het, gebruik om 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol en vloeikaarte vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat te ontwerp. Die bruikbaarheid van hierdie protokol is getoets deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude met die agente by wie aanmeldings binne die kinderbeskermingstelsel gemaak kan word. Die kwalitatiewe data wat hieruit verkry is, is gebruik vir die verdere ontwikkeling van 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat.

AFDELING C:

Hierdie afdeling bestaan uit 'n opsomming van die gesamentlike bevindings en gevolgtrekkings wat uit die navorsing na vore gekom het, waarna daar aanbevelings gemaak is.

AFDELING D:

Dié afdeling bestaan uit die verskillende bylaes wat vir die navorsing gebruik is.

AFDELING E:

Dié afdeling bestaan uit 'n samevattende bronnelys.

AFDELING F:

Dié afdeling bestaan uit die finale interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat.

ABSTRACT

TITLE:

An inter-agency reporting protocol for the child protection system in the Free State

KEY WORDS:

Inter-agency; Reporting; Protocol; Child protection system, Free State

The overall purpose of this research was to develop an inter-agency reporting protocol for the child protection system in the Free State. The aim was to integrate current legislation and policy into this inter-agency reporting protocol to create standardised reporting procedures to ensure effective access to and response from the child protection system for the child in need of care and protection. The thesis comprises six sections:

SECTION A:

This section comprises the problem statement, the research purpose statement and objectives, the central theoretical statement, the approach to the research, the research methodology, as well as the limitations and restrictions of the research. Furthermore, key words are defined and an explanation of the research report is provided.

The problem statement shows that problems have been experienced for quite some time regarding the way reports are being handled within the child protection system. The result is that children in need of care and protection do not have effective access to the child protection system and they don't get effective response when their cases are reported. Although the rights, interests and wants of the child in need of care and protection are addressed in existing legislation and policy, there is still a problem with the implementation and enforcement of said legislation and policy.

SECTION B:

This section comprises four consecutive articles:

Article 1:

Legislation and policy for reporting within the child protection system of South Africa

In this article, Phase 1 (problem analysis and project planning) of the intervention model was used. An analysis was made of the existing legislation and policy regulations currently in use in South Africa during reporting at the child protection system. This was done by means of literature analysis.

Article 2:

Agents, cases, persons and response during reporting at the child protection system

In this article, Phase 2 (information gathering) of the intervention model was used. An analysis was made of the stipulations of current legislation and policy in South Africa regarding agents, cases, persons and response that should be kept in mind when developing an interagency reporting protocol for the child protection system. It was done by means of literature analysis.

Article 3:

Reporting procedures and protocols from abroad applicable to an inter-agency reporting protocol for the child protection system

In this article, Phase 2 (information gathering) of the intervention model was used. The contents of foreign reporting procedures and protocols were analysed in an effort to determine what contribution such procedures and protocols can make to the development of an inter-agency reporting protocol for the child protection system. It was done by means of literature analysis.

Article 4:

An inter-agency reporting protocol for the child protection system in the Free State

In this article, Phases 3 (design), 5 (evaluation and advanced development) and 6 (dissemination) of the intervention model were used. The researcher used the information that came to the fore during the literature analysis in Phases 1 and 2 of the intervention model, to design an inter-agency reporting protocol and flow charts for the child protection system in the Free State. The suitability of this protocol was tested by

means of semi-structured interviews with the agents responsible for handling reports within the child protection system. The qualitative data obtained from this was used for the further development of an inter-agency reporting protocol for the child protection system in the Free State.

SECTION C:

This section comprises a summary of the collective findings and conclusions that came to the fore during the research, whereafter recommendations were being made.

SECTION D:

This section comprises the various appendices used during the research.

SECTION E:

This section comprises a complete list of references.

SECTION F:

This section comprises the final inter-agency reporting protocol for the child protection system in the Free State.

VOORWOORD

Die proefskrif word ingedien as wetenskaplike eenheidsvorm, wat bestaan uit gepubliseerde navorsingsartikels in ooreenstemming met reëls 5.4.2.1, 5.4.2.5, 5.4.2.6 en 5.4.2.7 soos vervat in die *Algemene Akademiese Reëls* (NWU, 2012:16-17) van die Noordwes-Universiteit.

INHOUDSOPGAWE

BEDANKINGS	i
UITTREKSEL	v
ABSTRACT	ix
VOORWOORD	xiii
AFKORTINGS	xxvii
ACRONYMS	xxix

AFDELING A: ALGEMENE INLEIDING

1. INLEIDING	3
2. PROBLEEMSTELLING	3
3. NAVORSINGSDOELSTELLING EN –DOELWITTE	7
3.1 Navorsingsdoelstelling	7
3.2 Doelwitte	7
4. SENTRALE TEORETIESE STELLING	7
5. TYDPERK VAN NAVORSING	7
6. ONDERSOEKMETODE	9
6.1 Literatuurontleding	9
6.2 Die empiriese ondersoek	9
6.2.1 Fase 1: Probleem-analise en projekbeplanning	10
6.2.2 Fase 2: Inligtingsinsameling	11
6.2.3 Fase 3, 5 en 6: Ontwerp, evaluering en gevorderde ontwikkeling en disseminasie	13
7. BEGRENsing EN BEPERKINGS VAN DIE NAVORSING	17
7.1 Begrensing	17
7.2 Beperkings	18
8. BEGRIPSOMSKRYWINGS	19
8.1 Interagentskap	19

8.2	Aanmeldingsprotokol	20
8.3	Kinderbeskermingstelsel	20
8.4	Vrystaat.....	20
9.	VERDUIDELIKING TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN SEKERE TERME.....	21
9.1	Misbruik vs. mishandel.....	21
9.2	Redelike gronde	23
9.3	Aangewese maatskaplike werker	23
9.4	Polisiebeampte.....	24
9.5	Wetgewing en beleid.....	24
10.	AANBIEDING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	25
10.1	Afdeling A: Algemene inleiding	25
10.2	Afdeling B: Vaktydskrifartikels	25
10.3	Afdeling C	26
10.4	Afdeling D: Bylaes	26
10.5	Afdeling E: Samevattende bronnelys	26
10.6	Afdeling F: Interagentskap-aanmeldingsprotokol.....	26
11.	BRONNELYS.....	27

AFDELING B: ARTIKELS

ARTIKEL 1: WETGEWING EN BELEID VIR AANMELDING BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL VAN SUID-AFRIKA

1.	INLEIDING	41
2.	PROBLEEMSTELLING	42
3.	NAVORSINGSVRAAG	44
4.	NAVORSINGSDOELSTELLING- EN DOELWIT	44
5.	EMPIRIESE ONDERSOEK.....	44
6.	OMSKRYWING VAN BEGRIPPE.....	45

7. GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN BELEIDSVOORSKRIFTE VIR DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL IN SUID-AFRIKA.....	46
7.1 <i>Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.....</i>	47
7.2 <i>Convention on the Rights of the Child en African Charter on the Rights and Welfare of the Child</i>	48
7.3 <i>White Paper for Social Welfare</i>	48
7.4 <i>Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation.....</i>	49
7.5 <i>The Free State Protocol on the Management of Child Abuse</i>	50
7.6 <i>National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation.....</i>	50
7.7 <i>Children’s Act 38 of 2005.....</i>	51
7.8 <i>Integrated Service Delivery Model.....</i>	52
7.9 <i>National Report: Intersectoral Plan on the Implementation of the Children’s Act 38/2005.....</i>	52
7.10 <i>National Policy Framework for the Children’s Act 38 of 2005 as amended.....</i>	53
7.11 <i>Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children’s Act 38 of 2005</i>	53
7.12 <i>Framework for Social Welfare Services</i>	53
8. WETLIKE EN BELEIDSVOORSKRIFTE WAT TANS MET AANMELDING IN GEBRUIK IS BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL IN SUID-AFRIKA.....	54
8.1 <i>Woordoms krywing en oogmerke.....</i>	54
8.2 <i>Algemene beginsels.....</i>	56
8.3 <i>Beskerming van kinders.....</i>	58
8.4 <i>Kind wat sorg en beskerming benodig</i>	61
9. BESPREGING.....	62
9.1 <i>Die belang van kinderegte.....</i>	62

9.2	Die belang van voldoende en effektiewe prosedures	62
9.3	Verbetering van dienslewering	62
9.4	Die noodsaak van intersektorale samewerking.....	63
9.5	Probleme met implementering.....	63
9.6	Kennis van nuwe wetgewing:	63
10.	GEVOLGTREKKINGS	64
11.	AANBEVELINGS	64
12.	BRONNELYS.....	66

ARTIKEL 2: AGENTE, SAKE, PERSONE EN RESPONS MET AANMELDING BY DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL

1.	INLEIDING	75
2.	PROBLEEMSTELLING	76
3.	NAVORSINGSVRAAG	78
4.	NAVORSINGSDOELSTELLING EN -DOELWIT	78
5.	EMPIRIESE ONDERSOEK.....	78
6.	OMSKRYWING VAN BEGRIPPE.....	79
7.	AGENTE BETROKKE BY AANMELDING BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL	81
7.1	Die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling.....	81
7.2	Aangewese kinderbeskermingsorganisasie.....	82
7.3	Die polisiebeampte	82
8.	SAKE WAT BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL AANGEMELD KAN WORD	84
8.1	Daar is twee groepe sake wat binne die kinderbeskermingstelsel aangemeld kan word.....	84
8.1.1	Mishandeling en doelbewuste verwaarlosing	84
8.1.2	Sorg en beskerming.....	84

8.2	Sommige kindersake kan ook misdrywe wees wat binne die regstelsel hanteer moet word	86
8.3	Alle sake wat binne die kinderbeskermingstelsel aangemeld is, moet hanteer word.....	87
8.4	Begrippe moet duidelik omskryf word	88
9.	PERSONE BETROKKE BY AANMELDING BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL.....	89
9.1	Professionele persone wat wetlik verplig is om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld.....	89
9.2	Persone wat moreel verplig voel om sake waar kinders sorg en beskerming benodig, aan te meld.....	89
9.3	Persone wat misdrywe aanmeld	89
9.4	Persone wat aanmeld, is gevrywaar van siviele eise.....	89
10.	DIE RESPONS VAN AGENTE NADAT 'N AANMELDING ONTVANG IS BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL	90
10.1	Respons van die polisiebeampte wat aanmeldings binne die kinderbeskermingstelsel hanteer	90
10.1.1	Aanmelding by 'n polisiebeampte	90
10.1.2	Bepaal watter soort saak aangemeld word.....	91
10.1.3	Bepaal of die betrokke kind se veiligheid en welsyn in gevaar is	91
10.1.4	Verseker betrokke kind se veiligheid en welsyn	92
10.1.5	Verwyder die kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel	92
10.1.6	Stel relevante persone in kennis van verwydering van kind.....	93
10.1.7	Verwyder die beweerde oortreder.....	94
10.1.8	Stel die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of aangewese kinderbeskermingsorganisasie in kennis van die aanmelding	95
10.1.9	Verdere hantering van saak binne die regstelsel	95

10.2	Respons van die aangewese maatskaplike werker.....	96
10.2.1	Aanmelding by 'n aangewese maatskaplike werker	97
10.2.2	Bepaal watter soort saak aangemeld word.....	97
10.2.3	Bepaal of die betrokke kind se veiligheid en welsyn in gevaar is.....	98
10.2.4	Verseker betrokke kind se veiligheid en welsyn	98
10.2.5	Verwyder die kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel	99
10.2.6	Stel relevante persone in kennis van verwydering van kind.....	99
10.2.7	Verwyder die beweerde oortreder	100
10.2.8	Krisisdiens maatskaplike werker verwys die saak	100
10.2.9	Aanvanklike assessering van die aanmelding	100
10.2.10	Ondersoek die geldigheid van die aanmelding.....	101
10.2.11	Ekstra verantwoordelikhede van aangewese maatskaplike werker in die ondersoek van kindermishandeling of - verwaarlosing.....	102
10.2.12	Inisieer optrede om die kind te beskerm.....	102
10.2.13	Handig Vorm 23 by die Direkteur-Generaal in	102
10.2.14	Monitor die vordering van alle aangemelde sake	103
10.2.15	Meld 'n misdryf by polisiebeampte aan	104
11.	BESPREKING.....	104
12.	GEVOLGTREKKINGS	106
13.	AANBEVELINGS	108
14.	BRONNELYS.....	110

ARTIKEL 3: BUITELANDSE AANMELDINGSPROSEDURES EN -PROTOKOLLE VAN TOEPASSING OP 'N INTERAGENTSKAP-AANMELDINGSROTOKOL VIR DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL

1. INLEIDING	119
2. PROBLEEMSTELLING.....	120
3. NAVORSINGSVRAAG.....	121
4. NAVORSINGSDOELSTELLING- EN DOELWITTE.....	121
5. EMPIRIESE ONDERSOEK	121
6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE	122
7. BUITELANDSE AANMELDINGSPROSEDURES EN -PROTOKOLLE.....	123
7.1 Kinderbeskermingstelsel in Afrika	123
7.2 Ander buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle	124
8. RIGLYNE VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N PROTOKOL	125
8.1 Wie behoort betrokke te wees by die ontwikkeling van die protokol?	125
8.2 Stappe vir die ontwikkeling van 'n protokol.....	126
8.2.1 Stap 1: Ontwikkeling van 'n doel- of missieverklaring.....	126
8.2.2 Stap 2: Definisies	126
8.2.3 Stap 3: Aanmeldings- en responsprosedures	128
8.2.4 Stap 4: Jurisdiksie.....	131
8.2.5 Stap 5: Tydsraamwerke	131
8.2.6 Stap 6: Prioriteite vir ondersoek.....	133
8.2.7 Stap 7: Rolle	134
8.2.8 Stap 8: Beslissing van ondersoek	136
8.2.9 Stap 9: Alternatiewe op beslissing van ondersoek.....	137
8.2.10 Stap 10: Hersiening en verandering van die protokol.....	138
9. BESPREKING.....	139
10. GEVOLGTREKKINGS	139
11. AANBEVELINGS	141

12. BRONNELYS	143
---------------------	-----

ARTIKEL 4: 'N INTERAGENTSKAP-AANMELDINGSPROTOKOL VIR DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL IN DIE VRYSTAAT

1. INLEIDING	151
2. PROBLEEMSTELLING	152
3. NAVORSINGSVRAAG	153
4. NAVORSINGSDOELSTELLING EN -DOELWITTE.....	153
5. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE.....	154
6. LITERATUURONTLEDING	155
7. EMPIRIESE ONDERSOEK.....	155
7.1 Navorsingsontwerp.....	155
7.2 Deelnemers.....	156
7.3 Meetinstrument	157
7.4 Prosedure	157
7.5 Dataverwerking	158
7.6 Etiese aspekte ter sprake	159
8. BESONDERHEDE VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE.....	160
8.1 Tydsduur van semi-gestruktureerde onderhoude	160
9. PROFIEL VAN DEELNEMERS	160
10. BESPREKING VAN DATA VERKRY UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	162
10.1 Tema 1: Inleidende notas	162
10.2 Tema 2: Wetlike en beleidsvoorskrifte	162
10.3 Tema 3: Doel- of missieverklaring.....	163
10.4 Tema 4: Algemene beginsels van toepassing op aanmelding.....	163
10.4.1 Subtema: Geen vertraging in enige aksie of besluitneming nie	164
10.4.2 Subtema: Hou partye ingelig	165

10.4.3	Subtema: Beste belange-standaard	165
10.4.4	Subtema: Deelname van die kind	166
10.5	Tema 5: Agente.....	166
10.5.1	Subtema: Agente se kennis van wie die agente binne die kinderbeskermingstelsel is	166
10.5.2	Subtema: Hoe daar in die protokol na die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling verwys moet word	167
10.5.3	Subtema: Hoe daar in die protokol na 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie verwys moet word	168
10.5.4	Subtema: Hoe daar in die protokol na 'n polisiebeampte verwys moet word.....	168
10.6	Tema 6: Sake	169
10.6.1	Subtema: Die uiteensetting van sake	169
10.6.2	Subtema: Omskrywing van begrippe	169
10.6.3	Subtema: Identifisering van kind wat sorg en beskerming benodig	170
10.6.4	Subtema: Lys van seksuele misdade.....	170
10.7	Tema 7: Persone wat kan aanmeld binne die kinderbeskermingstelsel	171
10.7.1	Subtema: Lys van persone wat wetlik verplig word om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld.....	171
10.7.2	Subtema: Uitbreiding van die verpligting om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld na alle persone.....	171
10.8	Tema 8: Aanvanklike respons van polisiebeampte.....	172
10.8.1	Subtema: Aanmelding by die Suid-Afrikaanse Polisie diens	172
10.8.2	Subtema: Bepaling of dit 'n Groep 1- of Groep 2-saak is	175
10.8.3	Subtema: Bepaal of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is	176
10.8.4	Subtema: Verseker die veiligheid en welsyn van die kind	177

10.8.5	Subtema: Verwyder kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel	178
10.8.6	Subtema: Stel relevante persone in kennis van die verwydering van die kind	180
10.8.7	Subtema: Uitreik van 'n skriftelike kennisgewing aan die beweerde oortreder.....	180
10.8.8	Subtema: Verwittig die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of aangewese kinderbeskermingsorganisasie van alle sake	181
10.9	Tema 9: Aanvanklike respons van aangewese maatskaplike werker.	182
10.9.1	Subtema: Aanmelding by 'n aangewese maatskaplike werker	182
10.9.2	Subtema: Bepaling of dit 'n Groep 1- of Groep 2-saak is	183
10.9.3	Subtema: Bepaal of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is	183
10.9.4	Subtema: Verseker die veiligheid en welsyn van die kind	184
10.9.5	Subtema: Verwyder die kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel	184
10.9.6	Subtema: Stel relevante persone in kennis van verwydering.....	185
10.9.7	Subtema: Versoek polisiebeampte om die beweerde oortreder uit die huis te verwyder	185
10.9.8	Subtema: Krisisdienster voltooï relevante vorms en verwys aanmelding.....	186
10.10	Verdere ondersoek deur aangewese maatskaplike werker	186
10.10.1	Subtema: Aanvanklike assessering van aanmelding	186
10.10.2	Subtema: Ondersoek die geloofwaardigheid van die aanmelding	187
10.10.3	Subtema: Ekstra verantwoordelikhede van aangewese maatskaplike werker om mishandeling of verwaarlosing te ondersoek.....	187
10.10.4	Subtema: Inisieer optrede vir die beskerming van 'n kind.....	188

10.10.5	Subtema: Handig Vorm 23 in by Direkteur-Generaal	188
10.10.6	Subtema: Monitor die vordering van alle sake wat aangemeld word.....	188
10.10.7	Subtema: Aanmelding van misdryf by 'n polisiebeampte	190
11.	BESPREKING	190
12.	GEVOLGTREKKINGS	191
13.	AANBEVELING.....	191
14.	BRONNELYS	192

AFDELING C: OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1.	INLEIDING	201
2.	OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS.....	202
2.1	Afdeling A: Algemene inleiding	202
2.2	Sentrale teoretiese stelling.....	205
2.3	Metode van ondersoek.....	205
2.4	Literatuurstudie	205
2.4.1	Die empiriese ondersoek.....	206
2.4.2	Navorsingsontwerp.....	207
2.4.3	Deelnemers	207
2.4.4	Meetinstrument	208
2.4.5	Prosedure	208
2.4.6	Dataverwerking	209
2.5	Etiese aspekte ter sprake	209
2.6	Afdeling B: Artikels	210
2.6.1	Artikel 1	210
2.6.2	Artikel 2	212
2.6.3	Artikel 3	215

2.6.4	Artikel 4.....	218
3.	TOETSING VAN DIE SENTRALE TEORETIESE STELLING	223
3.1	Doelstelling en doelwitte van die navorsing.....	224
3.1.1	Algemene doelstelling	224
3.1.2	Doelwitte	224
4.	AANBEVELINGS	224
5.	GEVOLGTREKKING	226
6.	BRONNELYS.....	227

AFDELING D: BYLAES

BYLAE A	235
BYLAE B	237
BYLAE C	245
BYLAE D	255
BYLAE E	257
BYLAE F	259
BYLAE G	261
BYLAE H	263
BYLAE I	273
BYLAE J	275
BYLAE K	281
BYLAE L	299
BYLAE M	305

AFDELING E:

SAMEVATTENDE BRONNELYS	311
------------------------------	-----

AFDELING F:

FINALE INTERAGENTSKAP-AANMELDINGSPROTOKOL	327
---	-----

AFKORTINGS

AKBO	-	AANGEWEESE KINDERBESKERMINGSORGANISASIE
AMW's	-	AANGEWEESE MAATSKAPLIKE WERKERS
DMO	-	DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING
DW	-	DEPARTEMENT VAN WELSYN
GKSE	-	GESINGGEWELD-, KINDERBESKERMING- EN SEKSUELE MISDRYWE-EENHEID
IAAP	-	INTERAGENTSKAP-AANMELDINGSPROTOKOL
KBS	-	KINDERBESKERMINGSTELSEL
NRO's	-	NIEREGERINGSORGANISASIES
NWU	-	NOORDWES-UNIVERSITEIT
PB	-	POLISIEBEAMPTE
PDMO	-	PROVINSIALE DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING
SA	-	SUID-AFRIKA
SAPD	-	SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS
VSA	-	VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

ACRONYMS

AMENDMENT CA	-	AMENDMENT CHILDREN'S ACT
AMENDMENT GRRC	-	AMENDMENT GENERAL REGULATIONS REGARDING CHILDREN
CA	-	CHILDREN'S ACT 38 OF 2005
CAPDG	-	CHILD ABUSE PROTOCOL DEVELOPMENT GUIDE
CLAA	-	CRIMINAL LAW (SEXUAL OFFENCES AND RELATED MATTERS) AMENDMENT ACT 32 OF 2007
CPS	-	CHILD PROTECTION SYSTEM
DCPO	-	DESIGNATED CHILD PROTECTION ORGANISATION
DG	-	DIRECTOR-GENERAL
DSD	-	DEPARTMENT OF SOCIAL DEVELOPMENT
DSW	-	DESIGNATED SOCIAL WORKER
DW	-	DEPARTMENT OF WELFARE
FC	-	FLOW CHART
FCSU	-	FAMILY VIOLENCE, CHILD PROTECTION AND SEXUAL OFFENCES UNIT
FSWS	-	FRAMEWORK FOR SOCIAL WELFARE SERVICES
GRRC	-	GENERAL REGULATIONS REGARDING CHILDREN
IARP	-	INTERAGENCY-REPORTING PROTOCOL
ISDM	-	INTEGRATED SERVICE DELIVERY MODEL
NCPR	-	NATIONAL CHILD PROTECTION REGISTER

<i>NI 3/2008</i>	-	<i>NATIONAL INSTRUCTION 3/2008</i>
<i>NI 3/2010</i>	-	<i>NATIONAL INSTRUCTION 3/2010</i>
<i>NPF</i>	-	<i>NATIONAL POLICY FRAMEWORK FOR THE CHILDREN'S ACT 38 OF 2005 AS AMENDED</i>
<i>NPF of CANE</i>	-	<i>NATIONAL POLICY FRAMEWORK AND STRATEGIC PLAN FOR THE PREVENTION AND MANAGEMENT OF CHILD ABUSE, NEGLECT AND EXPLOITATION</i>
<i>PCPC</i>	-	<i>PROVINCIAL CHILD PROTECTION COMMITTEE</i>
<i>PO</i>	-	<i>POLICE OFFICIAL</i>
<i>SA</i>	-	<i>SOUTH AFRICA</i>
<i>SAPS</i>	-	<i>SOUTH AFRICAN POLICE SERVICE</i>
<i>TSC</i>	-	<i>TEMPORARY SAFE CARE</i>
<i>WPSW</i>	-	<i>WHITE PAPER FOR SOCIAL WELFARE</i>

AFDELING A

ALGEMENE INLEIDING

AFDELING A ALGEMENE INLEIDING

“There can be no keener revelation of a society’s soul than the way in which it treats its children.” Nelson Mandela

1. INLEIDING

Die kinderbeskermingstelsel (hierna, KBS) in Suid-Afrika (hierna, SA) slaag nie altyd daarin om aan die kind wat mishandel of verwaarloos is of sorg en beskerming benodig, effektiewe toegang tot die KBS en respons op aanmelding te gee nie. Een van die redes hiervoor is dat die drie agente wat volgens kinderwetgewing aanmeldings binne die KBS moet hanteer, naamlik die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (hierna, DMO), ’n aangewese kinderbeskermingsorganisasie (hierna, AKBO) en ’n polisiebeampte (hierna, PB), nie oor ’n interagentskap-aanmeldingsprotokol (hierna, IAAP) beskik nie. Die navorsing fokus daarop om as intervensie ter oplossing van hierdie probleem, ’n IAAP vir die KBS in die Vrystaat te ontwikkel waarin alle relevante wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is.

2. PROBLEEMSTELLING

In die DMO se *National Policy Framework for the Children’s Act 38 of 2005 as amended* (2009a:39) (hierna, *NPF*) is die volgende visie geformuleer: *“A well coordinated, fully resourced, integrated and comprehensive child care protection system which is accessible for all children in South Africa.”* Daar is ongeveer 19 miljoen kinders in SA, wat 45% van die totale bevolking uitmaak (Davel, 2011:1) en wat hierop kan aanspraak maak. Die navorser, wat reeds vir etlike jare by ’n AKBO in die Vrystaat werksaam is, beleef egter geruime tyd al dat iets fout is met die aanmeldingsproses, met die gevolg dat kinders wat sorg en beskerming benodig, nie altyd effektiewe toegang tot en respons van die KBS ontvang nie. Veral sake wat handel oor mishandeling, verwaarloosing en seksuele mishandeling word geraak. Volgens die polisie se jaarverslag, uitgereik vir die periode 2011 tot 2012, is 104 913 ernstige misdade teenoor kinders in 2010 gepleeg (Van Wyk, 2013:7). In die

daaropvolgende 12 maande (2012-2013) is nog 49 550 misdade teen kinders aangemeld (Meiring, 2013:7). Die *Crime Research and Statistics* van die Suid-Afrikaanse Polisie (hierna, SAPD) dui aan dat daar 343 gevalle van verwaarloosing en mishandeling was en 4 927 gevalle van seksuele misdrywe, wat teenoor kinders in die Vrystaat gepleeg is, vir die periode 2011 tot 2012 (SAPD: 2013:1-2). Vanaf 2002 tot 2012 het die persentasie seksuele oortredings teenoor kinders onder 18 jaar met 37% in SA toegeneem (Van der Merwe, 2013:1). Die probleem van kinders wat aan mishandeling, verwaarloosing en seksuele mishandeling blootgestel word, word vererger wanneer aanmeldings nie spoedig, doelgerig en op die regte wyse hanteer word nie, aangesien dit kan lei tot sekondêre mishandeling (Loffell, 2007:6).

Vanuit die literatuurontleding wat gedoen is, het die navorser waargeneem dat die leemtes binne die KBS al vir jare die aandag van beleidmakers en belanghebbende persone geniet. Wetgewing - in besonder die *Children's Act 38 of 2005* (hierna, CA) - en verskeie beleidsdokumente is opgestel om die leemtes wat geïdentifiseer is, aan te spreek. Die navorser se waarneming is dat die regte, belange en behoeftes van die kind wat sorg en beskerming nodig het, in die wetgewing en beleid aangespreek en geïnkorporeer is. Soos hieronder aangetoon word, is daar 'n probleem met die implementering en toepassing van wetgewing en beleid. Die probleem van gebrekkige implementering is al lankal geïdentifiseer (September 2006:66), maar ongelukkig bly dit steeds voortbestaan.

Ingevolge artikel 104 van die CA (2005:59) is die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling verantwoordelik om ná konsultasie met belanghebbende persone en die Ministers van Onderwys, Finansies, Gesondheid, Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, sowel as die SAPD, 'n omvattende intersektorale strategie te ontwikkel met die oog op die versekering van 'n behoorlik toegeruste, gekoördineerde en georganiseerde nasionale KBS. Die NPF (DMO, 2009a:20, 39) wys op die noodsaak van intersektorale samewerking en 'n vennootskap van alle rolspelers en hanteer dit as een van die onderliggende beginsels tot die beleid. Die DMO se *National Report: Intersectoral Plan on the Implementation of the Children's Act 38/2005* (2009b:39-41) het egter gerapporteer dat die poging wat aangewend is om 'n intersektorale plan vir die implementering van die CA te ontwikkel, nie die nodige resultate opgelewer het nie. Die probleme wat ondervind is, was onder andere dat daar gebrekkige terugvoer,

'n gebrek aan leierskap en leiding en 'n gebrek aan samewerking vanaf die ander nasionale departemente was. Die gevolg is dat die intersektorale strategie nog nie voltooi is nie en daar nog nie gehoor gegee is aan die opdrag wat uit artikel 104 van die CA (2005:59) voortspruit nie. Dienste in die KBS is dus steeds gefragmenteerd. Die verskillende rolspelers opereer steeds volgens hulle eie verwysingsraamwerk en daar is nie gekoördineerde samewerking nie (September, 2006:68).

Artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) noem verskeie persone wat, wanneer hulle redelike gronde het om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n kind mishandel, seksueel mishandel of doelbewus verwaarloos is, daardie gevolgtrekking moet aanmeld. Hoewel baie van hierdie persone weet dat hulle dit moet doen, weet hulle nie altyd hoe en waar om dit te doen nie (Van der Schyff & Strydom, 2009:19, 43). Artikel 110 van die CA (2005:61-62) spel ook uit hoe aanmeldings hanteer moet word. Die navorser se beleving in die praktyk is dat:

- ◆ aanmeldings nie altyd volgens die voorskrifte van artikel 110 van die CA hanteer word nie;
- ◆ baie rolspelers binne die KBS nie kennis dra van die bestaande wetgewing, regulasies en beleid nie of slegs 'n beperkte kennis daarvan het; en
- ◆ vir baie van diegene wat wel daarvan kennis dra, is die bestaande wetgewing, regulasies en beleid nie bruikbaar om vas te stel hoe aanmeldings hanteer moet word nie, weens die omvattende aard daarvan.

Dit lei daartoe dat baie rolspelers nie toegerus is om aanmeldings volgens bestaande wetgewing en beleid te hanteer nie (Van der Schyff & Strydom, 2009:44). 'n Gebrek aan gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures binne die KBS is een van die sake wat in die pad staan van implementering (September, 2006:67). Die DMO se *National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation* (DMO, 2004:73-74) (hierna, *NPF of CANE*) wys op die noodsaak vir die ontwikkeling en implementering van intersektorale en inter-dissiplinêre protokolle. Ten einde die kernprobleem soos hierbo aangedui aan te spreek, fokus hierdie navorsing op die ontwikkeling van 'n IAAP waarin die bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer word. Die Tribal Law and Policy Institute (2003:5) in die VSA het 'n protokolgids, by name die *Child Abuse Protocol Development Guide* (hierna, *CAPDG*), saamgestel wat meld dat dit belangrik is dat die persone wat verantwoordelik is vir die

ontwikkeling van die protokol, dié persone behoort te wees wat verantwoordelik sal wees om die funksies van die protokol uit te voer. In hierdie geval is dit aangewese maatskaplike werkers (hierna, AMW's) in diens van die DMO of AKBO en 'n PB van die SAPD, aangesien artikel 110(1)(2) van die CA (SA, 2005:61) hulle identifiseer as die agente wat aanmeldings moet hanteer. Die navorser het derhalwe vir hulle 'n IAAP ontwikkel, wat stap vir stap die proses verduidelik van hoe sake van kinders, wat sorg en beskerming benodig, met aanmelding hanteer behoort te word.

Bestaande wetgewing en beleid is geanaliseer om te bepaal wat in die IAAP vir die KBS opgeneem moet word. Aangesien SA nie oor 'n IAAP vir die KBS beskik nie, is die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle ontleed, wat as riglyn gedien het vir die ontwikkeling van 'n IAAP.

Die navorser se onderliggende filosofiese uitgangspunte is beïnvloed deur die gebruik van die pragmatiese verklaringsraamwerk. Volgens Creswell (2003:28) is die fokus van die pragmatiese verklaringsraamwerk op die uitkomst van die navorsing. Hierdie verklaringsraamwerk stel belang in toepassings (wat werk) en oplossings vir probleme.

Die primêre fokus van die navorsing was om die bruikbaarheid van 'n nuut-ontwikkelde IAAP deur AMW's van die DMO en AKBO en lede van die SAPD in die Vrystaat te laat evalueer en aanbevelings in dié verband te maak.

Die voorafgaande aspekte het die volgende navorsingsvrae ontlok:

- Watter wetlike en beleidsvoorskrifte, wat reeds binne die KBS in SA bestaan, kan sinvol aangewend word vir opname in 'n IAAP?
- Wat bepaal wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, oor agente, sake, persone en respons met aanmelding, wat in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in gedagte gehou moet word?
- Watter bydrae kan buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle lewer tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS?
- Hoe bruikbaar is 'n nuutontwikkelde IAAP vir die KBS in die Vrystaat sodat die kind wat sorg en beskerming benodig, effektiewe toegang tot en respons van die KBS sal kry met aanmelding?

3. NAVORSINGSDOELSTELLING EN –DOELWITTE

3.1 Navorsingsdoelstelling

Die oorhoofse doel van die navorsing was om 'n IAAP vir die KBS te ontwikkel waarin bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig effektiewe toegang tot en respons met aanmelding van die KBS kan bekom.

3.2 Doelwitte

Ten einde die oorhoofse doel te bereik, is die volgende doelwitte vir die navorsing bepaal:

- Om 'n analise te maak van die wetlike en beleidsvoorskrifte wat tans in SA in gebruik is tydens aanmelding by die KBS;
- om 'n analise te maak van wat wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, aangaande agente, sake, persone en respons met aanmelding by die KBS bepaal;
- om die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle te analiseer, sodat bepaal kan word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS kan lewer; en
- om deur middel van 'n ondersoek waarin die drie agente betrek word, die bruikbaarheid van die IAAP wat vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is, te bepaal met die oog op die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat.

4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

'n IAAP vir die KBS waarin bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, sal effektiewe toegang tot en respons van die KBS vir die kind wat sorg en beskerming benodig, verseker.

5. TYDPERK VAN NAVORSING

In 'n voorondersoek is beskikbare nasionale beleid van die DMO en die SAPD, wat betrekking het op aanmelding binne die KBS, ontleed. In SA is 'n AKBO en die DMO aan dieselfde nasionale beleid onderhewig. Die voorondersoek het in Maart 2010 begin en is in September 2010 afgehandel. Die navorser het met kontakpersone van genoemde departemente geskakel om beskikbare beleidsdokumente te bekom vir

ontleding. Vanuit die literatuurontleding was die navorser genoodsaak om in Oktober 2010 van promotor te verander. Weens omstandighede buite die beheer van die navorser, was daar weer 'n verandering van promotor en die finale promotor en hulppromotor vir die navorsing is in April 2011 aangewys.

Aanvanklik is beplan om die navorsing in al nege provinsies van SA uit te voer. Ná 'n konsultasie oor die empiriese fase van die navorsing met dr Suria Ellis van die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit (hierna, NWU) gedurende April 2011, het die navorser herbesin en is daar in samewerking met die promotor besluit om die navorsing tot die Vrystaat te beperk.

Intussen is nuwe kinderwetgewing, naamlik die CA met omvattende regulasies en vorms, op 1 April 2010 bekragtig, wat 'n direkte invloed gehad het op die rigting waarin die navorsing ontwikkel het. Die navorser het met die bestudering van die nuwe kinderwetgewing tot die ontdekking gekom dat dié wetgewing die agente, wat verantwoordelik is om aanmeldings binne die KBS te hanteer, identifiseer, asook die soort sake wat aangemeld kan word, die persone wat kan aanmeld en die respons wat die agente met aanmelding behoort te bied. Die nis vir die navorsing het vanuit laasgenoemde ontwikkel, naamlik om 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat te ontwikkel. Dit het meegebring dat die navorser 'n omvattende literatuurontleding moes doen, nie net van Suid-Afrikaanse wetgewing en beleidsvoorskrifte nie, maar ook van internasionale aanmeldingsprosedures en –protokolle. Die literatuurontleding het vanaf Oktober 2010 tot Junie 2012 geduur. Die navorser het op 3 Augustus 2012 'n gewysigde voorlegging van die PhD-navorsing ingedien en in April 2013 is goedkeuring van die Etiekkomitee van die NWU ontvang.

Die eerste drie artikels van die navorsing is gebaseer op probleem-analise en inligtingsinsameling. Dié artikels is vanaf April 2011 voorberei en periodiek by die promotor en hulppromotor ingedien. Hulle is afgehandel in die tydperk Januarie 2013 tot Julie 2013. Die ontwerp van 'n IAAP vir die KBS en vloekaarte het gelyklopend met die skryf van dié drie artikels plaasgevind. Die empiriese fase van die navorsing is gedurende Augustus 2013 tot September 2013 afgehandel. Die taalversorging van die proefskrif het teen die einde van Augustus 2013 begin en is waargeneem deur 'n gekwalifiseerde taalversorger, Corrie Fopma, van Oezbekistan (**Bylae A**).

Die proefskrif is in November 2013 afgehandel en ingedien.

6. ONDERSOEKMETODE

Deur middel van 'n omvattende literatuurontleding en -ondersoek is 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat ontwikkel, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig, effektiewe toegang tot en respons met aanmelding sal verkry.

6.1 Literatuurontleding

'n Omvattende literatuurontleding is gedoen:

- Om 'n analise te maak van die wetlike en beleidsvoorskrifte wat tans in SA in gebruik is tydens aanmelding by die KBS;
- om 'n analise te maak van wat wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, aangaande agente, sake, persone en respons met aanmelding by die KBS bepaal; en
- om die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle te analiseer, sodat bepaal kan word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat kan lewer.

Die literatuurontleding het ten doel om 'n konseptuele raamwerk te skep, wat die basis vir die navorsing vorm, waarbinne die empiriese bevindings verwerk kan word (Alston & Bowles, 2003:72).

'n Verskeidenheid databasisse is geraadpleeg, naamlik EBSCO HOST WEB, Pro Quest, SA Publications, Social Work Abstracts, Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels en SABINET. Die Ferdinand Postma Biblioteek op die Potchefstroomkampus van die NWU is as aanvullende bron gebruik.

6.2 Die empiriese ondersoek

Vir die doel van die navorsing is van die intervensienavorsingsmodel (D&D model) gebruik gemaak (De Vos & Strydom, 2011:475). Die fokus van die navorsing was om 'n IAAP as intervensie vir die KBS in die Vrystaat te ontwikkel sodat die kind wat sorg en beskerming benodig, effektiewe toegang tot en respons van die KBS kan verkry.

Intervensienavorsing verloop in ses fases, naamlik:

- Fase 1: Probleem-analise en projekbeplanning
- Fase 2: Inligtingsinsameling
- Fase 3: Ontwerp

- Fase 4: Vroeë ontwikkeling
- Fase 5: Evaluering en gevorderde ontwikkeling
- Fase 6: Disseminasie (De Vos & Strydom, 2011:476-489)

Vir die doel van die navorsing is vyf van die fases van die intervensiemodel gebruik. Die doelwitte van die breë-navorsingsprojek is in die uitkomst van vier artikels weergegee. Die wyse waarop intervensienavorsing gebruik is om die artikels van die breë-navorsingsprojek te bereik, kan soos volg voorgestel word:

Fases	Fase 1 Probleem- analise en projekbeplanning	Fase 2 Inligtings= insameling	Fase 3 Ontwerp	Fase 5 Evaluering en gevorderde ontwikkeling	Fase 6 Disseminasie
Artikel 1	X				
Artikel 2		X			
Artikel 3		X			
Artikel 4			X	X	X

6.2.1 Fase 1: Probleem-analise en projekbeplanning

Vir die uitvoering van Doelwit 1 van die navorsing is van Fase 1 van die intervensiemodel gebruik gemaak. Gedurende probleem-analise en projekbeplanning (De Vos & Strydom, 2011:479) is bepaal watter wetgewing en beleid tans in SA bestaan vir opname in 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat. Dit is deur middel van literatuurontleding gedoen. Literatuurontleding stel navorsing in konteks en gee 'n beter begrip van die probleem wat nagevors word (Fouché & Delport, 2011:134). Literatuurontleding het die belangrikste fase gevorm omdat dit dien as grondslag om 'n analise te maak van:

- die geskiedkundige oorsig van die ontwikkeling van wetgewing en beleid van die KBS in SA; en
- die wetgewing en beleid, wat tans in SA bestaan, wat in 'n IAAP vir die KBS opgeneem kan word.

6.2.1.1 Dataverwerking

Die volgende dokumente is ontleed:

- *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* (SA, 1996)
- *White Paper for Social Welfare* (Departement van Welsyn, 1997)
- *Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation* (DMO, 2002)
- *The Free State Protocol on the Management of Child Abuse* (Anon., 2002)
- *National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation* (DMO, 2004)
- *Children's Act 38 of 2005* (2005)
- *Integrated Service Delivery Model* (DMO, 2006a)
- *National Policy Framework for the Children's Act 38 of 2005 as amended* (DMO, 2009a)
- *The National Report: Intersectoral Plan on the Implementation of the Children's Act 38/2005* (DMO, 2009b)
- *Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children's Act* (DMO, 2010)
- *Framework for Social Welfare Services* (DMO, 2011)

6.2.2 Fase 2: Inligtingsinsameling

Vir die uitvoering van Doelwit 2 en 3 van die navorsing is van Fase 2 van die intervensiemodel gebruik gemaak (De Vos & Strydom, 2011:480-482). Die doelwitte was om inligting in te samel oor wat wetgewing en beleid in SA en in die buiteland bepaal oor aanmelding by die KBS vir moontlike opname in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS. 'n Literatuurontleding is van die volgende aspekte gemaak:

- Doelwit 2 - wat bepaal wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, aangaande agente, sake, persone en respons met aanmelding by die KBS?
- Doelwit 3 – wat bepaal die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle? Hierdeur kan bepaal word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS kan lewer.

Sodoende is die funksionele stappe vir 'n suksesvolle IAAP vir die KBS in die Vrystaat geïdentifiseer (De Vos & Strydom, 2011:480-481).

6.2.2.1 Dataverwerking

Die volgende dokumente is tydens Doelwit 2 ontleed:

- ◆ *Children's Act 38 of 2005* (2005)
- ◆ *General Regulations Regarding Children* (2009a)
- ◆ *Consolidated Forms in terms of the Regulations under the CA* (2009b)
- ◆ *Amendment: Children's Act 38 of 2005* (2012a)
- ◆ *Amendment: General Regulations Regarding Children* (2012b)
- ◆ *Circular 2 of 2004 – The Protection of Victims of Child Abuse: Identification, Notification, Registration, Referral and Monitoring* (Departement van Welsyn, 2004)
- ◆ *Circular 7 of 2006 – Crisis Services Rendered to Children and Persons at Risk After Hours (from 16:00 to 7:30 and over week ends)* (DMO, 2006b)

Die volgende buitelandse dokumente is gedurende Doelwit 3 ontleed:

- ◆ Noord-Carolina in die VSA se *DHHS Online Manuals* (Department of Health and Human Services, s.a.)
- ◆ VSA se *Child Abuse Protocol Development Guide* (Tribal Law and Policy Institute, 2003)
- ◆ Kanada se *The B.C. Handbook for Action on Child Abuse and Neglect: for service providers* (Ministry of Children and Family Development, 2007)
- ◆ Brittanje se *Keeping children safe: Standards for child protection* (Keeping Children Safe Coalition, 2007)
- ◆ Wallis se *All Wales Child Protection Procedures 2008* (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008)
- ◆ Brittanje se *Working together to safeguard children: a guide to inter-agency working to safeguard and promote the welfare of children* (Department for Children, Schools and Families, 2010)

- ◆ Saskatchewan in Kanada se *Provincial Child Abuse Protocol 2006* (The Interdepartmental Child Abuse Committee, 2011)
- ◆ VSA se *Henry County Child Abuse Protocol 2012* (Henry County Child Abuse Task Force, 2012)

6.2.3 Fase 3, 5 en 6: Ontwerp, evaluering en gevorderde ontwikkeling en disseminasie

6.2.3.1 Navorsingsontwerp

Die navorser het die inligting wat in Fase 1 (probleem-analise en projekbeplanning) en 2 (inligtingsinsameling) van die intervensiemodel (De Vos & Strydom, 2011:480-482) ingesamel is, gebruik om 'n IAAP en meegaande vloeikaarte, in Engels, vir die KBS in die Vrystaat te ontwerp. 'n Belangrike element van Fase 3 is om 'n sigbare stelsel te ontwerp (De Vos & Strydom, 2011:482). Die primêre doel van intervensienavorsing is om 'n intervensie te ontwikkel wat effektief is en toegepas kan word deur dié wat in die werklike lewe geraak word (De Vos & Strydom, 2011:486). In dié geval is dit 'n IAAP vir die agente binne die KBS in die Vrystaat sodat die kind wat aanmeld, effektiewe sorg en beskerming kan ontvang.

Daar is van die evaluerende navorsingsontwerp gebruik gemaak (Fouché & De Vos, 2011:98) om die bruikbaarheid van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat te bepaal. Dit behels dat die IAAP deur die drie agente, naamlik die PDMO, AKBO en PB, geëvalueer is. Die benadering tot die navorsing was kwalitatief van aard (Fouché & De Vos, 2011:96). Die drie agente het vanuit hulle ervaringsveld 'n kwalitatiewe bydrae gemaak tot die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat (Botma *et al.*, 2010:198).

6.2.3.2 Deelnemers

Die doelgerigte steekproeftegniek is gebruik om die deelnemers te identifiseer (Strydom, 2011a:232). Die deelnemers is gekies, want hulle neem deel vanuit hulle praktykondervinding en behoort betroubare en geldige data op te lewer (Botma *et al.*, 2010:201). Aanvullend tot die doelgerigte steekproef, is van die sneeubalsteekproeftegniek (Strydom, 2011a:233) gebruik gemaak. Dié aanvullende steekproef is gebruik om te verseker dat 'n voldoende aantal deelnemers aan die navorsing deelneem. Die deelnemers is geselekteer uit agente, naamlik aangewese maatskaplike werkers (hierna, AMW's) en PB's, wat aanmeldings binne die KBS

hanteer. 'n Totaal van 22 deelnemers is in Bloemfontein en Welkom geïdentifiseer vir die evaluering van die IAAP wat deur die navorser vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is. (Vir meer inligting oor die deelnemers, sien **punt 10**.) Deelnemers is by die navorsing betrek tot op 'n punt van dataversadiging (Botma *et al.*, 2010:202). Die AMW's van die DMO wat by die navorsing betrek is, is verteenwoordigend van twee distrikskantore in die Vrystaat. Die AMW's van AKBO's wat by die navorsing betrek is, is verteenwoordigend van vier nieregeringsorganisasies (hierna, NRO's) in die Vrystaat. Die PB's van die SAPD wat by die navorsing betrek is, is verteenwoordigend van vier "polisiekomplekse" in die Vrystaat.

In die navorsing is die universum AMW's in diens van die PDMO en AKBO en die PB's is in diens van die SAPD. Die populasie was verteenwoordigend van die universum (Strydom, 2011a:223) en het die volgende ingesluit:

- ◆ Die AMW's in diens van die DMO of AKBO wat ondervinding het van hoe aanmeldings van kindermishandeling en verwaarlosing en kinders wat sorg en beskerming benodig, ingevolge artikel 110 van die CA binne die KBS in die Vrystaat hanteer behoort te word.
- ◆ Die PB's in diens van die SAPD wat ondervinding het van hoe aanmeldings van kindermishandeling en verwaarlosing en kinders wat sorg en beskerming benodig, ingevolge artikel 110 van die CA binne die KBS in die Vrystaat hanteer behoort te word.

6.2.3.3 Meetinstrument

In hierdie geval is van die semi-gestruktureerde onderhoud as prosedure gebruik gemaak. Greeff (2011:360) is van mening dat semi-gestruktureerde onderhoude as studiemetode aangewend kan word om 'n groot hoeveelheid navorsingsdata van verskeie deelnemers te bekom. Die onderhoude het 'n uur tot 'n uur en 'n half geduur. Die oogmerk van die semi-gestruktureerde onderhoude was om die deelnemers die geleentheid te gee om hulle menings vanuit praktykervaring te lewer. Die triangulasie van mening is 'n betroubare metode omdat dit 'n bepaalde saak vanuit verskillende standpunte benader en nie net vanuit een nie (Neuman, 2003:139).

6.2.3.4 Prosedure

Die selfopgestelde vraelys met die oog op die semi-gestruktureerde onderhoude is aanvanklik net in Engels (**Bylae B**) opgestel. Die meeste deelnemers (16 uit 22) het

egter verkies om die semi-gestruktureerde onderhoud in Afrikaans te voer, en die selfopgestelde vraelys is toe ook in Afrikaans (**Bylae C**) vertaal. Die nommering van die vrae is in ooreenstemming met die nommering van die IAAP, wat vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is, opgestel. Sodoende is verseker dat die wetenskaplike data sistematies gedokumenteer kon word (Schurink *et al.*, 2011:399).

Toestemming (in sommige gevalle was dit mondelings en in ander gevalle skriftelik) is van hoofde van agente verkry, alvorens telefoniese kontak met die agente gemaak is. Die navorser het in al die gevalle vooraf telefoniese kontak met die deelnemers gemaak om vas te stel of hulle bereid is om aan die navorsing deel te neem. Skriftelike toestemming vir deelname aan die navorsing moes slegs vir die AMW's in diens van die DMO in die Vrystaat bekom word. Op 6 Augustus 2013 het die waarnemende hoof van die PDMO (Vrystaat) skriftelike toestemming gegee (**Bylae D**).

Weens die omvattende aard van die navorsing, het die navorser twee aparte boeke geringbind wat die volgende ingesluit het:

- ◆ Die IAAP vir die KBS in die Vrystaat, wat vanuit die literatuurstudie en probleem-analise deur die navorser ontwerp is; en
- ◆ vloeikaarte en bylaes van die onderskeie wetgewing en beleid wat van toepassing is op die ontwerpte IAAP vir die KBS in die Vrystaat.

Bogenoemde werkswyse is gevolg weens die volgende redes:

- ◆ om die volume van die ontwerpte IAAP vir die KBS in die Vrystaat tot die minimum te beperk; en
- ◆ sodat deelnemers gelyktydig met die lees van die IAAP vir die KBS in die Vrystaat, die vloeikaarte, wetgewing en beleid kon volg.

Die bylaes is op die volgende verskillende kleure papier in die boek ingebind om naslaan te vergemaklik:

- ◆ geel papier - artikels van die CA
- ◆ blou papier - regulasies van die CA
- ◆ room papier - vorms van die CA
- ◆ pienk papier - artikels van die CLAA
- ◆ groen papier - krisisdienste eerste assesseringsverslag (ná ure vir kinders wat aan mishandeling blootgestel word)

'n Skrywe (**Bylae E**) is by die dokumente aangeheg wat die doel van die navorsing verduidelik (Botma *et al.*, 2010:203). Met die beskikbaarstelling van die dokumente is 'n datum vir die semi-gestruktureerde onderhoud vasgestel. Die navorser het 'n dag voor die beplande onderhoud sou plaasvind, die deelnemers weer aan die onderhoud herinner. Die deelnemers het toestemmingsbriewe onderteken (**Bylae F**). Greef (2011:359) meld dat daar 'n opname van die semi-gestruktureerde onderhoude gemaak moet word. Die navorser het 'n skootrekenaar gebruik om die onderhoude op te neem.

6.2.3.5 Dataverwerking

Die data-analise-spiraal (Creswell, 2013:182-188) van tematiese organisering is aangewend om die omvattende kwalitatiewe data (sien punt 10) wat gedurende die semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel is, te organiseer. Die data-analise-spiraal is aan die hand van die volgende stappe gedoen:

- Stap 1: Organisering van data
- Stap 2: Lees en die maak van aantekeninge
- Stap 3: Omskrywing, klassifisering en interpretasie van data in kodes en temas
- Stap 4: Interpretasie van data
- Stap 5: Die aanbied en visualisering van data

Die organisering van data en die lees en maak van die aantekeninge is deur die navorser gedoen aan die hand van die vier groepe deelnemers (sien punt 9). Die omskrywing, klassifisering en interpretasie van data het aan die hand van die temas van die IAAP vir die KBS in die Vrystaat plaasgevind om interpretasie van data in verskillende temas en subtemas te kategoriseer. Daarna is data geïnterpreteer om 'n sinvolle aanbieding van die resultate te maak. Daar is van die deduktiewe-en-induktiewe beredeneringsmetode gebruik gemaak om vanaf teorie na hipotese en 'n plan van intervensie te beweeg (Monette *et al.*, 2005:34).

6.2.3.6 Etiese aspekte ter sprake

Tydens die navorsing is daar aan die volgende verskillende etiese sake aandag gegee:

- Volgens Botma *et al.* (2010:203, 209) is dit belangrik dat die deelnemers alle tersaaklike inligting rakende die semi-gestruktureerde onderhoud betyds bekom

en oor die doel van die navorsing ingelig word. Verder moet 'n brief aangeheg word, wat die doel van die navorsing uitspel. Die navorser het hieraan voldoen.

- Botma *et al.* (2010:203) meld dat die navorser 'n toestemmingsbrief moet opstel, wat aandui dat die deelnemers ingeligte toestemming gee tot deelname aan die navorsing. Die deelnemers moet die brief onderteken alvorens hulle aan die semi-gestruktureerde onderhoude deelneem. Die navorser het hieraan voldoen.
- Strydom (2011b:119-120) dui aan dat die navorser op die inligtingsvorm moet aandui dat die anonimiteit van die deelnemers verseker word. Ook aan hierdie vereiste het die navorser voldoen.
- Die navorser is werksaam by 'n AKBO en beskik oor die nodige agtergrondkennis om die semi-gestruktureerde onderhoude te kon uitvoer. 'n Selfopgestelde vraelys is gebruik in die uitvoering van die semi-gestruktureerde onderhoude (Botma *et al.*, 2010:205).
- Indien die deelnemers enige vrae gehad het oor die navorsing, was die navorser bereid om dit te beantwoord, binne die konteks van die navorsing. Dit is gedoen in ooreenstemming met Babbie (2007:475) se aanbeveling.
- Volgens Strydom (2011b:126) is dit belangrik om die deelnemers aan 'n navorsingsprojek in te lig oor die uitkomst van die navorsing. 'n Afskrif van die ontwikkelde IAAP vir die KBS in die Vrystaat (**Afdeling F – gekleurde bladsye**) is aan die deelnemers voorsien sodat hulle kan kennis neem van die bevindings wat vanuit die navorsing na vore gekom het. Hierdie is die eerste stap in die voorbereiding vir die moontlike disseminasie van die produk wat vanuit die navorsing voortgevloei het (De Vos & Strydom, 2011:487).

Die nodige toestemming is van die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, verkry. Die projeknommer is NWU-00027-09-A1 (**Bylae G**).

7. BEGRENsing EN BEPERKINGS VAN DIE NAVORSING

7.1 Begrensing

Die fokus van die navorsing, naamlik om 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat te ontwikkel waarin alle relevante wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, het die navorsing begrens tot die bestudering van bestaande protokolle, wetgewing en beleid wat oor aanmelding handel. Die navorsing was nie beperk tot Suid-Afrikaanse protokolle,

wetgewing en beleid wat oor aanmelding handel nie, maar het ook buitelandse protokolle, wetgewing en beleid wat oor aanmelding handel, ingesluit.

7.2 Beperkings

Die volgende beperkings het tydens die navorsing na vore gekom:

- ◆ Die beperking van die navorsing was daarin geleë dat die navorsing slegs in een van die nege provinsies van SA uitgevoer kon word. Die rede hiervoor is die omvang van die navorsing. Die navorsing dien egter as beginpunt om 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat te ontwikkel, wat moontlik ook na die ander agt provinsies uitgebrei kan word.
- ◆ Die beperking van die navorsing was daarin geleë dat dit tydrowend was om die ontwerpte IAAP vir die KBS in die Vrystaat te toets. Die rede hiervoor is dat die deelnemers oor die algemeen aangedui het dat hulle baie besig is en nie werklik die tyd het om dié protokol met aandag te bestudeer nie.
- ◆ Die beperking van die navorsing was daarin geleë dat die navorser teenkanting van veral die DMO se deelnemers ontvang het om aan die navorsing deel te neem. Die rede hiervoor blyk dat hulle nie oor die tyd beskik om aan die navorsing deel te neem nie.
- ◆ Die beperking van die navorsing was daarin geleë dat nie al die deelnemers oor genoegsame kennis beskik het rakende die nuwe kindernetwetgewing nie, wat 'n invloed op hulle kennisbasis gehad het.
- ◆ Die beperking van die navorsing was daarin geleë dat die navorser nie 'n beleidmaker is of inspraak in die wetgewende proses het nie. Dit het tot gevolg gehad dat:
 - ✓ wanneer daar in die wetgewing en beleid van die onderskeie staatsorgane nie dieselfde terminologie gebruik is nie, die navorser nie 'n finale uitspraak kon maak oor watter terminologie gebruik moet word nie;
 - ✓ wanneer die wetgewing en beleid van die onderskeie staatsorgane nie met mekaar gesinchroniseer is nie, die navorser slegs aanbevelings kon maak en nie 'n finale uitspraak kon lewer oor hoe die wetgewing en beleid moet wees nie;

- ✓ wanneer die onderskeie agente van verskillende vorms of prosedures gebruik maak, die IAAP op daardie punte eintlik voorlopig is en slegs as aanbeveling kan dien van hoe daar gehandel behoort te word; en
 - ✓ wanneer die navorser tot die oortuiging gekom het dat wetgewing of beleid moeilik implementeerbaar is of dat daar leemtes in die wetgewing en beleid is, die navorser slegs aanbevelings kon maak van hoe die wetgewing en beleid verbeter kan word en dit nie as finale aspek in die IAAP kon opneem nie.
- ◆ Die beperking van die navorsing was daarin geleë dat daar in die artikels na wetgewing en beleid verwys moes word. Indien die bewoording van hierdie wetgewing en beleid in die artikels geplaas sou word, sou die artikels te omslagtig gewees het. Die volgende tersaaklike wetgewing en beleid is as bylaes tot die navorsing aangeheg:
- ✓ *Children’s Act 38 of 2005 (Bylae H)*
 - ✓ *Amendment: Children’s Act 38 of 2005 (Bylae I)*
 - ✓ *General Regulations Regarding Children (Bylae J)*
 - ✓ *Amendment: General Regulations Regarding Children (Bylae K)*
 - ✓ *Consolidated Forms in terms of the Regulations under the CA (Bylae L)*
 - ✓ *Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32 of 2007 (Bylae M)*

8. BEGRIPSOMSKRYWINGS

In hierdie navorsing, tensy dit uit die konteks anders blyk, beteken:

8.1 Interagentskap

Die term “interagentskap” word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA binne die KBS in gebruik is, omskryf nie. Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2010:34, 477) (hierna, *HAT*) omskryf ook nie interagentskap as een term nie, maar wel “inter” as: “*voorvoegsel met betekenis: tussen, onder ... van byvoorbeeld: onderling of wederkerig gedaan, verrig tussen of gebruiklik tussen*” en “agentskap” as: “*Persoon wat vir ’n ander optree, veral verteenwoordiger van ’n firma*”. Vir die doel van die navorsing verwys interagentskap na persone, in dié geval agente, as

verteenwoordigers van die DMO, 'n AKBO of 'n PB, wat onderling optree as hulle aanmeldings binne die KBS hanteer.

8.2 Aanmeldingsprotokol

Die term “aanmeldingsprotokol” word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA binne die KBS in gebruik is, omskryf nie. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:1) omskryf aanmelding as: *“proses waardeur bepaal word of 'n persoon as kliënt aanvaar kan word of na 'n ander hulpbron verwys moet word.”* Die Tribal Law and Policy Institute van die VSA se Departement van Justisie se protokolgids, die CAPDG (2003:4), omskryf protokol as: *“a set of policies, procedures and agreements to be followed when there is an allegation of child abuse and a collaboration tool to assure agencies are working together without duplicating or overlapping tasks”.* Vir die doel van die navorsing verwys aanmeldingsprotokol na die proses waarvolgens die agente, wat aanmeldings binne die KBS hanteer, optree, dus beleid, prosedures en ooreenkomste wat uitgevoer behoort te word tydens die hantering van kindermishandelingsake en wat as 'n hulpmiddel dien om samewerking tussen agente te bevorder, sodat daar nie oorvleueling of duplisering in die hantering van sake met aanmelding is nie.

8.3 Kinderbeskermingstelsel

“Refers to an integrated and co-ordinated network of services designed to promote the well-being of children by ensuring safety, achieving permanency, and strengthening families to successfully care for their children” (DMO, 2010:132). Vir die doeleindes van die navorsing verwys die KBS na die geïntegreerde en gekoördineerde netwerk van dienste wat ontwerp is om die welsyn van kinders te bevorder en hulle veiligheid te verseker. Die netwerk van dienste bestaan uit die drie agente wat deur artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) geïdentifiseer word, naamlik die DMO, 'n AKBO en 'n PB, by wie aanmeldings binne die KBS kan plaasvind.

8.4 Vrystaat

Die navorsing is in een van die nege provinsies van SA uitgevoer, naamlik die Vrystaat. Die Vrystaat maak 6% (drie miljoen) van die bevolking van SA uit en beslaan 11% van die oppervlakte (Wikipedia, 2013).

9. VERDUIDELIKING TEN OPSIGTE VAN DIE GEBRUIK VAN SEKERE TERME

9.1 Misbruik vs. mishandel

In hierdie navorsing word daar meestal van die term “mishandeling” in plaas van “misbruik” gebruik gemaak wanneer daar na die mishandeling van kinders verwys word. Verder word die term “seksuele mishandeling”, eerder as “seksuele misbruik” gebruik. As motivering vir hierdie keuse van die navorser word daar op die volgende gewys:

- ◆ Die HAT (2010:723) omskryf mishandel as: *“Sleg behandel; liggaamlik of geestelik kwaad aandoen; afransel; pynig; Kinders mishandel. Jou trekdier mishandel. Mens behoort nie ander lewende wesens te mishandel nie.”* Die klem van hierdie woord lê dus op hoe jy iemand anders **behandel**, soos in *sleg behandel* of *verkeerd behandel*.
- ◆ Die HAT (2010:723) omskryf misbruik as: *“Verkeerde of slegte of oordadige gebruik maak van iets: Hy het sy magte misbruik, Drank misbruik. Iemand anders se geld, jou erflating misbruik. Jou vriende se hulp misbruik.”* Die klem van hierdie woord lê dus op hoe jy iets of iemand anders **gebruik**, soos in *sleg gebruik* of *verkeerd gebruik*.
- ◆ Die CA (2005:12) definieer “abuse” in terme van ’n kind as:
“any form of harm or ill-treatment deliberately inflicted on a child, and includes—
(a) assaulting a child or inflicting any other form of deliberate injury to a child;
(b) sexually abusing a child or allowing a child to be sexually abused;
(c) bullying by another child;
(d) a labour practice that exploits a child; or
(e) exposing or subjecting a child to behaviour that may harm the child psychologically or emotionally;”

Hiervolgens lê die klem van die begrip “abuse” op hoe die kind behandel word, eerder as op hoe die kind gebruik word. Die sake hierbo genoem, wat deel uitmaak van “abuse”, behels dat ’n kind sleg of verkeerd behandel word, eerder as dat ’n kind sleg of verkeerd gebruik word.

- ◆ Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:32) omskryf kindermishandeling as die: *“verskynsel dat kinders die slagoffers van ouers, voogde, versorgers of ander persone is wat hulle opsetlik fisiese, psigologiese en emosionele leed*

aandoen en soms ook seksueel misbruik of toelaat dat hulle seksueel misbruik word”

- ◆ De Bruin (2013:1) verwys na etlike gerapporteerde en ongerapporteerde sake waarin die term “kindermishandeling” voorkom, soos gevind in die vorige kinderwette. Die volgende gerapporteerde sake verwys deurgaans na “kindermishandeling”: *S v. S* 1985 (3) SA 519 (T); *S v. Boucher* 1999 (1) SACR 638 (W); *S v. B en ’n Ander* 1994 (2) SACR 237 (E); *S v. Louw* 1992 (1) SACR 557©; *S v. Tyatyame* 1991 (2) SACR (1) (A); *A v. R Kinder- en Kindersorgvereniging* 1996 (1) SA 649 (T); *S v. Hooper en ’n Ander* 1992 (2) SACR 520 (A). Die volgende ongerapporteerde saak verwys ook na “kindermishandeling”, naamlik *S v. Venter* 2010 JDR 0703 (GNP). De Bruin sê verder: *“Ek self is van oordeel dat mishandeling ’n meer gepaste omskrywing is van die verkeerde ‘behandeling’ van ’n kind. Misbruik skep die indruk dat ’n kind op ’n verkeerde manier ‘gebruik’ kan word.”*
- ◆ Die CA (2005:20) definieer “sexual abuse” in terme van ’n kind as:
 - (a) *“sexually molesting or assaulting a child or allowing a child to be sexually molested or assaulted;*
 - (b) *encouraging, inducing or forcing a child to be used for the sexual gratification of another person;*
 - (c) *using a child in or deliberately exposing a child to sexual activities or pornography; or*
 - (d) *procuring or allowing a child to be procured for commercial sexual exploitation or in any way participating or assisting in the commercial sexual exploitation of a child;”*

Hoewel sommige van die sake wat hierbo genoem word op die verkeerde gebruik van ’n kind kan dui, lê die klem in die meeste egter daarop dat die kind sleg of verkeerd behandel word. In alle gevalle van seksuele mishandeling of misbruik is daar ’n vorm van mishandeling ter sprake.

- ◆ Le Roux (2000:484) stel as motivering vir waarom sy die begrip “kinder-seksuele mishandeling” gebruik, dat dit onder die sambreelbegrip “kindermishandeling” ressorteer en ook ’n noue verweefdheid met ander vorme van kindermishandeling (fisiese en emosionele mishandeling) vertoon.

9.2 Redelike gronde

In artikel 110(1) van die CA (2005:61) word daarna verwys dat as 'n spesifieke groep professionele persone “redelike gronde het om te glo” dat 'n kind mishandel is op 'n manier wat fisiese besering veroorsaak het, seksueel mishandel of doelbewus verwaarloos is, hulle wetlik verplig word om dit aan te meld. In artikel 110(2) van die CA (2005:61) word daarna verwys dat enige persoon wat op “redelike gronde vermoed” dat 'n kind sorg en beskerming benodig, dit kan aanmeld. In hierdie navorsing word vir die term “redelike gronde” van die definisie van die SAPD se *National Instruction 3/2010* (SAPD, 2010:6) gebruik gemaak, wat “redelike gronde om te glo of te vermoed” omskryf as:

- ◆ *“he or she really ‘believes’ or ‘suspects’ it;*
- ◆ *his or her belief or suspicion is based on certain facts from which he or she drawn an inference or conclusion; and*
- ◆ *any reasonable person would, in view of those facts, also have drawn the same inference or conclusion.”*

9.3 Aangewese maatskaplike werker

Die CA (2005:16) definieer aangewese maatskaplike werker as:

“means a social worker in the service of:

- ◆ *the Department or a provincial department of social development;*
- ◆ *a designated child protection organisation; or*
- ◆ *a municipality.”*

Artikel 105(4) (**Bylae H**) van die CA (2005:59) sê dat aangewese kinderbeskermingsdienste deur die DMO, provinsiale DMO en AKBO gelewer kan word. Mahery *et al.* (2011:9) omskryf “designated” as: *“In the context of the Children’s Act it means to be specially and officially ‘selected’. It can be either a person, an organisation or a service that is officially ‘designated’ (selected) in terms of the Act.”* Vir die doeleindes van die navorsing verwys AMW na maatskaplike werkers in diens van die DMO en AKBO's, wat ingevolge artikel 105(4) van die CA (2005:9) spesifieke aangewese kinderbeskermingsdienste lewer en deur artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) as twee van die drie agente geïdentifiseer word wat aanmeldings van kindersake, wat handel oor mishandeling, doelbewuste verwaarloosing en van kinders wat sorg en beskerming benodig, binne die KBS moet hanteer.

9.4 Polisiebeampte

Die CA (2005:19) definieer 'n PB as:

“any member of the South African Police Service or a municipal police service appointed in terms of the South African Police Service Act, 1995 (Act 68 of 1995)”.

Aangesien enige kriminele oortredings wat by die munisipale polisie diens aangemeld word, so gou moontlik by 'n PB van die SAPD aangemeld moet word, word PB's in die munisipale polisie diens nie as 'n aparte agent hanteer nie, maar ingesluit by die term “PB”.

Weens die bestaan van spesialis-eenhede binne die SAPD – byvoorbeeld die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele Misdrywe-Eenheid (hierna GKS-Eenheid) – ontstaan daar soms verwarring ten opsigte van die term “PB”. Die term “PB” word soms verstaan as verwysend na slegs die uniformtaklid wat by die gemeenskapdienssentrum werk. Die PB kan ook as omvattende term verstaan word wat uniformtaklede, sowel as lede van spesialis-eenhede, insluit. Vir die doel van die navorsing word die term “PB” as omvattende term gebruik wat dus alle lede van die SAPD insluit. Wanneer daar slegs na die uniformtaklid verwys word, word die term “uniformtaklid” gebruik en wanneer daar na die GKS-Eenheidslid verwys word, word die term “GKS-Eenheidslid” gebruik.

9.5 Wetgewing en beleid

wetgewing – *“... is a set of rules, laws and regulations to prescribe behaviour”* (Patel & Selipsky, 2010:50). Vir die doel van die navorsing verwys wetgewing na die reëls, wette en regulasies wat die respons van agente bepaal wat aanmeldings binne die KBS hanteer. Alhoewel die navorsing in een van die provinsies, naamlik die Vrystaat uitgevoer is, is al nege provinsies in SA onderhewig aan dieselfde wetgewing vir die hantering van aanmeldings binne die KBS. Indien daar in die navorsing na wetgewing verwys word is dit dié wetgewing wat van toepassing is binne die KBS in SA.

beleid – *“... provide the overall framework or plan of action drawn up by governments to guide public officials on how to address specific social issues”* (Patel & Selipsky, 2010:50). Vir die doel van die navorsing word na dié beleid verwys wat die algehele raamwerk vir agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, daarstel. Alhoewel die navorsing in een van die provinsies, naamlik die Vrystaat uitgevoer is, is al nege provinsies in SA onderhewig aan dieselfde beleid vir die hantering van aanmeldings

binne die KBS. Indien daar in die navorsing na beleid verwys word is dit dié beleid wat van toepassing is binne die KBS in SA.

10. AANBIEDING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit ses afdelings, naamlik:

10.1 Afdeling A: Algemene inleiding

In dié afdeling is die algemene inleiding waarin die volgende aspekte aangespreek word: probleemstelling, doelstellings en doelwitte, die sentrale teoretiese tema, tydperk van ondersoek, navorsingsmetodologie, begrening en beperkings van die navorsing en begripsoms krywing.

10.2 Afdeling B: Vaktydskrifartikels

Die vaktydskrifartikels wat in dié afdeling behandel is, word in die skematiese uiteensetting hieronder opeenvolgend aangedui:

Artikel 1	
Titel	Wetgewing en beleid vir aanmelding binne die kinderbeskermingstelsel van Suid-Afrika
Doelwit	Die doelwit van die artikel is om 'n analise te maak van die wetlike en beleidsvoorskrifte wat tans in SA in gebruik is tydens aanmelding by die KBS.
Artikel 2	
Titel	Agente, sake, persone en respons met aanmelding by die kinderbeskermingstelsel
Doelwit	Die doelwit van die artikel is om 'n analise te maak van wat wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, aangaande agente, sake, persone en respons met aanmelding by die KBS bepaal.
Artikel 3	
Titel	Buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle van toepassing op 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel
Doelwit	Die doelwit van die artikel is om die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle te analiseer, sodat bepaal kan word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS kan lewer.
Artikel 4	
Titel	'n Interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat
Doelwit	Die doelwit van die artikel is om deur middel van 'n ondersoek waarin die drie agente betrek word, die bruikbaarheid van die IAAP, wat vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is, te bepaal met die oog op die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat.

10.3 Afdeling C

Hierdie afdeling bevat 'n opsomming, gevolgtrekkings en aanbevelings wat vanuit die navorsing voortspruit.

10.4 Afdeling D: Bylaes

In dié afdeling is al die bylaes aangeheg waarna in die navorsing verwys word.

10.5 Afdeling E: Samevattende bronnelys

Hierdie afdeling bevat 'n lys van al die bronne wat tydens die navorsing geraadpleeg is.

10.6 Afdeling F: Interagentskap-aanmeldingsprotokol

Hierdie afdeling bevat die finale interagentskap-aanmeldingsprotokol wat vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat ontwikkel is.

11. BRONNELYS

All Local Safeguarding Children Boards in Wales **kyk** Wales.

Alston, M. & Bowles, W. 2003. Research for social workers: An introduction to methods (2nd ed). London: Routledge.

Amendment **kyk** South Africa.

Anon **kyk** Free State.

Babbie, E. 2007. The practice of social research. London: Wadsworth.

Botma, Y., Greeff, M., Malaudzi M. & Wright, S. 2010. Research in Health Sciences. 1st ed. Cape Town: Pearson Education South Africa (Pty) Ltd.

British Columbia. Ministry of Children and Family Development. 2007. The B. C. Handbook for Action on Child Abuse and Neglect: for service providers.

Brittanje **kyk** United Kingdom.

Consolidated Forms **kyk** South Africa.

Creswell, J.W. 2003. Research design: qualitative, quantitative and mixed method approaches. London: SAGE Publications.

Creswell, J.W. 2013. Qualitative inquiry and research design: choosing among five approaches. 3rd ed. London: SAGE Publications.

Davel, T. 2011. Regte van die kind – MyFundi. [http://www.myfundi.mobia/a/Regte van die kind](http://www.myfundi.mobia/a/Regte%20van%20die%20kind) Datum van gebruik: 26 Jan. 2011.

De Bruin, K. 2013. Kindermishandeling vs. kindermisbruik. [e-pos]. 30 Aug, Heidelberg (Gauteng).

Department of Health and human Services **kyk** North Carolina.

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling **kyk** South Africa. Department of Social Development.

Departement van Maatskaplike Welsyn **kyk** South Africa. Department of Social Welfare.

Departement van Welsyn **kyk** South Africa. Department of Welfare

Department for Children, Schools and Families **kyk** United kingdom.

De Vos, A.S. & Strydom, H. 2011. Intervention research. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 473-490).*

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. In-depth review of literature. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 133-141).*

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Formal formulations. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 89-100).*

Free State. Anon. 2002. The Free State Protocol on the Management of Child Abuse.

General Regulations Regarding Children **kyk** South Africa.

Greef, M. 2011. Information collection: interviewing. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 341-375).*

Grondwet **kyk** Suid-Afrika.

HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2010. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

Henry County Child Abuse Task Force **kyk** Henry County.

Henry County. Henry County Child Abuse Task Force. 2012. Henry County Child Abuse Protocol 2012. Vol. 6, Issue 1. Jul. 2011.

Kanada **kyk** British Columbia.

Keeping Children Safe Coalition **kyk** United Kingdom.

Le Roux, J. 2000. Kindermishandeling, die seksueel-mishandelde kind en getuienisaflegging. 11 Stellenbosch L. Rev. 480:480-488.

Loffell, J. 2007. Monitoring the situation of children in statutory care. (*In Dawes, A., Bray, R. & Van Der Merwe, A., eds. 2007. Monitoring child well-being: A South African rights-based approach. 1st ed. Cape Town: HSRC Press. p. 293-327).*

Mahery, P., Jamieson, L. & Scott, K. 2011. Children's Act Guide for child and youth care workers. Children's Institute, University of Cape Town and National Association of Child and Youth Care Workers.

Meiring, L. 2013. Kinderveiligheid: "Die lys misluk". *Beeld*: 7, 21 Okt.

Ministry of Children and Family Development **kyk** British Columbia.

Monette, D.R., Sullivan, T.J., & De Jong, C.R. 2005. Applied social research: a tool for the human services. London: Thomson Brooks/Cole.

Neuman, W.L. 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn and Bacon.

North Carolina. Department of Health and Human Services. s.a. DHHS Online Manuals. (Chapter VIII: Protective Services 1407 – Structured Intake). <http://info.dhhs.state.nc.us/olm/manuals/dss/csm-60/man/CSI1407-02.htm> Date of access: 19 Feb. 2013.

Patel, L. & Selipsky, L. 2010. Social Welfare Policy and Legislation in South Africa. (*In Nicholas, L., Rautenbach, J. & Maistry, M., eds. 2010. Introduction to Social Work. Cape Town: CTP Printers. 48-74).*

Regulasies **kyk** South Africa.

Saskatchewan. The Interdepartmental Child Abuse Committee. 2011. Provincial Child Abuse Protocol 2006. (Updated: January 2011).

Schurinck, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Formal formulations. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 397-423*).

September, R.L. 2006. The progress of child protection in South Africa. *International Journal of Social Welfare*, 15 (Suppl. 1):S65-S72.

South Africa. 2005. Children's Act 38 of 2005.

South Africa. 2007. Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32/2007.

South Africa. 2009a. General Regulations Regarding Children.

South Africa. 2009b. Consolidated Forms in Terms of the Regulations under the Children's Act, 2005.

South Africa. 2012a. Children's Act, 2005. Amendments: Sections 151 and 152. (Notice No. 301). *Government gazette*, 35246:23-24, 13 Apr.

South Africa. 2012b. Children's Act, 2005. Amendment: General Regulations Regarding Children. (Notice No. R. 497). *Government gazette*, 35476:3-21, 29 Jun.

South Africa. Department of Social Development. 2002a. Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation in South Africa. (Unpublished).

South Africa. Department of Social Development. 2004. National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation.

South Africa. Department of Social Development. 2006a. Integrated Service Delivery Model.

South Africa. Department of Social Development. 2006b. Social Welfare Services. Directorate: Children. Circular 7 of 2006. W4/4/4/4/P. Date of access: 29 Nov. 2006.

South Africa. Department of Social Development. 2009a. National Policy Framework for the Children's Act 38 of 2005 as amended.

South Africa. Department of Social Development. 2009b. National Report: Intersectoral Plan on the Implementation of the Children's Act 38/2005.

South Africa. Department of Social Development. 2010. Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children's Act.

South Africa. Department of Social Development. 2011. Framework for Social Welfare Services. (Unpublished).

South Africa. Department of Welfare. 1997. The White Paper for Social Welfare.

South Africa. Department of Welfare. 2004. Development. Directorate Developmental Social Services: Circular 2 of 2004. W4/4/4/P. Date of access: 21 May 2013.

South Africa. South African Police Service. 2010. National Instruction 3/2010. The care and protection of children in terms of the Children's Act. Legal Services: Legislation. Issued by Consolidation Notice 4/2010.

South Africa. South African Police Service. 2013. Crime Research and Statistics. http://www.saps.gov.za/_dynamicModules/internetSite/buildingBlocks/basePage4/BP Datum van gebruik: 20 Apr. 2013.

Strydom, H. 2011a. Sampling in the quantitative paradigm. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Delpont, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 222-234).*

Strydom, H. 2011b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Delpont, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 113-129).*

Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

Suid-Afrikaanse Polisie Diens **kyk** South Africa. South African Police Service.

The Interdepartmental Child Abuse Committee **kyk** Saskatchewan.

Tribal Law and Policy Institute **kyk** United States.

United Kingdom. Department for Children, Schools and Families. 2010. Working together to safeguard children: a guide to inter-agency working to safeguard and promote the welfare of children.

United Kingdom. Keeping Children Safe Coalition. 2007. Keeping children safe: Standards for child protection. www.keepingchildrensafe.org.uk. Date of access: 7 Jan. 2013.

United States. Tribal Law and Policy Institute. 2003. Child Abuse Protocol Development Guide.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

Van der Merwe, J. 2013. Is jou kind veilig? *Rapport*. 25 – 31, 1 Aug.

Van der Schyff, M. & Strydom, C. 2009. Aanmeldingsriglyne vir adolessente wat aan seksuele misbruik blootgestel word. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Verhandeling – MA).

Van Wyk, P. 2013. Syfers van kindergeweld 'skandalig'. *Volksblad*. 13, 7 Mei.

Vorms **kyk** South Africa.

Wales. All Local Safeguarding Children Boards in Wales. 2008. All Wales Child Protection Procedures 2008.

Wette **kyk** South Africa.

Wikipedia. 2013. Provinsies van Suid-Afrika.

http://af.wikipedia.org/wiki/Provinsies_van_Suid-Afrika Datum van gebruik: 15 Okt. 2013.

AFDELING B

ARTIKELS

Artikel 1:

***Wetgewing en beleid vir aanmelding binne die
kinderbeskermingstelsel van Suid-Afrika***

Artikel 2:

***Agente, sake, persone en respons met aanmelding by die
kinderbeskermingstelsel***

Artikel 3:

***Buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle van
toepassing op 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die
kinderbeskermingstelsel***

Artikel 4:

***'n Interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die
kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat***

ARTIKEL 1

**Wetgewing en beleid
vir aanmelding binne die
kinderbeskermingstelsel
van Suid-Afrika**

ARTIKEL 1 WETGEWING EN BELEID VIR AANMELDING BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL VAN SUID-AFRIKA

ABSTRACT

The child protection system in South Africa is responsible to handle reports of children's cases. Law and policy guidelines have undergone major changes within the child protection system. On 1 April 2010 the child protection system enforced new legislation, namely the Children's Act 38 of 2005, with comprehensive regulations and forms.

The focus of this article is to determine what legislation and policy is stating about the handling of reports within the child protection system, to be used as guidelines for insertion in an inter-agency reporting protocol. Therefore, an analysis is made of the historical context of legislation and policy development in South Africa.

South Africa consists of nine provinces and the research was undertaken in one of the provinces, namely the Free State. The results of this research will be used as recommendations to develop an inter-agency reporting protocol for the child protection system in the Free State.

SLEUTELTERME:

Wegewing, Beleid, Aanmelding, Kinderbeskermingstelsel, Suid-Afrika

1. INLEIDING

Die kinderbeskermingstelsel (hierna, KBS) in Suid-Afrika (hierna, SA) is verantwoordelik om aanmeldings van kindersake te hanteer. Wetlike en beleidsvoorskrifte wat 'n direkte invloed het op hoe aanmeldings binne die KBS hanteer word, het betekenisvolle veranderinge ondergaan. Nuwe wetgewing en beleidsvoorskrifte vir die hantering van aanmeldings binne die KBS is op 1 April 2010

bekragtig, by name die *Children's Act 38 of 2005* (2005:1) (hierna, CA), met omvattende regulasies en vorms.

Die fokus van hierdie artikel is om aan te toon wat SA se wetlike en beleidsvoorskrifte bepaal rakende aanmeldings by die KBS en watter riglyne in 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol (hierna, IAAP) opgeneem kan word. Dit word gedoen deur 'n analise te maak en 'n geskiedkundige oorsig te gee van die ontwikkeling van wetlike en beleidsvoorskrifte van die KBS in SA.

SA bestaan uit nege provinsies en die navorsing is in een van die provinsies, naamlik die Vrystaat, uitgevoer. Voortspruitend hieruit is aanbevelings gemaak van die belangrikste wetgewing en beleid wat in 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat opgeneem kan word.

2. PROBLEEMSTELLING

In SA is die KBS verantwoordelik om kinderbeskermingsdienste (artikel 105 van die CA, 2005:59) te lewer. Die navorsing fokus spesifiek op die grondwetlike regte van kinders om beskerm te word teen mishandeling en verwaarlosing en om versorging en beskerming aan kinders, wat versorging en beskerming benodig, te voorsien, ingevolge artikel 2(b)(iii)(g) van die CA (2005:21).

Literatuur bevestig onder andere dat sake wat by die KBS aangemeld word, nie die gewenste respons van die agente kry nie en kinders word gevolglik aan sekondêre mishandeling blootgestel (Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, 2002:4-5; Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, 2004:20; Loffell, 2000:6; September, 2006:66 & Waterhouse, 2008:36).

Die CA (2005:23) bepaal ook in artikel 6(4)(b) dat in enige aangeleentheid betreffende 'n kind, 'n vertraging in enige aksie (respons) of beslissing wat geneem word, so ver moontlik vermy moet word. Die CA (2005:61) identifiseer in artikel 110(1)(2) drie agente, naamlik die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling (hierna, PDMO), aangewese kinderbeskermingsorganisasies (hierna, AKBO's) en die polisiebeampte (hierna, PB), wat verantwoordelik is vir die hantering van aanmeldings binne die KBS.

Daar is ongeveer 19 miljoen kinders in SA, wat 45% van die totale bevolking uitmaak (Davel, 2011:1), wat aanspraak kan maak op kinderbeskermingsdienste. Volgens die polisie se jaarverslag wat vir die periode 2011 tot 2012 uitgereik is, is 104 913 ernstige

misdade teenoor kinders in 2010 gepleeg (Van Wyk, 2013:7). In die daaropvolgende 12 maande (2012-2013) is nog 49 550 misdade teen kinders aangemeld (Meiring, 2013:7). In die Vrystaat is 343 gevalle van verwaarlosing en mishandeling en 4 927 gevalle van seksuele misdrywe teenoor kinders vir die periode 2011 tot 2012 gepleeg (SAPD, 2013:1-2). Dit is egter nie net ernstige misdade wat by die KBS aangemeld kan word nie. Artikel 150(1)(a)-(i) van die CA (2005:78) identifiseer ernstige en nie-ernstige sake waarby 'n kind, wat sorg en beskerming benodig, betrokke kan wees. Die navorsing fokus spesifiek op artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61-62) wat handel oor die aanmelding van die mishandelde en verwaarloosde kind en die kind wat sorg en beskerming benodig.

Die Verenigde Nasies se *Convention on the Rights of the Child* (United Nations, 1990:5), waarvan SA 'n ondertekenaar is, verwys in artikel 19(1)(2) onder andere daarna dat kinders beskerm moet word en dat daar prosedures in plek moet wees om gevalle te kan aanmeld.

“State parties shall take all appropriate legislative, administrative, social and educational measures to protect the child from all forms of physical or mental violence, injury or abuse, neglect or negligent treatment, maltreatment or exploitation, including sexual abuse, while in the care of parent(s), legal guardian(s) or any other person who has the care of the child” en

“Such protective measures should, as appropriate, include effective procedures for the establishment of social programmes to provide necessary support for the child and for those who have the care of the child, as well as for other forms of prevention and for identification, reporting, referral, investigation, treatment and follow-up of instances of child maltreatment described heretofore, and, as appropriate, for judicial involvement.”

Suid-Afrikaanse literatuur sluit by die konvensie aan en meld dat kinders, ouers en ander rolspelers in staat gestel moet word om by die KBS te kan aanmeld en effektiewe respons met aanmelding te verkry (Dawes & Mushwana, 2007:274; Loffell, 2007:311). September (2006:66) meld dat die probleem binne die KBS is en dat agente wat aanmeldings hanteer, steeds vanuit hulle eie verwysingsraamwerke opereer. Dit veroorsaak dat agente wat aanmeldings hanteer nie sodanige aanmeldings in koördinasie hanteer nie. Vir baie jare verwys AKBO's daarna dat dienslewering, insluitend aanmelding, gefragmenteer is. Dit beteken dat kinders, wat by die KBS aanmeld, nie in terme van aanvaarde aanmeldingsprosedures hanteer

word nie. September (2006:68) is voorts van opinie dat die ontwikkeling van beleid en die formulering van eenvormige standaarde en prosedures vir aanmelding as belangrike prioriteit gesien moet word. Protokolle vir interdisiplinêre koördinasie en die effektiewe hantering van sake, wat aanmelding insluit, is een van die belangrikste hulpmiddels. Sodanige protokol dien as kriteria om prosedures te vestig vir die aanmelding van kindermishandeling in al nege provinsies, met die doel om professionele rolle en verantwoordelikhede van agente by wie aanmeldings gemaak kan word, uit te klaar. Die nege provinsiale kantore van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (hierna, DMO) in SA is veronderstel om die leidinggewende departemente vir kinderbeskermingsdienste te wees en is daarvoor verantwoordelik om dienste van die KBS te koördineer. Tot op hede beskik die KBS in SA nie oor 'n IAAP nie. Ten einde die kernprobleem soos hierbo aangedui aan te spreek, fokus hierdie navorsing op die ontwikkeling van 'n IAAP waarin die bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer word.

3. NAVORSINGSVRAAG

Uit bogenoemde ontstaan die volgende navorsingsvraag:

Watter wetlike en beleidsvoorskrifte wat reeds binne die KBS in SA bestaan, kan sinvol aangewend word vir opname in 'n IAAP?

4. NAVORSINGSDOELSTELLING- EN DOELWIT

Die oorhoofse doel van die navorsing was om 'n IAAP vir die KBS te ontwikkel waarin bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig effektiewe toegang tot en respons met aanmelding van die KBS kan bekom.

Die doelwit van die artikel is om 'n analise te maak van die wetlike en beleidsvoorskrifte wat tans in SA in gebruik is tydens aanmelding by die KBS.

5. EMPIRIESE ONDERSOEK

In hierdie artikel is van Fase 1, probleem-analise en projekbeplanning van die intervensiemodel gebruik gemaak (De Vos & Strydom, 2011:479). Gedurende probleem-analise en projekbeplanning is bepaal watter wetgewing en beleid tans in SA bestaan vir opname in 'n IAAP vir die KBS. Dit is deur middel van literatuurontleding gedoen. Literatuurontleding stel navorsing in konteks en gee 'n

beter begrip van die probleem wat nagevors word (Fouché & Delpont, 2011:134). In hierdie artikel het literatuurontleding die belangrikste rol gespeel, omdat dit dien as grondslag om 'n analise te maak van:

- die geskiedkundige oorsig van die ontwikkeling van wetgewing en beleid vir die KBS in SA; en
- die wetgewing en beleid wat tans in SA bestaan wat in 'n IAAP vir die KBS opgeneem kan word.

'n Verskeidenheid databasisse is geraadpleeg, naamlik EBSCO HOST WEB, Pro Quest, SA Publications, Social Work Abstracts, Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels en SABINET. Die Ferdinand Postma Biblioteek op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit is as aanvullende bron gebruik.

6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

wetgewing – “... *is a set of rules, laws and regulations to prescribe behaviour*” (Patel & Selipsky, 2010:50). Vir die doel van die navorsing verwys wetgewing na die reëls, wette en regulasies wat die respons van agente bepaal wat aanmeldings binne die KBS hanteer.

beleid – “... *provide the overall framework or plan of action drawn up by governments to guide public officials on how to address specific social issues*” (Patel & Selipsky, 2010:50). Vir die doel van die navorsing word na dié beleid verwys wat die algehele raamwerk vir agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, daarstel.

aanmelding – die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:1) omskryf aanmelding as: “*proses waardeur bepaal word of 'n persoon as kliënt aanvaar kan word of na 'n ander hulpbron verwys moet word.*” Die DMO se *National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation* (DMO, 2004:128) (hierna, *NPF of CANE*) definieer aanmelding as: “*A referral is a formal request to make child protection inquiries on behalf of a child who has been harmed or at risk.*” Vir die doel van die navorsing verwys aanmelding na die proses waardeur bepaal word of 'n persoon wat 'n kindersaak by die KBS aanmeld, deur die agent aanvaar word of na 'n ander agent verwys word vir die hantering van die aanmelding. Alhoewel die *CA* (2005:61) en *Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendmend Act* (2007:68),

(hierna, *CLAA*) albei na aanmeld as “rapporteur” verwys, gaan die navorser, as voorkeur, aanmeld in al sy vorme gebruik, want die twee terme is ekwivalent.

kinderbeskermingstelsel – “*refers to an integrated and co-ordinated network of services designed to promote the well-being of children by ensuring safety, achieving permanency, and strengthening families to successfully care for their children*” (DMO, 2010:132). Vir die doel van die navorsing verwys die KBS na die geïntegreerde en gekoördineerde netwerk van dienste wat ontwerp is om die welsyn van kinders te bevorder en hulle veiligheid te verseker. Die netwerk van dienste bestaan uit die drie agente wat deur artikel 110(1)(2) van die *CA* (2005:61) geïdentifiseer word, naamlik die PDMO, AKBO of PB, by wie aanmeldings binne die KBS ooreenkomstig ’n IAAP kan plaasvind.

Suid-Afrika – SA bestaan uit nege provinsies. Die navorsing is in een van die nege provinsies van SA uitgevoer, naamlik die Vrystaat (Wikipedia, 2013).

7. GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN BELEIDSVOORSKRIFTE VIR DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL IN SUID-AFRIKA

Patel (2003:1) wys daarop dat die Suid-Afrikaanse welsynstelsel waarvan die KBS deel vorm, verskeie veranderinge, asook betekenisvolle ontwikkelinge, ondergaan het. Die DMO se *National Policy Framework for the Children’s Act 38 of 2005 as amended* (DMO, 2009a:15), (hierna, *NPF*) sluit aan by Patel en voeg by dat kinderwetgewing voortdurend verbeter word om in die komplekse behoeftes van kinders te voorsien. Dié nasionale beleidsraamwerk identifiseer die volgende sleutelsake wat die kwesbaarheid van kinders in SA verhoog en wat kinders noodsaak om by die KBS aan te meld, naamlik: armoede, wees- en verlate kinders, disfunksionele families en gemeenskappe, mishandeling en verwaarlosing, kinderaangevoerde huishoudings, middelafhanklikheid, geweld teenoor kinders, kinderarbeid en gebrek aan intersektorale samewerking (DMO, 2009a:31-37).

Die grootste enkele gebeurtenis in SA waarvan die wêreld kennis dra, naamlik die bewindname van die demokratiese regering in 1994, het ’n direkte invloed op wetgewing en beleidsformulering binne die KBS gehad. Dutshke (2005:7) meld in haar aanbieding, gelewer by die Vierde Kongres vir *Family Law and Children’s Rights*, dat die nuutverkose demokratiese regering ’n groot taak op hande gehad het om die “verwonge ontwikkeling” in die welsynstelsel en maatskaplike dienste weens

apartheid, aan te spreek. Aansluitend sê September (2006:65) dat een van die groot uitdagings waarvoor die demokratiese regering te staan gekom het, was om maatskaplike dienste te transformeer en uit te brei na die meerderheid van Suid-Afrikaners. Vervolgens word 'n oorsig gegee van hoe die belangrikste beleidsvoorskrifte wat ná 1994 geformuleer is, 'n invloed het op die manier waarop aanmeldings binne die KBS hanteer word.

7.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika

Sedert die demokratiese bestel in 1994 in SA in werking getree het, geniet kinderregte hoë prioriteit. In 1996 is die *Grondwet* geformuleer wat bo die Parlement verhef is en as raamwerk vir alle wetgewing dien. Kinderbeskermingstandaarde word in die *Grondwet* bewaar, wat die basis vir die beskerming van die Suid-Afrikaanse kind vorm. Die *Grondwet* (1996:7-8) verwys in Hoofstuk 2, artikel 28(1) (Handves van Regte) spesifiek na die regte van die kind. Van toepassing op die navorsing, bepaal die *Grondwet* die volgende regte vir die kind:

- Elke kind het die reg om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word;
- elke kind het die reg om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word; en
- elke kind het die reg om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig of dienste te lewer wat onvanpas is vir 'n persoon van daardie kind se ouderdom of 'n risiko vir die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestelike gesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling inhou nie.

Dutschke (2005:6) meld dat die fokus tydens die opstel van die *Grondwet* vir die welsynstelsel op die versterking van families was. Die familie word as die fundamentele eenheid in die gemeenskap erken, wat veronderstel is om kinders te beskerm. Tien jaar na die opstelling van die *Grondwet*, wys September (2006:66) daarop dat ten spyte van SA se progressiewe *Grondwet* en uitgebreide wetgewing en beleid om kinders teen verwaarlosing, mishandeling en eksploitasie te beskerm, daar steeds nie 'n gesamentlike of enkele dienspunt bestaan waar die kwesbare kind en familie toegang tot die KBS kan kry nie. Die regte wat die *Grondwet* vir die kind identifiseer behoort in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS erken te word. Die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS sal meehelp om die hantering van aanmeldings meer effektief te maak.

Behalwe die *Grondwet*, word SA ook deur internasionale beleidsdokumente gebind om die regte van die kind te beskerm.

7.2 *Convention on the Rights of the Child en African Charter on the Rights and Welfare of the Child*

Die Verenigde Nasies se *Convention on the Rights of the Child* (United Nations, 1990) is in 1990 bekragtig en is een van die mees aanvaarde beleidsdokumente wat deur byna alle lande wêreldwyd bekragtig word (Inter-Parliamentary Union, 2004:10). SA het die Verenigde Nasies se *Convention on the Rights of the Child* op 16 Junie 1995 bekragtig. Die *African Charter on the Rights and Welfare of the Child* (Africa, 1990) is in 1990 geformuleer. SA het dié handves op 7 Januarie 2000 bekragtig. Die konvensie en handves ondersteun verskeie regte van die kind, maar met betrekking tot die navorsing wys die *Convention on the Rights of the Child* (United Nations, 1990:5) in artikel 19(2) daarop dat daar voldoende en effektiewe prosedures in plek moet wees om die nodige ondersteuning aan die kind, ouers of versorgers te bied as hulle onder andere wil aanmeld, in dié geval by die KBS (Dawes & Mushwana, 2007:274; Loffell, 2007:311). Voortspruitend hieruit moet die bestaande wette aangaande kinders die nodige beskerming en bystand gee. Genoemde wetgewing ondersteun die reg van die kind op beskerming en behoort in 'n IAAP vir die KBS opgeneem te word.

7.3 *White Paper for Social Welfare*

Kort na die implementering van die *Grondwet* is die *White Paper for Social Welfare* (Departement van Welsyn, 1997) (hierna, *WPSW*) in 1997 ontwikkel in 'n poging om met die transformasie-agenda in SA (DMO, 2009a:17) by te bly. Die *WPSW* (Departement van Welsyn, 1997:52) verwys na die familiekring, waar daar interaksie plaasvind tussen familielede, die wyer maatskaplike omgewing en maatskaplike ondersteuningsnetwerke. Die *WPSW* plaas ook die fokus op die ontwikkelingsgerigte benadering en is die eerste beleidsdokument wat melding maak van die vier vlakke van dienslewering, naamlik voorkomingsdienste, vroeë ingrypings, statutêre ingryping en herenigingsdienste. Voorts meld die *WPSW* (Departement van Welsyn, 1997:61) dat kindermishandeling en -verwaarlosing jaarliks toeneem, maar dat die ware voorkoms daarvan onbekend is as gevolg van gebrekkige aanmelding en 'n gebrek aan 'n gekoördineerde aanmeldingstelsel. September (2006:65) meld dat die *WPSW*

ten doel gehad het om dienslewering aan die agtergeblewenes in SA aan te spreek. Die WPSW verskaf egter nie riglyne vir aanmelding binne die KBS nie.

7.4 *Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation*

Die eerste Suid-Afrikaanse konsep-protokol vir die intersektorale bestuur van kindermishandeling, -verwaarlosing en -eksploitasie het in 2002 verskyn, by name die *Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation* (DMO, 2002). In 'n skrywe wat die navorser op 26 Mei 2010 van die destydse senior bestuurder, Nasionale Program, Child Welfare South Africa ontvang het, meld sy dat die konsep van intersektorale protokolle vir die bestuur van kindermishandeling, -verwaarlosing en -eksploitasie sedertdien nie verder gevorder het nie (Briede, 2010:1). 'n Tender is uitgegee vir die herontwerp van sodanige protokol, maar weens die gebrek aan fondse kon die DMO nog nie weer daaraan aandag gee nie. Nietemin meld die konsep-beleidsraamwerk dat:

“Reporting on children’s issues thus becomes a problem when there is no focal point for the management of children’s issues. Whilst it is understandable that this is not their core function, the Act cannot be implemented without the input from other national departments and therefore it would be in the interest of reporting as a country for all government departments to plan structurally for their responsibilities as outlined in the Act” (DMO, 2002:23).

Die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS kan as die ideale geleentheid gesien word om 'n beleidsdokument te formuleer wat spesifiek daarop fokus om die hantering van aanmeldings meer effektief te maak en wat in lyn is met wetlike standaarde.

Die DMO se *National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation* (DMO, 2004:3-4) (hierna, *NPF for CANE*) meld dat 'n multisektorale komitee, die *National Committee on Child Abuse and Neglect*, in 1995 gestig is. Reeds in 1996 het dié komitee die DMO getaak om 'n nasionale kinderbeskermingsplan te ontwikkel. Met die samestelling van die nasionale beleidsraamwerk in 2004, het sekere provinsies reeds oor 'n *Provincial Child Protection Committee* (hierna, *PCPC*) beskik. Alhoewel 'n mate van verskille voorkom, moet alle *PCPC*'s binne die raamwerk van die nasionale beleidsraamwerk optree in die voorkoming en bestuur van kindermishandeling, -verwaarlosing en

eksploitasie. Een van die minimum vereistes is dat die provinsies 'n interdisiplinêre protokol vir die KBS op streeks en plaaslike vlak moet ontwikkel, vanuit die nasionale riglyne (DMO, 2004:78, 105).

7.5 *The Free State Protocol on the Management of Child Abuse*

Die *Free State Protocol on the Management of Child Abuse* (Anon., 2002:5) meld dat die eerste provinsiale indaba in die Vrystaat oor kindermishandeling op 18 April 1997 gehou is. Die *Free State Management Protocol for Child Protection* (Anon) is in 1998 saamgestel en van stapel gestuur. Die beleidsdokument is deur middel van die *Provincial Circular 2/2000* bekendgestel. Na aanleiding van die vordering en ontwikkeling binne die KBS van die Vrystaat, het 'n hersiene protokol, bekend as *The Free State Protocol on the Management of Child Abuse* (Anon., 2002), in Desember 2002 verskyn. Dié protokol is opgestel vir verskeie rolspelers, naamlik die DMO, alle welsynsorganisasies wat dienste lewer aan kinders en families, die Suid-Afrikaanse Polisie (hierna, SAPD), die Departement van Justisie, Korrektiewe Dienste, Gesondheid, Onderwys en Arbeid, sowel as nieregereeringsorganisasies, gemeenskapsgebaseerde organisasies en die gemeenskap. Die primêre fokus van dié provinsiale protokol is om breë riglyne aan genoemde rolspelers te verskaf waarbinne kinderbeskermingsdienste in die Vrystaat gelewer moet word. Dit moet ook toesien dat 'n effektiewe diens aan kinders, wat beskerming benodig, gelewer word deur die onderskeie rolspelers se rolle uit te klaar en om die nodige skakeling en koördinasie tussen die rolspelers te bewerkstellig tydens die lewering van ingrypingsdienste aan kinders en families (Anon., 2002:6). Dus fokus genoemde protokol op die onderlinge bestuur van kinderbeskermingsdienste deur die verskeie rolspelers, terwyl die navorsing daarop fokus om 'n IAAP vir die drie agente wat wetgewing identifiseer, naamlik die DMO, AKBO en PB, te ontwikkel. Dié drie agente is daarvoor verantwoordelik om aanmeldings binne die KBS te hanteer, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig, 'n effektiewe respons met aanmelding sal verkry.

7.6 *National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation*

Kort na die opstel van die konsep-intersektorale-protokol (**punt 7.4**) is 'n konsensus-beleidsdokument onder die inisiatief van die destydse Departement van Welsyn ontwikkel, by name die *National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation* (DMO, 2004).

Dit is op 7 Desember 2004 voltooi. Dié beleidsraamwerk (DMO, 2004:2-3) se oorhoofse doel was om kinders teen alle vorme van mishandeling, verwaarlosing en eksploitasie te beskerm, wat in die volgende twee doelwitte aangespreek is, naamlik:

- om die voorkoms van kindermishandeling, -verwaarlosing en -eksploitasie in SA te verminder; en
- om toe te sien dat alle kinderbeskermingsake effektief hanteer word om verdere mishandeling te voorkom.

Dié beleidsraamwerk is egter nooit in die praktyk geïmplementeer nie. September (2006:68, 71) verwys daarna dat dié nasionale beleidsraamwerk volledige prosedures verskaf vir die ontwikkeling en implementering van 'n KBS op alle vlakke van regering. September verwys ook daarna dat die uitdagings oor die algemeen nie daarin geleë is om beleidsdokumente te formuleer nie, maar dat daar 'n gebrek aan spesialis leierskap - met ondervinding - op belangrike vlakke is om huidige beleid praktyk-uitvoerbaar te maak en wat oor die vermoë beskik om intervensies te meet en te monitor.

Voorts wys die nasionale beleidsraamwerk van 2004 daarop dat die beskerming van kinders en die respons op kindermishandeling, -verwaarlosing en -eksploitasie gebaseer moet wees op 'n intersektorale en interdissiplinêre benadering. Sodanige benadering sal die koördinasie en respons vanaf aanmelding, ondersoek en bestuur van die sake onderling in sektore en dissiplines bevorder. Geskrewe protokolle behoort verhoudings tussen sektore, rolspelers en gemeenskapslede betrokke by die beskerming van kinders, te definieer. Sodanige protokolle behoort streeks en plaaslike behoeftes aan te spreek (DMO, 2004:73-74). Alhoewel die nasionale beleidsraamwerk na protokolle verwys, is daar geen spesifieke verwysing dat 'n IAAP vir die KBS ontwikkel moet word om die hantering van aanmeldings meer effektief te maak nie.

7.7 Children's Act 38 of 2005

Na vyf jaar van intensiewe navorsing deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, is die *New Children's Bill* gedurende 2002 aan die Minister van Maatskaplike Welsyn gegee vir voorlegging in die Parlement. As gevolg van verskeie tegniese redes, is die handves in twee gedeeltes, naamlik *Sections 75 (National competencies)* en *Section 76 (Provincial competencies)*. Dié verdeling het daartoe aanleiding gegee dat al die hoofstukke van die *Section 76*-handves gedurende Maart 2008 deur die President as

die *Children's Amendment Act 41 of 2007* onderteken is. Die nuwe wetlike en beleidsvoorskrifte vir kinders is op 1 April 2010 bekragtig. Die *NPF* (DMO, 2009a:17) meld dat alle departementele staatsorgane (DMO) op nasionale, provinsiale en distriksvlak die *CA* moet implementeer. Voorts gee die *CA* die reg aan staatsorgane en siviele organisasies vir die implementering van dié wet. Van toepassing op die navorsing, beteken dit dat dié wet voorsiening maak vir die akkreditering van AKBO's om ook oor die wetlike mag te beskik om sorg en beskerming aan kinders te bied. Dus het die DMO en AKBO's gemeenskaplik die verantwoordelikheid om kinderbeskermingsdienste aan kinders te lewer.

Aanvullend tot die *CA* is 'n nasionale rapport saamgestel (sien punt 7.9) wat gepoog het om 'n intersektorale plan vir die implementering van nuwe kinderwetgewing op die tafel te kry, asook 'n nasionale beleidsraamwerk (sien punt 7.10) met die spesifieke doel om rigting te gee aan die implementering van die *CA* (DMO, 2009a:2). Aangesien 'n IAAP vir die KBS bogenoemde oogmerke soos vervat in die *CA* ondersteun, is dit van belang dat dit in sodanige protokol opgeneem word. Die navorsing het dan ook ten doel om die belangrikste artikels van die *CA*, met aanvullende beleidsvoorskrifte vir aanmelding, in 'n IAAP op te neem.

Sien punt 8 vir 'n volledige bespreking van die CA.

7.8 *Integrated Service Delivery Model*

Intussen is die *Integrated Service Delivery Model* (hierna, *ISDM*) in 2006 deur die DMO geloods. Een van die groot probleme van die Suid-Afrikaanse welsynstelsel is om dienste aan die groot massas te lewer (DMO, 2006:2). Die model brei uit op die *WPSW* (DMO, 1997:52) se voorgestelde vier areas van dienslewering, naamlik voorkoming, vroeë ingryping, statutêre ingryping en herenigingsdienste (DMO, 2006:18-24). Alhoewel die *ISDM* op dienslewering aan spesifieke kwesbare groepe fokus, word nie melding gemaak van hoe die aanmelder effektiewe toegang tot en respons met aanmelding by die KBS kan ontvang nie.

7.9 *National Report: Intersectoral Plan on the Implementation of the Children's Act 38/2005*

Die *National Report: Intersectoral Plan on the Implementation of the Children's Act 38/2005* (DMO, 2009b:39-41) het gerapporteer dat die poging wat aangewend is om 'n intersektorale plan vir die implementering van die *CA* te ontwikkel, nie die nodige

resultate opgelewer het nie. Die probleme wat ondervind is, was onder andere dat daar gebrekkige terugvoer, 'n gebrek aan leierskap en leiding en 'n gebrek aan samewerking vanaf die ander nasionale departemente was. Die gevolg is dat die intersektorale strategie waarvoor die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling ingevolge artikel 104(1)(2) van die CA (2005:59) verantwoordelik is, nog nie gerealiseer het nie. Dit is 'n baie groot leemte deurdienste binne die KBS steeds gefragmenteer is.

7.10 National Policy Framework for the Children's Act 38 of 2005 as amended

Die *NPF* (DMO, 2009a:45) verwys daarna dat die DMO as agent oor die mandaat en verantwoordelikheid beskik om toe te sien dat alle kinders in SA sorg en beskerming geniet. In die verwesenliking van die mandaat, het dié departement die volgende drie verantwoordelikhede:

- die implementering van die CA in vennootskap met siviele organisasies;
- om te verseker dat vasgestelde ooreenkomste in plek is vir die implementering van die CA en om die nodige leierskap te verskaf tydens die implementeringsproses binne die departement en ander vennote; en
- om te bepaal wat die impak van die CA op Suid-Afrikaanse kinders is en aksies te verbeter as die doelwitte van die wet nie bereik word nie.

7.11 Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children's Act 38 of 2005

In 2010 het die DMO se *Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children's Act 38 of 2005* verskyn. Dié beleidsdokument (DMO, 2010:3) definieer die KBS as:

“The child protection system refers to an integrated and co-ordinated network of services designed to promote the well-being of children by ensuring safety, achieving permanency, and strengthening families to successfully care for their children.”

Die beleidsdokument verwys daarna dat die insluiting van proseskaarte eenvormige prosesse binne die KBS sal verseker, maar dui nie aan hoe aanmeldings binne die KBS hanteer behoort te word nie (DMO, 2010:133).

7.12 Framework for Social Welfare Services

As gevolg van die uitdagings tydens die implementering van die *ISDM* in 2006, is die model hersien en is die *Framework for Social Welfare Services* (hierna, *FSWS*)

saamgestel (DMO, 2011:2). Hierdié konsep dokument vereis dat alle dienste, ook aanmeldings by die KBS, in lyn gebring moet word met ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienslewering (DMO, 2011:20). Dus kan die ontwikkeling van 'n IAAP nie losgemaak word van die aard van ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienslewering nie. Onderlinge samewerking tussen die staat en siviele organisasies is van kardinale belang om 'n geïntegreerde, omvattende maatskaplike diensleweringstelsel, waarvan die KBS deel vorm, daar te stel. Die *FSWS* (DMO, 2011:28, 40) raamwerk identifiseer die volgende intersektorale en interdepartementele integrasie van dienslewering, naamlik:

- ❖ aanvaarbare aanmeldingsprosedures is nodig om te verseker dat diensgebruikers dadelik na die aangewese diensverskaffer in die stelsel verwys word;
- ❖ die minimum dienste behoort beskikbaar te wees wanneer die diensgebruiker ookal die stelsel betree; en
- ❖ protokolle vir alle vorme van aanmelding moet ontwikkel word as deel van die nasionale inligtingstelsel om die uitvoerbaarheid van die stelsel effektief te maak.

Om bogenoemde intersektorale en interdepartementele integrasie te bevorder, moet bogenoemde in 'n IAAP vir die KBS in ag geneem word.

Vanuit die historiese oorsig blyk dit dat daar 'n behoefte is aan die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in SA. Nie een van bogenoemde beleidsdokumente bevat duidelike aanmeldingsprosedures nie. Nuwe kinderwetgewing is in 2010 bekragtig wat met groot vrug gebruik kan word om 'n IAAP vir die KBS te ontwikkel.

8. WETLIKE EN BELEIDSVOORSKRIFTE WAT TANS MET AANMELDING IN GEBRUIK IS BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL IN SUID-AFRIKA

Soos hierbo aangetoon is, het die proses van beleidsformulering uitgeloop op die nuwe CA met omvattende regulasies en vorms. Die nuwe CA bestaan uit die volgende 22 hoofstukke, waarvan hoofstukke 1, 2, 7 en 9 vir die doel van die artikel belangrik is en vervolgens bespreek word.

8.1 Woordoms krywing en oogmerke

Die volgende artikels in Hoofstuk 1 van die CA is vir die navorsing van belang, aangesien dit 'n verskeidenheid van aspekte aanspreek wat van belang is vir die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS:

- ◆ Artikel 1 van die CA (2005:12-21) se woordskrywing is van belang aangesien dit sekere terme van sake wat by die KBS aangemeld kan word, omskryf, naamlik: “eksplorasie”, “kinderarbeid”, “kommersiële seksuele eksplorasie”, “mishandeling”, “seksuele mishandeling”, “straatkind”, “verlate kind”, “verwaarlosing” en “weeskind”.

Dit is van belang dat agente wat aanmelding binne die KBS hanteer van eenvormige terme gebruik sal maak (DMO, 2002:6).

- ◆ Artikel 2 van die CA (2005:21) dui die oogmerke van die CA aan en is van belang met aanmelding by die KBS aangesien dit uitvoering gee aan die grondwetlike reg van die kind om:
 - beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing of vernedering;
 - sy/haar beste belang te bevorder – die beste belang van ’n kind is prioriteit in elke aangeleentheid betreffende ’n kind;
 - beskerm te word teen diskriminasie, eksplorasie en enige ander fisiese, emosionele of morele leed of gevaar;
 - die oogmerke van die CA gee uitvoering aan SA se verpligtinge betreffende die welsyn van kinders ingevolge internasionale instrumente wat bindend is; en
 - bevorder in die algemeen die beskerming, ontwikkeling en welsyn van kinders.

Bogenoemde oogmerke behoort in ag geneem te word in die ontwikkeling van ’n IAAP vir die KBS.

- ◆ Artikel 4 van die CA (2005:22) is van belang, aangesien dit aandui dat enige artikel in die CA wat handel oor aanmeldings binne die KBS, geïmplementeer moet word deur staatsorgane in die nasionale, provinsiale en waar van toepassing, plaaslike regeringsterreine, asook regulasies wat rolle en verantwoordelikhede toewys op ’n geïntegreerde, gekoördineerde en eenvormige wyse.

In die praktyk beteken bogenoemde dat die artikels in die CA wat van toepassing is op aanmelding by en respons deur die KBS, deur staatsorgane geïmplementeer moet word. Staatsorgane moet ook die regulasies wat die onderskeie rolle en verantwoordelikhede op ’n geïntegreerde, gekoördineerde en eenvormige wyse toewys aan die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, implementeer.

- ◆ Artikel 5 van die CA (2005:22) is van belang, aangesien die implementering van die CA deur staatsorgane op nasionale, provinsiale en waar van toepassing, op plaaslike vlak, by die versorging, beskerming en welsyn van kinders saamwerk in die ontwikkeling van 'n eenvormige benadering. Laasgenoemde moet gerig wees op die koördinering en integrasie van dienste wat aan kinders gelewer word.

Dit beteken dat staatsorgane wat dienste aan kinders lewer 'n eenvormige benadering sal ontwikkel, sodat wanneer aanmeldings deur die KBS hanteer word, daar koördinasie en integrasie van dienste sal plaasvind. Die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS sal meehelp om sodanige koördinasie en integrasie van dienste te bewerkstellig, en sodoende sal daar 'n eenvormige benadering wees met die hantering van aanmeldings binne die KBS.

8.2 Algemene beginsels

Die volgende artikels in Hoofstuk 2 van die CA is vir die navorsing van belang, aangesien dit 'n verskeidenheid aspekte aanspreek wat van belang is vir die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS:

- ◆ Artikel 6(3) van die CA (2005:23) dui aan dat indien dit in die beste belang van 'n kind is, die kind se familie die geleentheid gegee moet word om hul sienswyse uit te druk in enige aangeleentheid rakende die kind.

Dit beteken dat in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, dit aangedui moet word dat indien dit in die beste belang van 'n kind is nadat 'n saak by die KBS aangemeld is, die familie van die kind die geleentheid gegee moet word om hul sienswyse uit te druk binne die konteks van die saak wat aangemeld word.

- ◆ Artikel 6(4)(b) van die CA (2005:23) dui aan dat in enige aangeleentheid rakende 'n kind, 'n vertraging in enige aksie of beslissing wat geneem word, so ver moontlik vermy moet word.

Die implikasie van bogenoemde subartikel is dat met enige saak wat by die KBS aangemeld word, daar nie 'n vertraging in enige aksie of besluit wat geneem moet word mag wees nie, maar dat die aanmelder 'n effektiewe respons met aanmelding moet bekom.

- ◆ Artikel 6(5) van die CA (2005:23) dui aan dat 'n kind, met inaggenome die kind se ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling, en die persoon wat ouerlike

regte en verantwoordelikhede met betrekking tot die kind het, waar van toepassing, ingelig moet word van enige aksie of beslissing wat geneem is in 'n aangeleentheid wat die kind beduidend affekteer.

Binne die konteks van die navorsing beteken dit dat indien die kind oor die vermoë beskik om te verstaan, asook die persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind het, met aanmelding by die KBS ingelig sal word van enige aksie (respons) of besluit rakende die saak wat by die KBS aangemeld is. Hierdie aspek behoort ook in die ontwikkeling van 'n IAAP opgeneem te word.

- ◆ Artikel 7 (**Bylae H**) van die CA (2005:23-24) dui aan dat enige bepaling van die CA vereis dat bepaalde faktore in ag geneem moet word as die “Beste belang van die kind-standaard” toegepas word.

Binne die konteks van die navorsing beteken dit dat indien 'n aanmelding by die KBS deur een van die drie agente hanteer word, sodanige agent die beste belang van die kind altyd in ag sal neem, in terme van artikel 152(4) (**Bylae H**) van die CA (2005:79-80). Dit is dus van belang dat die “Faktore vir die beste belang van die kind-standaard” in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS opgeneem sal word.

- ◆ Artikel 9 van die CA (2005:24) sluit by Artikel 7 aan in die sin dat in alle aangeleenthede rakende die versorging, beskerming en welsyn van 'n kind, daar as 'n standaard gekyk sal word dat die kind se beste belang van oorheersende belang is en so toegepas sal word.

In alle sake wat by die KBS aangemeld word, is dit van belang dat die agent wat die aanmelding hanteer, sal toesien dat die kind voldoende versorg is, beskerm word en dat die welsyn van die kind nie skade lei nie, deur die “Beste belang-standaard” deurlopend toe te pas. Dit behoort in ag geneem te word in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS.

- ◆ Artikel 10 van die CA (2005:24) bepaal dat elke kind, in enige aangeleentheid rakende die kind, die reg het om op 'n gepaste wyse deel te neem, en behoorlike oorweging moet gegee word aan die sienswyses wat deur die kind uitgespreek word.

McCall v. McCall (1994) is 'n sprekende voorbeeld waarin die kind se ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling in ag geneem is en die geleentheid vir die

kind geskep is om deel te neem, en waar daar behoorlike oorweging aan die sienswyse wat deur die kind uitgespreek is, gegee is (Representing Children Worldwide, 2005:3 & Waterhouse, 2008:34). Die *NPF* (DMO, 2009a:40) ondersteun ook die beginsel van deelname van kinders en meld dat die deelname van kinders een van die fundamentele regte in nasionale en internasionale wetgewing is. Kinders wat oor die vermoë beskik om hulle eie opinies te vorm, het die reg om hulle siening uit te druk in enige saak wat op die kind of die familie 'n impak sal hê. Die kind se reg tot deelname behoort dus in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS opgeneem te word.

8.3 Beskerming van kinders

Die volgende artikels in Hoofstuk 7 is vir die navorsing van belang, aangesien dit die hoofstuk is wat oor die beskerming van kinders handel:

- ♦ Artikel 104(1) van die *CA* (2005:59) bepaal dat die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, ná konsultasie met belanghebbende persone en die Minister van Onderwys, Finansies, Gesondheid, Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, sowel as die SAPD, 'n omvattende intersektorale strategie moet daarstel om 'n behoorlik befondsde, gekoördineerde en bestuurde nasionale KBS te verseker en te ontwikkel.

Reeds in 2004 het die nasionale beleidsraamwerk daarna verwys dat dit gebrekkig is en dat daar nie 'n behoorlike aksieplan teen mishandeling, verwaarlosing of seksuele misdrywe bestaan nie (DMO, 2004:20). Binne die konteks van die navorsing, is dit die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling se verantwoordelikheid om 'n omvattende intersektorale strategie op plaaslike vlak te ontwikkel, met die oog op die versekering van 'n behoorlik toegeruste, gekoördineerde en georganiseerde nasionale KBS.

- ♦ Artikel 105(3) (**Bylae H**) van die *CA* (2005:59) bepaal dat aangewese kinderbeskermingsdienste in SA deur 'n staatsorgaan, naamlik die DMO of AKBO, gelewer kan word. Die AKBO moet ingevolge artikel 107 van die *CA*, as kinderbeskermingsorganisasie geregistreer wees. Befondsing sal slegs aan 'n AKBO gegee word as dit voldoen aan die nasionale norme en standaarde, soos voorgeskryf in artikel 106 van die *CA* (2005:60).

Die DMO, as leiersorganisasie, het die verantwoordelikheid om sorg en beskerming aan kinders te bied in terme van wetgewing, die formulering van beleid, ontwikkeling

van norme en standaard, praktykryglyne, monitering en evaluering van diens en om 'n raamwerk om die dienste te befonds. Huidiglik word poste van nie-regeringsorganisasies, in vergelyking met staatsalarisskale, by benadering met 75% gesubsidieer (DMO, 2009a:23, 75). In die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS moet daarna verwys word dat die DMO en AKBO kinderbeskermingsdienste lewer.

- ◆ Artikel 105(4) (**Bylae H**) van die CA (2005:59) sê aangewese kinderbeskermingsdienste kan deur die DMO, PDMO en AKBO gelewer word.

Die rol wat die AKBO speel insake die implementering van die CA, is deur die voormalige Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Zola Skweyiya, uitgelig. Hy het benadruk dat die regering die ondersteuning van siviele organisasies nodig het vir die implementering van die nuwe wet, en dat die staat met siviele organisasies in vennootskap moet tree vir die implementering van die CA (DMO, 2009a:42). Indien 'n IAAP vir die KBS ontwikkel word, sal dit meehelp om die vennootskap rakende die hantering van sake tussen die DMO en die AKBO te verstewig.

- ◆ Artikel 105(5)(c)(d) van die CA (2005:59) bepaal kinderbeskermingsdienste verwys na die:
 - uitvoer van ondersoek of assesserings in sake van vermoedelike mishandeling, verwaarlosing of verlating van kinders; en
 - ingryping en verwydering van kinders in toepaslike gevalle.

In die konteks van die navorsing beteken dit dat indien 'n aanmelding deur die KBS hanteer word, behoort die agente, in dié geval 'n AMW, ondersoek en assesserings van vermoedelike mishandeling, verwaarlosing en verlating van kinders te kan doen. Sodanige AMW moet ook oor die wetlike kennis beskik om tydens aanmelding ingrypingsdienste te kan lewer en in toepaslike gevalle kinders na tydelike veilige sorg (hierna, TVS) te verwyder. Dié aspekte behoort in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS opgeneem te word.

- ◆ Artikel 106(2) (**Bylae H**) van die CA (2005:60) identifiseer 'n verskeidenheid nasionale norme en standaard wat betrekking het op spesifieke dienslewering. Dit is van belang vir dié navorsing dat artikel 106(2)(b), wat fokus op die assessering van 'n kind, in die IAAP opgeneem word.

In Deel III van die *General Regulations Regarding Children* (2009a:101) (hierna, *GRRC*) word nasionale norme en standarde (**Bylae J**) vir kinderbeskerming vasgestel, spesifiek vir kinders wat geassesseer word as kinders wat mishandel of doelbewus verwaarloos is.

- ◆ Artikel 110 (**Bylae H**) van die *CA* (2005:61-62) is vir die navorsing van belang aangesien dit spesifiek oor aanmelding handel. In artikel 110 word die volgende belangrike sake aangetoon:
 - wie die agente is wat aanmeldings binne die KBS kan hanteer;
 - watter sake by die KBS aangemeld kan word;
 - wie die persone is wat sake by die KBS kan aanmeld; en
 - wat die respons van die onderskeie agente moet wees.

In aansluiting by artikel 110 van die *CA* (2005:61-62) bepaal die *GRRC* die volgende regulasies met betrekking tot aanmelding by die KBS:

- ◆ Regulasie 33(1)(2)(3) (**Bylae K**) van die *Amendment Regulations Regarding Children* (2012a:3-4) bepaal watter vorms deur die agente voltooi moet word indien 'n aanmelding van ernstiger sake hanteer word, naamlik mishandeling en verwaarloosing.
- ◆ Regulasie 34 (**Bylae J**) van die *GRRC* (SA, 2009:32-33) bepaal dat 'n AMW 'n Vorm 24 kan voltooi om 'n PB te versoek om die beweerde oortreder uit die huis te verwyder waar die kind woon.
- ◆ Regulasie 35(1)(b) (**Bylae J**) van die *GRRC* (SA, 2009:33) verskaf riglyne vir die assessering van risikofaktore om die gevolgtrekking dat mishandeling of verwaarloosing wel op redelike gronde voorgekom het, ingevolge artikel 110 van die *CA*, te bevestig of te weerlê.
- ◆ Regulasie 35(2) (**Bylae J**) van die *GRRC* (SA, 2009:33-34) verskaf riglyne vir 'n breërisikoraamwerk om te bepaal:
 - of daar aanwysers van fisiese mishandeling teenwoordig is;
 - of daar emosionele en gedragsaanwysers teenwoordig is van fisiese, psigiese of seksuele mishandeling;
 - of daar ontwikkelingsaanwysers teenwoordig is van fisiese, psigiese of seksuele mishandeling ;
 - of daar aanwysers van doelbewuste verwaarloosing teenwoordig is;

- die bekendmaking van mishandeling of doelbewuste verwaarlosing deur die kind; of
- 'n verklaring van 'n ooggetuie betreffende 'n patroon of geskiedenis van mishandeling of doelbewuste verwaarlosing in verband met 'n betrokke kind.
- ◆ Regulasie 35(3) (**Bylae J**) van die *GRRC* (SA, 2009:34-35) meld dat indien 'n persoon positiewe aanwysers van seksuele mishandeling of mishandeling wat fisiese besering veroorsaak of doelbewuste verwaarlosing, soos vermeld in regulasie 35(2), geïdentifiseer het, die totale konteks van die kind se situasie geassesseer moet word in terme van spesifieke riglyne.
- ◆ Indien die DMO of AKBO 'n aanmelding hanteer ingevolge artikel 110(1)(2)(4) van die *CA*, moet die AMW ingevolge regulasie 35(4)(b) (**Bylae J**) van die *GRRC* (SA, 2009:35-36) 'n ondersoek doen aan die hand van die gemelde riglyne.
- ◆ Indien 'n AMW toepaslike beskermende maatreëls of ingryping wil lewer ingevolge die *CA*, moet die DMO of AKBO sekere faktore in terme van regulasie 35(5) (**Bylae J**) van die *GRRC* (SA, 2009:36) in ag neem.
- ◆ Regulasie 36 (**Bylae J**) van die *GRRC* (SA, 2009:36-37) hou 'n kriteria aan geskikte persone voor om kindermishandeling en -verwaarlosing te ondersoek.
- ◆ Regulasie 37(a)-(j) (**Bylae J**) van die *GRRC* (SA, 2009:37) identifiseer sekere magte en verantwoordelikhede waaraan 'n persoon moet voldoen om in terme van regulasie 36 'n ondersoek te kan doen van sake van beweerde kindermishandeling of -verwaarlosing, en wat sodanige aanmelding ontvang het.
- ◆ Regulasie 38(1)(2) (**Bylae J**) van die *GRRC* (SA, 2009:38) identifiseer sekere voorwaardes waaraan voldoen moet word tydens die ondersoek of assessering van mishandelde of verwaarloosde kinders. Toestemming deur sodanige kinders is ook onderworpe aan die voorwaardes.

8.4 Kind wat sorg en beskerming benodig

Die volgende artikels in Hoofstuk 9 is vir die navorsing van belang, aangesien dit die hoofstuk is wat oor die kind, wat sorg en beskerming benodig, handel:

- ◆ Artikel 150 (1) (**Bylae H**) van die *CA* (2005:78) identifiseer wie die kind is wat sorg en beskerming benodig.
- ◆ Artikel 151 (**Bylae H en I**) van die *CA* (2005:78-79) kan gebruik word om 'n kind na TVS te verwyder deur middel van 'n hofbevel.

- ◆ Artikel 152 (**Bylae H en I**) van die CA (2005:79-80) kan deur die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, gebruik word om kinders na TVS te verwyder, sonder 'n hofbevel.
- ◆ Artikel 153 (**Bylae H**) van die CA (2005:80-81) kan deur 'n PB gebruik word om die beweerde oortreder uit die huis te verwyder deur 'n skriftelike kennisgewing aan die beweerde oortreder te oorhandig.
- ◆ Artikel 155 (**Bylae H**) van die CA (2005:81-82) kan deur die AMW gebruik word om te beslis of 'n kind sorg en beskerming benodig.

Dit is van belang dat al bogenoemde artikels in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS geïnkorporeer word.

9. BESPREGING

Vanuit die geskiedkundige oorsig van die wetlike en beleidsvoorskrifte vir die KBS in SA blyk die volgende van belang vir die navorsing:

9.1 Die belang van kinderregte

Die regte van die kind, soos onder andere verwoord in die *Grondwet*, vorm die basis vir alle wetgewing en beleid binne die KBS. Die ontwikkeling van 'n IAAP wat effektiewe toegang tot en respons van die KBS vir die kind wat sorg en beskerming benodig daarstel, kan 'n belangrike bydrae lewer om die kind se reg op beskerming te verseker.

9.2 Die belang van voldoende en effektiewe prosedures

Soos onder andere in die *Convention on the Rights of the Child* aangetoon is, moet daar voldoende en effektiewe prosedures in plek wees om te kan aanmeld. Dit is juis in hierdie opsig wat 'n IAAP 'n belangrike bydrae kan lewer, deurdat dit prosedures vir die hantering van aanmeldings binne die KBS daarstel.

9.3 Verbetering van dienslewering

Die mikpunt van verbeterde dienslewering aan agtergeblewenes het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van wetgewing en beleid. Dit het veral 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die *WPSW*, die *ISDM* en die *FSWS*. 'n IAAP kan 'n belangrike bydrae lewer om dienslewering betreffende die hantering van aanmeldings binne die KBS te verbeter.

9.4 Die noodsaak van intersektorale samewerking

Regdeur die ontwikkelingsproses van wetgewing en beleid vir die KBS is die noodsaak van intersektorale samewerking en protokolle telkens aangetoon. Verskeie mislukte pogings is aangewend om dit te implementeer. In gevalle waar protokolle wel opgestel is, soos byvoorbeeld die *Free State Management Protocol for Child Protection*, is die fokus net op bestuur en daar word nie praktiese riglyne gegee nie. In hierdie opsig kan 'n IAAP 'n groot bydrae lewer, aangesien dit praktiese riglyne vir die hantering van aanmeldings sal gee en intersektorale samewerking sal bevorder.

9.5 Probleme met implementering

Deur die loop van jare is goeie wetgewing en beleidsdokumente ontwikkel wat uitspel hoe aanmeldings binne die KBS hanteer moet word. Daar was egter telkens 'n probleem met die implementering van wetgewing en beleid. Deur bestaande wetgewing en beleid in 'n IAAP te integreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures te sistematiseer kan dit 'n groot bydrae lewer met die implementering van wetgewing en beleid.

9.6 Kennis van nuwe wetgewing:

'n IAAP kan 'n groot bydrae lewer om rolspelers op hoogte te bring van die nuwe wetgewing en beleid en hulle help om die nodige paradigmaskuif te maak van die vorige wetgewing na die nuwe wetgewing.

CA voorskrifte wat in 'n IAAP opgeneem moet word:

- Die CA gee in artikel 6 (geen vertraging in optrede of besluite en hou partye ingelig), artikel 7 (Beste belang van die kind-standaard) en in artikel 10 (kinderdeelname) belangrike algemene beginsels wat die grondslag van 'n IAAP sal moet vorm.
- Die CA identifiseer in artikel 110(1)(2) wie die agente is wat aanmeldings binne die KBS moet hanteer.
- Die CA noem in artikel 110(1)(2) watter sake by die KBS aangemeld kan word.
- Die CA meld in artikel 110(1)(2) wie die persone is wat sake by die KBS kan aanmeld.
- Die CA spel in artikel 110(4)(5)(6)(7)(8) uit wat die respons is wat die agente op aanmeldings moet bied.

- Die CA gee in artikel 150 'n uiteensetting van wanneer 'n kind sorg en beskerming benodig.
- Die CA gee in artikel 151-155 voorskrifte oor hoe 'n kind wat sorg en beskerming benodig, hanteer moet word.

In aansluiting by die CA, gee die GRRRC belangrike beleid wat in 'n IAAP opgeneem kan word:

- Regulasie 35 gee 'n breërisiko-assesseringsraamwerk waarin aanwysers en riglyne gegee word wat tydens assesserings gebruik moet word. Dit gee ook riglyne wat in die verdere ondersoek van die saak gebruik moet word, asook sake wat in ag geneem moet word wanneer oor beskermingsmaatreëls of ingryping besluit moet word.
- Regulasie 37 spel die magte en verantwoordelikhede om sake van mishandeling of verwaarlosing te ondersoek, uit.
- Regulasie 38 spel die voorwaardes vir ondersoek en assessering van mishandelde of verwaarloosde kinders en toestemming van kinders in sulke sake uit.

10. GEVOLGTREKKINGS

SA se KBS beskik vir die eerste keer oor omvattende wetgewing en beleid van hoe aanmeldings binne die KBS hanteer moet word. Daar is algemene artikels en spesifieke artikels in wetgewing wat uitvoering gee aan hoe aanmeldings binne die KBS hanteer moet word.

Wetgewing en beleid identifiseer die agente binne die KBS wat aanmeldings moet hanteer, gee 'n breedvoerige omskrywing van sake wat by die KBS aangemeld kan word, identifiseer die persone wat kan aanmeld en gee ook duidelike instruksies aan die agente oor wat hulle respons met aanmelding van 'n saak behoort te wees.

11. AANBEVELINGS

- Dat 'n IAAP vir die KBS ontwikkel word;
- dat die CA se algemene beginsels (artikel 6, 7, 9 en 10) in die IAAP opgeneem word;
- dat artikel 110 van die CA as basis gebruik word vir die ontwikkeling van die IAAP vir die KBS;
- dat die IAAP vir die KBS aan die hand van die volgende subtemas ontwikkel word:

- Wie is die agente binne die KBS, soos in artikel 110(1)(2) van die CA geïdentifiseer word?
- wat is die sake wat by die KBS aangemeld kan word, soos in artikel 110(1)(2) van die CA genoem word?
- wie is die persone wat sake by die KBS kan aanmeld, soos in artikel 110(1)(2) van die CA gemeld word?
- wat is die respons wat elkeen van die agente op aanmeldings moet gee, soos in artikel 110(4)(5)(6)(7)(8) van die CA uitgespel word?
- dat die CA se uiteensetting in artikel 150 van wanneer 'n kind sorg en beskerming benodig, sowel as die CA se voorskrifte in artikel 151-155 oor hoe 'n kind, wat sorg en beskerming benodig, hanteer moet word, op die relevante plekke in die IAAP geïnkorporeer word; en
- dat die GRRC se regulasies op die relevante plekke in die IAAP geïnkorporeer word.

SA se KBS beskik oor die geskikte wetlike en beleidsvoorskrifte om 'n IAAP te kan ontwikkel. 'n IAAP sal verseker dat kinders, wat sorg en beskerming benodig, effektiewe toegang tot en respons met aanmelding binne die KBS verkry.

12. BRONNELYS

Acts **see** South Africa.

African Charter on the Rights and Welfare of the Child **kyk** Africa.

Africa. 1990. African Charter on the Rights and Welfare of the Child.

Amendment **kyk** South Africa.

Anon. **kyk** Free State.

Briede, M. 2010. Draft Intersectoral Protocols on the management of child abuse, neglect and exploitation in South Africa. [brief]. 26 May, Johannesburg.

Consolidated Forms **kyk** South Africa.

Convention on the rights of the child **kyk** United Nations.

Davel, T. 2011. Regte van die kind – MyFundi. [http://www.myfundi.mobia/a/Regte van die kind](http://www.myfundi.mobia/a/Regte%20van%20die%20kind) Datum van gebruik: 26 Jan. 2011.

Dawes, A. & Mushwana, M. 2007. Monitoring child abuse and neglect. (*In* Dawes, A., Bray, R. & Van Der Merwe, A., eds. 2007. Monitoring child well-being: A South African rights-based approach. 1st ed. Cape Town: HSRC Press. p. 269-292).

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling **kyk** South Africa. Department of Social Development.

Departement van Welsyn **kyk** South Africa. Department of Welfare

De Vos, A.S. & Strydom, H. 2011. Intervention research. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 473-490).*

Dutschke, M. 2005. Children's right to social services. A paper delivered at the Fourth World Congress on Family Law and Children's Rights, Cape Town, 20-23 March 2005. University of Cape Town. Children's Institute.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. In-depth review of literature. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 133-141).*

Free State. Anon. 2002. The Free State Protocol on the Management of Child Abuse.

General Regulations Regarding Children **kyk** South Africa.

Grondwet **kyk** Suid-Afrika.

HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2010. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

Inter-Parliamentary Union **kyk** South Africa.

Loffell, J. 2000. Toward effectiveness in services for sexually abused children in South Africa: some observations from longitudinal study. *CARSA*. Vol. 1 No. 1 Jan.

Loffell, J. 2007. Monitoring the situation of children in statutory care. (*In Dawes, A., Bray, R. & Van Der Merwe, A., eds. 2007. Monitoring child well-being: A South African rights-based approach. 1st ed. Cape Town: HSRC Press. p. 293-327).*

Meiring, L. 2013. Kinderveiligheid: "Die lys misluk". *Beeld*: 7, 21 Okt.

Patel, L. 2003. Challenges of restructuring social welfare in post apartheid South Africa. *The Social Work Practitioner Researcher*, 15(1):1-15.

Patel, L. & Selipsky, L. 2010. Social Welfare Policy and Legislation in South Africa. (*In Nicholas, L., Rautenbach, J. & Maistry, M., eds. 2010. Introduction to Social Work. Cape Town: CTP Printers. 48-74).*

Regulasies **kyk** South Africa.

Representing Children Worldwide. 2005. *How Children's Voices are heard in Child Protective Proceedings.*

www.law.yale.edu/rew/rew/jurisdictions/afs/southafrica/frontpage.htm Date of access: 19 Dec. 2011.

September, R.L. 2006. The progress of child protection in South Africa. *International Journal of Social Welfare*, 15 (Suppl. 1):S65-S72.

South Africa. 2005. Children's Act 38 of 2005.

South Africa. 2007. Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32/2007.

South Africa. 2009a. General Regulations Regarding Children.

South Africa. 2009b. Consolidated Forms in Terms of the Regulations under the Children's Act, 2005.

South Africa. 2012a. Children's Act, 2005. Amendments: Sections 151 and 152. (Notice No. 301). *Government gazette*, 35246:23-24, 13 Apr.

South Africa. 2012b. Children's Act, 2005. Amendment: General Regulations Regarding Children. (Notice No. R. 497). *Government gazette*, 35476:3-21, 29 Jun.

South Africa. Department of Social Development. 2002. Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation in South Africa. (Unpublished).

South Africa. Department of Social Development. 2004. National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation.

South Africa. Department of Social Development. 2006. Integrated Service Delivery Model.

South Africa. Department of Social Development. 2009a. National Policy Framework for the Children's Act 38 of 2005 as amended.

South Africa. Department of Social Development. 2009b. National Report: Intersectoral Plan on the Implementation of the Children's Act 38/2005.

South Africa. Department of Social Development. 2010. Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children's Act.

South Africa. Department of Social Development. 2011. Framework for Social Welfare Services. (Unpublished).

South Africa. Department of Welfare. 1997. The White Paper for Social Welfare.

South Africa. Inter-Parliamentary Union. 2004. Child protection: A handbook for parliamentarians.

South African Police Service. 2013. Crime Research and Statistics.
http://www.saps.gov.za/_dynamicModules/internetSite/buildingBlocks/basePage4/BP.
Datum van gebruik: 20 Apr. 2013.

Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996.

United Nations. 1990. Convention on the Rights of the Child.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

Van Wyk, P. 2013. Syfers van kindergeweld 'skandalig'. *Volksblad*. 7, 13 Mei.

Vorms **kyk** South Africa.

Waterhouse, S. 2008. The impact of changing criminal justice responses to child victims of sexual abuse. Pinelands: Criminal Initiative of Open Society Foundation for South Africa.

Wette **kyk** South Africa.

Wikipedia. 2013. Provinsies van Suid-Afrika.

http://af.wikipedia.org/wiki/Provinsies_van_Suid-Afrika Datum van gebruik: 15 Okt. 2013.

ARTIKEL 2

**Agente, sake, persone
en respons met
aanmelding by die
kinderbeskermingstelsel**

ARTIKEL 2 AGENTE, SAKE, PERSONE EN RESPONS MET AANMELDING BY DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL

ABSTRACT

On the 1st of April 2010 the child protection system in South Africa enforced new legislation, by name the Children's Act 38 of 2005 with comprehensive regulations and forms. Article 110 of the Children's Act 38 of 2005 refers specifically to the reporting of a child being abused or neglected and a child in need of care and protection. Furthermore, article 110 identifies the agents, cases and persons involved, as well as the response that should dictate during the intake phase.

The focus of this article is to gather information with reference to current legislation and policy. It attempts to identify and determine the agents, the cases that may be reported, the persons who should report, as well as the response with reporting.

The results of this research will be used as recommendations to develop an inter-agency reporting protocol for the child protection system in the Free State in terms of agents, cases, persons and response.

SLEUTELTERME:

Agente, Persone, Sake, Response, Aanmelding, Kinderbeskermingstelsel

1. INLEIDING

Op 1 April 2010 is nuwe kinderwetgewing in Suid-Afrika (hierna, SA) bekragtig, by name die *Children's Act 38 of 2005* (hierna, CA) met omvattende regulasies en vorms, waarvolgens aanmeldings binne die kinderbeskermingstelsel (hierna, KBS) hanteer moet word. Artikel 110 van die CA (2005:61-62) handel spesifiek oor aanmelding van die mishandelde en verwaarloosde kind en die kind wat sorg en beskerming benodig. Voorts dui artikel 110 van die CA (2005:61-62) aan watter agente, sake en persone betrokke is en watter respons met aanmelding gebied moet word.

Die fokus van die artikel is om inligting in te samel oor wat huidige wetgewing en beleid in SA bepaal ten opsigte van wie die agente is, watter sake aangemeld kan word, wie die persone is wat kan aanmeld en wat die respons op aanmelding moet wees.

Voortspruitend hieruit sal aanbevelings gemaak word oor wat 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol (hierna, IAAP) vir die KBS in die Vrystaat ten opsigte agente, sake, persone en respons behoort te sê.

2. PROBLEEMSTELLING

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (hierna, DMO) se *National Policy Framework for the Children's Act 38 of 2005 as amended*, (DMO, 2009:18), (hierna, *NPF*) meld dat die behoefte aan die ontwikkeling van nuwe, omvattende wetgewing vir die sorg en beskerming van kinders, uitgeloop het op die nuwe CA met omvattende regulasies en vorms wat op 1 April 2010 bekragtig is. Die *NPF* (DMO, 2009:45) verwys daarna dat die DMO, as agent, oor die mandaat beskik en die verantwoordelikheid het om toe te sien dat alle kinders in SA sorg en beskerming geniet. In die verwesenliking van die mandaat, het dié departement die volgende drie verantwoordelikhede:

- Die implementering van die CA in vennootskap met siviele organisasies;
- om te verseker dat vasgestelde ooreenkomste in plek is vir die implementering van die CA en om die nodige leierskap in die proses van implementering binne die departement en ander vennote te verskaf; en
- om te bepaal wat die impak van die CA op Suid-Afrikaanse kinders is en aksies te verbeter as die bedoeling van die wet nie bereik word nie.

'n IAAP vir die KBS kan 'n groot bydrae lewer tot die nakoming van hierdie verantwoordelikhede.

Dienste in die KBS is gefragmenteer deurdad die verskillende rolspelers volgens hulle eie verwysingsraamwerke opereer en daar nie gekoördineerde samewerking is nie (September, 2006:68). Aansluitend hierby meld die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (South African Human Rights Commission, 2002:40-51) dat dit oor die algemeen moeilik is om 'n gekoördineerde respons van agente met aanmelding te ontvang, maar soveel te meer ná ure. Daarom is dit nodig dat vasgestel moet word wie die agente is wat aanmeldings binne die KBS hanteer, sodat

elke agent kan weet wat sy funksie binne die KBS is en daar gekoördineerde samewerking kan wees.

Hoewel wetgewing en beleid aandui watter sake by die KBS aangemeld kan word, meld September (2006:69) dat baie mense steeds onseker is oor watter sake aangemeld kan word. Daarom is dit nodig dat vasgestel moet word watter sake by die KBS aangemeld kan word.

Dit gebeur soms dat persone van mishandeling en verwaarlosing van kinders weet en dan in gebreke bly om dit aan te meld. De Wet (2013:1) berig dat 'n vrou van Ventersburg vier jaar tronkstraf opgelê is omdat sy geweet het 'n sewejarige seuntjie word seksueel, liggaamlik en emosioneel gemolesteer en daaroor geswyg het. Loffell (2000:6) meld dat kinders sekondêre mishandeling beleef as 'n persoon kennis dra van die mishandeling, maar dit nie aanmeld nie, of as die stelsel nie 'n effektiewe respons op aanmelding lewer nie. Daarom is dit nodig dat vasgestel moet word wie die persone is wat kindersake behoort aan te meld.

Hunter (2011:1) is van opinie dat die respons wat persone met aanmelding van die KBS ontvang baie belangrik is, want die agent wat die aanmelding hanteer, het die geleentheid om onmiddellike ondersteuning en vertroosting te bied, die kind te beveilig en die herstel van die trauma te verseker. Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (South African Human Rights Commission, 2002:19) het bevind dat kinders wat by die regstelsel aanmeld, baie kwesbaar is en aan dieselfde prosesse en prosedures blootgestel word as dié van volwassenes wat kriminele oortredings begaan. Indien 'n aanmeldingstelsel se infrastruktuur nie 'n effektiewe respons op aanmelding verseker nie, word 'n kind se kwesbaarheid verhoog. Voorts word kinders binne die kriminele stelsel uitgelewer aan die houdings en bevoegdheid van agente by wie aangemeld word, wat soms ook die beweerde oortreder by aanmelding betrek (Waterhouse, 2008:1). Die respons wat die kind van die agent kry, het veral 'n groot impak op die kind. Artikel 6(4)(b) van die CA (2005:23) meld dat een van die algemene beginsels in enige aangeleentheid betreffende die kind is, dat 'n vertraging in enige aksie of beslissing wat geneem word so ver moontlik vermy moet word. In die konteks van die navorsing, beteken dit dat in enige saak rakende 'n kind wat by die KBS in die Vrystaat aangemeld word, 'n vertraging in respons of beslissing so ver moontlik vermy moet word. Dawes en Mushwana (2007:274) is van opinie dat indien daar nie 'n vinnige en effektiewe respons op aanmeldings is nie, die kind die kans staan om aan

verdere risikogedrag blootgestel te word, wat moontlik die geval in SA is. Daarom is dit nodig dat vasgestel moet word wat die respons is wat op aanmeldings binne die KBS in die Vrystaat gebied moet word.

3. NAVORSINGSVRAAG

Uit bogenoemde ontstaan die volgende navorsingsvraag:

Wat bepaal wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, oor agente, sake, persone en respons met aanmelding, wat in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in gedagte gehou moet word?

4. NAVORSINGSDOELSTELLING EN -DOELWIT

Die oorhoofse doel van die navorsing was om 'n IAAP vir die KBS te ontwikkel waarin bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig effektiewe toegang tot en respons met aanmelding van die KBS kan bekom.

Die doelwit van die artikel is om 'n analise te maak van wat wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, aangaande agente, sake, persone en respons met aanmelding by die KBS bepaal.

5. EMPIRIESE ONDERSOEK

In hierdie artikel is van Fase 2, inligtingsinsameling van die intervensiemodel gebruik gemaak (De Vos & Strydom, 2011:480). Inligting is ingesamel oor wat wetgewing en beleid tans in SA bepaal oor agente, sake, persone en respons vir moontlike opname in die ontwikkeling van 'n IAAP. Dit is deur middel van 'n literatuurontleding gedoen. Literatuurontleding stel navorsing in konteks en gee 'n beter begrip van die probleem wat nagevors word (Fouché & Delpont, 2011:134). In hierdie artikel het literatuurontleding die belangrikste fase gevorm, omdat dit dien as grondslag om 'n analise te maak van die belangrikste wetgewing en beleid wat tans in SA oor agente, sake, persone en respons met aanmelding by die KBS ter sprake is.

Vir die doel van die navorsing word bestaande wetgewing en beleid wat in gebruik is vir aanmelding, geanaliseer om te bepaal watter aanmeldingsprosedures in gebruik behoort te wees binne die KBS in die Vrystaat:

- ❖ Artikel 110(1)-(8), 150(1), 151, 152 en 153 van die CA (SA, 2005)
- ❖ *General Regulations Regarding Children* (SA, 2009a)

- ❖ *Consolidated Forms in Terms of the Regulations under the CA* (SA, 2009b)
- ❖ *Amendment: Children's Act 38 of 2005* (SA, 2012a)
- ❖ *Amendment: General Regulations Regarding Children* (SA, 2012b)
- ❖ *Circular 2 of 2004 – The Protection of Victims of Child Abuse: Identification, Notification, Registration, Referral and Monitoring* (Departement van Welsyn, 2004)
- ❖ *Circular 7 of 2006 – Crisis Services Rendered to Children and Persons at Risk After Hours (from 16:00 to 7:30 and over weekends)* (DMO, 2006)
- ❖ Artikel 15–22 van die *Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32 of 2007* (SA, 2007)
- ❖ *HOST WEB, Pro National Instruction 3/2008* (Suid-Afrikaanse Polisie, 2008)

Aangesien groot gedeeltes van wetgewing en beleid geanaliseer word, word dit in **Bylae H, I, J, K, L en M** in Engels aangehaal.

'n Verskeidenheid databasisse is geraadpleeg, naamlik EBSCO Quest, SA Publications, Social Work Abstracts, Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels en SABINET. Die Ferdinand Postma Biblioteek op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit is as aanvullende bron gebruik.

Tydskrifte en boeke is veral geraadpleeg om die volgende temas na te gaan:

- kinderbeskermingsdienste wat deur die KBS in SA gelewer word;
- aanmeldingsprosedures binne die KBS in SA;
- agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer;
- persone wat wetlik verplig word om aan te meld;
- die verskillende soorte sake wat by die KBS aangemeld kan word; en
- die onderskeie response wat agente moet bied indien hulle aanmeldings binne die KBS hanteer.

6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

aanmelding – die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:1) omskryf aanmelding as: “*proses waardeur bepaal word of 'n persoon as kliënt aanvaar kan word of na 'n ander hulpbron verwys moet word.*” Die DMO se *National Policy*

Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation (DMO, 2004:128) (hierna, *NPF of CANE*) definieer aanmelding as: “A referral is a formal request to make child protection inquiries on behalf of a child who has been harmed or at risk.” Vir die doel van die navorsing verwys aanmelding na die proses waardeur bepaal word of ’n kindersaak wat deur ’n persoon wat by die KBS aanmeld, deur die agent aanvaar word of na ’n ander agent verwys word vir die hantering van die aanmelding. Alhoewel die CA (2005:61) en *Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendmend Act* (2007:68), (hierna, *CLAA*) albei na aanmeld as “rapporteur” verwys, gaan die navorser, as voorkeur, aanmeld in al sy vorme gebruik, want die twee terme is ekwivalent.

agente – die term “agente” word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA binne die KBS in gebruik is, omskryf nie. Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2010:34) (hierna, *HAT*) definieer agent as: “Persoon wat vir ’n ander optree, verteenwoordiger van ’n firma”. Vir die doel van die navorsing word daar na die drie agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer ingevolge artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) verwys, naamlik ’n aangewese kinderbeskermingsorganisasie (hierna, AKBO), die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling (hierna, PDMO) en polisiebeamptes (hierna, PB’s). Alhoewel die CA (2005:16) aandui ’n aangewese maatskaplike werker (hierna, AMW) beteken ’n maatskaplike werker in diens van die PDMO of DMO of AKBO of munisipaliteit, word daar vir die doel van die navorsing na ’n AMW ingevolge artikel 105(4)(a)-(c) van die CA (2005:59) verwys as ’n maatskaplike werker wat verantwoordelik is om aangewese kinderbeskermingsdienste te lewer. Dit is ook AMW’s in diens van die DMO of AKBO wat aanmeldings ingevolge artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) binne die KBS kan hanteer.

kinderbeskermingstelsel – “refers to an integrated and co-ordinated network of services designed to promote the well-being of children by ensuring safety, achieving permanency, and strengthening families to successfully care for their children” (DMO, 2010:132). Vir die doel van die navorsing verwys die KBS na die geïntegreerde en gekoördineerde netwerk van dienste wat ontwerp is om die welsyn van kinders te bevorder en hulle veiligheid te verseker. Die netwerk van dienste bestaan uit die drie agente wat deur artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) geïdentifiseer word, naamlik die DMO, AKBO of PB, by wie aanmeldings binne die KBS in die Vrystaat kan plaasvind.

persone – die term “persone” word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA in gebruik is binne die KBS omskryf nie. Die *HAT* (2010:862) definieer persoon as: “*Mens, individu, enkeling wat selfstandig handel, optree*”. Vir die doel van die navorsing word daar na persone ingevolge artikel 110(1)(2) van die *CA* (2005:61) verwys wat wetlik verplig word om aan te meld en na ’n persoon wat moreel verplig voel om aan te meld.

response – response word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA binne die KBS in gebruik is, omskryf nie. Die *HAT* (2010:933) omskryf respons as: “*Handeling, daad van respondeer*.” Respondeer word omskryf as: “*Antwoord op ’n eis, vraag ...*”. Vir die doel van die navorsing verwys respons na enige handeling of daad van ’n agent nadat ’n persoon ’n aanmelding by die KBS gemaak het.

sake – sake word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA in gebruik is, omskryf nie. Die *HAT* (2010:963) definieer saak as: “*Aangeleentheid, onderwerp, kwessie*”. Vir die doel van die navorsing verwys die begrip “sake” na kindersake ingevolge artikel 110(1)(2) van die *CA* (2005:61).

7. AGENTE BETROKKE BY AANMELDING BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL

Die *CA* (2005:61) identifiseer in artikel 110(1)(2) drie agente by wie kindersake aangemeld kan word, naamlik die PDMO, ’n AKBO of ’n PB.

7.1 Die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling

Die *CA* (2005:19) definieer PDMO as:

“the department within a provincial administration responsible for social development in the province”.

Die DMO beskik oor die mandaat en die verantwoordelikheid om toe te sien dat alle kinders in SA sorg en beskerming geniet (DMO, 2009:45). Dippenaar (2013:1-4) toon aan daar is twaalf distrikskantore van die DMO in die Vrystaat, wat verantwoordelik is vir die hantering van aanmeldings binne die KBS.

Aangesien dit nie provinsiale kantore van die DMO in die Vrystaat is wat aanmeldings hanteer nie, maar distrikskantore, sal in die ontwikkeling van ’n IAAP vir die KBS vasgestel moet word of daar na PDMO of DMO as agent verwys moet word. Artikel 110(6)(a) van die *CA* (2005:61) bepaal dat alle sake by die relevante PDMO

aangemeld moet word. Die PDMO word ingevolge artikel 110(6)(b) van die CA (2005:61) wetlik verplig om die vordering van alle sake wat aangemeld is, te monitor.

7.2 Aangewese kinderbeskermingsorganisasie

Die CA (2005:15) definieer 'n AKBO as:

“an organisation designated in terms of section 107 to perform designated child protection services”.

Dit beteken dat nie alle nieregeringsorganisasies in SA oor die wetlike magte beskik om as AKBO te funksioneer nie. Ingevolge artikel 107(1)(3) van die CA (2005:61), kan die Direkteur-Generaal of provinsiale hoof van maatskaplike ontwikkeling:

- op skriftelike versoek enige gepaste organisasie, wat voldoen aan die voorgeskrewe kriteria vir kinderbeskermingsorganisasies, aanwys om alle of enige spesifieke aangewese kinderbeskermingsdienste in die relevante provinsie te verrig; en
- aan 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie sodanige bevoegdhede en verpligtinge ingevolge die CA opdra as wat nodig is vir die behoorlike voorsiening van aangewese kinderbeskermingsdienste deur die organisasie.

Die DMO het die verantwoordelikheid om toe te sien dat die implementering van die CA in vennootskap met siviele organisasies, AKBO's ingesluit, plaasvind (DMO, 2009:45). Finansiële beperkings kom by nieregeringsorganisasies (hierna, NRO's) en gemeenskapsgebaseerde organisasies, wat beskermingsdienste lewer, voor (Streak & Poggenpoel, 2005:41). Tans word poste by NRO's, in vergelyking met die staatsalarisskale, met ongeveer 75% gesubsidieer (DMO, 2009:23, 75). As gevolg van NRO's se swak finansiële toestande, is hulle egter nie altyd in staat om hierdie verantwoordelikheid na te kom nie omdat hulle nie personeel het om dit te doen nie (Proudlock & Jamieson, 2008:5). Aangesien slegs AKBO's aanmeldings binne die KBS kan hanteer, sal vir die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS by AMW's vasgestel moet word of hulle na AKBO of KBO as agent wil verwys.

7.3 Die polisiebeampte

Die CA (2005:19) definieer 'n PB as:

“any member of the South African Police Service or a municipal police service appointed in terms of the South African Police Service Act, 1995 (Act 68 of 1995)”.

Aangesien enige kriminele oortredings wat by die munisipale polisie diens aangemeld word so gou moontlik by 'n PB van die SAPD aangemeld moet word, word PB's in die munisipale polisie diens nie as 'n aparte agent hanteer nie, maar ingesluit by die term "PB".

Die SAPD het 'n belangrike rol te speel in die implementering van die CA (DMO, 2009:45). Die PB is die enigste agent wat aanmeldings binne twee stelsels hanteer, naamlik die KBS en die regstelsel. PB's beskik oor nasionale beleid, naamlik die *National Instruction 3/2008* (hierna, *NI 3/2008*) waarin kriteria vervat is wat van toepassing is as misdrywe by hulle aangemeld word. Voorts verwys die *NI 3/2008* (SAPD, 2008:25) daarna dat 'n lid van die Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele Misdrywe-Eenheid (hierna, GKS-Eenheid) of 'n gespesialiseerde individu gekontak moet word om die aanmelding van seksuele misdrywe teenoor kinders te hanteer. Daar sal in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS vasgestel moet word presies watter rol die uniformtaklid en GKS-Eenheidslid met aanmelding vervul, sodat die korrekte hanteringsprosedures met aanmelding in die IAAP vervat kan word. In die CA word ten opsigte van die PDMO en AKBO na die instansies as agente verwys. Ten opsigte van die SAPD word egter nie na die instansie as agent verwys nie, maar na die PB as agent. In die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, sal vasgestel moet word of daar na SAPD of na PB as agent verwys moet word.

Vanuit die analise van die agente wat aanmeldings binne die KBS kan hanteer, blyk dit dat al drie agente ingevolge artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) aanmeldings moet hanteer en dat geen sodanige aanmeldings deur een van die agente weggewys mag word nie. Binne die konteks van die navorsing is dit ook belangrik om te bepaal of die drie agente van mekaar kennis dra. As die agente nie onderling van mekaar kennis dra nie, kan dit die onderlinge skakeling en koördinasie van aanmeldings binne die KBS belemmer.

8. SAKE WAT BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL AANGEMELD KAN WORD

8.1 Daar is twee groepe sake wat binne die kinderbeskermingstelsel aangemeld kan word

8.1.1 Mishandeling en doelbewuste verwaarlosing

In terme van artikel 110(1) van die CA (2005:61), sake waar professionele persone op redelike gronde tot die gevolgtrekking kom dat 'n kind mishandel is op 'n manier wat fisiese besering veroorsaak het, seksueel mishandel of doelbewus verwaarloos is. Hierdie sake *moet*, volgens artikel 110(1) van die CA (2005:61), deur die professionele persone aangemeld word. Hierdie is derhalwe sake waar daar 'n wetlike verpligting is dat dit aangemeld moet word. In die ontwikkeling van 'n IAAP kan daar na hierdie sake as "Groep 1-sake" verwys word.

Die feit dat die wetgewer sekere sake geïdentifiseer het wat wetlik verpligtend is dat dit aangemeld moet word, impliseer dat hierdie "ernstiger" sake is. Dat mishandeling en doelbewuste verwaarlosing "ernstiger" sake is, blyk uit die volgende:

- Volgens artikel 114(1) (**Bylae H**) van die CA (2005:63), moet daar in Deel A van die nasionale kinderbeskermingsregister 'n rekord wees van alle aanmeldings van mishandeling en doelbewuste verwaarlosing.
- Regulasie 33(1)(2) (**Bylae K**) van die *Amendment GRRRC* (2012b:3-5) gee sekere voorskrifte wat spesifiek op die aanmelding van mishandeling en doelbewuste verwaarlosing van toepassing is, naamlik dat die aanmelder 'n Vorm 22 (**Bylae K**) moet invul en dat die besonderhede van die mishandeling deur middel van 'n Vorm 23 (**Bylae K**) by die Direkteur-Generaal ingedien moet word vir opname in Deel A van die nasionale kinderbeskermingsregister.

Daar behoort in die ontwikkeling van 'n IAAP by die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, vasgestel te word of artikel 110(1) van die CA (2005:61) se uiteensetting duidelik genoeg is om sake van mishandeling en doelbewuste verwaarlosing (Groep 1-sake) te identifiseer.

8.1.2 Sorg en beskerming

In terme van artikel 110(2) van die CA (2005:61), sake waar enige persoon op redelike gronde tot die gevolgtrekking kom dat 'n kind sorg en beskerming benodig.

Hierdie sake *kan*, volgens artikel 110(2) van die CA (2005:61), deur enige persoon aangemeld word. Hierdie is sake waar daar nie 'n wetlike verpligting is dat dit aangemeld moet word nie, maar waar persone wel moreel verplig voel om dit aan te meld. In die ontwikkeling van 'n IAAP kan daar na hierdie sake as “Groep 2-sake” verwys word.

Artikel 150(1)(a)-(i) van die CA (2005:78) identifiseer kinders wat sorg en beskerming benodig as:

1. (a) *“has been abandoned or orphaned and is without any visible means of support;*
- (b) *displays behaviour which cannot be controlled by the parent or care-giver;*
- (c) *lives or works on the streets or begs for a living;*
- (d) *is addicted to a dependence-producing substance and is without any support to obtain treatment for such dependency;*
- (e) *has been exploited or lives in circumstances that expose the child to exploitation;*
- (f) *lives in or is exposed to circumstances which may seriously harm that child's physical, mental or social well-being;*
- (g) *may be at risk if returned to the custody of the parent, guardian or care-giver of the child as there is reason to believe that he or she will live in or be exposed to circumstances which may seriously harm the physical, mental or social well-being of the child;*
- (h) *is in a state of physical or mental neglect; or*
- (i) *is being maltreated, abused, deliberately neglected or degraded by a parent, a care-giver, a person who has parental responsibilities and rights or a family member of the child or by a person under whose control the child is.”*

Hieruit blyk dit dat 'n kind wat ingevolge artikel 110(1) van die CA (2005:61) mishandel is op 'n manier wat fisiese besering veroorsaak, seksueel mishandel of verwaarloos is, gewoonlik ook 'n kind is wat sorg en beskerming benodig. In die ontwikkeling van 'n IAAP kan oorweging daaraan geskenk word om artikel 150(1) van die CA (2005:78) se identifisering van wanneer 'n kind sorg en beskerming benodig, in die IAAP op te neem.

In die ontwikkeling van 'n IAAP moet vasgestel word of al die agente kennis dra van wanneer 'n kind sorg en beskerming benodig.

8.2 Sommige kindersake kan ook misdrywe wees wat binne die regstelsel hanteer moet word

Sake waar kinders seksueel mishandel is, is gewoonlik ook sake waar 'n misdryf gepleeg is. Selfs in gevalle waar kinders net sorg en beskerming nodig het, mag 'n misdryf gepleeg gewees het. Artikel 305 van die CA (2005:134-135) bepaal verskeie situasies waar 'n persoon aan 'n misdryf skuldig is. Die volgende is vir die navorsing van belang:

- Artikel 305(3) van die CA (2005:135) bepaal dat 'n ouer, voog, ander persoon wat ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van 'n kind het, versorger of persoon wat geen ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van 'n kind het nie, maar vrywillig vir 'n onbepaalde tydperk, tydelik of gedeeltelik vir die kind sorg, aan 'n misdryf skuldig is indien daardie ouer of versorger of ander persoon die kind mishandel, doelbewus verwaarloos of verlaat.
- Artikel 305(4) van die CA (2005:135) bepaal dat iemand wat regtens aanspreeklik is om 'n kind te onderhou, aan 'n misdryf skuldig is indien daardie persoon, terwyl hy of sy in staat is om dit te doen, versuim om die kind van voldoende voedsel, klere, huisvesting en mediese bystand te voorsien.
- Artikel 305(5) van die CA (2005:135) bepaal dat 'n persoon wat die eienaar, verhuurder, bestuurder, huurder of okkupeerder is van enige perseel waarop die kommersiële seksuele uitbuiting van 'n kind plaasgevind het, aan 'n misdryf skuldig is indien daardie persoon by verkryging van inligting oor daardie voorval, versuim om onverwyld redelike stappe te neem om die voorval aan die SAPD te rapporteer.

Hieruit is dit duidelik dat sekere kindersake wat binne die KBS aangemeld word, ook misdrywe kan wees wat binne die regstelsel hanteer moet word. Dit is noodsaaklik dat die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, hiervan sal kennis dra en dit behoort in 'n IAAP opgeneem te word.

Seksuele misdryfsake waarby kinders betrokke kan wees, word in artikel 15-22 van die *Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32 of 2007* (2007:24-32), (hierna, CLAA) soos volg geïdentifiseer:

- artikel 15: *Acts of consensual sexual penetration with certain children (statutory rape).*
- artikel 16: *Acts of consensual sexual violation with certain children (statutory sexual assault)*
- artikel 17: *Sexual exploitation of children*
- artikel 18: *Sexual grooming*
- artikel 19: *Exposure or display of or causing exposure or display of child pornography or pornography to children*
- artikel 20: *Using children for or benefiting from child pornography*
- artikel 21: *Compelling or causing children to witness sexual offences, sexual acts or self-masturbation*
- artikel 22: *Exposure or display of or causing exposure or display of genital organs, anus or female breasts to children (“flashing”)*

8.3 Alle sake wat binne die kinderbeskermingstelsel aangemeld is, moet hanteer word

In die ontwikkeling van 'n IAAP sal duidelik aangetoon moet word dat alle sake wat by agente aangemeld word, hanteer behoort te word. Die PB moet byvoorbeeld beseft dat indien hy tot die gevolgtrekking kom dat daar nie 'n kriminele oortreding begaan is nie, dit nie beteken dat die saak nie hanteer moet word nie, aangesien die kind dalk sorg en beskerming nodig mag hê en daarom ingevolge artikel 110(4)(b) van die CA (2005:61) na die agente wat daarmee werk, verwys moet word. Ook in gevalle waar daar 'n kriminele oortreding begaan is, mag die kind sorg en beskerming nodig hê en daarom moet alle kindersake wat by 'n PB aangemeld is, ingevolge artikel 110(4)(b) van die CA (2005:61), binne 24 uur na ontvangs by die DMO of AKBO aangemeld word. In die ontwikkeling van 'n IAAP sal by PB's vasgestel moet word of hulle hiervan bewus is, aangesien dit die navorser se belewing in die praktyk is dat sommige PB's nie alle kindersake wat by hulle aangemeld is ingevolge artikel 110(4)(b) van die CA (2005:61), by die DMO of AKBO aanmeld nie. Dit wil voorkom asof sommige PB's slegs vanuit die bepalings van die CLAA opereer en nie die bepalings van die CA in ag neem nie.

Die belewing in die praktyk is dat sommige agente slegs bereid is om 'n saak teen 'n beweerde oortreder te open as daar bewyse is dat 'n misdryf plaasgevind het. Volgens die *NPF of CANE* (2004:20-32), word 'n saak in sommige gevalle toegemaak as die mediese ondersoek nie enige fisiese tekens van mishandeling aandui nie. Die navorser se belewing is egter dat nie alle seksuele misdrywe met fisiese tekens

gepaard gaan nie. Gevolglik kry sake soos byvoorbeeld aanvoring (“grooming”), wat ingevolge artikel 18 van die *CLAA* (2007:28-30) ’n misdryf is, nie die aandag wat hulle verdien nie en moet die kind terugkeer na die omstandighede waarin die misdryf voorkom. In die lig hiervan is dit belangrik dat die agente by wie aanmeldings binne die KBS gemaak kan word, kennis sal dra van die seksuele misdryfsake waarby kinders betrokke kan wees. In die ontwikkeling van ’n IAAP kan oorweging daaraan geskenk word om die *CLAA* se lys van seksuele misdryfsake waarby kinders betrokke kan wees, in die IAAP op te neem.

8.4 Begrippe moet duidelik omskryf word

Die *CA* (2005:12-21) omskryf die terme “abuse”, “neglect” en “sexual abuse” wat in artikel 110(1) van die *CA* genoem word, asook sekere van die terme wat in artikel 150(1)(a)-(i) van die *CA* (2005:78) genoem word, byvoorbeeld “abandoned”, “child labour”, “commercial sexual exploitation”, “exploitation”, “orphan” en “street child”. Die volledige omskrywing van hierdie terme (**Bylae H**) soos dit in die *CA* voorkom, behoort as bylae by die IAAP aangeheg te word, sodat die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, kennis van die omskrywings kan dra. Die *CLAA* (2007:12-16) omskryf nie seksuele mishandeling nie, maar omskryf “child pornography”, “sexual act”, “sexual penetration” en “sexual violation” (**Bylae M**).

Weens die feit dat sommige kindersake wat binne die KBS aangemeld word ook misdrywe kan wees, wat binne die regstelsel hanteer moet word, is daar twee wette waarmee rekening gehou moet word, naamlik die *CA* en die *CLAA*. Aangesien die fokus van hierdie twee wette van mekaar verskil, mag daar verwarring tussen terme ontstaan. Dit is belangrik dat die agente wat aanmeldings hanteer van sodanige terme sal kennis neem, sodat die agente dieselfde terme sal gebruik en weet wat met elke term bedoel word. September (2006:69) het reeds in 2006 aangedui dat die terme “mishandeling”, “verwaarlosing” en “eksploitasie” nie duidelik in bestaande beleid omskryf en gebruik word nie. In die *Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation in South Africa* (DMO, 2002:6) word gemeld dat alle rolspelers daarby sal moet hou om dieselfde terme en definisies te gebruik as hulle na mishandeling van kinders verwys en dat hulle op gereelde basis hulself sal vergewis van veranderings wat plaasvind as daar na die aard van mishandeling verwys word.

9. PERSONE BETROKKE BY AANMELDING BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL

9.1 Professionele persone wat wetlik verplig is om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld

Artikel 110(1) van die CA (2005:61) identifiseer sekere professionele persone (**Bylae H**) wat wetlik verplig word om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld. 'n Voorbeeld hiervan is: Van Rooyen (2012:4) berig dat 'n oupa (70), wat meisies tussen die ouderdomme van 9 en 14 jaar helder oordag na varkhokke gelok en glo onsedelik aangerand of verkrag het, agter tralies sit nadat 'n onderwyser daarvan te hore gekom het en die polisie in kennis gestel het. In die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS is dit belangrik om by die agente uit te klaar of die lys van professionele persone wat wetlik verplig word om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld, in die IAAP opgeneem moet word.

9.2 Persone wat moreel verplig voel om sake waar kinders sorg en beskerming benodig, aan te meld

Volgens artikel 110(2) van die CA (2005:61), kan enige persoon wat redelike gronde het om tot die gevolgtrekking te kom dat kinders sorg en beskerming nodig het, daardie gevolgtrekking aanmeld. Dit is belangrik dat die IAAP dit aan die agente sal uitspel dat hierdie persone sake, waar kinders sorg en beskerming benodig, aanmeld omdat hulle moreel verplig voel om dit aan te meld.

9.3 Persone wat misdrywe aanmeld

Die feit dat sommige kindersake wat binne die KBS aangemeld word ook misdrywe kan wees, impliseer dat die persone wat by aanmelding binne die KBS betrokke is, ook persone kan wees wat misdrywe aanmeld. Volgens artikel 110(8) van die CA (2005:62), moet 'n AMW die pleging van 'n misdryf by 'n PB aanmeld. Verder bepaal artikel 54(1) van die CLAA (2007:68) dat enige persoon wat oor die kennis beskik dat 'n seksuele misdaad teenoor 'n kind gepleeg is, sodanige kennis onmiddellik by 'n PB moet aanmeld. In die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, kan hierdie inligting ook in die IAAP opgeneem word sodat die agente daarvan kan kennis neem.

9.4 Persone wat aanmeld, is gevrywaar van siviele eise

Volgens artikel 110(3)(a)(b) van die CA (2005:61) is 'n persoon, wat 'n aanmelding in goeie trou maak, nie blootgestel aan siviele eise op grond van die aanmelding nie. In

die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS is dit noodsaaklik dat hierdie feit in die IAAP opgeneem word, sodat die agente hiervan bewus sal wees.

10. DIE RESPONS VAN AGENTE NADAT 'N AANMELDING ONTVANG IS BINNE DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL

Dit is van uiterste belang dat daar koördinasie, samewerking en kommunikasie sal bestaan tussen die drie agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer (DMO, 2006:11). In Noord-Carolina in die VSA se aanlyn handleidings word daarna verwys dat die aanvanklike aanmelding wat deur die agent hanteer word, die eerste fase is. Dit is as 't ware die voordeur van die KBS. Dit is belangrik dat die agent wat die aanmelding hanteer, versigtig te werk sal gaan en deeglike werk sal doen om volledige inligting met aanmelding te bekom, want dit vorm die basis van besluitneming regdeur die leeftyd van die saak. Dit is veral van toepassing op ernstige sake wat deur die agente hanteer word (Department of Health and Human Services, s.a.:1).

10.1 Respons van die polisiebeampte wat aanmeldings binne die kinderbeskermingstelsel hanteer

Die PB is die enigste agent wat aanmelding van kindersake binne twee stelsels, naamlik die KBS en die regstelsel, hanteer. Die PB se respons op die aanmelding van kindersake bestaan derhalwe uit twee aspekte, naamlik die PB se respons as agent binne die KBS, en die PB se respons as agent binne die regstelsel. In die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, kan die twee aspekte van die PB se respons op die aanmelding van kindersake as twee fases aangedui word. Aangesien die navorsing fokus op die PB se respons as agent binne die KBS, hoef die PB se respons as agent binne die regstelsel nie volledig in die ontwikkeling van 'n IAAP beskryf te word nie.

10.1.1 Aanmelding by 'n polisiebeampte

In SA kan kindersake in terme van artikel 110(1) van die CA (2005:61) (Groep 1-sake), sowel as kindersake in terme van artikel 110(2) van die CA (2005:61) (Groep 2-sake), enige tyd van die dag of die nag by 'n PB aangemeld word. Dit is nie die PB se rol om die geldigheid van 'n aanmelding te bepaal nie. Daardie rol word ingevolge artikel 110(5)(c) van die CA (2005:61) aan die AMW toegeken. Derhalwe moet alle aanmeldings wat by 'n PB gemaak is, deur die PB hanteer word. Selfs wanneer daar

nie 'n kriminele oortreding begaan is nie en die PB dus geen verdere verantwoordelikheid as agent van die regstelsel het nie, is daar sekere verantwoordelikhede wat die PB as agent van die KBS steeds het, soos hieronder uiteengesit. In Kanada geld die reëling ook dat, ongeag die omstandighede van die saak en of die AMW reeds by die betrokke kind betrokke is' die PB die aanmelding moet hanteer en die nodige respons moet bied (Ministry of Children and Family Development, 2007:40).

10.1.2 Bepaal watter soort saak aangemeld word

Die heel eerste ding wat 'n PB moet doen nadat 'n kindersaak aangemeld is, is om te bepaal of dit 'n Groep 1-saak (mishandeling of doelbewuste verwaarlosing) of 'n Groep 2-saak (sorg en beskerming) is. Indien dit 'n Groep 1-saak is, moet die PB ingevolge regulasie 33(1) (**Bylae K**) van die *Amendment GRRC* (2012b:3-4) vir die aanmelder 'n Vorm 22 (*Amendment GRRC*, 2012b:7-12) (**Bylae K**) gee om te voltooi. Die voltooide Vorm 22 moet ingevolge regulasie 33(2) (**Bylae K**) van die *Amendment GRRC* (2012b:5) deur die PB by die relevante PDMO ingehandig word. Indien die aanmelding nie oor mishandeling of doelbewuste verwaarlosing gaan nie, is dit nie nodig dat die aanmelder 'n Vorm 22 voltooi nie.

In die lig van bogenoemde, sal die volgende aspekte in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS aangespreek moet word:

- Watter PB (die uniformtaklid of GKS-Eenheidslid) se verantwoordelikheid is dit om die Vorm 22 met aanmelding te voltooi?
- watter PB is verantwoordelik om die voltooide Vorm 22 by die relevante PDMO in te handig?
- wat is die prosedure ten opsigte van die invul van 'n Vorm 22 as 'n PB 'n telefoniese aanmelding ontvang?

10.1.3 Bepaal of die betrokke kind se veiligheid en welsyn in gevaar is

In die lig van artikel 110(4)(a) van die CA (2005:61) is dit belangrik dat die PB in alle sake wat by die PB aangemeld word, bepaal of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is, want dit sal die respons van die PB bepaal. Dit is belangrik in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS dat vasgestel word:

- Watter PB (uniformtaklid of GKS-Eenheidslid) verantwoordelik is om te bepaal of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is;
- hoe die verantwoordelike PB bepaal of die betrokke kind se veiligheid en welsyn in gevaar is; en
- of daar 'n behoefte aan die ontwikkeling van 'n risiko-assesseringsriglyn is.

10.1.4 Verseker betrokke kind se veiligheid en welsyn

Indien 'n kind se veiligheid en welsyn in gevaar is, moet die PB ingevolge artikel 110(4)(a) van die CA (2005:61) die veiligheid en welsyn van die betrokke kind verseker. Die PB wat die veiligheid en welsyn van die betrokke kind verseker, moet ingevolge artikel 152(4) van die CA (2005:79) bepaal wat in die beste belang van die kind is. Die CA (2005:20-21) verwys in artikel 7(1)(a)-(n) (**Bylae H**) na die relevante faktore vir die toepassing van die "Beste belange-standaard". Die NPF (DMO, 2009:39) onderskryf ook die "Beste belange-standaard" in die visie van die beleidsraamwerk as:

"to create a platform that will enhance and protect the status of children in South Africa by integration of services and interventions that will focus on prioritizing the best interests of children through promotion of an inter-sectoral approach".

Vir die PB om in die beste belang van 'n kind op te tree, sal in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS aan die volgende aandag gegee moet word:

- Wat is die bestaande prosedure van die verantwoordelike PB om die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker?
- maak die verantwoordelike PB gebruik van die "Beste belange-standaard" om die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker?
- stel die verantwoordelike PB 'n ander riglyn voor om die beste belang van die kind te bepaal?

10.1.5 Verwyder die kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel

Indien 'n kind se veiligheid en welsyn in gevaar is, kan 'n PB sodanige kind ingevolge artikel 152(1)(a)-(c) van die CA (2005:79) verwyder en in tydelike veilige sorg (hierna, TVS) plaas, sonder 'n hofbevel, indien daar redelike gronde is om te glo dat:

- die kind sorg en beskerming benodig en dit nodig is om die kind onmiddellik te beskerm;
- dat daar nie gewag kan word om 'n hofbevel te kry vir die plasing van die kind in TVS nie want die kind se veiligheid en welsyn is in gevaar; en
- deur die kind uit sy of haar se omgewing te verwyder, die beste manier is om die kind se veiligheid en welsyn te verseker.

Regulasie 53(b) van die *Amendment GRRC* (2012b:5) (**Bylae K**) bepaal dat 'n PB ingevolge artikel 152(1) van die CA (2005:79), 'n Vorm 36 (DMO, 2009b:74-78) (**Bylae L**) moet uitreik en dit met opname by die TVS-ouer indien. Daar behoort in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS vasgestel te word of die PB's:

- bewus is van die bestaande prosedure van hoe om 'n kind na TVS te verwyder;
- of PB's genoegsaam toegerus is om 'n betrokke kind, sonder 'n hofbevel, na TVS te verwyder;
- van 'n Vorm 36 gebruik maak om 'n betrokke kind na TVS te verwyder en of 'n ander vorm gebruik word;
- van mening is dat maatskaplike werkers geredelik beskikbaar is om bystand te verleen om 'n kind na TVS te verwyder gedurende normale kantoorure; en
- van mening is maatskaplike werkers is geredelik beskikbaar om bystand te verleen om 'n kind na TVS te verwyder ná ure, oor naweke en op openbare vakansiedae.

10.1.6 Stel relevante persone in kennis van verwydering van kind

Nadat 'n PB 'n Vorm 36 uitgereik en die kind na TVS verwyder het, bepaal artikel 152(3)(a)(c)(d) (**Bylae H**) van die CA (2005:79-80) en artikel 152(3)(b)(i)-(iii) (**Bylae I**) van die *Amendment: Section 152* (2012a:1) dat die volgende vier verantwoordelikhede uitgevoer moet word:

- So gou moontlik, maar binne 24 uur, moet die ouer, voog of versorger van die kind van sodanige verwydering in kennis gestel word, as daardie persoon geredelik opgespoor kan word.
- die aanmelding moet na 'n AMW verwys word vir ondersoek ingevolge artikel 155(2) van die CA.

- so gou moontlik, maar binne 24 uur, moet die PDMO in kennis gestel word van die verwydering van die kind en waar die kind hom of haar bevind.
- die relevante klerk van die kinderhof moet nie later as die volgende hofdag nie in kennis gestel word van sodanige verwydering van die kind.

In die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS sal bepaal moet word of PB's enige probleme ondervind om die relevante persone in kennis te stel van die verwydering van 'n betrokke kind na TVS.

10.1.7 Verwyder die beweerde oortreder

'n PB kan ingevolge artikel 153(1)(a)-(d) van die CA (2005:80) (**Bylae H**) besluit dat dit in die kind se beste belang sal wees om die beweerde oortreder uit die huis of plek waar die kind woon, te verwyder. In so 'n geval moet die PB 'n skriftelike kennisgewing aan die beweerde oortreder uitreik, deur:

- Die name, van, woonadres, beroep en status van die beweerde oortreder neer te skryf;
- die beweerde oortreder te versoek om die huis of plek waar die kind woonagtig is, te verlaat en die beweerde oortreder te verbied om sodanige huis of plek binne te gaan of kontak met die kind te maak totdat die saak in die kinderhof verskyn het;
- die beweerde oortreder te versoek om in die kinderhof te verskyn by die plek en op die datum en tyd soos uiteengesit in die skriftelike kennisgewing, ten einde redes aan te voer waarom hy of sy nie permanent verbied behoort te word om die huis of plek waar die kind woon binne te gaan nie. Sodanige hofdag moet die eerste hofdag wees ná die dag waarop die kennisgewing aan die beweerde oortreder uitgereik is; en
- die PB moet 'n sertifikaat onderteken dat die oorspronklike van sodanige skriftelike kennisgewing aan die beweerde oortreder oorhandig is en dat die belangrikheid van die kennisgewing aan die beweerde oortreder verduidelik is.

Kinderwetgewing maak vir die eerste keer voorsiening dat 'n beweerde oortreder uit die huis waar die betrokke kind woon, verwyder kan word. Dit is dus noodsaaklik om in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS by die PB vas te stel of:

- Die voorskrifte van die CA gebruik word om die beweerde oortreder uit die huis te verwyder waar die betrokke kind woon; en

- of die SAPS oor 'n vorm beskik wat as 'n skriftelike kennisgewing aan die beweerde oortreder dien en wat aan die beweerde oortreder oorhandig moet word.

10.1.8 Stel die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of aangewese kinderbeskermingsorganisasie in kennis van die aanmelding

'n PB moet ingevolge artikel 110(4)(b) van die CA (2005:61) binne 24 uur na ontvangs van 'n aanmelding, die PDMO of AKBO in kennis stel van die aanmelding en van enige stappe wat met betrekking tot die kind geneem is. Dit is belangrik dat die IAAP vir die KBS dit duidelik moet uitspel dat dié bepaling vir alle aanmeldings van kindersake geld.

Die *NI 3/2008* (SAPD, 2008:2-3) bepaal sekere verantwoordelikhede wat die stasiekommissaris ten opsigte van skakeling met alle relevante rolspelers moet nakom. Van belang vir die navorsing is dat elke stasiekommissaris 'n lys van relevante rolspelers, waaronder die PDMO's en AKBO's, moet byhou. Indien dié bepaling nagekom word, sal dit die aanmeldingsproses tussen die agente meer vaartbelyn maak.

Indien die PB's nie bogenoemde bepaling nakom nie, val baie sake deur die krake van die stelsel (Loffell, 2000:9). In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat die volgende met die PB uitgeklaar word:

- Is die uniformtaklid of GKS-Eenheidslid verantwoordelik om die PDMO of AKBO in kennis te stel van 'n aanmelding wat ontvang is?
- Watter vorm gaan die PB gebruik om Groep 2-sake by hetsy die PDMO of AKBO aan te meld? (Vir Groep 1-sake kan 'n Vorm 22 gebruik word om sake aan te meld.)
- Beskik die PB oor 'n lys van die relevante agente?

Hiermee is Fase 1 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake afgehandel. Die PB moet nou oorgaan tot die verdere hantering van die saak binne die regstelsel.

10.1.9 Verdere hantering van saak binne die regstelsel

Behalwe die PB se aanvanklike respons as agent van die KBS (soos in **punt 10.1.2 – 10.1.8** hierbo uiteengesit), is daar ook die PB se respons as agent van die regstelsel.

Dit behels dat die PB moet bepaal of 'n kriminele oortreding begaan is. Indien 'n kriminele oortreding begaan is, ondersoek en hanteer die PB die saak verder as agent van die regstelsel volgens die voorskrifte en prosedures van die regstelsel. Aangesien die navorsing op respons binne die KBS fokus, hoef hierdie deel van die PB se respons op die aanmelding van kindersake nie in die ontwikkeling van 'n IAAP beskryf te word nie.

10.2 Respons van die aangewese maatskaplike werker

Hoewel die CA na die PDMO en AKBO as twee aparte agente verwys, kan hulle respons onder een hoof behandel word, aangesien die wetlike bepalings vir dié agente in die hantering van aanmeldings grootliks ooreenstem. In die lig van die feit dat die term “aangewese maatskaplike werker” 'n maatskaplike werker in diens van die PDMO en AKBO bedoel, word die term “AMW” gebruik wanneer na die twee agente verwys word.

In die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, kan die AMW se respons op die aanmelding van kindersake ook as twee fases aangedui word. Fase 1 van die AMW se respons is grootliks dieselfde as Fase 1 van die PB se respons. Fase 2 van die AMW se respons is die verdere hantering van kindersake binne die KBS in terme van artikel 110(5)(b)-(e)(6)(7)(8) (**Bylae H**) van die CA (2005:61-62).

Die breërisiko-assesseringsraamwerk, soos dit in regulasie 35 van die *GRRC* (2009a:33-36) (**Bylae J**) uiteengesit is, dien as gids vir besluitneming in die voorsiening van aangewese kinderbeskermingsdienste. Die doel van die breërisiko-assesseringsraamwerk is om riglyne te gee vir:

- Die identifisering van kinders wat mishandel of doelbewus verwaarloos word;
- die assessering van risikofaktore om 'n gevolgtrekking van mishandeling of verwaarloosing op redelike gronde, soos in artikel 110 van die CA beoog, te ondersteun;
- die ondersoek deur 'n AMW van 'n aanmelding oor die mishandeling of verwaarloosing van 'n kind; en
- die toepaslike beskermingsmaatreëls wat in verband met 'n kind getref moet word.

In die beskrywing van die AMW se respons op aanmelding, sal daar met hierdie riglyne rekening gehou moet word.

10.2.1 Aanmelding by 'n aangewese maatskaplike werker

In SA kan aanmeldings by 'n AMW gedurende kantoorure hanteer word. Nauurse aanmeldings word slegs hanteer deur 'n AMW wat op die nauurse krisisdienstrooster beskikbaar is. Volgens die DMO (DMO, 2006:2) behoort AMW's van distrikskantore 'n nauurse krisisdienst aan kinders wat sorg en beskerming benodig, te kan lewer. Sodanige AMW's moet ná ure en oor naweke op bystand wees om aanmeldings van kinders wat die slagoffers van mishandeling is, te hanteer. Die distrikskantore kan ook AMW's van NRO's versoek om te help met die nauurse krisisdienst.

In die lig van bogenoemde, is dit belangrik om in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS te bepaal of daar 'n krisisdienstrooster is in die area waar die AMW werk en of die AMW enige probleme met die nauurse krisisdienstrooster ondervind.

Fase 1 van die AMW se respons op die aanmelding van kindersake is dieselfde vir AMW's wat aanmeldings gedurende kantoorure, en AMW's wat aanmeldings ná ure hanteer en word in **punt 10.2.2 – 10.2.8** hieronder bespreek.

10.2.2 Bepaal watter soort saak aangemeld word

Die heel eerste ding wat 'n AMW moet doen nadat 'n kindersaak aangemeld is, is om te bepaal of dit 'n Groep 1-saak (mishandeling of doelbewuste verwaarlosing) of 'n Groep 2-saak (sorg en beskerming) is. Indien dit 'n Groep 1-saak is, moet die AMW ingevolge regulasie 33(1) (**Bylae K**) van die *Amendment GRRC* (2012b:3-4) vir die aanmelder 'n Vorm 22 (**Bylae K**) (*Amendment GRRC*, 2012b:7-12) gee om te voltooi. Die AMW in diens van 'n AKBO moet die voltooide Vorm 22 ingevolge regulasie 33(2) (**Bylae K**) van die *Amendment GRRC* (2012b:5) by die relevante PDMO inhandig. Indien die aanmelding nie oor mishandeling of doelbewuste verwaarlosing gaan nie, is dit nie nodig dat die aanmelder 'n Vorm 22 voltooi nie.

Indien die saak ingevolge artikel 110(4)(b) van die CA (2005:61) na 'n AMW verwys is, is dit nie nodig dat die AMW in geval van mishandeling of doelbewuste verwaarlosing vir die aanmelder 'n Vorm 22 gee om te voltooi nie, aangesien die PB wat die aanvanklike aanmelding hanteer het, dit moes gedoen het.

In die lig van bogenoemde, sal die volgende aspekte in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS aangespreek moet word:

- Bepaal of die AMW 'n Vorm 22 met aanmelding voltooi as 'n Groep 1-saak aangemeld word.

- Wat is die prosedure ten opsigte van die invul van 'n Vorm 22 as 'n AMW 'n telefoniese aanmelding ontvang?

10.2.3 Bepaal of die betrokke kind se veiligheid en welsyn in gevaar is

In die lig van artikel 110(5)(a) van die CA (2005:61) is dit belangrik dat die AMW in alle sake wat by die AMW aangemeld word, bepaal of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is, want dit sal die respons van die AMW bepaal. Gedurende die aanvanklike onderhoud word spesifieke inligting oor die aanmelding bekom en nie 'n volledige forensiese assessering gedoen nie. In 'n studie deur Motshedi (2011:23, 32) is bevind dat 59% van maatskaplike werkers oor gemiddelde tot swak kennis beskik rakende die eerste onderhoud met kinders betrokke by kindermishandelingsake en wat aanmeld. Haar studie het bevind dat daar nie van gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gebruik gemaak word by die Mafikengkantoor van die DMO nie. Hierdie leemte moet in ag geneem word in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS. Verder moet vasgestel word hoe die verantwoordelike AMW bepaal of die betrokke kind se veiligheid en welsyn in gevaar is en of AMW's 'n behoefte aan die ontwikkeling van 'n risiko-assesseringsriglyn het.

10.2.4 Verseker betrokke kind se veiligheid en welsyn

Indien 'n kind se veiligheid en welsyn in gevaar is, moet die AMW ingevolge artikel 110(5)(a) van die CA (2005:61) die veiligheid en welsyn van die betrokke kind verseker. Die AMW wat die veiligheid en welsyn van die betrokke kind verseker, moet ingevolge artikel 152(4) (**Bylae H**) van die CA (2005:79) bepaal wat in die beste belang van die kind is. Soos reeds by die PB aangetoon is (punt 10.1.4), verwys die CA (2005:20-21) in artikel 7(1)(a)-(n) (**Bylae H**) na die relevante faktore vir die toepassing van die "Beste belange-standaard" en onderskryf die NPF (DMO, 2009:39) ook die "Beste belange-standaard" in die visie van die beleidsraamwerk as:

"to create a platform that will enhance and protect the status of children in South Africa by integration of services and interventions that will focus on prioritizing the best interests of children through promotion of an inter-sectoral approach".

Vir die AMW om in die beste belang van 'n kind op te tree, sal in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS aan die volgende aandag gegee moet word:

- Maak die verantwoordelike AMW gebruik van die "Beste belange-standaard" om die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker?

- Is die “Beste belange-standaard” ’n bruikbare riglyn vir die AMW?

10.2.5 Verwyder die kind na tydelike veilige sorg sonder ’n hofbevel

Net soos die PB kan ’n AMW, indien ’n kind se veiligheid en welsyn in gevaar is, sodanige kind ingevolge artikel 152(1)(a)-(c) van die CA (2005:79) verwyder en in TVS plaas sonder ’n hofbevel, indien daar redelike gronde is om te glo dat:

- Die kind sorg en beskerming benodig en dit nodig is om die kind onmiddellik te beskerm;
- daar nie gewag kan word om ’n hofbevel te kry vir die plasing van die kind in TVS nie, want die kind se veiligheid en welsyn is in gevaar; en
- deur die kind uit sy of haar omgewing te verwyder, die beste manier is om die kind se veiligheid en welsyn te verseker.

Regulasie 53(b) van die *Amendment GRRC* (2012b:5) (**Bylae K**) bepaal dat ’n AMW ingevolge artikel 152(1) van die CA (2005:79), ’n Vorm 36 (**Bylae L**) (DMO, 2009:74-78) moet uitreik en dit met opname by die TVS indien. Daar behoort in die ontwikkeling van ’n IAAP vir die KBS vasgestel te word of die AMW’s enige probleme ondervind met die uitreiking van ’n Vorm 36.

10.2.6 Stel relevante persone in kennis van verwydering van kind

Nadat ’n kind na TVS verwyder is, moet die AMW ingevolge artikel 152(2)(a)-(c) van die CA (2005:79) die volgende drie verantwoordelikhede uitvoer en dit behoort in ’n IAAP opgeneem te word, naamlik:

- Om so gou moontlik, maar binne 24 uur, die ouer, voog of versorger van die kind van sodanige verwydering in kennis te stel as daardie persoon gereedlik opgespoor kan word;
- om nie later as die volgende hofdag nie die relevante klerk van die kinderhof in kennis te stel van sodanige verwydering van die kind; en
- om die saak by die relevante PDMO aan te meld.

Gedurende 2012 is artikel 152(2)(a)-(c) (2012a:1) (**Bylae H**) aangepas en ’n AMW word nou wetlik verplig om enige verwydering van ’n kind na TVS voor die verstryking van die volgende hofdag voor die kinderhof te plaas, en die ouer of versorger van die kind moet sover moontlik in die hof teenwoordig wees.

10.2.7 Verwyder die beweerde oortreder

'n AMW kan besluit dat dit in die kind se beste belang sal wees om die beweerde oortreder uit die huis of plek waar die kind woon, te verwyder. In so 'n geval moet die AMW ingevolge artikel 110(7)(b) van die CA (2005:62), 'n PB versoek om die nodige stappe, soos in punt 10.1.7 hierbo aangetoon, te neem om die beweerde oortreder te verwyder. Hierdie versoek moet ingevolge regulasie 34 (**Bylae J**) van die GRRC (2009:33) op 'n Vorm 24 (DMO, 2009:54) (**Bylae L**) gedoen word.

Kinderwetgewing maak vir die eerste keer voorsiening dat 'n AMW 'n PB kan versoek om 'n beweerde oortreder uit die huis waar die betrokke kind woon, te verwyder. Dit is dus noodsaaklik om in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS by die AMW's vas te stel of:

- Die AMW's gebruik maak van 'n Vorm 24 om 'n PB te versoek om die beweerde oortreder uit die huis te verwyder waar die betrokke kind woon; en
- of die AMW's enige probleme ondervind as die PB versoek word om die beweerde oortreder uit die huis te verwyder waar die betrokke kind woon.

10.2.8 Krisisdiens maatskaplike werker verwys die saak

Na elke nag- of naweekskof, is die krisisdiens maatskaplike werker verantwoordelik om die voltooides Vorm 36's en Vorm 22's by óf die NRO-koördineerder óf die DMO kinderbeskermingskoördineerder, wat die nauurse krisisdiens bestuur, in te handig. 'n NRO-koördineerder sal die relevante bystandsregister en vorms by die kinderbeskermingskoördineerder van die distrikskantoor inhandig. Sodanige sake sal dan so gou moontlik na die AMW verwys word wat in die area diens lewer waar die kind woon (DMO, 2006:6).

Hiermee is Fase 1 van die AMW se respons op die aanmelding van kindersake afgehandel. Die AMW moet nou oorgaan tot die verdere hantering van die saak ingevolge artikel 110(5)(b)-(e)(6)(7)(8) van die CA (2005:61-62).

10.2.9 Aanvanklike assessering van die aanmelding

Artikel 110(5)(b) van die CA (2005:61) bepaal dat die AMW 'n aanvanklike assessering van die aanmelding moet maak. Die vraag is of hierdie aanvanklike assessering by Fase 1 of by Fase 2 van die AMW se respons tuishoort.

Indien artikel 110(4)(5) van die CA (2005:61) op sigwaarde geneem word, kan die afleiding gemaak word dat die aanvanklike assessering van die aanmelding die eerste stap in die AMW se verdere hantering van die saak (Fase 2) is. Fase 1 van die PB en die AMW se respons op die aanmelding van kindersake is basies dieselfde, naamlik om die veiligheid en welsyn van die kind te verseker indien die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is. Indien die aanvanklike assessering van die aanmelding by Fase 1 van die AMW se respons op die aanmelding van kindersake sou tuishoort, sou 'n mens kon verwag dat dit ook by Fase 1 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake sou tuishoort en as 'n subartikel bygevoeg moes wees by artikel 110(4) van die CA (2005:61).

Daar kan egter ook 'n saak daarvoor uitgemaak word dat die aanvanklike assessering van die aanmelding by Fase 1 van die AMW se respons op die aanmelding van kindersake tuishoort. Om te bepaal of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is, is 'n aanvanklike assessering nodig. In Wallis (2008:44) word direk ná die hantering van 'n aanmelding, 'n aanvanklike assessering gemaak, waar onder andere bepaal moet word of die kind veilig is of nie. In die *Guidelines for the Prevention of and Response to Child Exploitation* (DMO, 2012:30) word assessering onder andere beskryf as die eerste aksie wat 'n AMW onderneem nadat 'n aanmelding ontvang is.

Die onduidelikheid of die aanvanklike assessering by Fase 1 of Fase 2 van die AMW se respons tuishoort, spruit uit die feit dat wetgewing en beleid nêrens uitspel wat met 'n aanvanklike assessering bedoel word nie. Daar is 'n onderskeid tussen die assessering van die saak wat aangemeld is, en 'n assessering van die betrokke kind se veiligheid en welsyn. Indien artikel 110(5)(b) van die CA (2005:61) oor die aanvanklike assessering van die saak wat aangemeld is gaan, hoort dit by Fase 2 (die ondersoek van die saak) van die AMW se respons.

10.2.10 Ondersoek die geldigheid van die aanmelding

Artikel 110(5)(c) van die CA (2005:61) bepaal dat die AMW die geldigheid van die aanmelding moet ondersoek, behalwe as die aanmelding beuselagtig of klaarblyklik ongegrond is. Regulasie 35(4)(b) (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009a:35-36) verskaf riglyne aan die AMW waarvolgens die ondersoek gedoen kan word. Hierdie riglyne kan in 'n IAAP opgeneem word om deur AMW's gebruik te word in ondersoeke na die geldigheid van aanmeldings. In die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, moet daar

ook by AMW's vasgestel word of hulle van hierdie riglyne gebruik maak om ondersoeke te doen.

10.2.11 Ekstra verantwoordelikhede van aangewese maatskaplike werker in die ondersoek van kindermishandeling of -verwaarlosing

Regulasie 36 (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009a:36-37) verskaf kriteria vir die beoordeling van geskikte persone om kindermishandeling of –verwaarlosing te ondersoek. 'n AMW wat hiervolgens geskik is om ondersoeke na sake van beweerde kindermishandeling of –verwaarlosing te doen, het addisionele magte en verantwoordelikhede. Hierdie addisionele magte en verantwoordelikhede word in regulasie 37(a)-(j) (**Bylae K**) van die *GRRC* (2009a:37) uiteengesit. Regulasie 38 (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009a:38) stipuleer die voorwaardes vir die ondersoek of assessering van mishandelde of verwaarloosde kinders en die toestemming van sulke kinders. In die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, moet daar by AMW's vasgestel word of hulle hierdie magte en verantwoordelikhede in ondersoeke na sake van beweerde kindermishandeling of –verwaarlosing nakom, asook of hulle die voorwaardes vir die ondersoek van mishandelde of verwaarloosde kinders en die toestemming van sulke kinders nakom.

10.2.12 Inisier optrede om die kind te beskerm

Indien die aanmelding deur die ondersoek na die geldigheid daarvan bevestig is, moet die AMW ingevolge artikel 110(5)(d) van die *CA* (2005:61), sonder versuim verrigtinge volgens die *CA* inisier vir die beskerming van die kind. Die AMW kan op enige stadium tydens die hantering van die aanmelding, enige van die aksies wat in artikel 110(7)(a)-(c) (**Bylae H**) van die *CA* (2005:62) genoem word, uitvoer.

Regulasie 35(5) (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009a:36) bepaal die faktore wat die AMW in ag moet neem vir die bepaling van die geskikte beskermingsmaatreëls of ingryping, soos daarvoor in die *CA* voorsiening gemaak word. Hierdie faktore kan in 'n IAAP vir die KBS opgeneem word.

10.2.13 Handig Vorm 23 by die Direkteur-Generaal in

Soos vroeër reeds in die navorsing aangetoon is (sien punt 8.1.1 hierbo), maak wetgewing voorsiening dat aanmeldings van mishandeling en doelbewuste verwaarlosing in Deel A van die nasionale kinderbeskermingsregister opgeneem word. Ter aansluiting hierby bepaal artikel 110(5)(e) van die *CA* (2005:61) dat die

AMW sodanige besonderhede as wat voorgeskryf mag wees, by die Direkteur-Generaal moet indien. Regulasie 33(3) (**Bylae K**) van die *Amendment GRRC* (2012b:4) skryf voor dat dit deur middel van 'n Vorm 23 (**Bylae K**) moet geskied. Regulasie 37(h) (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009a:37) stipuleer dat 'n AMW wat ondersoek na sake van beweerde kindermishandeling of –verwaarlosing doen, die verantwoordelikheid het om te verseker dat die voorgeskrewe besonderhede van die kind in Deel A van die nasionale kinderbeskermingsregister opgeneem word.

In 'n berig deur Van Wyk (2013:7) word gemeld dat daar op daardie stadium net 305 name op die nasionale kinderbeskermingsregister was. In dieselfde berig word gesê dat die waarde van die nasionale kinderbeskermingsregister deur kenners in twyfel getrek word. Joan van Niekerk van **Childline** word soos volg in dié verband aangehaal: “Navorsing in Amerika en Brittanje wys dat registers nie geweld teen kinders voorkom nie. Daarby het ons ook 'n nasionale register vir seksoortreders. Om twee registers te hê, is buitensporig omdat dit geld opslurp wat vir iets anders gebruik sou kon word.” Die *NPF of CANE* (DMO, 2004:77) het aangetoon dat die byhou van 'n nasionale kinderbeskermingsregister nie kinders opsigself kan beskerm nie, maar kan help om rekord te hou van sake van mishandeling of doelbewuste verwaarlosing. In Wallis is die gebruik egter dat die maatskaplike werker of offisier aan diens met die ontvangs van 'n aanmelding, die maatskaplike dienste rekords - die kinderbeskermingsregister ingesluit - moet nagaan om vas te stel of daar reeds enige inligting ten opsigte van die kind beskikbaar is (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008:51). Dit moet ten opsigte van die betrokke kind, ander kinders en ouers in die huishouding en die beweerde oortreder gedoen word. Databasisse moet vir volwassenes, sowel as kinders se name nagegaan kan word. Na aanleiding hiervan, is die navorser van opinie dat dit goed sou wees indien die agente direkte elektroniese insae in sodanige register kon gehad het om met aanmeldings te bepaal of 'n kind reeds bekend is binne die KBS en watter dienste reeds ten opsigte van die kind gelewer is. Dit sal ook meehelp dat die agente onderlinge inligting met mekaar deel, wat die hantering van die aanmelding meer effektief sal maak en dit behoort in die ontwikkeling van 'n IAAP in ag geneem te word.

10.2.14 Monitor die vordering van alle aangemelde sake

'n AKBO moet ingevolge artikel 110(6)(a) van die *CA* (2005:61), alle sake wat by hulle aangemeld is aan die relevante PDMO rapporteer. Die provinsiale hoof van

maatskaplike ontwikkeling moet ingevolge artikel 110(6)(b) van die CA (2005:61), die vordering van alle sake wat so deur 'n AKBO aangemeld is, monitor. Die DMO se probleem oor die algemeen is dat aanmeldings en dienslewering nie voldoende gemonitor of geëvalueer word nie (Waterhouse, 2008:36). Ter aansluiting hierby meld September (2006:71) dat die uitdagings in die praktyk oor die algemeen nie is om beleidsdokumente te formuleer nie, maar te wyte is aan 'n gebrek aan spesialisleierskap met ondervinding op belangrike vlakke, wat in staat is om huidige beleid praktykuitvoerbaar te maak en oor die vermoë beskik om intervensies te meet en te monitor. In die lig van die belangrikheid van hierdie saak, moet in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS die volgende sake by die AMW in diens van 'n AKBO vasgestel word:

- Rapporteer die AMW's in diens van AKBO's alle sake, wat ingevolge artikel 110(1)(2)(4) van die CA by hulle aangemeld word, aan die relevante PDMO?
- Watter vorm gebruik die AMW's in diens van AKBO's om Groep 2-sake (sorg en beskerming) by die relevante PDMO te rapporteer of moet sodanige vorm ontwikkel word? Vir Groep 1-sake (mishandeling en doelbewuste verwaarlosing) is daar reeds 'n vorm beskikbaar vir aanmelding by die relevante PDMO, naamlik 'n Vorm 22.
- Monitor die PDMO's alle sake wat gerapporteer word?

10.2.15 Meld 'n misdryf by polisiebeampte aan

Indien 'n AMW 'n aanmelding ingevolge artikel 110(5) van die CA (2005:61) ondersoek en tot die gevolgtrekking kom dat 'n misdryf teenoor 'n kind gepleeg is, moet die AMW dit ingevolge artikel 110(8) van die CA (2005:62) by 'n PB aanmeld. Hierdie feit moet in ag geneem word in die ontwikkeling van 'n IAAP.

11. BESPREKING

Volgens die DMO se *Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children's Act* (DMO, 2010:3) is die CA die mees progressiewe en bemagtigende stuk wetgewing in die geskiedenis van kindersorg en -beskerming. Die *NPF* (DMO, 2009:4) beskryf die CA as 'n holistiese respons op die komplekse behoeftes van kinders en dat dit, as dit in sy geheel geïmplementeer word, 'n omvattende kindersorg- en KBS vir die kinders van die land sal voorsien. Proudlock en Jamieson (2008:1-2) is van mening dat die CA beslis omvattend is en die volle omvang van maatskaplike dienste bied wat

kwesbare kinders en hulle families so nodig het. Hulle is van opinie dat die nuwe CA ten doel het om wetgewing in lyn te bring met die *Grondwet* en om duidelikheid te gee oor watter dienste gelewer moet word, deur wie en aan wie.

Die navorser is van opinie dat die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, wel oor wetgewing en beleid beskik oor hoe aanmeldings hanteer moet word. Die probleem in die praktyk is dat die agente nie aanmeldings in lyn met die wetgewing en beleid hanteer nie en daar is 'n behoefte om 'n IAAP vir die KBS te laat ontwikkel. Die *Child Abuse Protocol Development Guide* van die VSA (Tribal Law and Policy Institute, 2003:4-5) dui die volgende sewe redes aan hoekom 'n protokol (in dié geval 'n IAAP) belangrik is, naamlik:

- Om trauma by kinders te verminder deur die verbetering van intersektorale koördinasie en die aantal kere te beperk wat 'n kind sy of haar storie van mishandeling moet vertel;
- om die geleentheid vir kinders te bied om gesond te word van die trauma, deur 'n effektiewe respons en hantering deur 'n verantwoordelike KBS;
- om professionele rolle en verantwoordelikhede van agente te omskryf;
- om aanmeldingstandaarde vir kontak, asook die metode en doel van kontak wat tussen agente gemaak word, te vestig;
- om verhoudings tussen die agente te versterk en op te klaar;
- om die kredietwaardigheid en verantwoordelikhede van die agente wat betrokke is, te verbeter; en
- om te verseker dat alle gevalle op dieselfde manier hanteer word.

Die United Nations Children's Fund Eastern Caribbean Office (2007:19) van Barbados, die Karibiese Eilande, meld dat 'n aanmeldingsprotokol nie op sy eie kindermishandeling tot 'n einde sal bring nie. As dit effektief in lyn met ander ingrypings geïmplementeer word, kan 'n aanmeldingsprotokol wel die veiligheidsnet van mishandelde kinders versterk. Wetgewing in SA identifiseer die drie agente wat aanmeldings binne die KBS kan hanteer. Die sake wat by die agente aangemeld word, word ook geïdentifiseer en gedefinieer. Die wetlike raamwerk van die KBS identifiseer ook 'n groep professionele persone wat wetlik verplig word om sekere sake aan te meld en dui ook aan dat enige persoon wat oor redelike gronde beskik om

te vermoed dat 'n kind sorg en beskerming benodig, by die KBS kan aanmeld. Voorts verskaf die wetlike en beleidsvoorskrifte duidelike responsriglyne vir agente as hulle aanmeldings binne die KBS hanteer.

Die *NPF* (DMO, 2009:39) formuleer die volgende visie vir die KBS: “*A well coordinated, fully resourced, integrated and comprehensive child care protection system which is accessible for all children in South Africa.*” Indien 'n IAAP vir die KBS ontwikkel word, sal dit 'n bruikbare dokument vir agente wees om aanmeldings meer effektief te hanteer.

12. GEVOLGTREKKINGS

Die volgende gevolgtrekkings kan vanuit die literatuurontleding gemaak word:

- Daar is drie agente wat aanmeldings binne die KBS kan hanteer, naamlik die PDMO, 'n AKBO en die SAPD. Die SAPD tree as agent binne twee stelsels op, naamlik as agent binne die KBS en as agent binne die regstelsel. Dit is belangrik dat die agente wat verantwoordelik is om aanmeldings binne die KBS te hanteer, kennis sal dra dat hulle sodanige verantwoordelikheid het. Dit is ook van belang dat die drie agente onderling van mekaar sal kennis dra, om sodoende koördinasie en onderlinge samewerking in die hantering van aanmeldings te bevorder.
- Die sake wat binne die KBS aangemeld kan word, kan in twee groepe verdeel word, naamlik sake wat oor mishandeling en doelbewuste verwaarlosing gaan, en sake wat oor sorg en beskerming in die algemeen gaan. Die sake wat oor mishandeling en doelbewuste verwaarlosing gaan, kan as “ernstiger” sake beskou word, deurdat die wetgewer vir hierdie sake belangrike ekstra bepalings vasgestel het wat nie vir sake wat oor sorg en beskerming in die algemeen gaan, geld nie. Sommige sake wat binne die KBS aangemeld word, kan ook misdrywe wees wat binne die regstelsel hanteer moet word. Dit is belangrik dat die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, kennis sal dra van die verskillende kategorisering van sake wat by hulle aangemeld kan word, asook van die feit dat alle sake wat aangemeld word, hanteer moet word. Verder is dit belangrik dat die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, deeglik kennis sal neem van die begrippe wat ten opsigte van sake wat aangemeld kan word, gebruik word.

- Die persone wat sake binne die KBS aanmeld, kan in twee groepe verdeel word, naamlik professionele persone wat wetlik verplig word om sake van mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld, en persone wat moreel verplig voel om sake van sorg en beskerming aan te meld. 'n Persoon wat 'n aanmelding binne die KBS in goeie trou maak, is nie blootgestel aan siviele eise op grond van die aanmelding nie.
- Die respons wat 'n PB op aanmeldings moet bied bestaan uit twee aspekte, naamlik die PB se respons as agent binne die KBS, en die PB se respons as agent binne die regstelsel. Hierdie twee aspekte van die PB se respons op die aanmelding van kindersake, kan as twee fases aangedui word. Die fokus van Fase 1 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake is, om as agent binne die KBS, die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker. Die fokus van Fase 2 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake is, om as agent binne die regstelsel, te bepaal of 'n misdryf gepleeg is en dit dan volgens die voorskrifte en prosedures van die regstelsel te ondersoek. Aangesien dié navorsing fokus op die PB se respons as agent binne die KBS, hoef die PB se respons as agent binne die regstelsel nie volledig in die ontwikkeling van 'n IAAP beskryf te word nie.
- Die respons wat die PDMO en AKBO's op aanmeldings moet bied, kan in 'n IAAP vir die KBS onder een afdeling bespreek word, naamlik die respons wat die AMW op aanmeldings moet bied. Die respons wat die AMW op aanmeldings moet bied, bestaan ook uit twee fases. Fase 1 van die AMW se respons op die aanmelding van kindersake is grootliks dieselfde as Fase 1 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake en fokus daarop om die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker. Fase 2 van die AMW se respons op die aanmelding van kindersake fokus op die verdere hantering van die saak, onder andere deur die geldigheid van die aanmelding te ondersoek en om verrigtinge volgens die CA te inisieer vir die sorg en beskerming van die betrokke kind.

13. AANBEVELINGS

Vanuit die literatuurontleding kan sekere aanbevelings gemaak word, naamlik dat in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, die volgende aspekte hanteer sal word:

- Dat die PMDO, AKBO's en die SAPD die drie agente is by wie aanmeldings binne die KBS gemaak kan word;
- dat daar twee groepe sake is wat binne die KBS aangemeld kan word, naamlik sake wat oor mishandeling en doelbewuste verwaarlosing gaan, en sake wat oor sorg en beskerming in die algemeen gaan;
- dat die sake wat oor mishandeling en doelbewuste verwaarlosing gaan, as "ernstiger" sake beskou kan word;
- dat sommige sake wat binne die KBS aangemeld word, ook misdrywe kan wees wat binne die regstelsel hanteer moet word;
- dat alle sake wat aangemeld word, hanteer moet word;
- dat die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, deeglik kennis sal neem van die begrippe wat ten opsigte van sake wat aangemeld kan word, gebruik word.
- dat daar twee groepe persone is wat sake binne die KBS kan aanmeld, naamlik professionele persone wat wetlik verplig word om sake van mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld, en persone wat moreel verplig voel om sake van sorg en beskerming aan te meld;
- dat 'n persoon wat 'n aanmelding binne die KBS in goeie trou maak, nie blootgestel word aan siviele eise op grond van die aanmelding nie;
- dat die respons wat 'n PB op aanmeldings moet bied uit twee fases bestaan, naamlik die PB se respons as agent binne die KBS, en die PB se respons as agent binne die regstelsel;
- dat die fokus van Fase 1 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake is, om as agent binne die KBS, die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker;
- dat al die opdragte wat die PB as agent binne die KBS moet uitvoer, as verskillende stappe van Fase 1 aangedui word;

- dat die fokus van Fase 2 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake is, om as agent binne die regstelsel, te bepaal of 'n misdryf gepleeg is en dit dan volgens die voorskrifte en prosedures van die regstelsel te ondersoek;
- dat die PB se respons as agent binne die regstelsel nie volledig in die ontwikkeling van 'n IAAP beskryf word nie;
- dat die respons wat die PDMO en AKBO's op aanmeldings moet bied, onder een afdeling bespreek word, naamlik die respons wat die AMW op aanmeldings moet bied;
- dat die respons wat die AMW op aanmeldings moet bied, uit twee fases bestaan, naamlik om die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker (Fase 1), en om die saak verder te hanteer, onder andere deur die geldigheid van die aanmelding te ondersoek en om verrigtinge volgens die CA te inisieer vir die sorg en beskerming van die betrokke kind;
- dat al die opdragte wat die AMW moet uitvoer om die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker, as verskillende stappe van Fase 1 aangedui word; en
- dat al die opdragte wat die AMW moet uitvoer om die saak verder te hanteer, as verskillende stappe van Fase 2 aangedui word.

14. BRONNELYS

Acts **see** South Africa.

All Local Safeguarding Children Boards in Wales **kyk** Wales.

Amendment **kyk** South Africa.

Barbados. United Nations Children's Fund Eastern Caribbean Office. 2007. Child Protection in Barbados: the need for a National Reporting Protocol.

British Columbia. Ministry of Children and Family Development. 2007. The B. C. Handbook for Action on Child Abuse and Neglect: for service providers.

Consolidated Forms **kyk** South Africa

Dawes, A. & Mushwana, M. 2007. Monitoring child abuse and neglect. (*In* Dawes, A., Bray, R. & Van Der Merwe, A., eds. 2007. Monitoring child well-being: A South African rights-based approach. 1st ed. Cape Town: HSRC Press. p. 269-292.)

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling **kyk** South Africa. Department of Social Development.

Departement van Welsyn **kyk** South Africa. Department of Welfare.

Department of Health and Human Services **kyk** North Carolina.

De Vos, A.S. & Strydom, H. 2011. Intervention research. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 473-490).*

De Wet, T. 2013. Vrou swyg oor dade met kind, gestraf. *Volksblad*: 1, 25 Jun.

Dippenaar, H. 2013. Free State Department of Social Development. Updated 11/06/2013. [epos]. 7 Oct, Bloemfontein.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. In-depth review of literature. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 133-141).*

HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2010. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

Hunter, C. 2011. Responding to children and young people's disclosures of abuse. Australian Institute of Family Studies. National Child Protection Clearinghouse.

Local Safeguarding Children Boards in Wales **kyk** Wales.

Loffell, J. 2000. Toward effectiveness in services for sexually abused children in South Africa: some observations from longitudinal study. *CARSA*. Vol. 1 No. 1 Jan.

Ministry of Children and Family Development **kyk** British Columbia.

Motshedi, T. 2011. The intake procedures of child sexual abuse cases at Mafikeng service point of the Department of Health and Social Development. Potchefstroom: NWU. (Mini-dissertation-MA-SW).

North Carolina. Department of Health and Human Services. s.a. North Carolina DHHS On-line Manuals. (Chapter VIII: Protective Services 1407 – Structured Intake). <http://info.dhhs.state.nc.us/olm/manuals/dss/csm-60/man/CSI1407-02.htm> Date of access: 19 Feb. 2013.

Proudlock, P. & Jamieson, L. 2008. Guide to the Children's Act no. 38 of 2005 (as amended by the Children's Amendment Act no. 41 of 2007). Children's Institute, University of Cape Town.

Regulasies **kyk** South Africa.

September, R.L. 2006. The progress of child protection in South Africa. *International journal of social welfare*, 15 (Suppl. 1):S65-S72.

South Africa. 2005. Children's Act 38 of 2005.

South Africa. 2007. Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32/2007.

South Africa. 2009a. General Regulations Regarding Children.

South Africa. 2009b. Consolidated Forms in Terms of the Regulations under the Children's Act, 2005.

South Africa. 2012a. Children's Act, 2005. Amendment: Sections 151 and 152. (Notice No. 301). *Government gazette*, 35246:23-24, 13 Apr.

South Africa. 2012b. Children's Act, 2005. Amendment: General Regulations Regarding Children. (Notice No. R. 497). *Government gazette*, 35476:3-21, 29 Jun.

South Africa. Department of Social Development. 2002. Draft Inter-sectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation in South Africa. (Unpublished).

South Africa. Department of Social Development. 2004. National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation.

South Africa. Department of Social Development. 2006. Social Welfare Services. Directorate: Children. Circular 7 of 2006. W4/4/4/4/P. Date of access: 29 Nov. 2006.

South Africa. Department of Social Development. 2009. National Policy Framework for the Children's Act 38 of 2005 as amended.

South Africa. Department of Social Development. 2010. Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children's Act.

South Africa. Department of Social Development. 2012. Guidelines for the Prevention of and Response to Child Exploitation.

South Africa. Department of Welfare. 2004. Development. Directorate Developmental Social Services: Circular 2 of 2004. W4/4/4/4/P. Date of access: 21 May 2013.

South Africa. South African Human Rights Commission. 2002. Report on Sexual Offences against Children. Does the Criminal Justice System Protect Children?

South Africa. South African Police Service. 2008. National Instruction 3/2008 Sexual Offences. Legal Services: Legislation. Issued by Consolidation Notice 11/2008.

South African Human Rights Commission **see** South Africa. South African Human Rights Commission.

Streak, J. & Poggenpoel, S. 2005. Towards Social Welfare Services for All Vulnerable Children in South Africa: a review of policy development, budgeting and service delivery. *Idasa Budget Information Service Occasional Papers*.

Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie **kyk** South Africa. Human Rights Commission.

Suid-Afrikaanse Polisie **kyk** South Africa. South African Police Service.

Tribal Law and Policy Institute **kyk** United States.

United Nations Children's Fund Eastern Caribbean Office **kyk** Barbados.

United States. Tribal Law and Policy Institute. 2003. Child Abuse Protocol Development Guide.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

Van Rooyen, M. 2012. Bejaarde vas ná beweerde dade met ses: Polisie neem man in hegtenis nadat onderwyser daarvan hoor. *Volksblad*: 4, 29 Mrt.

Van Wyk, P. 2013. Syfers van kindergeweld 'skandalig'. *Volksblad*. 7, 13 Mei.

Vorms **kyk** South Africa.

Wales. All Local Safeguarding Children Boards in Wales. 2008. All Wales Child Protection Procedures 2008.

Waterhouse, S. 2008. The impact of changing criminal justice responses to child victims of sexual abuse. Pinelands: Criminal Initiative of Open Society Foundation for South Africa.

Wette **kyk** South Africa.

ARTIKEL 3
**Buitelandse
aanmeldingsprosedures
en –protokolle van
toepassing op 'n
interagentskap-
aanmeldingsprotokol
vir die
kinderbeskermingstelsel**

**ARTIKEL 3
BUITELANDSE
AANMELDINGSPROSEDURES EN –PROTOKOLLE
VAN TOEPASSING OP 'N
INTERAGENTSAP-AANMELDINGSPROTOKOL
VIR DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL**

ABSTRACT

The child protection system in South Africa does not have an inter-agency reporting protocol. Therefore, in developing an inter-agency reporting protocol, it is necessary to analyse reporting procedures and protocols from abroad to determine what the contents of an inter-agency protocol should be. South Africa's child protection system consists of efficient legislation and policy guidelines regarding the handling of reports. The focus of this article is to determine what contribution reporting procedures and protocols from abroad can make to decide the contents of an inter-agency reporting protocol for the child protection system.

South Africa consists of nine provinces and the research is undertaken in one of the provinces, namely the Free State. The results of this research will be used as recommendations to develop an inter-agency reporting protocol for the child protection system.

SLEUTELTERME:

Buitelandse, Aanmeldingsprosedures, Aanmeldingsprotokolle, Interagentskap-aanmeldingsprotokol, Kinderbeskermingstelsel

1. INLEIDING

Die kinderbeskermingstelsel (hierna, KBS) in Suid-Afrika (hierna, SA) beskik wel oor wetlike en beleidsvoorskrifte waarvolgens aanmeldings binne die KBS hanteer behoort te word. SA se KBS beskik egter nie oor 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol (hierna, IAAP) nie. In die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat, is dit noodsaaklik om buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle

na te gaan om te bepaal wat presies in 'n IAAP opgeneem behoort te word. Die fokus van hierdie artikel is om te bepaal watter bydrae die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle kan lewer tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat.

SA bestaan uit nege provinsies en die navorsing is in een van die provinsies, naamlik die Vrystaat, uitgevoer. Voortspruitend hieruit is aanbevelings gemaak van die belangrikste wetgewing en beleid wat opgeneem kan word in 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat.

2. PROBLEEMSTELLING

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (hierna, DMO) se *National Report: Intersectoral Plan on the Implementation of the Children's Act 38/2005* (DMO, 2009a:39-41) het gerapporteer dat die poging wat aangewend is om 'n intersektorale plan vir die implementering van die *Children's Act 38 of 2005* (hierna, CA) te ontwikkel, nie die nodige resultate opgelewer het nie. Die nasionale rapport meld voorts dat die probleme wat ondervind is, was onder andere 'n gebrek aan terugvoer, aan leierskap en leiding en samewerking vanaf die ander nasionale departemente. Die gevolg is dat die intersektorale strategie waarvoor die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling ingevolge artikel 104(1)(2) van die CA (2005:59) verantwoordelik is, nog nie gerealiseer het nie. Dit is 'n baie groot leemte deurdienste binne die KBS steeds gefragmenteer is.

In Kanada is aanmeldingsprotokolle van belang, want dit verseker dat inligting binne tydsraamwerke en op aanvaarde wyse mee gehandel word (Ministry of Children and Family Development, 2007:43). Die respons wat 'n kind, ouers of ander rolspelers met aanmelding van die KBS ontvang, is baie belangrik want die persoon wat die aanmelding hanteer, het die geleentheid om onmiddellike ondersteuning en vertroosting te bied, die kind te beveilig en die herstel van die trauma te verseker. Die respons wat die kind van die volwasse persoon kry, het veral 'n groot inpak op die kind (Hunter, 2011:1).

Uit die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie se verslag oor seksuele misdrywe teenoor kinders, blyk dit dat dit oor die algemeen moeilik is om 'n gekoördineerde respons binne die KBS te ontvang met aanmelding, maar soveel te meer ná ure (South African Human Rights Commission, 2002:40-51). Dit is belangrik om die

leemtes in kinderbeskermingsdienste te identifiseer, sodat die ontwikkeling van 'n IAAP rigting sal gee aan interdissiplinêre response op kindermishandeling en om dienslewering te standaardiseer. Barbados, een van die Karibiese Eilande, se *Child Protection in Barbados: the need for a National Reporting Protocol* dui aan dat 'n IAAP nie op sy eie kindermishandeling tot 'n einde sal bring nie. Indien dit, in lyn met ander ingrypings, effektief geïmplementeer word, kan 'n IAAP wel die veiligheidsnet van mishandelde kinders versterk (United Nations Children's Fund Eastern Caribbean Office, 2007:19). Die *B.C. Handbook for Action on Child Abuse and Neglect* (Ministry of Children and Family Development, 2007:15) dui aan dat 'n protokol (in dié geval, 'n IAAP) duidelike rigting gee oor wat en hoe gerapporteer kan word by verskillende agente wat saamwerk om 'n effektiewe en eenvormige respons op vermoedelike kindermishandeling en -verwaarlosing te verseker.

3. NAVORSINGSVRAAG

Uit bogenoemde ontstaan die volgende navorsingsvraag:

Watter bydrae kan buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle lewer tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS?

4. NAVORSINGSDOELSTELLING- EN DOELWITTE

Die oorhoofse doel van die navorsing was om 'n IAAP vir die KBS te ontwikkel waarin bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig effektiewe toegang tot en respons met aanmelding van die KBS kan bekom.

Die doelwit van die artikel is om die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle te analiseer, sodat bepaal kan word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS kan lewer.

5. EMPIRIESE ONDERSOEK

In hierdie artikel is van Fase 2, naamlik inligtingsinsameling, van die intervensiemodel gebruik gemaak (De Vos & Strydom, 2011:480). Inligting oor buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle is ingesamel vir moontlike opname in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS. Dit is gedoen deur middel van literatuurontleding. Literatuurontleding stel navorsing in konteks en gee 'n beter begrip van die probleem wat nagevors word (Fouché & Delpont, 2011:134). In hierdie artikel het literatuurontleding die belangrikste fase gevorm, omdat dit dien as

grondslag vir 'n analise van die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle, wat gebruik kan word vir die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS.

'n Verskeidenheid databasisse is geraadpleeg, naamlik EBSCO HOST WEB, Pro Quest, SA Publications, Social Work Abstracts, Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels en SABINET. Die Ferdinand Postma Biblioteek op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit is as aanvullende bron gebruik.

6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

buitelandse – die term “buitelandse” word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA binne die KBS in gebruik is, omskryf nie. Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2010:127) (hierna, *HAT*) omskryf buiteland as: “*Alle lande behalwe die vaderland.*” In die konteks van die navorsing beteken buitelandse dus alle lande, behalwe die Republiek van SA.

aanmeldingsprosedures – die term “aanmeldingsprosedures” word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA binne die KBS in gebruik is, omskryf nie. Die *HAT* (2010:7) omskryf aanmeld as: “*Bekend maak: 'n Ongeluk by die polisie aanmeld.*” Die *HAT* (2010:896) omskryf prosedure as: “*Wyse waarop iets gedoen word ...*”. Vir die doeleindes van die navorsing beteken aanmeldingsprosedures die aanmelding van 'n saak by 'n agent binne die KBS, wat op 'n spesifieke wyse hanteer word.

aanmeldingsprotokolle - sien omskrywing van aanmeldingsprotokol.

interagentskap – die term “interagentskap” word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA binne die KBS in gebruik is, omskryf nie. Die *HAT* (2010:34, 477) omskryf nie interagentskap as een term nie, maar wel “inter” as “*voorvoegsel met betekenis: tussen, onder ... van byvoorbeeld: onderling of wederkerig gedaan, verrig tussen of gebruiklik tussen*” en “agentskap” as: “*Persoon wat vir 'n ander optree, veral verteenwoordiger van 'n firma*”. Vir die doeleindes van die navorsing verwys interagentskap na persone, in dié geval agente, as verteenwoordigers van die DMO, 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie (hierna, AKBO) of polisiebeampte (hierna, PB), wat onderling optree as hulle aanmeldings binne die KBS hanteer.

aanmeldingsprotokol – die term “aanmeldingsprotokol” word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA binne die KBS in gebruik is, omskryf nie. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:1) omskryf aanmelding as: “*proses waardeur bepaal word of 'n persoon as kliënt aanvaar kan word of na 'n ander hulpbron verwys moet word.*”

Die *Child Abuse Protocol Development Guide* van die VSA (Tribal Law and Policy Institute, 2003:4), (hierna, *CAPDG*) omskryf protokol as: “*a set of policies, procedures and agreements to be followed when there is an allegation of child abuse and a collaboration tool to assure agencies are working together without duplicating or overlapping tasks*”. Vir die doeleindes van die navorsing verwys aanmeldingsprotokol na die proses waarvolgens die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, optree; dus beleid, prosedures en ooreenkomste wat uitgevoer behoort te word tydens die hantering van kindermishandelingsake en wat as ’n hulpmiddel dien om samewerking tussen agente te bevorder, sodat daar nie oorvleueling of duplisering in die hantering van sake met aanmelding is nie.

kinderbeskermingstelsel – die DMO se *Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children’s Act* omskryf KBS as: “*refers to an integrated and co-ordinated network of services designed to promote the well-being of children by ensuring safety, achieving permanency, and strengthening families to successfully care for their children*” (DMO, 2010:132). Vir die doeleindes van die navorsing verwys die KBS na die geïntegreerde en gekoördineerde netwerk van dienste wat ontwerp is om die welsyn van kinders te bevorder en hulle veiligheid te verseker. Die netwerk van dienste bestaan uit die drie agente wat deur artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) geïdentifiseer word, naamlik die provinsiale departement van maatskaplike ontwikkeling (hierna, PDMO), ’n AKBO en PB by wie aanmeldings binne die KBS kan plaasvind.

7. BUITELANDSE AANMELDINGSPROSEDURES EN -PROTOKOLLE

7.1 Kinderbeskermingstelsel in Afrika

Die navorser het eerstens deur middel van ’n literatuurstudie probeer vasstel wat die situasie in Afrika rakende die KBS’s en aanmelding is. Baie min literatuur is beskikbaar oor die KBS’s in Afrika. Gevolglik is daar ook baie min inligting beskikbaar van hoe en waar aanmelding by die KBS’s in Afrika kan plaasvind.

Volgens Jones en Holmes (2010:4, 6) is die huidige KBS in Wes- en Sentraal-Afrika baie swak ontwikkel en onderbeman. Baie lande beskik nie eens oor wetlike raamwerke vir die KBS’s nie. Gevolglik is die KBS’s nie toegerus om kwesbare kinders te hanteer nie. Oor die algemeen is daar ’n konserwatiewe houding teenoor kinders en word kinders se regte op beskerming nie erken nie. Diskriminerende

sosiokulturele houdings en praktyke, asook skadelike kultuurpraktyke, maak kinders meer kwesbaar vir geweld, mishandeling en verwaarlosing.

Tans is kindermishandeling 'n ernstige probleem in Afrikalande, maar baie gemeenskappe wil dit nie erken nie (Chitereka, 2009:21). Voorts meld Chitereka (2010:29, 31) dat seksuele mishandeling 'n groot probleem in baie Afrikalande is. Die KBS's in Afrikalande beskik egter nie een oor 'n IAAP vir die KBS nie.

7.2 Ander buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle

Die navorser het verskeie ander buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle nagegaan om te bepaal wat die inhoud van 'n IAAP behoort te wees. Die volgende aanmeldingsprosedures en -protokolle is nagegaan:

- ◆ die *DHHS Online Manuals* (Department of Health and Human Services, s.a.) van Noord-Carolina, VSA;
- ◆ die VSA se *Child Abuse Protocol Development Guide* (hierna, *CAPDG*) (Tribal Law and Policy Institute, 2003);
- ◆ Kanada se *The B.C. Handbook for Action on Child Abuse and Neglect: for service providers* (Ministry of Children and Family Development, 2007);
- ◆ Brittanje se *Keeping children safe: Standards for child protection* (Keeping Children Safe Coalition, 2007);
- ◆ Wallis se *All Wales Child Protection Procedures 2008* (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008);
- ◆ Brittanje se *Working together to safeguard children: a guide to inter-agency working to safeguard and promote the welfare of children* (Department for Children, Schools and Families, 2010);
- ◆ Saskatchewan, Kanada, se *Provincial Child Abuse Protocol 2006* (The Interdepartmental Child Abuse Committee, 2011); en
- ◆ die VSA se *Henry County Child Abuse Protocol 2012* (Henry County Child Abuse Task Force, 2012).

Gedurende die literatuurontleding, het dit vir die navorser duidelik geword dat elke land se inhoud van hetsy aanmeldingsprosedures of –protokolle, aangepas word by die land se wetlike en beleidsvoorskrifte wat in gebruik is. Feitlik nie een van die

buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle het aangetoon watter riglyne gevolg moet word om 'n protokol te ontwikkel nie. Gedurende die literatuurstudie het die navorser op 'n gids afgekom, wat in 2003 opgestel is deur die VSA se Tribal Law and Policy Institute, by name die *CAPDG*. Dié gids verskaf wel waardevolle riglyne vir die ontwikkeling van 'n protokol.

Die *CAPDG* (Tribal Law and Policy Institute, 2003:4-5) meld dat die noodsaaklikheid van 'n protokol (in dié geval, 'n IAAP) daarin geleë is dat dit professionele rolle en verantwoordelikhede omskryf, aanmeldingstandaarde vir respons vestig, verhoudings tussen die agente versterk en opklaar, die kredietwaardigheid en verantwoordelikhede van die agente wat betrokke is, verbeter en verseker dat alle gevalle op dieselfde wyse hanteer word. In die lig hiervan, is die *CAPDG* (Tribal Law and Policy Institute, 2003) as basis gebruik om die riglyne vir die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS te identifiseer. Die riglyne word vervolgens bespreek.

8. RIGLYNE VIR DIE ONTWIKKELING VAN 'N PROTOKOL

8.1 Wie behoort betrokke te wees by die ontwikkeling van die protokol?

Die buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle wat deur die navorser geanaliseer is, het nie aangedui wie die persone is wat betrokke behoort te wees by die ontwikkeling van 'n protokol nie. Die *CAPDG* (Tribal Law and Policy Institute, 2003:8) meld dat die persone wat die protokol gaan uitvoer, die persone moet wees wat betrokke by die ontwikkeling van die protokol is. In die geval van die IAAP sal dit die drie agente wees wat in artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) geïdentifiseer word, naamlik die DMO, AKBO en PB in die Vrystaat.

Die destydse Departement van Welsyn het in 2004, onder leiding van die wetlike raamwerk van die *Child Care Act, 74 of 1983*, 'n beleidsdokument beskikbaar gestel bekend as *The Protection of Victims of Child Abuse: Identification, Notification, Registration, Referral and Monitoring*. Dié beleidsdokument verwys daarna dat dit van uiterste belang is dat daar koördinasie, samewerking en kommunikasie tussen die agente, in dié geval die DMO, AKPO en PB, sal wees tydens aanmelding (Departement van Welsyn, 2004:11). Deur hierdie drie agente by die ontwikkeling van die IAAP te betrek, kan dit 'n bydrae lewer om te bepaal of die wetlike en beleidsvoorskrifte wat in die IAAP opgeneem is, bruikbaar is vir die agente in die praktyk.

8.2 Stappe vir die ontwikkeling van 'n protokol

Nie een van die buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle wat die navorser geanaliseer het, het stappe geïdentifiseer vir die ontwikkeling van 'n protokol nie. Die *CAPDG* (Tribal Law and Policy Institute, 2003:9) van die VSA identifiseer egter duidelike stappe vir die agente wat die protokol gaan uitvoer.

8.2.1 Stap 1: Ontwikkeling van 'n doel- of missieverklaring

Volgens die *CAPDG* (Tribal Law and Policy Institute, 2003:10) is die eerste stap om 'n doel- of missieverklaring te formuleer, wat die basis van die IAAP vir die KBS vorm. Dit is die fondament van die hele dokument. Dit spel uit wat die agente se oortuigings oor die saak is en waarom 'n protokol noodsaaklik is. Gewoonlik bestaan die doel- of missieverklaring uit een of twee sinne, of dit kan tot so lank as 'n paar paragrawe wees. Byna al die buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle wat die navorser geanaliseer het, het 'n doel- of missieverklaring bevat (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008:25-26; Department for Children, Schools and Families, 2010:22-23; Ministry of Children and Family Development, 2007:6 & The Interdepartmental Child Abuse Committee, 2011:8).

Die *National Policy Framework for the Children's Act 38 of 2005 as amended* (DMO, 2009b:39) (hierna, *NPF*) gee die volgende missieverklaring vir die KBS in SA:

“To create a platform that will enhance and protect the status of children in South Africa by integration of services and interventions that will focus on prioritising the best interests of children through promotion of an inter-sectoral approach”.

Bogenoemde missieverklaring kan as moontlikheid voorgehou word in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS.

8.2.2 Stap 2: Definisies

Volgens die *CAPDG* (Tribal Law and Policy Institute, 2003:10) is die tweede stap om die soorte sake wat deur die protokol aangespreek gaan word, te bespreek en te definieer. Dit is standaard in al die buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle dat 'n volledige omskrywing van sake wat aangemeld kan word en deur die protokol gedek word, gegee word (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008:31-32; Department for Children, Schools and Families, 2010:37-39; Henry County Child Abuse Task Force, 2012:2-3 & Ministry of Children and Family Development, 2007:23-25).

In die geval van die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat, is die sake wat aangemeld kan word reeds in die CA geïdentifiseer en gedefinieer. Artikel 110(1)(2) (**Bylae H**) van die CA (2005:61) meld baie duidelik watter sake by die KBS aangemeld kan word. Verder word in artikel 150 (**Bylae H**) van die CA (2005:78) 'n uiteensetting gegee van wanneer 'n kind sorg en beskerming nodig het. Die CA (2005:12-21) omskryf die begrippe “mishandeling”, “seksuele mishandeling” en “verwaarlosing” wat in artikel 110(1) van die CA (2005:61) genoem word, asook sekere van die begrippe wat in artikel 150(1)(a)-(i) van die CA (2005:78) genoem word, byvoorbeeld: “eksploitasie”, “kinderarbeid”, “kinderaangevoerde huishouding”, “kommersiële seksuele eksploitasie”, “pleegsorg”, “weeskind”, “straatkind” en “verlate kind” (**Bylae H**).

Die *Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, Act 32 of 2007* (2007:12-16) (hierna, *CLAA*), wat ook deur die PB gebruik moet word, omskryf nie seksuele mishandeling” nie, maar wel “seksuele oortreding”, “seksuele penetrasie” en “seksuele geweld” (**Bylae M**). Verder behandel die *CLAA* (2007:24-32) in artikel 15–22 (**Bylae M**) die seksuele misdade wat teenoor kinders gepleeg kan word. Die bestaan van hierdie twee groepe terme kan tot verwarring lei.

September (2006:69) het reeds in 2006 aangedui dat die terme “mishandeling”, “verwaarlosing” en “eksploitasie” nie duidelik in bestaande beleid omskryf en gebruik word nie. In die DMO se *Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation in South Africa* (2002:6) word gemeld dat alle rolspelers daarby sal moet hou om dieselfde terme en definisies te gebruik as hulle na mishandeling van kinders verwys, en dat hulle op gereelde basis hulleself sal vergewis van veranderings wat plaasvind as daar na die aard van mishandeling verwys word. Een van die standaarde wat geïdentifiseer word in die VSA se *Keeping Children Safe: standards for child protection* (Keeping Children Safe Coalition, 2007:15), is dat die begrip “mishandeling” verskillend deur verskillende gemeenskappe verstaan word. Riglyne om sake te identifiseer, moet met sensitiwiteit aangepas word, sonder om kinders aan enige risiko-omstandighede bloot te stel. Die *B.C. Handbook for Action on Child Abuse and Neglect: for service providers* van Kanada (Ministry of Children and Family Development, 2007:25) meld ook dat as daar duidelikheid is oor die begrip van sake wat binne die KBS aangemeld word, dit

eenvormige response tot vermoedelijke mishandeling en verwaarlosing tot gevolg sal hê.

In die lig van die noodsaaklikheid dat agente dieselfde terme en definisies gebruik, is die moontlike verwarring tussen die definisies van die CA en dié van die CLAA 'n saak waaraan die relevante wetgewende instansies en beleidmakers aandag sal moet gee. Intussen moet in die ontwikkeling van die IAAP vir die KBS in die Vrystaat bepaal word of die bestaande definisies (*interpretation of terms*), soos dit in die CA en in die CLAA voorkom, in die IAAP opgeneem moet word of nie.

Volgens die CAPDG van die VSA (Tribal Law and Policy Institute, 2003:10) is dit ook deel van Stap 2 om die rolspelers (in die geval van die navorsing, die agente), wat betrokke sal wees, duidelik te definieer, hetsy volgens hulle naam of volgens die rol wat hulle vervul. In die geval van die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, is die agente reeds in die CA geïdentifiseer en gedefinieer. **Vir volledige definisies van die agente, sien punt 7 in Artikel 2 van die navorsing.**

8.2.3 Stap 3: Aanmeldings- en responsprosedures

Die VSA se CAPDG (Tribal Law and Policy Institute, 2003:10) beveel ten sterkste aan dat die protokol 'n duidelike omskrywing gee van hoe aanmeldings gemaak kan word. Watter agente is verantwoordelik om aanmeldings te hanteer? Is verskillende agente op verskillende tye verantwoordelik? Watter prosedure moet gevolg word om sake aan te meld? Indien moontlik, moet 'n universele vorm ontwikkel word wat met aanmeldings gebruik kan word.

Sommige van die buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle wat geanaliseer is, gee volledige uiteensettings van die aanmeldings en responsprosedures wat die agente behoort te bied in die hantering van aanmeldings (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008:39-47; Ministry of Children and Family Development, 2007:46-52 & The Interdepartmental Child Abuse Committee, 2011:20-21). In Noord-Carolina, VSA, se aanlyn handleidings word daarna verwys dat die aanvanklike aanmelding wat deur die agent hanteer word, die eerste fase is, as 't ware die voordeur van die KBS proses. Dit is belangrik dat die agent wat die aanmelding hanteer, versigtig te werk sal gaan en deeglike werk sal doen om volledige inligting met aanmelding te bekom, want dit vorm die basis van besluitneming regdeur die leeftyd van die saak. Die aanlyn handleidings meld verder dat dit veral van

toepassing is op ernstige sake wat deur die agente hanteer word (Department of Health and Human Services, s.a.:1). Die Verenigde Nasies se *Convention on the Rights of the Child* (United Nations, 1990:5) is ook baie duidelik daaroor in artikel 19(2) dat voldoende en effektiewe prosedures in plek moet wees vir aanmelding, in dié geval by die KBS (Dawes & Mushwana, 2007:274; Loffell, 2007:311).

Die CA bevat voorskrifte oor hoe aanmeldings gemaak kan word en watter agente verantwoordelik is om aanmeldings te ontvang. Dit is egter belangrik dat die agente verantwoordelik vir die hantering van aanmeldings binne die KBS, sal uitklaar wie verantwoordelik is om aanmeldings ná ure, gedurende naweke en op openbare vakansiedae te hanteer (Tribal Law and Policy Institute, 2003:11). In SA kan kindersake in persoon of per telefoon by een van die drie agente aangemeld word. By die PB kan aanmelding gedurende normale kantoorure en ná ure plaasvind, terwyl aanmeldings by die DMO en AKBO slegs gedurende kantoorure gemaak kan word. Die DMO is ook verantwoordelik om 'n krisisdienstrooster van aangewese maatskaplike werkers (hierna, AMW's) wat verantwoordelik is om aanmeldings ná ure te hanteer, saam te stel (DMO, 2006:2-8). Alhoewel die beleidsdokument op vorige kinderwetgewing gebaseer is, naamlik die *Child Care Act 74 of 1983*, behoort die voorskrifte vir die hantering van nauurse aanmeldings dieselfde te wees. Die polisie is van mening dat maatskaplike werkers nie ná ure beskikbaar is as dienste vir kinders benodig word nie (DMO, 2004:20). Tans werk die krisisdienstrooster nie orals nie en is dit van belang dat dit in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat aandag sal geniet. Genoemde beleidsraamwerk meld ook dat in alle ernstige sake wat deur 'n maatskaplike werker hanteer word, daar ook 'n polisielid by die aanmelding betrek moet word (DMO, 2006:12). Die AMW word ook ingevolge artikel 110(8) (**Bylae H**) van die CA (2005:62) verplig om enige misdryf by 'n PB aan te meld.

In Wallis se *All Wales Child Protection Procedures 2008* (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008:43) word aangedui dat alle telefoniese aanmeldings of aanmeldings wat in persoon by 'n agent gemaak word, binne twee dae skriftelik bevestig moet word, verkieslik op 'n standaardvorm wat beskikbaar is. In SA is daar wel 'n eerste assesseringsvorm beskikbaar wat deur die krisisdienstrooster-maatskaplike werker, wat aanmeldings ná ure, gedurende naweke of op openbare vakansiedae hanteer, voltooi moet word (DMO, 2006:5). Behalwe vir dié vorm, bepaal die CA (2005:61) in artikel 110(1) dat indien al drie agente 'n aanmelding hanteer van

mishandeling van 'n kind waar fisiese besering veroorsaak is, seksuele mishandeling of doelbewuste verwaarlosing plaasgevind het, moet die persoon wat die aanmelding maak, ingevolge regulasie 33(1) (**Bylae K**) van die *Amendment: General Regulations Regarding Children* (2012a:3-4) (hierna, *Amendment GRRC*), die aanmelding op 'n Vorm 22 doen (**Bylae K**).

Die CAPDG (Tribal Law and Policy Institute, 2003:11) beveel ook aan dat die protokol baie duidelik uitspel wat die respons op elke soort saak of omstandigheid moet wees. Wat is die prosedures vir die voorsiening van nooddienste en ondersteuning? Hoe word alles gekoördineer?

Die CA spel sekere response uit om die onmiddellike veiligheid en welsyn van die kind te verseker, indien die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is. Dit is van toepassing op alle sake wat by die agente aangemeld word. Beide die AMW en PB wat 'n aanmelding hanteer, kan 'n kind ingevolge artikel 152(1)(a)-(c) van die CA (2005:79) na tydelike veilige sorg (hierna, TVS) verwyder. Die agente doen sodanige verwydering deur ingevolge regulasie 53(1)(b) van die *Amendment: GRRC* (2012:4-5), 'n Vorm 36 (**Bylae L**) te voltooi en die kind na TVS te verwyder.

Die PB en AMW het ook 'n tweede opsie om, indien dit in die beste belang van die betrokke kind is, die beweerde oortreder uit die huis waar die kind woon, te verwyder. Die PB kan dié wetlike respons uitvoer ingevolge artikel 153(1) van die CA (2005:80). 'n AMW kan 'n PB ingevolge regulasie 34 (**Bylae J**) van die *General Regulations Regarding Children* (2009a:33) (hierna, *GRRC*) versoek om die beweerde oortreder uit die huis te verwyder waar die kind woon, ingevolge artikel 110(7)(b) van die CA (2005:62). Tydens die ontwikkelingsfase van die IAAP vir die KBS in die Vrystaat sal bepaal word of bogenoemde response in die praktyk bruikbaar is.

Voorts het die CA ook voorskrifte om alle aanmeldings te koördineer, naamlik:

- ◆ PB's moet alle sake wat by hulle aangemeld is ingevolge artikel 110(4)(a) van die CA (2005:61) by die DMO of AKBO aanmeld.
- ◆ AMW's in diens van 'n AKBO moet ook alle sake wat by hulle aangemeld word ingevolge artikel 110(6)(a) van die CA (2005:62) by die DMO aanmeld.
- ◆ AMW's moet alle kriminele sake ingevolge artikel 110(8) van die CA (2005:62) by 'n PB aanmeld.

Dié aanmeldings- en responsprosedures behoort in die ontwikkeling van 'n IAAP opgeneem te word.

8.2.4 Stap 4: Jurisdiksie

Binne die konteks van die navorsing is dit belangrik dat die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, sal bepaal of 'n saak binne hulle jurisdiksie val (Tribal Law and Policy Institute, 2003:11). Dit beteken dat die agent sal moet vasstel of sodanige agent oor die wetlike bevoegdheid beskik om 'n spesifieke saak te hanteer. Nie een van die buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle wat geanaliseer is, het die aspek van jurisdiksie apart aangespreek nie.

Die CA spel uit dat die DMO die leidinggewende agent is in alle sake wat binne die KBS hanteer word. Ingevolge artikel 110(4)(b) van die CA (2005:61) moet 'n PB alle aanmeldings by die DMO of AKBO aanmeld. Verder moet 'n AMW in diens van 'n AKBO ingevolge artikel 110(6)(a) van die CA (2005:62) alle aanmeldings by die DMO aanmeld. Ingevolge artikel 110(8) van die CA (2005:62) moet 'n AMW alle kriminele sake by 'n PB aanmeld omdat dit onder die PB se jurisdiksie val. Binne die KBS het 'n PB geen rol te speel om die waarheid van 'n aanmelding te ondersoek nie. Dit val onder die jurisdiksie van 'n AMW, aangesien daardie rol ingevolge artikel 110(5)(c) van die CA (2005:61) aan die AMW toegeken is.

Indien elkeen van die agente se onderskeie response stapsgewys aangetoon word (soos in die IAAP in die vooruitsig gestel word), is dit nie nodig om 'n spesifieke afdeling in die IAAP aan die kwessie van jurisdiksie af te staan nie.

8.2.5 Stap 5: Tydsraamwerke

Soos reeds vermeld, bepaal die CA (2005:23) in artikel 6(4)(b) dat in enige aangeleentheid betreffende 'n kind, 'n vertraging in enige aksie (respons) of beslissing wat geneem word, so ver moontlik vermy moet word. Van toepassing op die navorsing beteken dit dat indien 'n saak by een van die agente binne die KBS aangemeld word, daar nie 'n vertraging in respons of beslissing mag wees nie. In hierdie verband is dit belangrik om kennis te neem dat die CAPDG (Tribal Law and Policy Institute, 2003:11) meld dat dit belangrik is om duidelike tydsraamwerke te ontwikkel. Baie min van die buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle wat geanaliseer is, gee 'n aparte uiteensetting van belangrike tydsraamwerke wat van toepassing is met aanmelding by die KBS. Die CAPDG (Tribal Law and Policy

Institute, 2003:11) meld voorts dat dit baie bruikbaar is as daar 'n aparte afdeling in die protokol is wat tydsraamwerke bespreek. Beide die belangrike respons-tydsraamwerke en langtermyn tydsraamwerke moet bespreek word. Daar moet ook besluit word wat die algemene tydsraamwerke vir response op spesifieke sake, sowel as vir algemene sake, wat onder die aandag van ander agente gebring moet word, sal wees. In Wallis se *All Wales Child Protection Procedures 2008* (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008:140-141) word 'n opsomming gegee van die kinderbeskermingsproses en die tydsraamwerke wat nagekom moet word met die hantering van aanmeldings.

Tydsraamwerke wat deur die CA geïdentifiseer word, is:

- ◆ 'n PB wat 'n aanmelding hanteer, moet ingevolge artikel 110(4)(b) van die CA (2005:61) die DMO of AKBO **binne 24 uur** van sodanige aanmelding verwittig.
- ◆ Daar word egter **geen tydsraamwerk** aan 'n AMW in diens van 'n AKBO verskaf om ingevolge artikel 110(6)(a) van die CA (2005:62) alle aanmeldings na die DMO te verwys nie.
- ◆ 'n AMW moet ingevolge artikel 152(2)(a) van die CA (2005:79), en 'n PB ingevolge artikel 152(3)(a) van die CA (2005:79), **sonder versuim, maar binne 24 uur**, 'n ouer, voog of versorger van 'n kind van die verwydering van die kind in kennis stel, as sodanige persoon geredelik opgespoor kan word.
- ◆ 'n AMW moet ingevolge artikel 152(2)(d)(i) van die *Amendment CA: Section 152* (2012b:23) (hierna *Amendment CA*) die verwydering van 'n kind voor die kinderhof plaas vir hersiening **voor die verstryking van die volgende hofdag** na die verwydering.
- ◆ 'n PB moet ingevolge artikel 152(3)(b) van die *Amendment CA* (2012b:23-24) die saak van verwydering van die kind na die AMW verwys **voor die einde van die eerste hofdag** nadat die kind verwyder is.
- ◆ Die AMW wat 'n aanmelding ontvang ingevolge artikel 152(3)(b), moet ingevolge artikel 152(3)(b)(ii) van die *Amendment CA* (2012b:24) die verwydering van die kind voor die kinderhof plaas vir hersiening **voor die einde van die volgende hofdag** nadat die saak verwys is.

Tydsraamwerke wat beleidsdokumente identifiseer:

- ◆ Volgens die DMO se *National Norms and Standards for Child Protection* (DMO, 2009a:101) moet die assessering van kinders wat mishandel of doelbewus

verwaarloos is, **binne 48 uur** onderneem word nadat sodanige aanmelding ontvang is.

- ◆ Die krisisdienst-werker moet ook **ná elke nag- of naweekskof** alle sake wat hanteer is by óf die NRO-koördineerder óf die departement se kinderbeskermingskoördineerder wat nauurse dienste bestuur, aanmeld (DMO, 2006:5).
- ◆ In regulasie 37 van die *GRRC* (2009a:37) is een van die magte en verantwoordelikhede van 'n AMW, wat 'n ondersoek doen van 'n kind wat na bewering mishandel of doelbewus verwaarloos is, om in die geval van seksuele mishandeling, die kind **binne 72 uur** na 'n mediese beampte vir mediese behandeling te verwys.

Bogenoemde tydsraamwerke behoort in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS aangedui te word. Hoewel die *CAPDG* voorstel dat daar 'n aparte afdeling in die protokol moet wees wat tydsraamwerke bespreek, is dit ook moontlik om die tydsraamwerke by 'n afdeling, wat die onderskeie response stapsgewys behandel, in te werk. As die agente aandui dat hulle 'n aparte afdeling verkies waar tydsraamwerke bespreek word, sal dit bygevoeg word.

8.2.6 Stap 6: Prioriteite vir ondersoek

Dit is belangrik dat die agente betrokke by aanmelding, konsensus sal bereik in die protokol oor wie verantwoordelik is om ondersoeke van sake van kinders in gevaar te doen. Voorts is dit belangrik dat 'n lys saamgestel word van die sake en risikofaktore wat onmiddellike ondersoek vereis en hoe die ondersoekproses gaan verloop (Tribal Law and Policy Institute, 2003:12). In Brittanje se *Working together to safeguard children: a guide to inter-agency working to safeguard and promote the welfare of children* (Department for Children, Schools and Families, 2010:208-255; 292-328) word 'n breedvoerige uiteensetting van sake waaraan prioriteit verleen moet word, gegee. Die volgende sake word onder andere bespreek: as die betrokke kind, waaroor die aanmelding handel, dood is; as 'n kind aan ernstige mishandeling of verwaarloosing blootgestel is; aanmeldings van kinders wat hulle in kwesbare omstandighede bevind en as dit 'n risiko kan wees indien 'n kind blootgestel word aan volwassenes, wat by die aanmelding betrokke is, indien sodanige persoon verantwoordelik is vir die versorging van die kind.

Die CA is baie duidelik daarvoor dat wanneer 'n PB 'n aanmelding binne die KBS hanteer, die eerste prioriteit ingevolge artikel 110(4)(a) van die CA (2005:61) is om die veiligheid en welsyn van die kind te verseker, as die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is. Die tweede prioriteit is om die aanmelding ingevolge artikel 110(4)(b) van die CA (2005:61) **binne 24 uur** na die DMO of AKBO te verwys en sodanige AMW in kennis te stel van enige stappe wat met betrekking tot die kind geneem is. Daarna gee die PB aandag aan wat die respons binne die wetlike raamwerk is wat deur die SAPD daargestel word.

Die AMW moet ook as eerste prioriteit met alle aanmeldings wat hanteer word, die veiligheid en welsyn van die kind verseker, as die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is, ingevolge artikel 110(5)(a) van die CA (2005:61). As tweede prioriteit moet die AMW, as hy of sy 'n krisisdienster is, die volgende dag die saak by die kinderbeskermingskoördineerder vir krisisdienster aanmeld, wat weer op sy of haar beurt die saak na die AMW sal verwys wat verantwoordelik is om dienste ten opsigte van die kind te lewer (DMO, 2006:6). Die AMW wat verantwoordelik is vir die hantering van die saak, moet as derde prioriteit 'n aanvanklike assessering van die aanmelding maak, ingevolge artikel 110(5)(b) van die CA (2005:61).

Die stapsgewyse uiteensetting van die onderskeie agente se respons maak 'n aparte afdeling oor prioriteite onnodig. Die prioriteite vir ondersoek sal wel stapsgewys onder "respons van agente" in die ontwikkeling van 'n IAAP aangespreek word. Die kwessie van prioriteite vir ondersoek kan by die afdeling wat die onderskeie response stapsgewys behandel, ingewerk word.

8.2.7 Stap 7: Rolle

Die agente se rolle met aanmelding behoort omskryf te word. Dit is 'n belangrike element van 'n protokol, want dit kan misverstande oor wie wat wanneer doen tydens aanmelding opklaar (Tribal Law and Policy Institute, 2003:12). In die Walliese aanmeldingsprosedure genaamd die *All Wales Child Protection Procedures 2008* (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008:46) word die agente wat aanmeldings hanteer, se rolle uiteengesit soos omskryf in hulle plaaslike kinderwet. Brittanje se *Working together to safeguard children: a guide to inter-agency working to safeguard and promote the welfare of children* (Department for Children, Schools and Families, 2010:40-102) gee nie net 'n uiteensetting van die rolle van die agente wat aanmeldings hanteer nie, maar ook dié van ander rolspelers wat betrokke kan

wees by die aanmeldingsproses. Kanada se *The B.C. Handbook for Action on Child Abuse and Neglect: for service providers* (Ministry of Children and Family Development, 2007:46-52) spel die spesifieke rolle uit wat die kindersorgwerker en polisie moet vervul met aanmelding.

In SA het die PB en AMW's ingevolge artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) komplementerende rolle in die hantering van aanmeldings, as daar redelike gronde is om te glo 'n kind is:

- mishandel op 'n manier wat fisiese besering veroorsaak; of
- seksueel mishandel; of
- doelbewus verwaarloos; of
- benodig sorg en beskerming.

Die PB se eerste respons met aanmelding ingevolge artikel 110(4)(a) van die CA (2005:61), en die PDMO en AKBO se eerste respons met aanmelding ingevolge artikel 110(5)(a) van die CA (2005:61), is dieselfde, naamlik:

- ◆ om die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker, indien die kind se veiligheid of welsyn in gevaar is.

Beide 'n AMW en PB beskik ingevolge artikel 152(1)(a)(b)(c) van die CA (2005:79) oor die wetlike magte om 'n kind te verwyder en in TVS te plaas, sonder 'n hofbevel, as daar redelike gronde is om te glo:

- ◆ Dat die kind sorg en beskerming benodig en onmiddellike noodbeskerming benodig;
- ◆ dat die vertraging in die verkryging van 'n hofbevel vir die verwydering van die kind en die plasing in TVS, die kind se veiligheid en welsyn in gevaar kan stel; en
- ◆ dat die verwydering van die kind vanuit sy of haar woonomgewing die beste manier is om die kind se veiligheid en welsyn te verseker.

Die CAPDG (Tribal Law and Policy Institute, 2003:12) noem ook dat dit 'n goeie idee is om spesifiek aan te dui wat agente nie mag doen nie. Die CA is baie duidelik daarvoor dat die PB nie oor die wetlike mag, ingevolge artikel 110(4) van die CA (2005:61), beskik om die waarheid van 'n aanmelding te ondersoek nie, maar dat dit die wetlike mag is van die AMW, ingevolge artikel 110(5)(c) van die CA (2005:61). So is dit ook nie die AMW se wetlike verantwoordelikheid om 'n misdryf teenoor 'n kind te

hanteer nie, maar moet dit ingevolge artikel 110(8) van die CA (2005:62) na 'n PB verwys.

Die uiteensetting van die onderskeie rolle van die agente in 'n aparte afdeling is onnodig. Die rolle van die agente sal wel stapsgewys onder “respons van agente” in die ontwikkeling van 'n IAAP aangespreek word. Indien die navorsing aantoon dat die agente 'n aparte afdeling in die protokol met rolomskrywing van agente benodig, sal dit bygevoeg word.

8.2.8 Stap 8: Beslissing van ondersoek

Protokolle behoort aan te dui hoe sake wat aangemeld word – beide siviele en kriminele sake - van die begin tot die einde hanteer moet word (Tribal Law and Policy Institute, 2003:13). Verskeie buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle gee volledige besonderhede van hoe sake wat aangemeld word, beslis en ondersoek moet word, naamlik:

- ◆ Wallis se *All Wales Child Protection Procedures 2008* (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008:48-139) gee 'n volledige uiteensetting van hoe sake, wat by die KBS aangemeld word, van die begin tot die einde hanteer moet word. Dié aanmeldingsprosedure verwys na die ondersoek as die kinderbeskermingsproses.
- ◆ Die VSA se *Henry County Child Abuse Protocol 2012* (Henry County Child Abuse Task Force, 2012:7-8) dui aan wanneer 'n gesamentlike ondersoek deur die agente uitgevoer moet word en onder watter omstandighede agente ondersoek alleen kan beslis.
- ◆ Saskatchewan, Kanada, se *Provincial Child Abuse Protocol 2006* (The Interdepartmental Child Abuse Committee, 2011:16) dui aan dat die kinderbeskermingswerker en die polisie in koördinasie 'n ondersoek sal beslis.

Volgens die CA (2005:61) beskik slegs 'n AMW ingevolge artikel 110(5)(c) oor die wetlike mag binne die KBS om te beslis of daar enige waarheid in 'n aanmelding is deur dit te ondersoek. Voorts spel regulasies die volgende uit rakende ondersoek van AMW's:

- ◆ Regulasie 35(4)(b) (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009a:35-36) identifiseer riglyne vir verdere ondersoek deur 'n AMW om 'n beslissing te maak.

- ◆ Regulasie 36 (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009a:36-37) bepaal ook sekere kriteria waaraan die AMW moet voldoen om ondersoek van kindermishandeling en -verwaarlosing te doen.
- ◆ Regulasie 37 (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009a:37) identifiseer die magte en verantwoordelikhede van AMW's wat kindermishandeling en -verwaarlosing ondersoek.
- ◆ Regulasie 38(1)(2) (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009a:38) identifiseer sekere voorwaardes waaraan voldoen moet word tydens die ondersoek of assessering van mishandelde of verwaarloosde kinders. Toestemming deur sodanige kinders is ook onderworpe aan die voorwaardes.

Die beslissing van ondersoek as 'n aparte afdeling is onnodig, want dit sal wel stapsgewys onder "respons van agente" in die ontwikkeling van 'n IAAP aangespreek word. Indien die navorsing aantoon dat die agente 'n aparte afdeling in die protokol met beslissing van ondersoek benodig, kan dit bygevoeg word.

8.2.9 Stap 9: Alternatiewe op beslissing van ondersoek

Die protokol moet bepaal of die agente, ná die beslissing van die ondersoek, enige verdere rolle het om te vervul ten opsigte van die betrokke kind (Tribal Law and Policy Institute, 2003:13). Buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle in Wallis, Brittanje en Kanada (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008:85-88; Department for Children, Schools and Families, 2010:132-185 & Ministry of Children and Family Development, 2007:49-50) sluit aan by Suid-Afrikaanse wetgewing en dui aan dat dit uitsluitlik die maatskaplike werker se verantwoordelikheid is om alternatiewe optrede te inisieer na afloop van 'n ondersoek.

Binne die KBS in SA beskik slegs die AMW oor die wetlike magte om alternatiewe optrede te inisieer ten opsigte van die betrokke kind, ingevolge artikel 110(7)(a)-(c) van die CA (2005:62), naamlik:

- ◆ Maatreëls kan ingestel word om die kind by te staan, insluitende berading, mediasie, voorkomings- en vroeë ingrypingsdienste, rehabilitasie, gedragsmodifikasie, probleemoplossing en verwysing na 'n ander gepaste gekwalifiseerde persoon of organisasie. Hierdie maatreëls behoort in 'n IAAP opgeneem te word; of
- ◆ 'n AMW wat 'n ondersoek voltooi en tevrede is dat dit in die beste belang van die kind is om nie van sy of haar huis of plek waar hy of sy woon verwyder te word

nie, maar dat die verwydering van die beweerde oortreder vanuit die huis die veiligheid en welsyn van die kind sal verseker, kan 'n PB op die voorgeskrewe wyse versoek om die beweerde oortreder ingevolge artikel 153(1)(a)-(d) van die CA (2005:80) uit die huis te verwyder; of

- ◆ Indien 'n AMW gedurende die ondersoek bepaal die kind se veiligheid en welsyn word bedreig, moet die kind sonder versuim, ingevolge artikel 110(5)(d) van die CA (2005:61), beskerm word. Die AMW kan die maatreëls ingevolge artikel 110(5)(e), soos uiteengesit in artikel 151 en artikel 152 van die *Amendment: CA* (2012b:23-24) of artikel 155 van die CA (2005:78-82), volg.

Die alternatiewe op beslissing van ondersoeke as 'n aparte afdeling is onnodig, want dit sal wel stapsgewys onder “respons van agente” in die ontwikkeling van 'n IAAP aangespreek word. Indien die navorsing aantoon dat die agente 'n aparte afdeling in die protokol met alternatiewe op beslissing van ondersoeke benodig, kan dit bygevoeg word.

8.2.10 Stap 10: Hersiening en verandering van die protokol

Volgens die *CAPDG* (Tribal Law and Policy Institute, 2003:13) behoort elke protokol oor 'n tydsraamwerk-kriteria vir deelnemende agente te beskik, wat dit gereeld moet beoordeel en hersien. Dit word aanbeveel dat die beoordeling en hersiening jaarliks plaasvind. Die volgende aspekte behoort aangespreek te word in die beoordeling en hersiening van 'n protokol: verandering in agente; verandering in wetlike en beleidsvoorskrifte vir aanmelding; verandering in beleid; verandering in definisies, prosedures en prosesse; wie die hersiene protokol moet goedkeur (al die agente of slegs 'n persentasie van die agente?); bepaling of die protokol effektief is en wie verantwoordelik is om boek te hou van aanmeldingsdata. Geen van die buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle dui aan hoe gereeld sodanige prosedure of protokol beoordeel en hersien moet word nie. Die navorser het wel gedurende die loop van die navorsing opgelet dat die VSA se *Henry County Child Abuse Protocol 2012* (Henry County Child Abuse Task Force, 2012) jaarliks hersien word. Saskatchewan, Kanada, se *Provincial Child Abuse Protocol 2006* (The Interdepartmental Child Abuse Committee, 2011) is ook gedurende Januarie 2011 hersien.

Die navorsing fokus slegs daarop om die bruikbaarheid van die IAAP wat uit die navorsing ontwikkel is, te bepaal. Voorts beskik die agente ook nie oor die wetlike

mag om te bepaal hoe gereeld die IAAP hersien moet word nie, en kan dit slegs as 'n aanbeveling tot die navorsing gemaak word.

9. BESPREKING

Die navorser is van opinie dat aangesien die navorsing bestaande wetlike en beleidsvoorskrifte binne die KBS in SA in 'n IAAP wil opneem, buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle nie 'n deurslaggewende bydrae tot die ontwikkeling van die IAAP lewer nie. Die rede is dat buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle aansluit by daardie lande se wetlike en beleidsvoorskrifte, terwyl die navorsing van die wetgewing en beleid binne die KBS in SA gebruik maak. Die *CAPDG* lewer egter 'n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van 'n IAAP. Dit is 'n handige gids om te gebruik. Die stappe wat daarin voorgestel word, lewer 'n groot bydrae tot die proses om 'n IAAP te ontwikkel.

Die stappe wat in die *CAPDG* voorgestel word, hoef nie onderskeie afdelings van die IAAP te wees nie. Die navorsing stel in die vooruitsig dat agente, sake, persone en respons die afdelings van die IAAP sal uitmaak. Die stappe van die *CAPDG* is met groot vrug deur die navorser gebruik om bestaande wetgewing en beleid in die IAAP op te neem. Die meeste van die stappe kon met bestaande wetgewing en beleid in verband gebring word.

10. GEVOLGTREKKINGS

- Dit is belangrik dat die agente wat uitvoering moet gee aan die protokol, betrokke is by die ontwikkeling van sodanige protokol. Binne die konteks van die navorsing, sal dit die DMO, AKBO en PB wees wat betrokke sal wees by die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS.
- Die eerste stap in die ontwikkeling van 'n protokol is om 'n doel- of missieverklaring saam te stel, want dit vorm die basis van 'n protokol. Slegs een beleidsdokument, naamlik die *NPF*, beskik oor sodanige missieverklaring.
- In SA is daar twee wette, naamlik die *CA* en *CLAA*, wat sake identifiseer wat by die KBS aangemeld kan word. Die genoemde wetgewing vervat egter verskillende terme van sake wat by die KBS aangemeld kan word. Dit is belangrik dat al die sake in die genoemde wetgewing in die ontwikkeling van 'n IAAP opgeneem word, sodat die agente wat aanmeldings hanteer, daarvan sal kennis dra.

- In SA kan kindersake nie by 'n enkele dienspunt aangemeld word nie, maar by drie verskillende punte. Wetgewing identifiseer drie agente, naamlik die DMO, AKBO en PB, wat aanmeldings kan hanteer.
- Wetgewing en beleidsvoorskrifte identifiseer ook verskillende aanmeldings- en responsprosedures met aanmelding by die drie agente. Dit veroorsaak dat sommige sake nie hanteer word nie, aanmeldings word in isolasie hanteer en daar is 'n gebrek aan onderlinge koördinasie en samewerking. Dit is noodsaaklik dat daar samewerking is tussen die DMO, AKBO en PB binne die KBS wat sake en aanmeldings hanteer.
- Die wetlike en beleidsvoorskrifte verskaf ook waardevolle tydsraamwerke waarbinne die drie agente aanmeldings binne die KBS moet hanteer. Op hierdie stadium blyk dit asof die drie agente nie van sodanige tydsraamwerke en voorskrifte kennis dra nie.
- Al drie agente se eerste prioriteit is om die kind se veiligheid en welsyn te verseker, as sodanige kind se veiligheid en welsyn in gevaar is. Daar sal bepaal moet word van watter risiko-assesseringsriglyne die drie agente gebruik moet maak om die veiligheid en welsyn van die kind te bepaal. Voorts is dit van belang om presies te bepaal watter PB oor dié verantwoordelikheid beskik, want die CA verwys slegs na PB. Beleidsvoorskrifte verskaf ook waardevolle riglyne vir die hantering van nauurse aanmeldings, wat nie altyd uitgevoer word nie. Die AMW beskik ook oor relatiewe nuwe beleidsvoorskrifte vir die uitvoering van 'n aanvanklike assessering van die aanmelding, en daar behoort vasgestel te word of AMW's oor sodanige kennis beskik.
- Alhoewel die CA bepaal dat die drie agente komplementerende rolle in die hantering van aanmeldings het, word dit nie altyd in die praktyk toegepas nie. Dit is van belang in die ontwikkeling van 'n IAAP dat sodanige komplementerende rolle aangespreek word.
- Binne die KBS beskik slegs die AMW oor die wetlike mag om te beslis of daar enige waarheid in 'n aanmelding is deur dit te ondersoek. Dit beteken dat PB's wat aanmeldings hanteer, alle aanmeldings direk na die verantwoordelike AMW moet verwys vir ondersoek.
- Voorts beskik slegs die AMW oor die wetlike magte om alternatiewe optrede te inisieer ten opsigte van 'n betrokke kind, naamlik om maatreëls in te stel om die kind by te staan, of 'n PB te versoek om - as dit in die betrokke kind se beste

belang is - die beweerde oortreder te verwyder vanuit die woning waar die kind woon, of om die betrokke kind uit die huis te verwyder waar die kind woon deur die toepaslike statutêre optrede.

- Daar word aanbeveel dat deelnemende agente oor 'n tydsraamwerkkriteria moet beskik vir die beoordeling en hersiening van die protokol. Die fokus van die navorsing is slegs om die bruikbaarheid van die IAAP vir die KBS te bepaal.

11. AANBEVELINGS

- Dat die drie agente wat deur die CA geïdentifiseer word, naamlik die PB, DMO en AKBO, by die ontwikkeling van die IAAP betrek word;
- dat die NPF se missieverklaring vir die KBS in SA as missieverklaring van die IAAP gebruik word;
- dat die sake wat ingevolge artikel 110(1)(2) van die CA by die KBS in SA aangemeld kan word, die sake sal wees wat deur die protokol aangespreek gaan word en so deur die IAAP aangetoon word;
- dat die relevante wetgewende instansies en beleidmakers aandag gee aan die moontlike verwarring tussen die definisies van die CA en dié van die CLAA, in die lig van die noodsaaklikheid dat rolspelers dieselfde terme en definisies gebruik;
- dat daar met die agente uitgeklaar word of die bestaande definisies (*interpretation of terms*), soos dit in die CA en in die CLAA voorkom, in die IAAP opgeneem moet word of nie;
- dat die agente by wie aanmeldings ingevolge artikel 110(1)(2) van die CA gemaak kan word, betrokke sal wees by die ontwikkeling van die IAAP en dat dit so deur die IAAP aangetoon sal word;
- dat die CA se aanmeldings- en responsprosedures, soos in artikel 110(4)(5)(6)(7)(8) van die CA uitgespel is, in die IAAP opgeneem sal word;
- dat die moontlikheid om 'n vorm vir aanmeldings ingevolge artikel 110(4)(b) en artikel 110(6)(a) daar te stel, ondersoek word;
- dat die probleem van die krisisdienstrooster aangespreek word;
- dat, aangesien elkeen van die agente se onderskeie response stapsgewys in die IAAP aangetoon sal word, daar nie 'n spesifieke afdeling in die IAAP aan die saak van jurisdiksie afgestaan word nie;
- dat die tydsraamwerke van die CA en meegaande regulasies by die afdelings waarin onderskeie response stapsgewys behandel word, ingewerk sal word;

- dat die prioriteit van ondersoek as deel van die respons in die IAAP opgeneem word;
- dat 'n aparte roloms krywing in die IAAP aangedui word as die agente dit so aandui;
- dat in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS dit baie duidelik uiteengesit sal word dat slegs 'n AMW oor die wetlike magte beskik om te beslis of daar enige waarheid in 'n aanmelding is deur dit te ondersoek;
- dat in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS dit baie duidelik uiteengesit sal word dat slegs 'n AMW oor die wetlike magte beskik om alternatiewe optrede te inisieer ten opsigte van 'n betrokke kind; en
- dat indien die agente wat betrokke is by die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS 'n aanbeveling maak dat die IAAP hersien moet word, dit as 'n aanbeveling vanuit die navorsing gemaak word.

12. BRONNELYS

Acts **see** South Africa.

All Local Safeguarding Children Boards in Wales **kyk** Wales.

Amendment **kyk** South Africa.

Barbados. United Nations Children's Fund Eastern Caribbean Office. 2007. Child Protection in Barbados: the Need for a National Reporting Protocol.

British Columbia. Ministry of Children and Family Development. 2007. The B. C. Handbook for Action on Child Abuse and Neglect: for service providers.

Brittanje **kyk** United Kingdom.

Chitereka, C. 2009. Child Abuse in Africa: What can social workers do? *Rajagiri Journal of Social Development*. Vol. 1(1). Dec.

Chitereka, C. 2010. Child Sexual Abuse in Zimbabwe. The Agenda for Social Workers. *Asia Pacific Journal of Social Work and Development*. Vol. 20(1). Jun.

Consolidated Forms **kyk** South Africa.

Dawes, A. & Mushwana, M. 2007. Monitoring child abuse and neglect. (In Dawes, A., Bray, R. & Van Der Merwe, A., eds. 2007. Monitoring child well-being: A South African rights-based approach. 1st ed. Cape Town: HSRC Press. p. 269-292).

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling **kyk** South Africa. Department of Social Development.

Departement van Welsyn **kyk** South Africa. Department of Welfare.

Department for Children, Schools and Families **kyk** United Kingdom.

Department of Health and Human Services **kyk** North Carolina.

De Vos, A.S. & Strydom, H. 2011. Intervention research. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 473-490).*

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. In-depth review of literature. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 133-141).*

General Regulations Regarding Children **kyk** South Africa.

HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2010. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

Henry County Child Abuse Task Force **kyk** Henry County.

Henry County. Henry County Child Abuse Task Force. 2012. *Henry County Child Abuse Protocol 2012*. Vol. 6, Issue 1. Jul. 2011.

Hunter, C. 2011. Responding to children and young people's disclosures of abuse. Australian Institute of Family Studies. National Child Protection Clearinghouse.

Jones, N. & Holmes, R. 2010. Tackling child vulnerabilities through social protection: lessons from West and Central Africa.

Kanada **kyk** British Columbia.

Keeping Children Safe Coalition **kyk** United Kingdom.

Loffell, J. 2007. Monitoring the situation of children in statutory care. (*In* Dawes, A., Bray, R. & Van Der Merwe, A., eds. 2007. Monitoring child well-being: A South African rights-based approach. 1st ed. Cape Town: HSRC Press. p. 293-327).

Ministry of Children and Family Development **kyk** British Columbia.

North Carolina. Department of Health and Human Services. s.a. DHHS Online Manuals. (Chapter VIII: Protective Services 1407 – Structured Intake).
<http://info.dhhs.state.nc.us/olm/manuals/dss/csm-60/man/CS11407-02.htm> Date of access: 19 Feb. 2013.

Regulasies **kyk** South Africa.

Saskatchewan. The Interdepartmental Child Abuse Committee. 2011. Provincial Child Abuse Protocol 2006. (Updated: January 2011).

September, R.L. 2006. The progress of child protection in South Africa. *International Journal of Social Welfare*, 15 (Suppl. 1):S65-S72.

South Africa. 2005. Children's Act 38 of 2005.

South Africa. 2007. Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32/2007.

South Africa. 2009a. General Regulations Regarding Children.

South Africa. 2009b. Consolidated Forms in Terms of the Regulations under the Children's Act, 2005.

South Africa. 2012a. Children's Act, 2005. Amendment: General Regulations Regarding Children. (Notice No. R. 497). *Government gazette*, 35476:3-21, 29 Jun.

South Africa. 2012b. Children's Act, 2005. Amendments: Sections 151 and 152. (Notice No. 301). *Government gazette*, 35246:23-24, 13 Apr.

South Africa. Department of Social Development. 2002. Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation in South Africa. (Unpublished).

South Africa. Department of Social Development. 2004. National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation.

South Africa. Department of Social Development. 2006. Social Welfare Services. Directorate: Children. Circular 7 of 2006. W4/4/4/4/P. Date of access: 29 Nov. 2006.

South Africa. Department of Social Development. 2009a. National Report: Intersectoral Plan on the Implementation of the Children's Act 38/2005.

South Africa. Department of Social Development. 2009b. National Policy Framework for the Children's Act 38 of 2005 as amended.

South Africa. Department of Social Development. 2010. Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children's Act.

South Africa. Department of Welfare. 2004. Development. Directorate Developmental Social Services: Circular 2 of 2004. W4/4/4/P. Date of access: 21 May 2013.

South Africa. South African Human Rights Commission. 2002. Report on Sexual Offences against Children. Does the Criminal Justice System Protect Children?

South African Human Rights Commission **see** South Africa. South African Human Rights Commission.

Tribal Law and Policy Institute **kyk** United States.

The Interdepartmental Child Abuse Committee **kyk** Saskatchewan.

United Kingdom. Department for Children, Schools and Families. 2010. Working together to safeguard children: a guide to inter-agency working to safeguard and promote the welfare of children.

United Kingdom. Keeping Children Safe Coalition. 2007. Keeping children safe: Standards for child protection. www.keepingchildrensafe.org.uk. Date of access: 7 Jan. 2013.

United Nations. 1990. Convention on the Rights of the Child.

United Nations Children's Fund Eastern Caribbean Office **kyk** Barbados.

United States. Tribal Law and Policy Institute. 2003. Child Abuse Protocol Development Guide.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

Vorms **kyk** South Africa.

Wales. All Local Safeguarding Children Boards in Wales. 2008. All Wales Child Protection Procedures 2008.

Wette **kyk** South Africa.

ARTIKEL 4

'n

Interagentskap- aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat

ARTIKEL 4 'N INTERAGENTSKAP-AANMELDINGSPROTOKOL VIR DIE KINDERBESKERMINGSTELSEL IN DIE VRYSTAAT

ABSTRACT

The child protection system in South Africa does not have an inter-agency reporting protocol. In an attempt to fill this gap the researcher identified current legislation and policy to standardise in an inter-agency reporting protocol for the child protection system in the Free State.

The focus of this article is to evaluate the feasibility of the developed inter-agency reporting protocol for the child protection system in the Free State. The three agents who handle reports within the child protection system in the Free State provided qualitative data from their practical experience on the feasibility of the developed inter-agency reporting protocol for the Free State.

The recommendations will be used to further the development of an inter-agency reporting protocol for the child protection system in the Free State, so that the child who needs care and protection can obtain an effective response during reporting.

SLEUTELTERME:

Interagentskap, Aanmeldingsprotokol, Kinderbeskermingstelsel

1. INLEIDING

Suid-Afrika (hierna, SA) se kinderbeskermingstelsel (hierna, KBS) beskik nie oor 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol (hierna, IAAP) nie. In 'n poging om hierdie leemte te vul, het die navorser wetgewing en beleid geïdentifiseer, geanaliseer, gesistematiseer en in 'n gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures in 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat opgeneem.

Die fokus van dié artikel is om die bruikbaarheid van die IAAP, wat die navorser vir die KBS in die Vrystaat ontwikkel het, te evalueer. Hiervoor is die drie agente wat aanmeldings binne die KBS in die Vrystaat hanteer, se insette verkry om vanuit hulle ervaringsveld 'n kwalitatiewe bydrae te lewer oor die bruikbaarheid van die IAAP wat vir die KBS in die Vrystaat ontwikkel is.

Voortspruitend hieruit sal aanbevelings gemaak word ten opsigte van die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat sodat die kind wat sorg en beskerming benodig, effektiewe toegang tot en respons van die KBS sal kry met aanmelding.

2. PROBLEEMSTELLING

Will (2012:1) verwys na die groot ontevredenheid onder die gemeenskap van Bronville, Welkom (Vrystaat), oor die manier hoe aanmeldings hanteer word. Die gemeenskap beplan om 'n komitee te stig wat ernstig aandag wil gee aan die prosedures wat gevolg word as 'n verkrachtingslagoffer 'n saak by die plaaslike polisie aanmeld. Een van die probleme binne die KBS in die Vrystaat is dat dit nie oor 'n IAAP beskik waarvolgens aanmeldings eenvormig hanteer kan word nie.

Reeds in 2004 meld die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (hierna, DMO) se *National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation* (DMO, 2004:74) (hierna, *NPF of CANE*) dat die ontwikkeling, fasilitering en implementering van intersektorale en interdisiplinêre protokolle nodig is. Geskrewe protokolle is nodig om die verhoudings tussen al die KBS sektore, rolspelers en gemeenskapsgroepe, wat vir die beskerming van kinders verantwoordelik is, te spesifiseer. Daar behoort ook ooreenstemming bereik te word van wat die sleuteltake is, watter dienste in gevalle van kindermishandeling of beweerde kindermishandeling gelewer moet word en hoe die verskillende sektore en rolspelers betrokke is. Sodanige protokolle moet op streek- en plaaslike vlak uitvoerbaar wees, met inagneming van plaaslike dinamika, omstandighede en hulpbronne. September (2006:66) het reeds in 2006 aangetoon dat die ontwikkeling van beleid, eenvormige ingrypingstandaarde en prosedures as prioriteit binne die KBS gesien moet word.

'n Aanmeldingsprotokol kan, indien dit effektief in lyn met ander ingrypings geïmplementeer word, die veiligheidsnet van mishandelde kinders versterk (United

Nations Children's Fund Eastern Caribbean Office, 2007:19). Die DMO (2002) het op nasionale vlak 'n konsep-protokol vir die intersektorale bestuur van kindermishandeling, -verwaarlosing en -eksploitasie in 2002 ontwikkel, by name die *Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation*. Dit is egter nooit geïmplementeer nie. In die Vrystaat is 'n protokol in 2002 deur die provinsiale DMO (Free State, 2002) vir verskeie rolspelers opgestel, naamlik *The Free State Protocol on the Management of Child Abuse*. Ook hierdie protokol is nooit geïmplementeer nie.

Die Tribal Law and Policy Institute van die VSA het in 2003 'n protokolgids by name die *Child Abuse Protocol Development Guide* (2003:8) (hierna, CAPDG) vir die hantering van mishandeling vrygestel. Daarvolgens moet die persone wat die protokol gaan uitvoer, by die ontwikkeling van die protokol betrokke wees. In die geval van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat, is dit drie agente, naamlik die DMO, 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie (hierna, AKBO) en polisiebeampte (hierna, PB). Indien dié agente by die verdere ontwikkeling van die IAAP vir die KBS in die Vrystaat betrek word, kan dit meehelp dat die protokol nie net teoreties is nie, maar ook prakties en bruikbaar.

3. NAVORSINGSVRAAG

Uit bogenoemde ontstaan die volgende navorsingsvraag:

Hoe bruikbaar is die nuutontwikkelde IAAP vir die KBS in die Vrystaat, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig, effektiewe toegang tot en respons van die KBS sal kry met aanmelding?

4. NAVORSINGSDOELSTELLING EN -DOELWITTE

Die oorhoofse doel van die navorsing was om 'n IAAP vir die KBS te ontwikkel waarin bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig effektiewe toegang tot en respons met aanmelding van die KBS kan bekom.

Die doelwit van die artikel is om deur middel van 'n ondersoek waarin die drie agente betrek word, die bruikbaarheid van die IAAP, wat vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is, te bepaal met die oog op die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat.

5. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

interagentskap – die term “interagentskap” word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA binne die KBS in gebruik is, omskryf nie. Die *Handwoordeboek vir die Afrikaanse Taal* (2010:34, 477) omskryf nie interagentskap as een term nie, maar wel “inter” as: “*voorvoegsel met betekenis: tussen, onder ... van byvoorbeeld: onderling of wederkerig gedaan, verrig tussen of gebruikelik tussen*” en “agentskap” as: “*Persoon wat vir ’n ander optree, veral verteenwoordiger van ’n firma*”. Vir die doel van die navorsing verwys interagentskap na persone, in dié geval agente, as verteenwoordigers van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, ’n AKBO of PB, wat onderling optree as hulle aanmeldings binne die KBS hanteer.

aanmeldingsprotokol – die term “aanmeldingsprotokol” word nie in wetgewing of beleid wat tans in SA binne die KBS in gebruik is, omskryf nie. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:8) omskryf aanmelding as: “*proses waardeur bepaal word of ’n persoon as kliënt aanvaar kan word of na ’n ander hulpbron verwys moet word.*” Die CAPDG (Tribal Law and Policy Institute, 2003:4) omskryf protokol as: “*a set of policies, procedures and agreements to be followed when there is an allegation of child abuse and a collaboration tool to assure agencies are working together without duplicating or overlapping tasks*”. Vir die doel van die navorsing verwys aanmeldingsprotokol na die proses waarvolgens die agente, wat aanmeldings binne die KBS hanteer, optree. Sodoende word beleid, prosedures en ooreenkomste wat uitgevoer behoort te word in die hantering van kindermishandelingsake en wat as ’n hulpmiddel dien om samewerking tussen agente te bevorder, gekoördineer sodat daar nie oorvleueling of duplisering in die hantering van sake met aanmelding is nie.

kinderbeskermingstelsel – die DMO se *Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children’s Act* omskryf KBS as: “*refers to an integrated and co-ordinated network of services designed to promote the well-being of children by ensuring safety, achieving permanency, and strengthening families to successfully care for their children*” (DMO, 2010:132). Vir die doel van die navorsing verwys die KBS na die geïntegreerde en gekoördineerde netwerk van dienste wat ontwerp is om die welsyn van kinders te bevorder en hulle veiligheid te verseker. Die netwerk van dienste bestaan uit die drie agente, wat deur artikel 110 van die CA (2005:61) geïdentifiseer word, naamlik die PDMO, AKBO of PB, wat aanmeldings ooreenkomstig die ontwikkelde IAAP vir die KBS in die Vrystaat behoort te hanteer.

6. LITERATUURONTLEDING

'n Breedvoerige literatuurontleding is in die eerste drie artikels van die navorsing uitgevoer. Literatuurontleding stel navorsing in konteks en gee 'n beter begrip van die probleem wat nagevors word (Fouché & Delpont, 2011:134). Voorts stel literatuurkontrolering die navorser in staat om die bevindings van die navorsing met bestaande literatuur te vergelyk, waaruit gevolgtrekkings gemaak kan word (Botma *et al.*, 2010:197). In hierdie artikel het die literatuurontleding as grondslag gedien:

- ◆ om 'n analise te maak van wetlike en beleidsvoorskrifte wat tans in SA in gebruik is met aanmelding binne die KBS;
- ◆ om te bepaal wat die belangrikste wetgewing en beleid is wat tans in SA oor agente, sake, persone en response met aanmelding by die KBS ter sprake is. Die bepaling van artikel 110 van die CA (2005:61-62) wat handel oor aanmelding van die mishandelde en verwaarloosde kind en die kind wat sorg en beskerming benodig, is geanaliseer om 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat te ontwikkel; en
- ◆ om die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle te analiseer sodat bepaal kan word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat kan lewer.

Die Ferdinand Postma Biblioteek op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit is as hoofbron gebruik om relevante literatuur te bekom. 'n Verskeidenheid databasisse is geraadpleeg, naamlik EBSCO HOST WEB, Pro Quest, SA Publications, Social Work Abstracts, Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels en SABINET.

7. EMPIRIESE ONDERSOEK

7.1 Navorsingsontwerp

Die navorser het die inligting wat in Fase 1 (probleem-analise en projekbeplanning) en 2 (inligtingsinsameling) van die intervensiemodel (De Vos & Strydom, 2011:480-482) ingesamel is, gebruik om 'n IAAP en meegaande vloekaarte, in Engels, vir die KBS in die Vrystaat te ontwerp. 'n Belangrike element van Fase 3 is om 'n sigbare stelsel te ontwerp (De Vos & Strydom, 2011:482). Die primêre doel van intervensienavorsing is om 'n intervensie te ontwikkel wat effektief is en toegepas kan word deur dié wat in die werklike lewe geraak word (De Vos & Strydom, 2011:486). In dié geval is dit 'n IAAP

vir die agente binne die KBS in die Vrystaat sodat die kind wat aanmeld, effektiewe sorg en beskerming kan ontvang.

Daar is van die evaluerende navorsingsontwerp gebruik gemaak (Fouché & De Vos, 2011:98) om die bruikbaarheid van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat te bepaal. Dit behels dat die IAAP deur die drie agente, naamlik die PDMO, AKBO en PB, geëvalueer is. Die benadering tot die navorsing was kwalitatief van aard (Fouché & De Vos, 2011:96). Die drie agente het vanuit hulle ervaringsveld 'n kwalitatiewe bydrae gemaak tot die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat (Botma *et al.*, 2010:198).

7.2 Deelnemers

Die doelgerigte steekproeftegniek is gebruik om die deelnemers te identifiseer (Strydom, 2011a:232). Die deelnemers is gekies, want hulle neem deel vanuit hulle praktykondervinding en behoort betroubare en geldige data op te lewer (Botma *et al.*, 2010:201). Aanvullend tot die doelgerigte steekproef, is van die sneeubalsteekproeftegniek (Strydom, 2011a:233) gebruik gemaak. Dié aanvullende steekproef is gebruik om te verseker dat 'n voldoende aantal deelnemers aan die navorsing deelneem. Die deelnemers is geselekteer uit agente, naamlik aangewese maatskaplike werkers (hierna, AMW's) en PB's, wat aanmeldings binne die KBS hanteer. 'n Totaal van 22 deelnemers is in Bloemfontein en Welkom geïdentifiseer vir die evaluering van die IAAP wat deur die navorser vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is. (Vir meer inligting oor die deelnemers, sien **punt 10**.) Deelnemers is by die navorsing betrek tot op 'n punt van dataversadiging (Botma *et al.*, 2010:202). Die AMW's van die DMO wat by die navorsing betrek is, is verteenwoordigend van twee distrikskantore in die Vrystaat. Die AMW's van AKBO's wat by die navorsing betrek is, is verteenwoordigend van vier nieregeringsorganisasies (hierna, NRO's) in die Vrystaat. Die PB's van die SAPD wat by die navorsing betrek is, is verteenwoordigend van vier "polisiekomplekse" in die Vrystaat.

In die navorsing is die universum AMW's in diens van die PDMO en AKBO en die PB's is in diens van die SAPD. Die populasie was verteenwoordigend van die universum (Strydom, 2011a:223) en het die volgende ingesluit:

- ♦ Die AMW's in diens van die DMO of AKBO wat ondervinding het van hoe aanmeldings van kindermishandeling en verwaarlosing en kinders wat sorg en

beskerming benodig, ingevolge artikel 110 van die CA binne die KBS in die Vrystaat hanteer behoort te word.

- ♦ Die PB's in diens van die SAPD wat ondervinding het van hoe aanmeldings van kindermishandeling en verwaarlosing en kinders wat sorg en beskerming benodig, ingevolge artikel 110 van die CA binne die KBS in die Vrystaat hanteer behoort te word.

7.3 Meetinstrument

In hierdie geval is van die semi-gestruktureerde onderhoud as prosedure gebruik gemaak. Greeff (2011:360) is van mening dat semi-gestruktureerde onderhoude as studiemetode aangewend kan word om 'n groot hoeveelheid navorsingsdata van verskeie deelnemers te bekom. Die onderhoude het 'n uur tot 'n uur en 'n half geduur. Die oogmerk van die semi-gestruktureerde onderhoude was om die deelnemers die geleentheid te gee om hulle menings vanuit praktykervaring te lewer. Die triangulasie van mening is 'n betroubare metode omdat dit 'n bepaalde saak vanuit verskillende standpunte benader en nie net vanuit een nie (Neuman, 2003:139).

7.4 Prosedure

Die selfopgestelde vraelys met die oog op die semi-gestruktureerde onderhoude is aanvanklik net in Engels (**Bylae B**) opgestel. Die meeste deelnemers (16 uit 22) het egter verkies om die semi-gestruktureerde onderhoud in Afrikaans te voer, en die selfopgestelde vraelys is toe ook in Afrikaans (**Bylae C**) vertaal. Die nommering van die vrae is in ooreenstemming met die nommering van die IAAP, wat vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is, opgestel. Sodoende is verseker dat die wetenskaplike data sistematies gedokumenteer kon word (Schurink *et al.*, 2011:399).

Toestemming (in sommige gevalle was dit mondelings en in ander gevalle skriftelik) is van hoofde van agente verkry, alvorens telefoniese kontak met die agente gemaak is. Die navorser het in al die gevalle vooraf telefoniese kontak met die deelnemers gemaak om vas te stel of hulle bereid is om aan die navorsing deel te neem. Skriftelike toestemming vir deelname aan die navorsing moes slegs vir die AMW's in diens van die DMO in die Vrystaat bekom word. Op 6 Augustus 2013 het die waarnemende hoof van die PDMO (Vrystaat) skriftelike toestemming gegee (**Bylae D**).

Weens die omvattende aard van die navorsing, het die navorser twee aparte boeke geringbind wat die volgende ingesluit het:

- ◆ Die IAAP vir die KBS in die Vrystaat, wat vanuit die literatuurstudie en probleem-analise deur die navorser ontwerp is; en
- ◆ vloeikaarte en bylaes van die onderskeie wetgewing en beleid wat van toepassing is op die ontwerpte IAAP vir die KBS in die Vrystaat.

Bogenoemde werkswyse is gevolg weens die volgende redes:

- ◆ Om die volume van die ontwerpte IAAP vir die KBS in die Vrystaat tot die minimum te beperk; en
- ◆ sodat deelnemers gelyktydig met die lees van die IAAP vir die KBS in die Vrystaat, die vloeikaarte, wetgewing en beleid kon volg.

Die bylaes is op die volgende verskillende kleure papier in die boek ingebind om naslaan te vergemaklik:

- ◆ geel papier - artikels van die CA
- ◆ blou papier - regulasies van die CA
- ◆ room papier - vorms van die CA
- ◆ pienk papier - artikels van die CLAA
- ◆ groen papier - krisisdienste eerste assesseringsverslag (ná ure vir kinders wat aan mishandeling blootgestel word)

'n Skrywe (**Bylae E**) is by die dokumente aangeheg wat die doel van die navorsing verduidelik (Botma *et al.*, 2010:203). Met die beskikbaarstelling van die dokumente is 'n datum vir die semi-gestruktureerde onderhoud vasgestel. Die navorser het 'n dag voor die beplande onderhoud sou plaasvind, die deelnemers weer aan die onderhoud herinner. Die deelnemers het toestemmingsbriewe onderteken (**Bylae F**). Greef (2011:359) meld dat daar 'n opname van die semi-gestruktureerde onderhoude gemaak moet word. Die navorser het 'n skootrekenaar gebruik om die onderhoude op te neem.

7.5 Dataverwerking

Die data-analise-spiraal (Creswell, 2013:182-188) van tematiese organisering is aangewend om die omvattende kwalitatiewe data (sien punt 10) wat gedurende die semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel is, te organiseer. Die data-analise-spiraal is aan die hand van die volgende stappe gedoen:

- Stap 1: Organisering van data
- Stap 2: Lees en die maak van aantekeninge
- Stap 3: Omskrywing, klassifisering en interpretasie van data in kodes en temas
- Stap 4: Interpretasie van data
- Stap 5: Die aanbied en visualisering van data

Die organisering van data en die lees en maak van die aantekeninge is deur die navorser gedoen aan die hand van die vier groepe deelnemers (sien punt 9). Die omskrywing, klassifisering en interpretasie van data het aan die hand van die temas van die IAAP vir die KBS in die Vrystaat plaasgevind om interpretasie van data in verskillende temas en subtemas te kategoriseer. Daarna is data geïnterpreteer om 'n sinvolle aanbieding van die resultate te maak. Daar is van die deduktiewe-en-induktiewe beredeneringsmetode gebruik gemaak om vanaf teorie na hipotese en 'n plan van intervensie te beweeg (Monette *et al.*, 2005:34).

7.6 Etiese aspekte ter sprake

Die verskillende etiese sake waaraan in die navorsing aandag gegee is:

- Volgens Botma *et al.* (2010:203, 209) is dit belangrik dat die deelnemers alle tersaaklike inligting rakende die semi-gestruktureerde onderhoud betyds bekom en oor die doel van die navorsing ingelig word. Verder moet 'n brief aangeheg word, wat die doel van die navorsing uitspel. Die navorser het hieraan voldoen.
- Botma *et al.* (2010:203) meld dat die navorser 'n toestemmingsbrief moet opstel, wat aandui dat die deelnemers ingeligte toestemming gee tot deelname aan die navorsing. Die deelnemers moet die brief onderteken, alvorens hulle aan die semi-gestruktureerde onderhoud deelneem. Die navorser het hieraan voldoen.
- Strydom (2011b:119-120) dui aan dat die navorser op die inligtingsvorm moet aandui dat die anonimiteit van die deelnemers verseker word. Ook aan hierdie vereiste het die navorser voldoen.
- Die navorser is ongeveer 14 jaar werksaam as maatskaplike werker, waarvan 8 jaar by 'n AKBO is en beskik oor die nodige agtergrondkennis om die semi-gestruktureerde onderhoud te kon uitvoer. 'n Selfopgestelde vraelys is gebruik in die uitvoering van die semi-gestruktureerde onderhoud (Botma *et al.*, 2010:205).

- Indien die deelnemers enige vrae gehad het oor die navorsing, was die navorser bereid om dit te beantwoord, binne die konteks van die navorsing. Dit is gedoen in ooreenstemming met Babbie (2007:475) se aanbeveling.
- Volgens Strydom (2011b:126) is dit belangrik om die deelnemers aan 'n navorsingsprojek in te lig oor die uitkomst van die navorsing. 'n Afskrif van die ontwikkelde IAAP vir die KBS in die Vrystaat (**Afdeling F – gekleurde bladsye**) is aan die deelnemers voorsien sodat hulle kan kennis neem van die bevindings wat vanuit die navorsing na vore gekom het. Hierdie is die eerste stap in die voorbereiding vir die moontlike disseminasie van die produk wat vanuit die navorsing voortgevloei het (De Vos & Strydom, 2011:487).

Die nodige toestemming is van die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, verkry. Die projeknommer is NWU-00027-09-A1 (**Bylae G**).

8. BESONDERHEDE VAN SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

Die resultate van die ondersoek is bekom vanuit 22 semi-gestruktureerde onderhoude wat met die drie agente, naamlik AMW's werksaam by die DMO of 'n AKBO en PB's in diens van die SAPD, gevoer is. Die semi-gestruktureerde onderhoude is vanaf 1 Augustus 2013 tot 17 September 2013 uitgevoer.

8.1 Tydsduur van semi-gestruktureerde onderhoude

Weens die omvang van die ondersoek, is die tyd wat afgestaan is aan die uitvoer van die semi-gestruktureerde onderhoude met die deelnemers, omvattend. 'n Somtotaal van 20 ure en 35 minute is soos volg bestee tydens die semi-gestruktureerde onderhoude met die drie agente:

- ◆ 3 ure en 50 minute (18,62%) aan AMW's van die DMO;
- ◆ 5 ure en 30 minute (26,72%) aan AMW's van AKBO's;
- ◆ 5 ure en 15 minute (25,51%) aan uniformtaklede van die SAPD; en
- ◆ 6 ure (29,15%) aan GKS-Eenheidslede van die SAPD.

9. PROFIEL VAN DEELNEMERS

Die deelnemers aan die navorsing is van Bloemfontein en Welkom in die Vrystaat afkomstig. Die Vrystaat maak 6% (drie miljoen) van die bevolking van SA uit en beslaan 11% van die oppervlakte van SA (Wikipedia, 2013). Bloemfontein is die hoofstad van die Vrystaat en dus 'n stedelike omgewing, terwyl Welkom 'n meer

landelike gebied is. Vier verskillende groepe deelnemers is vir die navorsing geïdentifiseer, naamlik:

Groep 1-deelnemers: 5 AMW's van die DMO vanuit die Motheodistrik (Bloemfontein-kantoor) en Lejweleputswadistrik (Welkomkantoor). Die Motheodistrikskantoor bedien die groter Bloemfontein-area, terwyl die Lejweleputswadistrik die volgende areas bedien: Allanridge, Boshoff, Bothaville, Brandfort, Bultfontein, Dealesville, Glen, Henneman, Hertzogville, Odendaalsrus, Soutpan, Theunissen, Ventersburg, Verkeerdevlei, Welkom, Wesselsbron en Winburg.

Groep 2-deelnemers: 5 AMW's in diens van 'n AKBO is geselekteer vanuit CWSA Bloemfontein en Welkom (Goldfields), asook vanuit die Vrystaattak van Versorging in Aksie in Welkom. CWSA Bloemfontein en Childline Free State is geïdentifiseer aangesien hulle ook verantwoordelik is vir die krisisdienstrooster in Bloemfontein.

Groep 3-deelnemers: 6 Uniformtaklede wat by gemeenskapsentrums in Bloemfontein en Welkom werk, wat aanmeldings van kindersake hanteer.

Groep 4-deelnemers: 6 GKS-Eenheidslede in Bloemfontein en Welkom, wat misdryf- en seksuele misdryfsake teenoor kinders hanteer. Die Vrystaat bestaan uit 18 verantwoordelike stasies ("clusters" of "polisiekomplekse"), wat spesialiseer in die hantering van kindersake (Lynn, 2013:1-3). GKS-Eenheidslede is vanuit die volgende drie "polisiekomplekse" geïdentifiseer, wat verantwoordelik is vir die volgende satellietstasies:

Mangaung "kompleks"	Parkweg "kompleks"	Welkom "kompleks"
1. Kopanong	1. Parkweg Thabure	1. Allanridge
2. Heidedal	2. Navalsig	2. Odendaalsrus
3. Batho	3. Bayswater	3. Bothaville
4. Kagisanong	4. Tierpoort	4. Wesselsbron
5. Bloemspruit		

Samevattend het die 22 deelnemers aan die ondersoek uit die volgende bestaan:

Die CA verwys na 'n PB as enige lid van die SAPD (SA, 2005:19), wat aanmeldings van kindersake kan hanteer (SA, 2005:61). Aangesien die empiriese ondersoek uitgewys het dat beide uniformtaklede by gemeenskapsentrums en lede van die GKS-Eenheid betrokke is by die hantering van aanmeldings, sal vir die doel van die

terugvoer telkens na dié spesifieke lid verwys word as terugvoer gegee word. As na PB verwys word, word na beide dié kategorie lede verwys.

10. BESPREKING VAN DATA VERKRY UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die fokus van die navorsing was om vanuit die pragmatiese verklaringsraamwerk (Creswell, 2003:28) te bepaal of die konsep IAAP bruikbaar is met die oog op die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat. Die data wat van die deelnemers bekom is, word aan die hand van die hoofemas van die IAAP wat vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is (**sien Afdeling F – gekleurde bladsye**), aangebied en waar nodig word die resultate aan die hand van subtemas aangebied (Delpont & Fouché, 2011:428).

10.1 Tema 1: Inleidende notas

(Afdeling F – IAAP, punt 1, p. 5)

Die deelnemers was dit eens dat die inleidende notas wat die navorser by die IAAP vir die KBS in die Vrystaat ingesluit het, voldoende is.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

☺ Dat die inleidende notas sonder verandering in die protokol opgeneem word.

10.2 Tema 2: Wetlike en beleidsvoorskrifte

(Afdeling F – IAAP, punt 2, p. 5)

'n Lys van wetlike beleidsdokumente, wat belangrike elemente vir die hantering van aanmeldings deur die agente binne die KBS bevat, is in die ontwerpte IAAP vir die KBS in die Vrystaat opgeneem. Die deelnemers was dit eens dat die wetlike en beleidsvoorskrifte wat opgeneem is, voldoende is.

Dit het wel gedurende die onderhoude na vore gekom dat die SAPD nasionale instruksies ontwikkel wanneer nuwe wetgewing verskyn. Binne die konteks van die navorsing, het die SAPD die *National Instruction 3/2008* (SAPD, 2008) (hierna, *NI 3/2008*) vir seksuele misdrywe en die *National Instruction 3/2010* (SAPD, 2010) (hierna, *NI 3/2010*) vir kinders wat sorg en beskerming in terme van die CA benodig, ontwikkel.

Die deelnemers is gevra of die toepaslike wetgewing en beleid as bylaes tot die protokol aangeheg moet word, en of dit in die onderskeie afdelings in die protokol self opgeneem moet word. Die deelnemers se respons was oor die algemeen dat die toepaslike wetgewing en beleid nie bylaes tot die protokol moet wees nie, maar dat dit in die onderskeie afdelings van die IAAP opgeneem moet word. Een treffende opmerking was: *“Sit die koppie by die piering, dan is alles ten minste bymekaar ... eerder een dik boek vir die praktyk.”*

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die *NI 3/2008* (SAPD, 2008) en *NI 3/2010* (SAPD, 2010) in die protokol opgeneem word.
- ☺ Dat die toepaslike wetgewing en beleid in die protokol sêlf opgeneem word en nie as bylaes tot die protokol aangeheg word nie.

10.3 Tema 3: Doel- of missieverklaring

(Afdeling F – IAAP, punt 3, p. 6)

Volgens die *CAPDG* (Tribal Law and Policy Institute, 2003:10) is die eerste stap om 'n doel- of missieverklaring te formuleer. Dit is die basis van die hele dokument. Dit spel uit wat die agente se oortuigings oor die saak is en waarom 'n protokol noodsaaklik is. Die deelnemers het die doel- of missieverklaring in die ontwerpte IAAP eenparig aanvaar.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die doel- of missieverklaring sonder verandering in die protokol opgeneem word.

10.4 Tema 4: Algemene beginsels van toepassing op aanmelding

(Afdeling F – IAAP, punt 5, p. 9-11)

Die algemene beginsels in die *CA* wat op aanmelding van toepassing is, is aan die deelnemers voorgehou vir moontlike opname in die IAAP.

10.4.1 Subtema: Geen vertraging in enige aksie of besluitneming nie

(Afdeling F – IAAP, punt 5.1, p. 9)

Die deelnemers was dit eens dat hierdie 'n baie belangrike beginsel is wat gedurende die aanmeldingsproses toegepas behoort te word. Sommige deelnemers het wel genoem dat daar sekere probleme in die toepassing van die beginsel is. Die volgende probleme is deur die deelnemers geïdentifiseer:

- AMW's van AKBO's sukkel om effektiewe skakeling met AMW's van die DMO en GKS-Eenheidslede te bewerkstellig, wat sake laat sloer.
- AMW's en GKS-Eenheidslede voel dat uniformtaklede baie keer lui is met die hantering van kindersake. In die praktyk gebeur dit dat 'n uniformtaklid wat 'n aanmelding hanteer, nie eens behoorlik aandag aan die saak gee nie maar sal poog om dit so gou moontlik op 'n AMW of GKS-Eenheidslid af te skuif.
- GKS-Eenheidslede in Welkom het vervoerprobleme. Die Welkom "polisiekompleks" se bedieningsarea is wydverspreid en aksies word vertraag as die lid nie oor vervoer beskik nie.
- Uniformtaklede sal in sommige gevalle nalaat om 'n aanmelding die betrokke aand van aanmelding te hanteer of om dit na die toepaslike GKS-Eenheidslid op bystand te verwys. As daar eers die volgende oggend aandag aan die saak gegee word, kan dit gebeur dat die kinderslagoffer nie meer met die saak wil voortgaan nie.
- Baie deelnemers het gesê dat daar nie by tydsraamwerke gehou word met aanmelding nie. Een deelnemer het gesê: *"Omdat ons kulture so verskil, ons maniere van opvoeding so verskil, kom daarin dat my tyd is nie jou tyd nie – wat vir die een belangrik is, is nie vir die ander een belangrik nie – so ek voel dat hulle 'n baie duidelike tydspanne aan aanmelding moet sit."* Nog 'n rede waarom daar nie by tydsraamwerke gehou word nie, is dat sommige agente nie kennis dra van die tydsraamwerke wat bestaan nie. In hierdie verband is dit belangrik om daarvan kennis te neem dat die CAPDG (Tribal Law and Policy Institute, 2003:11) meld dat dit belangrik is om duidelike tydsraamwerke te ontwikkel.

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die beginsel van *Geen vertraging in aksie of besluitneming* nie sonder verandering in die protokol opgeneem word.
- ☺ Dat tydsraamwerke baie duidelik by elke stap, waar van toepassing, aangedui sal word.

10.4.2 Subtema: Hou partye ingelig

(Afdeling F – IAAP, punt 5.2, p. 9)

Die deelnemers het nie enige groot probleme geïdentifiseer met die uitvoering van hierdie beginsel nie. Oor die algemeen het die deelnemers aangedui dat hulle hul bes doen om partye wat betrokke is, ingelig te hou oor die vordering van die saak. Die GKS-Eenheidslede het bevestig dat hulle oor standaardprosedures beskik om die klaer in 'n saak tweewekliks skriftelik in kennis te stel van die huidige status rakende die ondersoek. 'n SAPD 429(b)-vorm word vir dié doeleindes gebruik.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die beginsel van *Hou partye ingelig* sonder verandering in die protokol opgeneem word.

10.4.3 Subtema: Beste belange-standaard

(Afdeling F – IAAP, punt 5.3, p. 9-10)

Deelnemers het uiteenlopende respons rakende hierdie beginsel gegee. Oor die algemeen het die AMW's kennis gedra van dié beginsel. Sommige van die GKS-Eenheidslede dra kennis van die beginsel en ander nie. Die uniformtaklede het aangedui dat hulle glad nie van dié beginsel kennis dra nie. Ten spyte van die CA, dui die *NI 3/2010* (SAPD, 2010:1, 6, 7) ook aan dat lede van die SAPD, wat aanmeldings van kinders hanteer, die Beste belange-standaard se faktore moet toepas.

Verder was die deelnemers dit eens dat die vloekaart wat die beste belange-faktore uiteensit, duidelik en bruikbaar is vir die hantering van aanmeldings. Die meeste deelnemers het gesê dat, hoewel dit goed is dat die faktore wat in die bepaling van die

beste belang van die kind in ag geneem moet word in die vloeikaart voorkom, dit ook goed sal wees indien dit in die protokol self opgeneem word.

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die beginsel dat die beste belang van die kind alle optrede moet bepaal, sonder verandering in die protokol opgeneem word.
- ☺ Dat die faktore wat in die bepaling van die beste belang van die kind in ag geneem moet word, in die protokol self opgeneem word én as 'n vloeikaart **(Afdeling F – IAAP, p. 43)** tot die protokol aangeheg word.

10.4.4 Subtema: Deelname van die kind

(Afdeling F – IAAP, punt 5.4, p. 11)

Die deelnemers het aangedui dat hulle wel hierdie beginsel uitvoer as die kind wat by die aanmelding betrokke is, oud genoeg is om 'n sinvolle bydrae te lewer. Verder was die deelnemers van opinie dat kinderslagoffers baie keer te getraumatiseer is om met aanmelding 'n sinvolle bydrae te lewer en die finale besluit van watter optrede uitgevoer word, by die agent berus.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die beginsel van *Deelname van die kind* sonder verandering in die protokol opgeneem word.

10.5 Tema 5: Agente

(Afdeling F – IAAP, punt 6, p. 11)

10.5.1 Subtema: Agente se kennis van wie die agente binne die kinderbeskermingstelsel is

Sekere deelnemers het aangedui dat hulle nie bekend is met al drie agente wat in artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) geïdentifiseer word nie. Dit was veral uniformtaklede wat nie geweet het dat daar twee groepe AMW's is wat as agente deur die CA geïdentifiseer word nie. Een uniformtaklid het dit soos volg gestel: “Gewone uniformlede weet nie daar is drie agente nie, hulle weet net van GKS-Eenheidslede en

maatskaplike werkers in die algemeen.” Baie uniformtaklede was onder die indruk dat die DMO en AKBO een agent is.

Uit die onderhoude het dit geblyk dat die IAAP wat ontwikkel is, bruikbaar is om agente se gebrek aan kennis van wie die agente binne die KBS is, aan te spreek. Een uniformtaklid het die volgende gesê: *“Ja, het nou geleer dat AKBO ook ’n agent is, het nie besef dat AKBO en DMO dieselfde werk doen nie, ook nie dat AKBO aanmeldings binne die KBS hanteer nie.”*

’n Baie sinvolle voorstel, wat deur ’n paar deelnemers gemaak is, is dat die onderskeie agente op die vloekaart as Agent 1, Agent 2 en Agent 3 aangedui word.

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van ’n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die uiteensetting van wie die agente is, met enkele veranderings (sien punt 10.5.2 en 10.5.4), in die protokol opgeneem word.
- ☺ Dat die vloekaart wat sê wie die agente is, as vloekaart **(Afdeling F – IAAP, p. 39)** by die protokol aangeheg word, met die byvoeging dat die agente as Agent 1, Agent 2 en Agent 3 aangedui word.

10.5.2 Subtema: Hoe daar in die protokol na die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling verwys moet word

Op ’n vraag aan die deelnemers of daar na PDMO of DMO as agent verwys moet word, is die volgende respons ontvang:

- Al 10 AMW’s was eenstemmig dat die IAAP vir die KBS eerder na DMO moet verwys in plaas van PDMO. Die primêre rede wat aangevoer is, is dat aanmeldings binne die KBS nie deur die provinsiale kantore van die DMO in die Vrystaat hanteer word nie, maar deur die 12 distrikskantore (Dippenaar, 2013:1-4) van die DMO in die Vrystaat.
- Die PB’s was ook eenstemmig dat daar in die IAAP vir die KBS in die Vrystaat na DMO verwys moet word, en nie na PDMO nie.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van ’n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat daar in die protokol na DMO, in plaas van PDMO, as agent verwys word.

10.5.3 Subtema: Hoe daar in die protokol na 'n aangewese kinderbeskermingsorganisasie verwys moet word

Op 'n vraag aan die deelnemers of daar na AKBO of KBO as agent verwys moet word, is die volgende antwoord ontvang:

- Sewe van die 10 AMW's het aangetoon dat daar steeds na AKBO verwys moet word en dat dié agent se naam nie na KBO gewysig moet word nie. Die deelnemers se motivering hiervoor is dat nie alle NRO's in SA oor die wetlike magte beskik om as AKBO's te funksioneer nie. Ingevolge artikel 107(1)(3) van die CA (2005:61) moet 'n AKBO aansoek doen om aangewese kinderbeskermingsdienste te lewer. Mahery *et al.* (2011:9) omskryf “designated” as: *“In the context of the Children’s Act it means to be specially and officially ‘selected’. It can be either a person, an organisation or a service that is officially ‘designated’ (selected) in terms of the Act.”*
- Van die 12 PB's was tien baie onseker oor hoe daar na AKBO's verwys moet word. Aangesien hulle min kennis oor AKBO's as agente het, kon hulle nie werklik 'n opinie uitspreek nie.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat daar in die protokol na AKBO as agent verwys word.

10.5.4 Subtema: Hoe daar in die protokol na 'n polisiebeampte verwys moet word

Die PB is die enigste agent waar die wetgewer in artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) na die professionele kapasiteit van die agent verwys en nie na die instansie se naam (die SAPD) nie. Op 'n vraag aan die deelnemers of daar na PB of SAPD as agent verwys moet word, is die volgende antwoord ontvang:

- Uit 'n totaal van 12 PB's, het tien deelnemers aangetoon dat na SAPD verwys moet word.
- Uit 'n totaal van 10 AMW's, het agt deelnemers aangetoon dat na SAPD as agent verwys moet word, terwyl twee deelnemers aangetoon het dat daar steeds na PB verwys word.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat daar in die protokol na SAPD, in plaas van PB, as agent verwys word.

10.6 Tema 6: Sake

(Afdeling F – IAAP, punt 7, p. 11-17)

10.6.1 Subtema: Die uiteensetting van sake

Die deelnemers het aangedui dat die uiteensetting van sake in die IAAP wat ontwikkel is, vir hulle duidelik is. Die verskil tussen Groep 1-sake (mishandeling en doelbewuste verwaarloosing) en Groep 2-sake (sorg en beskerming), soos dit in die ontwerpte IAAP aangetoon is, is vir hulle duidelik. Die deelnemers was dit eens dat die vloeikaart oor sake bruikbaar is.

Uit die onderhoud het dit geblyk dat die uniformtaklede nie erns daarmee maak om vir hulleself uit te klaar dat daar twee groepe sake is wat by hulle aangemeld en hanteer behoort te word nie. Die rede is omdat hulle nie sake self hanteer nie, maar dit verwys. Sien **punt 10.8.1** vir meer besonderhede.

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die uiteensetting van sake sonder verandering in die protokol opgeneem word.
- ☺ Dat die vloeikaart wat sê watter sake (**Afdeling F – IAAP, p. 40**) aangemeld kan word, as bylae tot die protokol aangeheg word, met die byvoeging dat die sake as Groep 1 en 2 aangedui word.

10.6.2 Subtema: Omskrywing van begrippe

Die meerderheid deelnemers het aangedui dat hulle nie kennis dra van die omskrywing van begrippe in die CA en CLAA nie. Die meerderheid deelnemers het ook gevoel dat die omskrywing van begrippe in die protokol self opgeneem moet word en nie as 'n aparte bylae tot die protokol aangeheg moet word nie. In die DMO se *Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation in South Africa* (DMO, 2002:6) word gemeld dat alle rolspelers daarby sal moet hou om dieselfde terme en definisies te gebruik as hulle na mishandeling van

kinders verwys, en dat hulle op gereelde basis hulself sal vergewis van veranderings wat plaasvind as daar na die aard van mishandeling verwys word.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die CA en CLAA se omskrywing van begrippe in die protokol self opgeneem word en nie as 'n bylae tot die protokol aangeheg word nie.

10.6.3 Subtema: Identifisering van kind wat sorg en beskerming benodig

Die uniformtaklede het spesifiek aangedui dat hulle nie bekend is met die omskrywing van wie die kind is wat sorg en beskerming benodig nie, hoewel die NI 3/2010 (SAPD, 2010:10) dit aandui. Uit die onderhoude het dit geblyk dat die vloekaart wat aandui wie die kind is wat sorg en beskerming benodig, duidelik en bruikbaar is. Die meerderheid deelnemers het ook gevoel dat die omskrywing van wie die kind is wat sorg en beskerming benodig, in die protokol self opgeneem moet word en nie as 'n aparte bylae tot die protokol aangeheg moet word nie.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die omskrywing van wie die kind is wat sorg en beskerming benodig, in die protokol self opgeneem word én as 'n vloekaart (**Afdeling F – IAAP, p. 41**) tot die protokol aangeheg word.

10.6.4 Subtema: Lys van seksuele misdade

Die AMW's en uniformtaklede het oor die algemeen nie oor die kennis beskik aan watter seksuele misdrywe 'n kind blootgestel kan word nie, terwyl die GKS-Eenheidslede 'n redelike kennis daarvan gehad het. Uit die onderhoude het dit geblyk dat die deelnemers die vloekaart wat 'n lys van seksuele misdade bevat, as duidelik en bruikbaar beskou het. Die meerderheid deelnemers het ook gevoel dat die lys van seksuele misdade in die protokol self opgeneem moet word en nie as 'n aparte bylae tot die protokol aangeheg moet word nie.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die lys van seksuele misdade in die protokol self opgeneem word én as 'n vloekaart (**Afdeling F – IAAP, p. 42**) tot die protokol aangeheg word.

**10.7 Tema 7: Persone wat kan aanmeld binne die kinderbeskermingstelsel
(Afdeling F – IAAP, punt 8, p. 18)**

10.7.1 Subtema: Lys van persone wat wetlik verplig word om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld

“Vanuit my ondervinding het agente nie kennis van watter persone wetlik verplig word om aan te meld nie.” Hierdie opmerking van een van die deelnemers verwoord die ervaring van baie deelnemers.

Uit die onderhoude het dit geblyk dat die konsep IAAP bruikbaar is om aan agente 'n duidelike begrip te gee van watter persone wetlik verplig is om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld. Die meerderheid deelnemers het aangetoon dat die groep professionele persone wat in artikel 110(1) van die CA (2005:61) geïdentifiseer word en wat wetlik verplig word om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld, in die verdere ontwikkeling van 'n IAAP opgeneem moet word en nie net in die vloekaart aangedui moet word nie.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die lys van professionele persone wat wetlik verplig word om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld in die protokol self opgeneem word.

10.7.2 Subtema: Uitbreiding van die verpligting om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld na alle persone

Sommige van die deelnemers het opgemerk dat die wetgewing vir die KBS 'n leemte bevat deurdat ouers en familie nie wetlik verplig word om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld nie. Ter aansluiting hierby noem Fouché (2007:55) dat bure ook nie verplig word om mishandeling aan te meld nie. Townsend en Dawes (2004:66) meld dat die meeste gevalle van fisiese mishandeling en verwaarlosing in die kind se huis plaasvind, terwyl die oortreder van seksuele

misdrywe meestal 'n persoon is wat aan die kind bekend is. Die media berig daaglik oor dié soort gevalle. Enkele voorbeelde is:

- ❖ De Wet (2011:5) berig van 'n dogter wat vanaf 2006, toe sy 11 jaar oud was, tot in Maart 2010 aan seksuele molestering blootgestel is. Hy meld dat die beheeraanklaer vir seksuele misdrywe gesê het: “Dit is 'n gruwelike misdaad teenoor 'n kind wat nie veilig was in die huis waar sy was nie en nie deur haar ma bygestaan is nadat die gebeure rugbaar geword het nie.”
- ❖ 'n Onderwyser het 'n 15-jarige kind aan seksuele teistering blootgestel totdat haar voogtante ingegryp en 'n brief aan die skoolhoof en media geskryf het (De Wet, 2012:5).
- ❖ Van Rooyen (2013:1) berig dat 'n pa sy eie twee dogters na bewering jare lank verkrag het en dat talle van die voorvalle in die teenwoordigheid van hulle 50-jarige ma plaasgevind het, sonder dat sy dit aangemeld het.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat 'n aanbeveling aan die wetgewer gemaak word dat alle persone wetlik verplig word om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld.

10.8 Tema 8: Aanvanklike respons van polisiebeampte

(Afdeling F – IAAP, punt 9, p. 19-27)

10.8.1 Subtema: Aanmelding by die Suid-Afrikaanse Polisie

(Afdeling F – IAAP, punt 9.1.1, p. 19-20)

Die uniformtaklede was heeltemal onkundig oor die feit dat hulle ingevolge artikel 110(4)(b) van die CA (2005:61) alle kindersake wat by hulle aangemeld word, moet aanvaar en hanteer. Tydens die onderhoud het die volgende inligting na vore gekom ten opsigte van wat uniformtaklede doen wanneer hulle 'n aanmelding ontvang:

- Wanneer dit volgens die oordeel van die uniformtaklid 'n saak is wat deur die GKS-Eenheid hanteer moet word, kontak die uniformtaklid die GKS-Eenheidslid op bystand. Die uniformtaklid open dan 'n dossier en die GKS-Eenheidslid gaan haal die dossier sodra dit op die MAS-stelsel geregistreer is. Soms kontak uniformtaklede nie die GKS-Eenheidslid nie en registreer slegs die saak op die

MAS-stelsel. Die GKS-Eenheidslid sien dan eers die volgende dag dat 'n saak geopen is.

- Wanneer dit volgens die oordeel van 'n uniformtaklid nie 'n saak is wat deur die GKS-Eenheid hanteer moet word nie en die uniformtaklid is in Bloemfontein werksaam, kontak die uniformtaklid gewoonlik vir Childline om die saak te hanteer.
- Wanneer dit volgens die oordeel van 'n uniformtaklid nie 'n saak is wat deur die GKS-Eenheid hanteer moet word nie en die uniformtaklid is in Welkom werksaam, verwys die uniformtaklede die aanmelder(s) na die DMO of verduidelik waar die DMO se kantore is of laai die aanmelder(s) in die vangwa en neem hom/haar/hulle na die DMO se kantore toe. Indien dit ná ure is, word aan die aanmelder(s) gesê om die volgende oggend na die DMO toe te gaan. Wanneer die uniformtaklid nie weet wat om te doen nie, word die aanmelder(s) soms huis toe gestuur sonder dat die saak hanteer word.
- Wanneer die uniformtaklid onseker is of dit 'n saak is wat deur die GKS-Eenheid hanteer moet word, kontak die uniformtaklid gewoonlik ook die GKS-Eenheidslid op bystand.

Behalwe dat bogenoemde optredes van uniformtaklede in stryd is met die CA, is dit ook in stryd met die *NI 3/2010* (SAPD, 2010). Die *NI 3/2010* (SAPD, 2010:12-13) stel die volgende vereistes:

- ◆ Die lid mag onder geen omstandighede 'n persoon wegwys nie, ongeag in watter stasiewyk dit na bewering plaasgevind het.
- ◆ Indien 'n persoon anoniem wil bly of telefonies aanmeld, moet die lid 'n volledige inskrywing in die Voorvalleboek (hierna, VB) maak.
- ◆ Enige persoon wat 'n aanmelding by 'n lid maak, moet op 'n professionele wyse hanteer word en die versekering kry dat die aanmelding in 'n ernstige lig beskou en deeglik ondersoek sal word.
- ◆ Die lid moet die inligting oorweeg en die klaer versoek om sy of haar gevolgtrekking, of wat hy of sy glo, by wyse van 'n beëdigde verklaring te bevestig.

Die *NI 3/2010* (SAPD, 2010:12-14) spel verder uit dat die lid van die SAPD wat die aanmelding hanteer:

- die beskikbare feite moet oorweeg om te bepaal of die kind sorg en beskerming en onmiddellik dringende beskerming nodig het om sy of haar veiligheid en welstand te verseker;
- verdere ondersoek sal doen indien die beskikbare feite onvoldoende is om te bepaal of die kind sorg en beskerming en onmiddellik dringende beskerming nodig het om sy of haar veiligheid en welstand te verseker;
- na oorweging van die beskikbare feite, insluitend die feite wat tydens die lid se ondersoek aan die lig gekom het, die nodige toepaslike stappe sal doen;
- binne 24 uur nadat die verslag ontvang is, 'n SAPD 581(b)-vorm voltooi en die vorm aan die PDMO of 'n AKBO faks of oorhandig;
- 'n volledige inskrywing in die VB maak;
- bevestiging van ontvangs van die SAPD 581(b)-vorm vanaf die genoemde AKBO of PDMO verkry en 'n toepaslike inskrywing in die VB maak;
- die afskrif van die SAPD 581(b)-vorm, asook die beëdigde verklaring wat van die aanmelder verkry is, liasseer;
- 'n saakdossier oopmaak vir die misdaad wat na bewering gepleeg is en die dossier op die MAS-stelsel registreer indien die PB tevrede is dat daar redelike gronde is om te glo dat 'n misdaad gepleeg is; en
- met die bevelvoerder van die gemeenskapsentrum konsulteer indien die PB nie tevrede is dat daar redelike gronde is om te glo dat 'n misdryf gepleeg is nie.

Die opinie is deur AMW's uitgespreek dat uniformtaklede baie keer die hantering van aanmeldings omseil omdat hulle nie weet hoe om dit te hanteer nie. 'n Uniformtaklid wat as bevelvoerder by 'n gemeenskapsentrum optree, het aangedui dat wanneer daar ná die tyd opgevolg word wat met 'n spesifieke kindersaak gebeur het, daar vasgestel word dat dit doodgeloop het. Loffell (2000:9) bevestig dat baie sake wat by uniformtaklede aangemeld word, deur die krake van die stelsel val. Sommige van die uniformtaklede het aangedui dat dit weens 'n gebrek aan kennis is en dat hulle opleiding in dié verband behoort te ontvang. Wernham *et al.* (2005:12) meld dat polisieopleiding van wesenlike belang is om te verseker dat die PB se kontak met die kwesbare kind positief is. Verder sê hulle dat polisieopleiding help om te verseker dat 'n kind wat sorg en beskerming nodig het, beskerm, ondersteun en bemaagtig word om die beste van hulle moeilike omstandighede te maak.

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die protokol dit duidelik uitspel dat PB's alle sake wat by hulle aangemeld word ingevolge die CA en NI3/2010 (SAPD, 2010) **moet** aanvaar én hanteer.
- ☺ Dat die voorskrifte van die NI3/2010 (SAPD, 2010) ten opsigte van wat die SAPD-lid alles moet doen wanneer hy/sy 'n aanmelding ontvang het, in die protokol opgeneem word.

10.8.2 Subtema: Bepaling of dit 'n Groep 1- of Groep 2-saak is
(Afdeling F – IAAP, punt 9.1.2, p. 20)

Die rede waarom 'n uniformtaklid moet bepaal of dit 'n Groep 1- saak (mishandeling of doelbewuste verwaarlosing) of Groep 2-saak (sorg en beskerming) is, is om te bepaal of 'n Vorm 22 voltooi moet word. 'n Vorm 22 moet slegs in geval van Groep 1-sake voltooi word. Die uniformtaklede het egter uit een mond aangedui dat hulle dit nie as hulle taak sien nie, maar as die taak van die GKS-Eenheidslid. Die GKS-Eenheidslede het egter verskillende antwoorde in hierdie verband gegee. Die GKS-Eenheidslede in Welkom het gesê dat sommige GKS-Eenheidslede (“uit die ou bedeling”) wel 'n Vorm 22 voltooi en na die toepaslike AMW faks nadat hulle die saakdossier van die uniformtaklid ontvang het. Die GKS-Eenheidslede van Bloemfontein het weer gesê dat hulle nie 'n Vorm 22 voltooi nie, maar volgens hulle opdrag in die NI 3/2010 (SAPD, 2010:16,17) 'n SAPD 581(b)-vorm voltooi en by die distrikskantoor van die DMO in Bloemfontein inhandig. Die NI 3/2010 (SAPD, 2010:16,17) se voorskrifte ten opsigte van die voltooiing van 'n SAPD 581(b)-vorm is egter van toepassing op alle sake, ongeag of dit 'n Groep 1- of Groep 2-saak is, terwyl die voltooiing van 'n Vorm 22 slegs op Groep 1-sake van toepassing is. Die rasionaal agter die invul van 'n Vorm 22 vir Groep 1-sake is om te sorg dat besonderhede oor sake van mishandeling en verwaarlosing in die nasionale kinderbeskermingsregister opgeneem word, terwyl 'n SAPD 581(b)-vorm 'n metode is om die DMO of 'n AKBO volgens artikel 110(4)(b) van die CA (2005:61) in kennis te stel van die aanmelding en stappe wat geneem is (sien ook bespreking by **punt 10.8.8**). Hier is twee sake wat nie met mekaar verwar moet word nie. Die beleid van die CA dui egter nie aan watter lid van die SAPD (die uniformtaklid of GKS-Eenheidslid) verantwoordelik is vir die voltooiing van 'n Vorm 22 as 'n Groep 1-saak aangemeld word nie.

Behalwe vir die onderskeiding van Groep 1- en Groep 2-sake, moet die uniformtaklid ook onderskei of die kind 'n slagoffer van 'n misdryf is, aangesien hierdie sake ingevolge die *NI 3/2010* (SAPD, 2010:30) sover moontlik deur of in konsultasie met 'n lid van die GKS-Eenheid ondersoek moet word. **Vir verdere probleme met die invul van Vorm 22, sien punt 10.9.2.**

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die protokol dit duidelik uitspel dat PB's moet bepaal of dit 'n Groep 1- of Groep 2-saak is sodat hulle kan bepaal of 'n Vorm 22 ingevul moet word.
- ☺ Dat die protokol dit duidelik uitspel dat PB's in geval van Groep 1-sake 'n Vorm 22 moet invul en dat hulle dit nie in die geval van Groep 2-sake moet doen nie.
- ☺ Dat die SAPD sal moet uitklaar watter lid (die uniformtaklid of GKS-Eenheidslid) verantwoordelik is om 'n Vorm 22 met die aanmelding van Groep 1-sake te voltooi.
- ☺ Dat 'n Vorm 22 as bylae (**Afdeling F – IAAP, p. 45-50**) tot die protokol aangeheg word.
- ☺ Dat 'n ekstra stap by die protokol gevoeg word, naamlik dat die uniformtaklid moet bepaal of dit 'n saak is waarin die kind die slagoffer van 'n misdryf is.
(Afdeling F – IAAP, punt 9.1.3, p. 21)

10.8.3 Subtema: Bepaal of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is

(Afdeling F – IAAP, punt 9.1.4, p. 21-22)

Die uniformtaklede was dit eens dat dit nie hulle taak is om te bepaal of 'n kind se veiligheid en welsyn in gevaar is nie. Die rede is omdat hulle nie sake self hanteer nie, maar dit verwys. Sien **punt 10.8.1** vir meer besonderhede. As hulle as uniformtaklede twyfel of 'n kind se veiligheid en welsyn in gevaar is, kontak hulle die GKS-Eenheidslid op bystand. Volgens die uniformtaklid is hulle taak net om 'n saakdossier te open, wat aan die GKS-Eenheidslid op bystand oorhandig word, wat die saak verder hanteer en ondersoek. Oor die algemeen het die GKS-Eenheidslede aangedui dat dit vir hulle moeilik is om te bepaal of 'n kind se veiligheid en welsyn in gevaar is. Die GKS-Eenheidslede in Bloemfontein sal in alle gevalle en enige tyd van die dag of nag Childline skakel om vas te stel wie die AMW is wat op krisisdienste is. Daar word van dié AMW verwag om onmiddellik uit te kom en die GKS-Eenheidslid en

kinderslagoffer by Tshepong-kliniek te ontmoet. Die AMW neem dan die funksie oor om te bepaal of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is. Die GKS-Eenheidslede in Welkom het aangedui dat dit afhang van watter AMW gedurende kantoorure hulp moet verleen, want die respons van AMW's van AKBO's is beter as dié van die DMO. Verder het hulle aangetoon dat hulle soms sukkel om 'n AMW gedurende kantoorure in die hande te kry, en dat geen AMW nourens beskikbaar is nie (DMO, 2004:26). Vir 'n volledige bespreking van die feit dat AMW's nie nourens in Welkom beskikbaar is nie, sien **punt 10.9.1 onder Aanvanklike respons van AMW**.

Die CA (2005:61) bepaal egter in artikel 110(4)(a) dat 'n PB by wie 'n aanmelding gemaak is, die veiligheid en welsyn van die betrokke kind moet verseker indien die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is. Dit veronderstel dat 'n PB moet bepaal of 'n kind se veiligheid en welsyn in gevaar is. Die *NI 3/2010* (SAPD, 2010:14-15) spel uit dat 'n lid van die SAPD die beskikbare feite moet oorweeg of die nodige inligting moet bekom om te bepaal of die kind onmiddellik dringende beskerming nodig het om sy of haar veiligheid en welstand te verseker. Die *NI 3/2010* (SAPD, 2010:10) gee riglyne om te bepaal of 'n kind onmiddellik dringende beskerming benodig.

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die protokol dit duidelik uitspel dat 'n lid van die SAPD by wie 'n aanmelding gemaak is, moet vasstel of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is.
- ☺ Dat die *NI 3/2010* (SAPD, 2010) se riglyne om te bepaal of die kind onmiddellik dringende beskerming benodig, in die protokol opgeneem word.

10.8.4 Subtema: Verseker die veiligheid en welsyn van die kind

(Afdeling F – IAAP, punt 9.1.5, p. 22)

Die uniformtaklede was dit eens dat dit die verantwoordelikheid van die GKS-Eenheidslid is om die veiligheid en welsyn van 'n kind te verseker. Die GKS-Eenheidslede in Bloemfontein was egter van mening dat dit nie hulle taak is om die veiligheid en welsyn van die kind te verseker nie, aangesien dit volgens hulle die taak van die AMW's is. Die GKS-Eenheidslede in Welkom het aangedui dat hulle soms die taak om die veiligheid en welsyn van die kind te verseker self moet verrig, aangesien hulle, soos in **punt 10.8.3** aangetoon, nie altyd die gewenste respons van AMW's gedurende kantoorure ontvang nie en nog minder ná ure.

Soos in **punt 10.8.3** reeds aangetoon is, bepaal die CA (2005:61) egter in artikel 110 (4)(a) dat 'n PB by wie 'n aanmelding gemaak is, die veiligheid en welsyn van die betrokke kind moet verseker, indien die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is. Die NI 3/2010 (SAPD, 2010:16) spel uit dat 'n lid van die SAPD, indien 'n kind onmiddellik dringende beskerming nodig het, die kind se veiligheid en welsyn moet verseker deur die kind sonder 'n hofbevel te verwyder of die beweerde oortreder te verwyder.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die protokol dit duidelik uitspel dat 'n lid van die SAPD by wie 'n aanmelding gemaak is, die veiligheid en welsyn van die kind moet verseker indien die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is, deur óf die kind sonder 'n hofbevel te verwyder óf die beweerde oortreder te verwyder.

**10.8.5 Subtema: Verwyder kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel
(Afdeling F – IAAP, punt 9.1.6, p. 22-23)**

Weereens het die uniformtaklede uit een mond aangedui dat dit nie hulle plig is om kinders te verwyder en in tydelike veilige sorg (hierna, TVS) te plaas nie, maar dat dit uit en uit die plig van die GKS-Eenheidslede is.

Die GKS-Eenheidslede in Bloemfontein voel sterk dat dit primêr die werk van 'n AMW is om 'n kind te verwyder en in TVS te plaas, want hulle besit "*n vierjaar graad en die praktiese ondervinding om kinderhofverrigtinge te inisieer*". Verder is van die GKS-Eenheidslede in Bloemfontein van mening dat die DMO oor die fondse beskik om TVS plasings te identifiseer en te organiseer. Die GKS-Eenheidslede in Bloemfontein maak uitsluitlik van Childline gebruik om 'n AMW te bekom, hetsy gedurende die dag of nag, om 'n betrokke kind na TVS te verwyder, sonder 'n hofbevel. Die GKS-Eenheidslede in Bloemfontein sien dit ook as die AMW se werk om 'n Vorm 36 uit te reik om die kind in TVS te plaas.

In Welkom kontak die GKS-Eenheidslid die AMW direk gedurende kantooreure om 'n kind na TVS te verwyder, sonder 'n hofbevel. Die GKS-Eenheidslede in Welkom het bevestig dat net sekere GKS-Eenheidslede oor lyste van die onderskeie AMW's se werksareas beskik. Hulle beleving is dat sommige GKS-Eenheidslede net nie die moeite doen om die lyste te bekom nie, wat veroorsaak dat kinders in sommige

gevalle in die kwesbare omstandighede gelos word. Die probleem is dat indien 'n kind aan mishandeling of verwaarlosing blootgestel word en in die omstandighede aanbly, kan die kind aan sekondêre mishandeling of verwaarlosing blootgestel word want daar is nie 'n effektiewe respons op die aanmelding nie (Loffell, 2000:6). Die GKS-Eenheidslede in Welkom het bevestig dat hulle ernstige probleme het om 'n AMW ná ure in die hande te kry. Hulle sal dan slegs in ernstige gevalle 'n Vorm 36 uitreik en die kind na TVS verwyder.

Die *NI 3/2010* (SAPD, 2010:18-19) dui aan dat 'n lid wat 'n kind na TVS verwyder, 'n SAPD 581(a)-vorm in drievoud moet voltooi. Die oorspronklike voltooide SAPD 581(a)-vorm word aan die ouer, voog of versorger van die kind oorhandig en die tweede vorm word aan die TVS-ouer as bewys oorhandig. Die derde oorspronklike voltooide SAPD 581(a)-vorm moet in die boek as amptelike rekord geliasseer en gebruik word om verdere afskrifte te maak. Die SAPD 581(a)-vorm vervul basies dieselfde funksie as die Vorm 36 (**Bylae L**) wat deur die *Amendment General Regulations Regarding Children* (2012:5) voorgeskryf word en deur GKS-Eenheidslede van Welkom gebruik word. Die *NI 3/2010* se voorskrif in hierdie verband verskil dus van die *GRCC* se voorskrif. Die praktyk van GKS-Eenheidslede in Welkom verskil van dié van GKS-Eenheidslede in Bloemfontein.

Die *NI 3/2010* (SAPD, 2010:18) bevestig dat indien dit nie vir 'n lid redelikerwys moontlik is om 'n AMW nauurs te bekom nie, 'n plaaslike organisasie, wat geregistreer is om TVS te verskaf, uit die lys geïdentifiseer moet word om vas te stel of die organisasie die kind in TVS sal neem. Indien geen plaaslike organisasie die kind in TVS kan neem nie, moet die lid uitvind of daar enige geskikte familie of 'n geskikte lid van die publiek is wat die kind in TVS kan neem. Die GKS-Eenheidslede in Welkom het aangedui dat hulle nie oor sodanige lys beskik nie en van laasgenoemde twee opsies gebruik maak.

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die protokol dit duidelik uitspel dat 'n lid van die SAPD by wie 'n aanmelding gemaak is, 'n kind na TVS kan verwyder, sonder 'n hofbevel.
- ☺ Dat die protokol sal uitspel dat alle agente 'n Vorm 36 moet gebruik vir die verwydering van 'n kind na TVS.
- ☺ Dat die Vorm 36 as bylae (**Afdeling F – IAAP, p. 61-65**) tot die protokol aangeheg word.

10.8.6 Subtema: Stel relevante persone in kennis van die verwydering van die kind

(Afdeling F – IAAP, punt 9.1.6, p. 22-23)

Die uniformtaklede het hier ook aangetoon dat dit die verantwoordelikheid van die GKS-Eenheidslid is om die relevante persone in kennis te stel van die verwydering van 'n betrokke kind. Die GKS-Eenheidslede was weer van opinie dat dit nie hulle werk is nie, maar dié van die AMW. Die *NI 3/2010* (SAPD, 2010:19-20) sluit aan by die voorskrifte van die CA en meld dat die lid wat 'n kind na TVS verwyder, sonder versuim maar binne 24 uur, die ouer, AMW, die DMO en voor 09:00 die volgende hofdag die klerk van die kinderhof, in kennis moet stel van die verwydering van die kind deur in elke geval 'n afskrif van die SAPD 581(a)-vorm te oorhandig.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die protokol dit duidelik uitspel dat 'n lid van die SAPD by wie 'n aanmelding gemaak is, die relevante persone van die verwydering in kennis moet stel.

10.8.7 Subtema: Uitreik van 'n skriftelike kennisgewing aan die beweerde oortreder

(Afdeling F – IAAP, punt 9.1.7, p. 24)

Die algemene respons van die uniformtaklede was dat hulle nie bewus was van die bepaling van die CA dat 'n PB die beweerde oortreder uit die huis waar die kind woon, kan verwyder nie. Enkele GKS-Eenheidslede het gesê dat hulle hiervan bewus is, maar dat hulle dit nog nooit toegepas het nie.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die bepaling van die CA dat 'n lid van die SAPD 'n skriftelike kennisgewing aan 'n beweerde oortreder kan uitreik om die huis waar 'n kind woon te verlaat, sonder verandering in die protokol opgeneem word.

10.8.8 Subtema: Verwittig die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling of aangewese kinderbeskermingsorganisasie van alle sake

(Afdeling F – IAAP, punt 9.1.8, p. 25-26)

Die uniformtaklede het almal gesê dat hulle nie geweet het dat hulle ingevolge artikel 110(4)(b) van die CA (2005:61) beide Groep 1- en Groep 2-sake na 'n AMW moet verwys vir verdere hantering nie. Die respons van uniformtaklede word deur September (2006:66) bevestig, wat meld dat agente aanmeldings in isolasie hanteer en dit die kans vergroot dat die aanmelder nie 'n effektiewe respons van die agent met aanmelding ontvang nie. Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (South African Human Rights Commission, 2002:51) het bevind dat uniformtaklede wat aanmeldings hanteer, nie oor die vermoë beskik om sake sistematies te verwys nie. Ten spyte van wetlike voorskrifte vir die hantering van aanmeldings, word daar steeds nie hoëgehaltedienslewering deur agente gebied nie en in sommige gevalle lei die kind skade (Waterhouse, 2008:34).

Die *NI 3/2010* (SAPD, 2010:13) bepaal dat 'n PB binne 24 uur nadat die aanmelding ontvang is, 'n SAPD 581(b)-vorm moet voltooi en die vorm faks of oorhandig aan die DMO of AKBO om die aangeleentheid verder te ondersoek. Die PB moet bevestiging vanaf die DMO of AKBO verkry dat hulle die SAPD 581(b)-vorm ontvang het.

Aanvullend tot die bepalings wat die CA en *NI 3/2010* aan die uniformtaklede stel, bepaal die *NI 3/2008* (SAPD, 2008:2-3) en *NI 3/2010* (SAPD, 2010:7-8) sekere verantwoordelikhede waaraan die stasiebevelvoerder moet voldoen om uniformtaklede te bemagtig in die uitvoering van sy of haar pligte, wat die hantering van aanmeldings insluit. Van die GKS-Eenheids- en uniformtaklede het aangedui dat nie alle stasiebevelvoerders van dié pligte bewus is nie. Van hulle response was:

- *“Bevelvoerders dra nie kennis van hoe aanmeldings hanteer moet word nie.”*

- “Gereelde skakeling tussen die uniformtaklede en stasiebevelvoerders moet plaasvind om respons met aanmelding onderling uit te klaar.”
- “Stasiebevelvoerders behoort ook oor ’n lys te beskik waarna die uniformlid die saak moet verwys, want elke ding wat by ’n polisiestasie gebeur, is die stasiekommissaris voor verantwoordelik.”

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van ’n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die bepaling van die CA dat alle sake wat deur lede van die SAPD hanteer word na ’n AMW verwys **moet** word vir verdere hantering en ondersoek, ongeag of die uniformtaklid dit na ’n GKS-Eenheidslid verwys het vir ondersoek, in die protokol opgeneem word.
- ☺ Dat die bepaling van die NI 3/2010 dat die verwysing deur middel van ’n SAPD 581(b)-vorm moet geskied, in die protokol opgeneem word.
- ☺ Dat die verantwoordelikhede van die stasiebevelvoerders onveranderd in die protokol opgeneem word, aangesien dit die hantering van aanmeldings deur uniformtaklede meer effektief kan maak.
- ☺ Dat die SAPD 581(b)-vorm as bylae (**Afdeling F – IAAP, p. 70-72**) tot die protokol aangeheg word.

10.9 Tema 9: Aanvanklike respons van aangewese maatskaplike werker

(Afdeling F – IAAP, punt 10, p. 28-38)

10.9.1 Subtema: Aanmelding by ’n aangewese maatskaplike werker

(Afdeling F – IAAP, punt 10.1.1, p. 28)

AMW’s is veronderstel om aanmeldings gedurende kantoorure en ná ure te hanteer. Die deelnemers het nie enige probleme met aanmelding gedurende kantoorure geïdentifiseer nie, maar wel met naurse aanmeldings. Die DMO (2006:2) is veronderstel om ’n naurse krisisdienstrooster in plek te sit. Indien hulle nie sodanige krisisdienstrooster kan koördineer nie, kan die taak aan ’n AKBO uitgekонтрактеer word. Die AMW’s van Childline Free State het aangetoon dat hulle as koördineerders van die naurse krisisdienst in Bloemfontein optree. Die AMW’s in Welkom het aangedui dat daar nie ’n naurse krisisdienst in Welkom in plek is nie. Soos in **punt 10.8.3.** aangetoon is, skep dit baie probleme vir GKS-Eenheidslede wat ná ure die dienste van ’n AMW benodig.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat alle distrikskantore van die DMO moet toesien dat 'n nauurse krisisdienstrooster in plek is om die hantering van aanmeldings ná ure meer effektief te maak.

**10.9.2 Subtema: Bepaling of dit 'n Groep 1- of Groep 2-saak is
(Afdeling F – IAAP, punt 10.1.2, p. 28-29)**

Al die AMW's wat aan die navorsing deelgeneem het, het aangedui dat dit nie vir hulle moeilik is om onderskeid te maak tussen Groep 1- sake (mishandeling en doelbewuste verwaarlosing) en Groep 2-sake (sorg en beskerming) nie. Alhoewel nie al die AMW's 'n Vorm 22 voltooi met Groep 1-aanmeldings nie, is almal daarvan bewus dat hulle dit moet doen. Die enigste klagte wat sommige van die AMW's gehad het, is dat die Vorm 22 baie omslagtig is en hulle is van opinie dat hulle nie altyd oor voldoende inligting beskik om 'n Vorm 22 volledig te kan voltooi tydens die hantering van die aanmelding nie. Die AMW's beskik almal oor gewone aanmeldingsvorme waarop Groep 2-sake aangemeld word.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die bepaling van die CA dat 'n AMW 'n Vorm 22 moet voltooi as 'n Groep 1-saak aangemeld en hanteer word, onveranderd in die protokol opgeneem word.
- ☺ Dat 'n Vorm 22 as bylae (**Afdeling F – IAAP, p. 45-50**) tot die protokol aangeheg word.

**10.9.3 Subtema: Bepaal of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is
(Afdeling F – IAAP, punt 10.1.3, p. 29-30)**

AMW's wat aanmeldings van kindersake hanteer, behoort oor die vermoë te beskik om te bepaal of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is (Wernham *et al.*, 2005:25). Die AMW's het aangedui dat hulle nie oor 'n eenvormige riglyn beskik wat gebruik kan word om te bepaal of 'n kind se veiligheid en welsyn in gevaar is nie. Sodra 'n AMW 'n aanmelding van 'n kindersaak hanteer en dit nodig is om die veiligheid en welsyn van die kind te verseker, beteken dit dat dit 'n krisis-

georiënteerde diens is wat aan die gesin gelewer word (Strydom, 2008:170). White en Walsh (2006:1) van Wallis meld dat die agent wat die aanmelding hanteer, oor 'n riglyn behoort te beskik wat die potensiële graad van risiko van mishandeling of verwaarlosing bepaal.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die nasionale kantoor van die DMO versoek word om 'n eenvormige risiko-assesseringsriglyn vir AMW's te ontwikkel sodat die graad van risiko waaraan die kinderslagoffer blootgestel word, bepaal kan word.

10.9.4 Subtema: Verseker die veiligheid en welsyn van die kind

(Afdeling F – IAAP, punt 10.1.4, p. 30-31)

Die AMW's het aangedui dat hulle bewus is van die faktore wat in ag geneem moet word om te bepaal wat in die beste belang van die kind is, soos uiteengesit in artikel 7 van die CA (2005:20-21). Nie al die AMW's het met oortuiging gesê dat hulle dit as riglyn gebruik om 'n kind se veiligheid en welsyn te verseker nie. Verder was die AMW's dit eens dat die vloeikaart waarop die faktore uiteengesit word, baie bruikbaar is, maar dat die faktore ook in die protokol self opgeneem moet word en nie net as 'n bylae tot die protokol aangeheg word nie.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die faktore wat in ag geneem moet word om te bepaal wat in die beste belang van die kind is, in die protokol self opgeneem word én as 'n vloeikaart **(Afdeling F – IAAP, p. 43)** tot die protokol aangeheg word.

10.9.5 Subtema: Verwyder die kind na tydelike veilige sorg sonder 'n hofbevel

(Afdeling F – IAAP, punt 10.1.5, p. 31)

Al die AMW's het aangedui dat hulle nie probleme ondervind om 'n kind na TVS te verwyder, sonder 'n hofbevel nie. Hier kan gemeld word dat AMW's van 'n Vorm 36 gebruik maak. Sien bespreking by **punt 10.8.5**.

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die bepaling dat 'n AMW 'n kind na TVS kan verwyder, sonder 'n hofbevel , onveranderd in die protokol opgeneem word.
- ☺ Dat 'n Vorm 36 as bylae (**Afdeling F – IAAP, p. 61-65**) tot die protokol aangeheg word.

**10.9.6 Subtema: Stel relevante persone in kennis van verwydering
(Afdeling F – IAAP, punt 10.1.5, p. 31)**

Al die AMW's het aangetoon dat hulle nie probleme ondervind om die relevante persone in kennis te stel van die verwydering van die betrokke kind nie.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die bepaling dat 'n AMW relevante persone in kennis moet stel van die verwydering van 'n kind, onveranderd in die protokol opgeneem word.

**10.9.7 Subtema: Versoek polisiebeampte om die beweerde oortreder uit die huis te verwyder
(Afdeling F – IAAP, punt 10.1.6, p. 32)**

Die AMW's was dit eens dat hulle bewus is van die bepaling van die CA dat hulle 'n PB skriftelik kan versoek om eerder die beweerde oortreder uit die huis waar die kind woon te verwyder as dit in die beste belang van die kind is, maar nog nie een het van dié bepaling gebruik gemaak nie.

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die bepaling dat 'n AMW 'n PB kan versoek om 'n beweerde oortreder uit die huis waar die kind woon te verwyder, onveranderd in die protokol opgeneem word.
- ☺ Dat die Vorm 24 as bylae (**Afdeling F – IAAP, p. 60**) tot die protokol aangeheg word.

10.9.8 Subtema: Krisisdiensterker voltooi relevante vorms en verwys aanmelding

(Afdeling F – IAAP, punt 10.1.7, p. 32)

Slegs die AMW's in diens van 'n AKBO genaamd CWSA, Bloemfontein, maak deel uit van die krisisdienstrooster wat deur Childline Free State gekoördineer word. Hulle het bevestig dat hulle die "Crisis intervention first assessment report emergency after hours services to child victims of abuse, crime and violence"-vorm voltooi.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die eerste assesseringsvorm wat deur krisisdienster AMW's voltooi word in die hantering van aanmeldings, as bylae (Afdeling F – IAAP, p. 66-69) tot die protokol aangeheg word.

10.10 Verdere ondersoek deur aangewese maatskaplike werker

10.10.1 Subtema: Aanvanklike assessering van aanmelding

(Afdeling F – IAAP, punt 10.2.1, p. 33)

Die meeste van die AMW's wat aan die navorsing deelgeneem het, het aangedui dat hulle vir die eerste keer, met die voorbereiding vir die onderhoude, bewus geraak het van die aanwysers in regulasie 35(2) (Bylae J) van die *General Regulations Regarding Children* (2009:33-34) (hierna, GRRC), wat gebruik kan word in die ondersoek van sake van beweerde mishandeling of verwaarlosing van 'n kind. Verder was die AMW's dit eens dat die vloeikaart wat ontwikkel is om die aanwysers aan te toon, voldoende en bruikbaar is. Voorts het die meeste AMW's nie kennis gedra van die riglyne wat regulasie 35(3) (Bylae J) van die GRRC (2009:34-35) bevat vir die assessering van bogenoemde aanwysers nie.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat beide die aanwysers en riglyne wat in die ondersoek van sake van beweerde mishandeling of verwaarlosing van 'n kind gebruik kan word, onveranderd in die protokol opgeneem word, asook die vloeikaart (Afdeling F – IAAP, p. 44) met die aanwysers.

10.10.2 Subtema: Onderzoek die geloofwaardigheid van die aanmelding

(Afdeling F – IAAP, punt 10.2.2, p. 33-34)

Regulasie 35(4)(b) (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009:35-36) verskaf riglyne aan 'n AMW waarvolgens ondersoek gedoen kan word om die geloofwaardigheid van 'n aanmelding te bepaal. Die AMW's het aangedui dat hulle nie kennis dra van dié regulasie nie.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die riglyne waarvolgens 'n AMW die geloofwaardigheid van 'n aanmelding kan bepaal, onveranderd in die protokol opgeneem word.

10.10.3 Subtema: Ekstra verantwoordelikhede van aangewese maatskaplike werker om mishandeling of verwaarlosing te ondersoek

(Afdeling F – IAAP, punt 10.2.3, p. 35-36)

Regulasie 37(a)-(j) (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009:37) identifiseer ekstra verantwoordelikhede waaraan 'n AMW moet voldoen as sake van kindermishandeling of verwaarlosing ondersoek word. Die AMW's het aangedui dat hulle vir die eerste keer, met die voorbereiding vir die onderhoude, hiervan kennis geneem het. Verder bepaal regulasie 38(1)(a)-(f)(2) (**Bylae J**) van die *GRRC* (2009:38) voorwaardes waaraan 'n AMW moet voldoen alvorens 'n ondersoek of assessering van 'n aanmelding van 'n kind, wat mishandel of verwaarloos is, gemaak word.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat beide die verantwoordelikhede en voorwaardes waaraan 'n AMW moet voldoen alvorens 'n ondersoek of assessering van 'n aanmelding van 'n kind wat mishandel of verwaarloos is gemaak word, onveranderd in die protokol opgeneem word.

10.10.4 Subtema: Inisieer optrede vir die beskerming van 'n kind

(Afdeling F – IAAP, punt 10.2.4, p. 36-37)

Al die AMW's het aangedui dat hulle bekend is met die optrede wat geïnisieer kan word om te verseker dat 'n kind voldoende beskerm word.

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die bepalings oor wat AMW's kan doen om te verseker dat 'n kind voldoende beskerm word, onveranderd in die protokol opgeneem word.

10.10.5 Subtema: Handig Vorm 23 in by Direkteur-Generaal

(Afdeling F – IAAP, punt 10.2.5, p. 37)

Die AMW's het aangedui dat hulle baie onseker is van wanneer om 'n Vorm 23 (**Bylae K**) van die *Amendment GRRC* (2012:4) te voltooi en aan die Direkteur-Generaal (hierna, DG) te stuur. Aangesien alle aanmeldings van mishandeling en doelbewuste verwaarlosing by die DG aangemeld moet word, is die algemene vrees onder AMW's dat in gevalle waar die beweerde oortreder onskuldig bevind word, dit kan veroorsaak dat die persoon ongeskik geag word om met kinders te werk.

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die bepaling dat AMW's 'n Vorm 23 moet voltooi en by die DG inhandig, vir eers in die protokol opgeneem moet word, maar dat die onsekerheid rondom die saak met die wetgewer uitgeklaar word.
- ☺ Dat 'n Vorm 23 as bylae (**Afdeling F – IAAP, p. 51-59**) tot die protokol aangeheg word.

10.10.6 Subtema: Monitor die vordering van alle sake wat aangemeld word

(Afdeling F – IAAP, punt 10.2.6, p. 37)

Slegs die AMW's in diens van 'n AKBO het op dié stap gereageer. Die algemene gevoel van dié AMW's is dat die DMO geheel en al faal om die moniteringsfunksie uit te voer met betrekking tot die sake wat verwys word. Die volgende respons is ontvang:

- *“Daar is geen monitering van die DSD se kant af nie. As monitering plaasvind, kan patroon van mishandeling of verwaarlosing opgetel word.”*
- *“Nee, DSD monitor geen sake nie, terugvoer belangrik – voel na maand moet DSD opvolg.”*
- *“Is mors van papier, want DSD doen geensins monitering, ek dink nie eens hulle weet dat by hulle aangemeld moet word nie.”*

Waterhouse (2008:36) verwys daarna dat dit moeilik is om dienslewering binne die DMO te bepaal omdat dienslewering nie voldoende gemonitor en geëvalueer word nie. Baie min klem word op gehalte van dienslewering (wat aanmelding insluit) geplaas.

As voorstel om die monitering van sake te verbeter, het van die AKBO's se AMW's aangedui dat daar 'n groot behoefte is aan die ontwikkeling van 'n sentrale elektroniese databasis vir alle sake wat by die KBS aangemeld word. Sodanige databasis sal ook van hulp wees om te bepaal of 'n kind reeds in die KBS bekend is en watter dienste reeds ten opsigte van 'n betrokke kind gelewer is. Die DMO se *NPF of CANE* (DMO, 2004:20) verwys daarna dat SA nie oor 'n effektiewe elektroniese inligtingstelsel vir die KBS op nasionale en provinsiale vlak beskik nie en aanmeldings kan nie effektief gemonitor word nie. In Wallis is die gebruik egter dat die maatskaplike werker of offisier aan diens met die ontvangs van 'n aanmelding, die maatskaplike dienste rekords - die kinderbeskermingsregister ingesluit - moet nagaan om vas te stel of daar reeds enige inligting ten opsigte van die kind beskikbaar is (All Local Safeguarding Children Boards in Wales, 2008:51).

Aanbevelings vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die bepaling dat die DMO verantwoordelik is vir die monitering van alle sake wat deur die AKBO aangemeld word, onveranderd in die protokol opgeneem word.
- ☺ Dat 'n aanbeveling by die nasionale DMO gemaak word om 'n elektroniese databasis te ontwikkel om die sake wat by die KBS aangemeld word, meer effektief te monitor.
- ☺ Dat AMW's en PB's direkte toegang tot sodanige elektroniese databasis moet hê.

10.10.7 Subtema: Aanmelding van misdryf by 'n polisiebeampte

(Afdeling F – IAAP, punt 10.2.7, p. 38)

Dit was veral die AMW's in diens van 'n AKBO wat probleme geïdentifiseer het met aanmelding van 'n misdryf by 'n lid van die SAPD. 'n AMW se respons was: *“Dis nag, want persone word nie by polisiestasies geakkommodeer nie. Moet as agente bymekaar kom om nuwe aanmelding te bespreek.”*

Aanbeveling vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ☺ Dat die bepaling dat 'n AMW 'n misdryf by 'n lid van die SAPD moet aanmeld, onveranderd in die protokol opgeneem word.

11. BESPREKING

Die DMO se *NPF of CANE* (DMO, 2004:20) meld dat verskillende benaderings in SA gevolg word in die hantering van aanmeldings binne die KBS, wat veroorsaak dat aanmeldings nie effektief hanteer word nie. Alhoewel die ontwikkeling van protokolle (in dié geval 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat) tydrowend is, kan dit op die langduur as padkaart dien om die agente wat die protokol moet uitvoer, te oriënteer om 'n verantwoordelike diens aan die kinderslagoffer en families te lewer (Tribal Law and Police Institute, 2003:4). Protokolle word as belangrike hulpmiddels gesien om interdisiplinêre samewerking en die effektiewe bestuur van sake (wat aanmelding insluit) te verseker, deur kriteria en prosedures vir aanmelding van kinderverwaarlosing (in dié geval 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat) in provinsies te bepaal. Damons (2013:7) berig dat dr Johan Burger, senior navorser aan die Instituut vir Sekerheidstudies oor die nasionale misdadvoorkomingstrategie, wat op vyf spesiale misdade fokus (wat gesinsgeweld en seksuele misdrywe insluit), meld dat hy van die idee van koördinerende meganismes hou. Dit is wat nodig is om te verseker dat al die optredes en inisiatiewe tussen die verskillende belanghebbendes (verskillende staatsdepartemente en andere), in dié geval SAPD, DMO en AKBO, wel plaasvind en behoorlik gekoördineer word.

12. GEVOLGTREKKINGS

Die navorsing se primêre fokus was om te bepaal hoe bruikbaar die IAAP wat vir die KBS in die Vrystaat ontwikkel is, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig, effektiewe toegang tot en respons van die KBS met aanmeldings sal kry. Tydens die empiriese ondersoek het dit duidelik geword dat daar onder andere die volgende probleme binne die KBS bestaan ten opsigte van aanmelding:

- ◆ Baie agente hanteer aanmeldings nie volgens wetlike en beleidsvoorskrifte nie.
- ◆ Daar is nie eenvormigheid tussen agente as dit by die hantering van aanmeldings kom nie.
- ◆ Daar is nie die nodige samewerking tussen agente in die hantering van aanmeldings nie.
- ◆ Die beleidsdokumente van die onderskeie agente word in isolasie van mekaar opgestel.
- ◆ Agente is onkundig en oningelig oor wetlike en beleidsvoorskrifte ten opsigte van aanmelding.

Die deelnemers was dit eens dat indien 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat geïmplementeer word, die hantering van aanmeldings binne die KBS ten opsigte van die kind wat sorg en beskerming benodig, meer effektief sal wees. Deelnemers se respons was:

- *“Ja, want dan is daar 'n eenvormige riglyn vir almal. As die protokol deur al die agente aanvaar word, moet dit so hanteer word.”*
- *“As aanmeldingstelsel beter is en ons weet presies wat my respons moet wees en waar my respons stop, sal meer sukses bereik word met kinderaanmeldings.”*

Die IAAP wat vir die KBS in die Vrystaat ontwikkel is, het die potensiaal om die meeste van die probleme binne die KBS ten opsigte van aanmelding aan te spreek. Die deelnemers was dit eens dat die ontwikkelde IAAP bruikbaar is en deur hulle toegepas sal kan word. Baie deelnemers het gevra of hulle die protokol wat aan hulle voorsien is om vir die onderhoude voor te berei, kan hou om te gebruik.

13. AANBEVELING

Dat die IAAP wat vir die KBS in die Vrystaat ontwikkel is, verder ontwikkel sal word aan die hand van die aanbevelings wat in punt 10 genoem word.

14. BRONNELYS

Acts **see** South Africa.

All Local Safeguarding Children Boards in Wales **kyk** Wales.

Amendment **kyk** South Africa.

Anon. **kyk** Free State.

Babbie, E. 2007. The practice of social research. London: Wadsworth.

Barbados. United Nations Children's Fund Eastern Caribbean Office. 2007. Child Protection in Barbados: the Need for a National Reporting Protocol.

Botma, Y., Greeff, M., Mulaudzi, M. & Wright, S. 2010. Research in Health Sciences. 1st ed. Cape Town: Pearson Education South Africa (Pty) Ltd.

Consolidated Forms **kyk** South Africa.

Creswell, J.W. 2003. Research design: qualitative, quantitative and mixed method approaches. London: SAGE Publications.

Creswell, J.W. 2013. Qualitative inquiry and research design: choosing among five approaches. 3rd ed. London: SAGE Publications.

Damons, A. 2013. Misdaadvoorkoming in VS 'op regte pad'. *Volksblad*: 7, 15 Jul.

Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2011. The qualitative research report. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 424-430).

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. **kyk** South Africa. Department of Social Development.

Departement van Maatskaplike Welsyn. **kyk** South Africa. Department of Social Welfare.

De Vos, A.S. & Strydom, H. 2011. Intervention research. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 473-490).

De Wet, T. 2011. Man gevonniss na seksmisdade: Toon berou oor jare lange misdrywe met meisie. *Volksblad*. 7, 5 Des.

De Wet, T. 2012. Leerkrag gestraf oor verkragting. *Volksblad*: 5, 24 Jan.

Dippenaar, H. 2013. Free State Department of Social Development [e-pos]. 7 Okt, Bloemfontein.

Fouché, A. 2007. Facilitating disclosure of child sexual abuse victims in the middle childhood: a forensic interview protocol for social workers. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Proefskrif – PhD).

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. In-depth review of literature. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 133-141).*

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Formal formulations. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 89-100).*

Free State. Anon. 2002. The Free State Protocol on the Management of Child Abuse.

General Regulations Regarding Children **kyk** South Africa.

Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 341-375).*

HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2010. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

Loffell, J. 2000. Toward effectiveness in services for sexually abused children in South Africa: some observations from longitudinal study. *CARSA.*, 1(1):6,9.

Lynn, O. 2013. Accounting Stations – Free State Province [e-pos]. 4 Sep, Bloemfontein.

Mahery, P., Jamieson, L. & Scott, K. 2011. Children's Act Guide for child and youth care workers. Children's Institute, University of Cape Town and National Association of Child and Youth Care Workers.

Monette, D.R., Sullivan, T.J., & De Jong, C.R. 2005. Applied social research: a tool for the human services. London: Thomson Brooks/Cole.

Neuman, W.L. 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn and Bacon.

Regulasies **kyk** South Africa.

Schurinck, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Formal formulations. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 397-423).

September, R.L. 2006. The progress of child protection in South Africa. *International Journal of Social Welfare*, 15 (Suppl. 1):S65-S72.

South Africa. 2005. Children's Act 38 of 2005.

South Africa. 2012. Children's Act, 2005. Amendment: General Regulations Regarding Children. (Notice R497). *Government gazette*, 35476:3-21, 29 Jun.

South Africa. Department of Social Development. 2002. Draft Intersectoral Protocols on the Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation in South Africa. (Unpublished).

South Africa. Department of Social Development. 2004. National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation.

South Africa. Department of Social Development. 2006. Social Welfare Services. Directorate: Children. Circular 7 of 2006. W4/4/4/4/P. Date of access: 29 Nov. 2006.

South Africa. Department of Social Development. 2010. Norms, Standards and Practice Guidelines for the Children's Act.

South Africa. Department of Welfare. 2004. Development. Directorate Developmental Social Services: Circular 2 of 2004. W4/4/4/4/P. Date of access: 21 May 2013.

South Africa. South African Human Rights Commission. 2002. Report on Sexual Offences against Children. Does the Criminal Justice System Protect Children?

South Africa. South African Police Service. 2008. National Instruction 3/2008. Sexual Offences. Legal Services: Legislation. Issued by Consolidation Notice 11/2008.

South Africa. South African Police Service. 2010. National Instruction 3/2010. The care and protection of children in terms of the Children's Act. Legal Services: Legislation. Issued by Consolidation Notice 4/2010.

South African Human Rights Commission **see** South Africa. South African Human Rights Commission.

Strydom, M. 2008. Maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies se perspektief op gesinsinstandhoudingsdienste aan hoërisiko-gesinne. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif – PhD).

Strydom, H. 2011a. Sampling in the quantitative paradigm. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Delpont, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 222-234).*

Strydom, H. 2011b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Delpont, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 113-130).*

Suid-Afrikaanse Polisiediens. **kyk** South Africa. South African Police Service.

Townsend, L. & Dawes, A. 2004. Individual and contextual factors associated with the sexual abuse of children under 12: a review of recent literature. (*In Richter, L., Dawes, A. & Higson-Smith, C. eds. 2004. Sexual abuse of young children in Southern Africa. Cape Town: HSRC Press. p. 55-94).*

Tribal Law and Policy Institute **kyk** United States.

United Nations Children's Fund Eastern Caribbean Office **kyk** Barbados.

United States. Tribal Law and Policy Institute. 2003. Child Abuse Protocol Development Guide.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

Van Rooyen, M. 2013. Klag teen man skok. Verwek glo 3 kinders by sy eie dogters. *Volksblad*: 1, 19 Sep.

Vorms **kyk** South Africa.

Wales. All Local Safeguarding Children Boards in Wales. 2008. All Wales Child Protection Procedures 2008.

Waterhouse, S. 2008. The impact of changing criminal justice responses to child victims of sexual abuse. Pinelands: Criminal Justice Initiative of Open Society Foundation for South Africa.

Wernham, M., Geerinckx, S. & Jackson, E. 2005. Police Training on Child Rights & Child Protection: Lessons learned and Manual. London: Consortium for Street Children.

Wette **kyk** South Africa.

White, A. & Walsh, P. 2006. An issue paper: Risk assessment in child welfare. NSW Department of Community Services.

Wikipedia. 2013. Provinsies van Suid-Afrika.
http://af.wikipedia.org/wiki/Provinsies_van_Suid-Afrika Datum van gebruik: 15 Okt. 2013.

Will, M. 2012. Genoeg is genoeg. *Vista*: 1, 21 Jun.

AFDELING C

OPSOMMING,

GEVOLGTREKKINGS

EN

AANBEVELINGS

AFDELING C OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1. INLEIDING

Die navorsing is uitgevoer om 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat te ontwikkel waarin alle wetgewing en beleid ten opsigte van aanmelding binne die KBS geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is. Dit is gedoen as intervensie ter oplossing van die probleem dat die kind wat mishandel of verwaarloos is of sorg en beskerming benodig, nie altyd effektiewe toegang tot die KBS en respons op aanmelding ontvang nie.

Die navorsingsprojek is in twee fases uitgevoer:

- ◆ Die eerste fase se fokus was drieledig:
 - ✓ Om deur middel van literatuurontleding 'n analise te maak van die wetlike en beleidsvoorskrifte, wat tans in Suid-Afrika (hierna, SA) in gebruik is tydens aanmelding by die KBS;
 - ✓ ook om 'n analise te maak van wat wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, aangaande agente, sake, persone en respons met aanmelding by die KBS bepaal; en
 - ✓ laastens, om die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle na te gaan, sodat bepaal kan word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS kan oplewer.
- ◆ In die tweede fase is ondersoek gedoen om te bepaal of die IAAP, wat vir die KBS in die Vrystaat ontwikkel is, bruikbaar is. Die agente wat verantwoordelik is om aanmeldings binne die KBS te hanteer, is by die ondersoek betrek. Die resultate wat hieruit verkry is, is gebruik om die IAAP vir die KBS in die Vrystaat verder te ontwikkel. Die navorsingsverslag sluit die volgende in:

AFDELING A: ALGEMENE INLEIDING

AFDELING B: ARTIKELS

- ◆ **Artikel 1:** Wetlike en beleidsvoorskrifte vir aanmelding binne die kinderbeskermingstelsel van Suid-Afrika
- ◆ **Artikel 2:** Agente, sake, persone en respons met aanmelding by die kinderbeskermingstelsel
- ◆ **Artikel 3:** Buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle vir ’n interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel
- ◆ **Artikel 4:** ’n Interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat

AFDELING C: SAMEVATTENDE OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

In dié afdeling word die bevindings, wat vanuit die navorsing bekom is, in gevolgtrekkings en aanbevelings weergegee. Die navorsingsdoelstelling en -doelwitte, asook die sentrale teoretiese stelling, word getoets aan die hand van die bevindings en gevolgtrekkings.

2. OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

Die belangrikste bevindings en gevolgtrekkings vanuit die navorsing word artikelgewys bespreek en die navorsingsverslag word afgesluit met ’n samevattende bespreking van die artikels.

2.1 Afdeling A: Algemene inleiding

In die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (hierna, DMO) se *National Policy Framework for the Children’s Act 38 of 2005 as amended* (hierna, *NPF*) (DMO, 2009a:39) is die volgende visie geformuleer: “*A well co-ordinated, fully resourced, integrated and comprehensive child care protection system which is accessible for all children in South Africa.*” Daar is ongeveer 19 miljoen kinders in SA, wat 45% van die totale bevolking uitmaak (Davel, 2011:1) en wat hierop aanspraak kan maak. Die navorser, wat reeds vir etlike jare by ’n aangewese kinderbeskermingsorganisasie (hierna, AKBO) in die Vrystaat werksaam is, beleef egter geruime tyd al dat iets fout is met die aanmeldingsproses, met die gevolg dat kinders wat sorg en beskerming benodig, nie altyd effektiewe toegang tot en respons van die KBS ontvang nie. Die

probleem van die mishandeling, verwaarlosing en seksuele mishandeling van kinders word vererger wanneer aanmeldings nie spoedig, doelgerig en op die regte wyse hanteer word nie, aangesien dit kan lei tot sekondêre mishandeling (Loffell, 2007:6).

Vanuit die literatuurontleding wat gedoen is, het die navorser waargeneem dat die leemtes binne die KBS al vir jare die aandag van beleidmakers en belanghebbende persone geniet. Wetgewing - in besonder die *Children's Act 38 of 2005 (hierna, CA)* - en verskeie beleidsdokumente is opgestel om die leemtes wat geïdentifiseer is, aan te spreek.

Ingevolge artikel 104 van die CA (2005:59) is die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling verantwoordelik om, ná konsultasie met belanghebbende persone en die Minister van Onderwys, Finansies, Gesondheid, Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, sowel as die Suid-Afrikaanse Polisie (hierna, SAPD), 'n omvattende intersektorale strategie te ontwikkel met die oog op die versekering van 'n behoorlik toegeruste, gekoördineerde en georganiseerde nasionale KBS. Die DMO se NPF (2009a:20, 39) wys op die noodsaak van intersektorale samewerking en 'n vennootskap van alle rolspelers en hanteer dit as een van die onderliggende beginsels tot die beleid. Die DMO se *National Report: Intersectoral Plan on the Implementation of the Children's Act 38/2005* (2009b:39-41) het egter gerapporteer dat die poging wat aangewend is om 'n intersektorale plan vir die implementering van die CA te ontwikkel, nie die nodige resultate opgelewer het nie. Die probleme wat ondervind is, was onder andere dat daar gebrekkige terugvoer, 'n gebrek aan leierskap en leiding en 'n gebrek aan samewerking vanaf die ander nasionale departemente was. Die gevolg is dat die intersektorale strategie nog nie voltooi is nie en daar nog nie gehoor gegee is aan die opdrag wat uit artikel 104 van die CA (2005:59) voortspruit nie. Dienste in die KBS is dus steeds gefragmenteer. Die verskillende rolspelers opereer steeds volgens hulle eie verwysingsraamwerk en daar is nie gekoördineerde samewerking nie (September, 2006:68).

Artikel 110(1)(2) van die CA (2005:61) noem verskeie persone wat, wanneer hulle redelike gronde het om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n kind mishandel, seksueel mishandel of doelbewus verwaarloos is, daardie gevolgtrekking moet aanmeld. Hoewel baie van hierdie persone weet dat hulle dit moet doen, weet hulle nie altyd hoe en waar om dit te doen nie (Van der Schyff & Strydom, 2009:19, 43). Artikel 110 van die CA (2005:61-62) spel ook uit hoe aanmeldings hanteer moet word.

Baie rolspelers is nie toegerus om aanmeldings volgens bestaande wetgewing en beleid te hanteer nie (Van der Schyff & Strydom, 2009:44). 'n Gebrek aan gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures binne die KBS is een van die sake wat in die pad staan van implementering (September, 2006:67). Die DMO se *National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation* (DMO, 2004:73-74) (hierna, *NPF of CANE*) wys op die noodsaak vir die ontwikkeling en implementering van intersektorale en interdisciplinêre protokolle. Ten einde die kernprobleem soos hierbo aangedui aan te spreek, fokus hierdie navorsing op die ontwikkeling van 'n IAAP waarin die bestaande wetgewing, regulasies en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer word.

Die voorafgaande aspekte het die volgende navorsingsvrae ontlok:

- Watter wetlike en beleidsvoorskrifte wat reeds binne die KBS in SA bestaan, kan sinvol aangewend word vir opname in 'n IAAP?
- Wat bepaal wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, oor agente, sake, persone en respons met aanmelding, wat in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in gedagte gehou moet word?
- Watter bydrae kan buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle lewer tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS?
- Hoe bruikbaar is 'n nuutontwikkelde IAAP vir die KBS in die Vrystaat, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig, effektiewe toegang tot en respons van die KBS sal kry met aanmelding?

Vanuit die laaste navorsingsvraag was die doel van die navorsing om 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat te ontwikkel, waarin bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig effektiewe toegang tot en respons met aanmelding kan bekom.

Die doelwitte van die navorsing was:

- Om 'n analise te maak van die wetlike en beleidsvoorskrifte wat tans in SA in gebruik is tydens aanmelding by die KBS;
- om 'n analise te maak van wat wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, aangaande agente, sake, persone en respons met aanmelding by die KBS bepaal;
- om die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle te analiseer, sodat bepaal kan word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS kan lewer; en
- om deur middel van 'n ondersoek waarin die drie agente betrek word, die bruikbaarheid van die IAAP wat vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is, te bepaal met die oog op die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat.

2.2 Sentrale teoretiese stelling

'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat waarin bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, sal effektiewe toegang tot en respons van die KBS verseker vir die kind wat sorg en beskerming benodig.

2.3 Metode van ondersoek

Die navorsing het gepoog om 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat te ontwikkel sodat die kind wat sorg en beskerming benodig, effektiewe toegang tot en respons van die KBS sal verkry met aanmelding.

2.4 Literatuurstudie

Literatuurontleding stel navorsing in konteks en gee 'n beter begrip van die probleem wat nagevors word (Fouché & Delport, 2011:134). Ondersoek is gedoen om te bepaal watter wetlike en beleidsvoorskrifte reeds binne die KBS in SA bestaan, wat sinvol aangewend kan word vir opname in 'n IAAP, asook wat wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, oor agente, sake, persone en respons met aanmelding bepaal. Daar is ook gekyk na watter bydrae buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle kan lewer tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS. Die sentrale fokus van die navorsing was om as intervensie 'n IAAP te ontwikkel en die bruikbaarheid daarvan te bepaal, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig, effektiewe

toegang tot en respons van die KBS in die Vrystaat sal kry met aanmelding. Die literatuurstudie het vanaf Oktober 2010 tot Junie 2012 plaasgevind.

Die analisering van bestaande literatuur het aangetoon dat die wetlike en beleidsvoorskrifte van die KBS in SA wel die agente, sake, persone en respons identifiseer, wat verantwoordelik is vir die effektiewe hantering van aanmeldings. Verder het die ondersoek aangetoon dat die agente nie oor die kennis beskik van die wetlike en beleidsvoorskrifte vir die hantering van aanmeldings nie en dat dit nie in die praktyk uitgevoer word nie.

2.4.1 Die empiriese ondersoek

Tydens die navorsing is van die intervensienavorsingsmodel (D&D model) gebruik gemaak. Intervensienavorsing verloop in ses fases, naamlik:

- Fase 1: Probleem-analise en projekbeplanning
- Fase 2: Inligtingsinsameling
- Fase 3: Ontwerp
- Fase 4: Vroeë ontwikkeling
- Fase 5: Evaluering en gevorderde ontwikkeling
- Fase 6: Disseminasie (De Vos & Strydom, 2011:476)

Vir die doel van die navorsing is van 5 fases van die intervensiemodel gebruik gemaak, naamlik:

- ◆ **Fase 1:** Gedurende probleem-analise en projekbeplanning is bepaal watter wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is met aanmelding, moontlik gebruik kan word vir opname in 'n IAAP vir die KBS.
- ◆ **Fase 2:** Inligting is ingesamel oor twee aspekte. Eerstens oor wat huidige wetgewing en beleid in SA bepaal oor agente, sake, persone en respons, en tweedens oor buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle, vir moontlike opname in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS.
- ◆ **Fase 3:** 'n IAAP is vir die agente binne die KBS in die Vrystaat ontwerp sodat die kind wat aanmeld, effektiewe sorg en beskerming kan ontvang.
- ◆ **Fase 5:** Die drie agente het vanuit hulle ervaringsveld 'n kwalitatiewe bydrae gemaak tot die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat.

- ◆ **Fase 6:** Die gevorderde ontwikkelde IAAP vir die KBS in die Vrystaat is ná die voltooiing van die navorsing aan die deelnemers versprei vir gebruik in die praktyk.

2.4.2 Navorsingsontwerp

Die eerste fase van die navorsing (probleem-analise, projekbeplanning en inligtingsinsameling) se fokus was op literatuurontleding. Literatuurontleding stel navorsing in konteks en gee 'n beter begrip van die probleem wat nagevors word (Fouché & Delpont, 2011:134). Dit het as grondslag gedien om 'n analise te maak van:

- ◆ die wetlike en beleidsvoorskrifte wat tans in SA in gebruik is tydens aanmelding by die KBS;
- ◆ wat wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, aangaande agente, sake, persone en respons met aanmelding by die KBS bepaal; en
- ◆ die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en -protokolle, sodat bepaal kan word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS kan lewer.

Gedurende die tweede fase van die navorsing (ontwerp, evaluering en gevorderde ontwikkeling en disseminasie) is van die evaluerende navorsingsontwerp gebruik gemaak om die bruikbaarheid van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat te bepaal. Die drie agente, naamlik die DMO, AKBO en SAPD, het aan die evaluering deelgeneem. Die IAAP vir die KBS in die Vrystaat is aan die deelnemers versprei, vir gebruik in die praktyk.

2.4.3 Deelnemers

Gedurende die eerste fase van die navorsing (probleem-analise en inligtingsinsameling) is nie van deelnemers gebruik gemaak nie. Gedurende die tweede fase van die navorsing (ontwerp, evaluering en gevorderde ontwikkeling en disseminasie) is die doelgerigte en sneeubalsteekproeftegnieke gebruik om deelnemers vir die navorsing te bekom (Strydom, 2011a:233). Die deelnemers is gekies, want hulle neem deel vanuit hulle praktykondervinding en behoort betroubare en geldige data op te lewer (Botma *et al.*, 2010:201). Die deelnemers is geselekteer uit agente, naamlik aangewese maatskaplike werkers (hierna, AMW's) en lede van die SAPD, wat aanmeldings binne die KBS hanteer. 'n Totaal van 22 deelnemers is in

Bloemfontein en Welkom geïdentifiseer. Deelnemers is by die navorsing betrek tot op 'n punt van dataversadiging (Botma *et al.*, 2010:202). Die AMW's van die DMO as agente, wat by die navorsing betrek is, was verteenwoordigend van twee distrikskantore in die Vrystaat. Die AMW's van AKBO's as agente, wat by die navorsing betrek is, was verteenwoordigend van vier nieregeringsorganisasies (hierna, NRO's) in die Vrystaat. Die lede van die SAPD, wat by die navorsing betrek is, was verteenwoordigend van vier "clusters" of "polisiekomplekse" in die Vrystaat.

2.4.4 Meetinstrument

Gedurende die tweede fase van die navorsing (evaluering en gevorderde ontwikkeling) is van die semi-gestruktureerde onderhoud as prosedure gebruik gemaak. Greeff (2011:360) is van mening dat semi-gestruktureerde onderhoude as studiemetode aangewend kan word om 'n groot hoeveelheid navorsingsdata van verskeie deelnemers te bekom. Die onderhoude het 'n uur tot 'n uur en 'n half geduur. Die triangulasie van mening is 'n betroubare metode omdat dit 'n bepaalde saak vanuit verskillende standpunte benader en nie net vanuit een nie (Neuman, 2003:139).

2.4.5 Prosedure

Die selfopgestelde vraelys met die oog op die semi-gestruktureerde onderhoude is in Engels en Afrikaans opgestel. Die nommering van die vrae is in ooreenstemming met die nommering van die IAAP, wat vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is, opgestel. Sodoende is verseker dat die wetenskaplike data sistematies gedokumenteer kon word (Schurink *et al.*, 2011:399).

Toestemming (in sommige gevalle was dit mondelings en in ander gevalle skriftelik) is van hoofde van agente verkry, alvorens telefoniese kontak met die agente gemaak is. Die navorser het in al die gevalle vooraf telefoniese kontak met die deelnemers gemaak om vas te stel of hulle bereid is om aan die navorsing deel te neem. Skriftelike toestemming vir deelname aan die navorsing moes slegs vir die AMW's in diens van die DMO in die Vrystaat bekom word.

Weens die omvattende aard van die navorsing, het die navorser twee aparte boeke geringbind wat die volgende ingesluit het:

- ◆ Die IAAP vir die KBS in die Vrystaat, wat vanuit die literatuurstudie en probleem-analise deur die navorser ontwerp is; en

- ◆ vloeikaarte en bylaes van die onderskeie wetgewing en beleid wat van toepassing is op die ontwerpte IAAP vir die KBS in die Vrystaat.

Bogenoemde werkswyse is gevolg weens die volgende redes:

- ◆ om die volume van die ontwerpte IAAP vir die KBS in die Vrystaat tot die minimum te beperk; en
- ◆ sodat deelnemers gelyktydig met die lees van die IAAP vir die KBS in die Vrystaat, die vloeikaarte, wetgewing en beleid kon volg.

'n Skrywe is by die dokumente aangeheg wat die doel van die navorsing verduidelik (Botma *et al.*, 2010:203). Met die beskikbaarstelling van die dokumente is 'n datum vir die semi-gestruktureerde onderhoud vasgestel. Die navorser het 'n dag voor die beplande onderhoud sou plaasvind, die deelnemers weer aan die onderhoud herinner. Die deelnemers het toestemmingsbriewe onderteken. Greef (2011:359) meld dat daar 'n opname van die semi-gestruktureerde onderhoude gemaak moet word. Die navorser het 'n skootrekenaar gebruik om die onderhoude op te neem.

2.4.6 Dataverwerking

Die data-analise-spiraal (Creswell, 2013:182-188) van tematiese organisering is aangewend om die omvattende kwalitatiewe data (sien punt 10) wat gedurende die semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel is, te organiseer. Die organisering van data en die lees en maak van die aantekeninge is deur die navorser gedoen aan die hand van die vier groepe deelnemers. Die omskrywing, klassifisering en interpretasie van data het aan die hand van die temas van die IAAP vir die KBS in die Vrystaat plaasgevind om interpretasie van data in verskillende temas en subtemas te kategoriseer. Daarna is data geïnterpreteer om 'n sinvolle aanbieding van die resultate te maak. Daar is van die deduktiewe-en-induktiewe beredeneringsmetode gebruik gemaak om vanaf teorie na hipotese en 'n plan van intervensie te beweeg (Monette *et al.*, 2005:34).

2.5 Etiese aspekte ter sprake

Die verskillende etiese sake waaraan in die navorsing aandag gegee is:

- Die deelnemers het alle tersaaklike inligting rakende die semi-gestruktureerde onderhoud betyds bekom en oor die doel van die navorsing ingelig (Botma *et al.*, 2010:203, 209).

- Toestemmingsbriewe is opgestel, wat aandui dat deelnemers ingeligte toestemming gee tot deelname aan die navorsing (Botma *et al.*, 2010:203).
- Die navorser het op 'n inligtingsvorm aangedui dat die anonimiteit van die deelnemers verseker word (Strydom, 2011b:119-120).
- Die navorser is werksaam by 'n AKBO en beskik oor die nodige agtergrondkennis om die semi-gestruktureerde onderhoude te kon uitvoer. 'n Selfopgestelde vraelys is gebruik in die uitvoering van die semi-gestruktureerde onderhoude (Botma *et al.*, 2010:205).
- Die navorser was bereid om enige vrae wat die deelnemers binne die konteks van die navorsing gehad het te beantwoord (Babbie, 2007:475).
- Die navorser beplan om die deelnemers in te lig oor die uitkomst van die navorsingsprojek (Strydom, 2011b:126). 'n Afskrif van die ontwikkelde IAAP vir die KBS in die Vrystaat is aan die deelnemers voorsien. Hierdie is die eerste stap in die voorbereiding vir die maandelike disseminasie van die produk wat vanuit die navorsing voortvloei het (De Vos & Strydom, 2011:487).

2.6 Afdeling B: Artikels

2.6.1 Artikel 1

Wetlike en beleidsvoorskrifte vir aanmelding binne die kinderbeskermingstelsel van Suid-Afrika

Die doelwit van dié deel van die navorsing was om 'n analise te maak van die wetlike en beleidsvoorskrifte wat tans in SA in gebruik is tydens aanmelding by die KBS. Die analise het die volgende uitgewys:

- ◆ Die regte van die kind, soos onder andere verwoord in die *Grondwet*, vorm die basis vir alle wetgewing en beleid binne die KBS. Die ontwikkeling van 'n IAAP wat effektiewe toegang tot en respons van die KBS vir die kind wat sorg en beskerming benodig daarstel, kan 'n belangrike bydrae lewer om die kind se reg op beskerming te verseker.
- ◆ Soos onder andere aangetoon in die *Convention on the Rights of the Child* (United Nations, 1990), is dit belangrik dat daar voldoende en effektiewe prosedures in plek moet wees om te kan aanmeld. Die ontwikkeling van 'n IAAP sal in hierdie opsig 'n belangrike bydrae kan lewer, deurdat dit prosedures vir die hantering van aanmeldings binne die KBS daarstel.

- ◆ In die ontwikkeling van wetgewing en beleid vir die KBS is daar groot klem geplaas op die verbetering van dienslewering aan agtergeblewenes. Dit het veral 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die *White Paper for Social Welfare* (Departement van Welsyn, 1997), die *Integrated Service Delivery Model* (DMO, 2006) en die *Framework for Social Welfare Services* (DMO, 2011). 'n IAAP kan 'n belangrike bydrae lewer om dienslewering betreffende die hantering van aanmeldings binne die KBS te verbeter.
- ◆ Regdeur die ontwikkelingsproses van wetgewing en beleid vir die KBS is die noodsaak van intersektorale samewerking en protokolle telkens aangetoon. In gevalle waar protokolle wel opgestel is, soos byvoorbeeld die *Free State Management Protocol for Child Protection* (Anon, 2002), is die fokus net op bestuur en daar word nie praktiese riglyne gegee nie. In hierdie opsig kan 'n IAAP 'n groot bydrae lewer, aangesien dit praktiese riglyne vir die hantering van aanmeldings sal gee en intersektorale samewerking sal bevorder.
- ◆ Deur die loop van jare is goeie wetgewing en beleidsdokumente ontwikkel wat uitspel hoe aanmeldings binne die KBS hanteer moet word. Daar was egter telkens 'n probleem met die implementering van wetgewing en beleid. Deur bestaande wetgewing en beleid in 'n IAAP te integreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures te sistematiseer kan dit 'n groot bydrae lewer met die implementering van wetgewing en beleid.
- ◆ Enkele van die redes waarom nuwe wetgewing en beleid nie toegepas word nie, is waarskynlik 'n gebrek aan kennis van die nuwe wetgewing en beleid, sowel as dat sommige rolspelers nog nie 'n paradigmaskuif gemaak het van die vorige wetgewing na die nuwe wetgewing nie. 'n IAAP kan 'n groot bydrae lewer om rolspelers op hoogte te bring van die nuwe wetgewing en beleid en hulle help om die nodige paradigmaskuif te maak.

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat SA se KBS vir die eerste keer oor omvattende wetgewing en beleid beskik van hoe aanmeldings binne die KBS hanteer moet word. Daar is algemene artikels en spesifieke artikels in wetgewing wat uitvoering gee aan hoe aanmeldings binne die KBS hanteer moet word. Verder identifiseer wetgewing en beleid die agente binne die KBS wat aanmeldings moet hanteer, gee 'n breedvoerige omskrywing van sake wat by die KBS aangemeld kan word, identifiseer die persone wat kan aanmeld en gee ook duidelike instruksies aan die agente oor wat hulle respons met aanmelding van 'n saak behoort te wees.

Vanuit dié artikel is tot die slotsom gekom dat SA se KBS oor die geskikte wetlike en beleidsvoorskrifte beskik om 'n IAAP te kan ontwikkel. 'n IAAP sal verseker dat kinders wat sorg en beskerming benodig, effektiewe toegang tot en respons met aanmelding binne die KBS verkry.

2.6.2 Artikel 2

Agente, sake, persone en respons met aanmelding by die kinderbeskermingstelsel

Die doelwit van dié deel van die navorsing was om 'n analise te maak van wat wetgewing en beleid wat tans in SA in gebruik is, aangaande agente, sake, persone en respons met aanmelding by die KBS bepaal. Die analise het die volgende uitgewys:

- ◆ Daar is drie agente wat aanmeldings binne die KBS kan hanteer, naamlik die DMO, 'n AKBO en die Suid-Afrikaanse Polisie diens (hierna, SAPD). Die SAPD tree as agent binne twee stelsels op, naamlik as agent binne die KBS en as agent binne die regstelsel. Dit is belangrik dat die agente wat verantwoordelik is om aanmeldings binne die KBS te hanteer, kennis sal dra dat hulle sodanige verantwoordelikheid het. Dit is ook van belang dat die drie agente onderling van mekaar sal kennis dra, om sodoende koördinasie en onderlinge samewerking in die hantering van aanmeldings te bevorder.
- ◆ Die sake wat binne die KBS aangemeld kan word, kan in twee groepe verdeel word, naamlik sake wat oor mishandeling en doelbewuste verwaarlosing gaan, en sake wat oor sorg en beskerming in die algemeen gaan. Die sake wat oor mishandeling en doelbewuste verwaarlosing gaan, kan as “ernstiger” sake beskou word, deurdat die wetgewer vir hierdie sake belangrike ekstra bepalings vasgestel het, wat nie vir sake wat oor sorg en beskerming in die algemeen gaan, geld nie. Sommige sake wat binne die KBS aangemeld word, kan ook misdrywe wees, wat binne die regstelsel hanteer moet word. Dit is belangrik dat die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, kennis sal dra van die verskillende sake wat by hulle aangemeld kan word, asook van die feit dat alle sake wat aangemeld word, hanteer moet word. Verder is dit belangrik dat die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, deeglik kennis sal neem van die begrippe wat ten opsigte van sake wat aangemeld kan word, gebruik word.

- ◆ Die persone wat sake binne die KBS aanmeld, kan in twee groepe verdeel word, naamlik professionele persone wat wetlik verplig word om sake van mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld, en persone wat moreel verplig voel om sake van sorg en beskerming aan te meld. 'n Persoon wat 'n aanmelding binne die KBS in goeie trou maak, is nie blootgestel aan siviele eise op grond van die aanmelding nie.
- ◆ Die respons wat 'n PB op aanmeldings moet bied bestaan uit twee aspekte, naamlik die PB se respons as agent binne die KBS, en die PB se respons as agent binne die regstelsel. Hierdie twee aspekte van die PB se respons op die aanmelding van kindersake, kan as twee fases aangedui word. Die fokus van Fase 1 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake is, om as agent binne die KBS, die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker. Die fokus van Fase 2 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake is, om as agent binne die regstelsel, te bepaal of 'n misdryf gepleeg is en dit dan volgens die voorskrifte en prosedures van die regstelsel te ondersoek. Aangesien dié navorsing fokus op die PB se respons as agent binne die KBS, hoef die PB se respons as agent binne die regstelsel nie volledig in die ontwikkeling van 'n IAAP beskryf te word nie.
- ◆ Die respons wat die DMO en AKBO's op aanmeldings moet bied, kan in 'n IAAP vir die KBS onder een afdeling bespreek word, naamlik die respons wat die AMW op aanmeldings moet bied. Die respons wat die AMW op aanmeldings moet bied, bestaan ook uit twee fases. Fase 1 van die AMW se respons op die aanmelding van kindersake is grootliks dieselfde as Fase 1 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake en fokus daarop om die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker. Fase 2 van die AMW se respons op die aanmelding van kindersake fokus op die verdere hantering van die saak, onder andere deur die geldigheid van die aanmelding te ondersoek en om verrigtinge volgens die CA te inisieer vir die sorg en beskerming van die betrokke kind.

Vanuit bogenoemde aspekte, soos deur die analise uitgewys is, is die volgende aanbevelings gemaak vir die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ◆ Dat die DMO, AKBO's en die SAPD die drie agente is by wie aanmeldings binne die KBS gemaak kan word;

- ◆ dat daar twee groepe sake is wat binne die KBS aangemeld kan word, naamlik sake wat oor mishandeling en doelbewuste verwaarlosing gaan, en sake wat oor sorg en beskerming in die algemeen gaan;
- ◆ dat die sake wat oor mishandeling en doelbewuste verwaarlosing gaan, as “ernstiger” sake beskou kan word;
- ◆ dat sommige sake wat binne die KBS aangemeld word, ook misdrywe kan wees, wat binne die regstelsel hanteer moet word;
- ◆ dat alle sake wat aangemeld word, hanteer moet word;
- ◆ dat die agente wat aanmeldings binne die KBS hanteer, deeglik kennis sal neem van die begrippe wat ten opsigte van sake wat aangemeld kan word, gebruik word;
- ◆ dat daar twee groepe persone is wat sake binne die KBS kan aanmeld, naamlik professionele persone wat wetlik verplig word om sake van mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld, en persone wat moreel verplig voel om sake van sorg en beskerming aan te meld;
- ◆ dat ’n persoon wat ’n aanmelding binne die KBS in goeie trou maak, nie blootgestel word aan siviele eise op grond van die aanmelding nie;
- ◆ dat die respons wat ’n PB op aanmeldings moet bied uit twee fases bestaan, naamlik die PB se respons as agent binne die KBS, en die PB se respons as agent binne die regstelsel;
- ◆ dat die fokus van Fase 1 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake is, om as agent binne die KBS, die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker;
- ◆ dat al die opdragte wat die PB as agent binne die KBS moet uitvoer, as verskillende stappe van Fase 1 aangedui word;
- ◆ dat die fokus van Fase 2 van die PB se respons op die aanmelding van kindersake is, om as agent binne die regstelsel, te bepaal of ’n misdryf gepleeg is en dit dan volgens die voorskrifte en prosedures van die regstelsel te ondersoek;
- ◆ dat die PB se respons as agent binne die regstelsel nie volledig in die ontwikkeling van ’n IAAP beskryf word nie;
- ◆ dat die respons wat die PDMO en AKBO’s op aanmeldings moet bied, onder een afdeling bespreek word, naamlik die respons wat die AMW op aanmeldings moet bied;

- ◆ dat die respons wat die AMW op aanmeldings moet bied, uit twee fases bestaan, naamlik om die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker (Fase 1), en om die saak verder te hanteer, onder andere deur die geldigheid van die aanmelding te ondersoek en om verrigtinge volgens die CA te inisier vir die sorg en beskerming van die betrokke kind;
- ◆ dat al die opdragte wat die AMW moet uitvoer om die veiligheid en welsyn van die betrokke kind te verseker, as verskillende stappe van Fase 1 aangedui word; en
- ◆ dat al die opdragte wat die AMW moet uitvoer om die saak verder te hanteer, as verskillende stappe van Fase 2 aangedui word.

2.6.3 Artikel 3

Buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle van toepassing op 'n interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel

Die doelwit van dié deel van die navorsing was om 'n analise te maak van die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle, sodat bepaal kan word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS kan lewer. Die analise het die volgende uitgewys:

- ◆ Dit is belangrik dat die agente wat uitvoering moet gee aan die protokol betrokke is by die ontwikkeling van sodanige protokol. Binne die konteks van die navorsing, sal dit die DMO, AKBO en PB wees wat betrokke sal wees by die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS.
- ◆ Die eerste stap in die ontwikkeling van 'n protokol is om 'n doel- of missieverklaring saam te stel, want dit vorm die basis van 'n protokol. Slegs een beleidsdokument, naamlik die *NPF*, beskik oor sodanige missieverklaring.
- ◆ In SA is daar twee wette, naamlik die *CA* en *Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32 of 2007*, (hierna, *CLAA*) wat sake identifiseer wat by die KBS aangemeld kan word. Die genoemde wetgewing vervat ook verskillende terme van sake wat by die KBS aangemeld kan word. Dit is belangrik dat al die sake in die genoemde wetgewing in die ontwikkeling van 'n IAAP opgeneem word, sodat die agente, wat aanmeldings hanteer, daarvan sal kennis dra.

- ◆ In SA kan kindersake nie by 'n enkele dienspunt aangemeld word nie, maar by drie verskillende punte. Wetgewing identifiseer drie agente, naamlik die DMO, AKBO en PB, wat aanmeldings kan hanteer.
- ◆ Wetgewing en beleidsvoorskrifte identifiseer ook verskillende aanmeldings- en responsprosedures wat geld met aanmelding by die drie agente. Dit veroorsaak dat sommige sake nie hanteer word nie, aanmeldings in isolasie hanteer word en 'n gebrek aan onderlinge koördinasie en samewerking. Dit is noodsaaklik dat daar samewerking is tussen die DMO, AKBO en PB binne die KBS, wat sake en aanmeldings hanteer.
- ◆ Die wetlike en beleidsvoorskrifte verskaf ook waardevolle tydsraamwerke waarbinne die drie agente aanmeldings binne die KBS moet hanteer. Op hierdie stadium blyk dit asof die drie agente nie van sodanige tydsraamwerke en voorskrifte kennis dra nie.
- ◆ Al drie agente se eerste prioriteit is om die kind se veiligheid en welsyn te verseker, as sodanige kind se veiligheid en welsyn in gevaar is. Daar sal bepaal moet word van watter risiko-assesseringsriglyne die drie agente gebruik moet maak om die veiligheid en welsyn van die kind te bepaal. Voorts is dit van belang om presies te bepaal watter PB oor dié verantwoordelikheid beskik, want die CA verwys slegs na PB. Beleidsvoorskrifte verskaf ook waardevolle riglyne vir die hantering van nauurse aanmeldings, wat nie altyd uitgevoer word nie. Die AMW beskik ook oor relatiewe nuwe beleidsvoorskrifte vir die uitvoering van 'n aanvanklike assessering van die aanmelding, en dit behoort vasgestel te word of AMW's oor sodanige kennis beskik.
- ◆ Alhoewel die CA bepaal dat die drie agente komplementerende rolle in die hantering van aanmeldings het, word dit nie altyd in die praktyk toegepas nie. Dit is van belang in die ontwikkeling van 'n IAAP dat sodanige komplementerende rolle aangespreek word.
- ◆ Binne die KBS beskik slegs die AMW oor die wetlike mag om te beslis of daar enige waarheid in 'n aanmelding is deur dit te ondersoek. Dit beteken dat PB's wat aanmeldings hanteer, alle aanmeldings direk na die verantwoordelike AMW moet verwys vir ondersoek.
- ◆ Voorts beskik slegs die AMW oor die wetlike magte om alternatiewe optrede te inisieer ten opsigte van 'n betrokke kind, naamlik om maatreëls in te stel om die kind by te staan, of 'n PB te versoek om - as dit in die betrokke kind se beste

belang is - die beweerde oortreder te verwyder vanuit die woning waar die kind woon, of om die betrokke kind uit die huis te verwyder waar die kind woon deur die toepaslike statutêre optrede.

- ◆ Daar word aanbeveel dat deelnemende agente oor 'n tydsraamwerkriteria moet beskik vir die beoordeling en hersiening van die protokol. Die fokus van die navorsing is slegs om die bruikbaarheid van die IAAP vir die KBS te bepaal.

Vanuit bogenoemde aspekte, soos deur die analise uitgewys is, is die volgende aanbevelings gemaak vir die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ◆ Dat die drie agente wat deur die CA geïdentifiseer word, naamlik die DMO, AKBO en PB, by die ontwikkeling van die IAAP betrek word;
- ◆ dat die NPF se missieverklaring vir die KBS in SA as missieverklaring van die IAAP gebruik word;
- ◆ dat die sake wat ingevolge artikel 110(1)(2) van die CA by die KBS in SA aangemeld kan word, die sake sal wees wat deur die protokol aangespreek gaan word en so deur die IAAP aangetoon word;
- ◆ dat die relevante wetgewende instansies en beleidmakers aandag gee aan die moontlike verwarring tussen die definisies van die CA en dié van die CLAA, in die lig van die noodsaaklikheid dat rolspelers dieselfde terme en definisies gebruik;
- ◆ dat daar met die agente uitgeklaar word of die bestaande definisies (*interpretation of terms*), soos dit in die CA en in die CLAA voorkom, in die IAAP opgeneem moet word of nie;
- ◆ dat die agente by wie aanmeldings ingevolge artikel 110(1)(2) van die CA gemaak kan word, betrokke sal wees by die ontwikkeling van die IAAP en dat dit so deur die IAAP aangetoon sal word;
- ◆ dat die CA se aanmeldings- en responsprosedures, soos in artikel 110(4)-(8) van die CA uitgespel is, in die IAAP opgeneem sal word;
- ◆ dat die moontlikheid om 'n vorm vir aanmeldings ingevolge artikel 110(4)(b) en artikel 110(6)(a) van die CA daar te stel, ondersoek word;
- ◆ dat die probleem van die krisisdienstrooster aangespreek word;
- ◆ dat, aangesien elkeen van die agente se onderskeie response stapsgewys in die IAAP aangetoon sal word, daar nie 'n spesifieke afdeling in die IAAP aan die saak van jurisdiksie afgestaan word nie;

- ◆ dat die tydsraamwerke van die CA en meegaande regulasies by die afdelings waarin onderskeie response stapsgewys behandel word, ingewerk sal word;
- ◆ dat die prioriteit van ondersoeke as deel van die respons in die IAAP opgeneem word;
- ◆ dat 'n aparte rolomsyning in die IAAP aangedui word as die agente dit so aandui;
- ◆ dat in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, dit baie duidelik uiteengesit sal word dat slegs 'n AMW oor die wetlike magte beskik om te beslis of daar enige waarheid in 'n aanmelding is deur dit te ondersoek;
- ◆ dat in die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, dit baie duidelik uiteengesit sal word dat slegs 'n AMW oor die wetlike magte beskik om alternatiewe optrede te inisieer ten opsigte van 'n betrokke kind; en
- ◆ dat indien die agente, wat betrokke is by die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS, 'n aanbeveling maak dat die IAAP hersien moet word, dit as 'n aanbeveling vanuit die navorsing gemaak word.

2.6.4 Artikel 4

'n Interagentskap-aanmeldingsprotokol vir die kinderbeskermingstelsel in die Vrystaat

Die doelwit van dié deel van die navorsing was om deur middel van 'n ondersoek waarin die drie agente betrek is, die bruikbaarheid van die IAAP, wat vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is, te bepaal met die oog op die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat. Die ondersoek het die volgende uitgewys:

- ◆ Dat baie agente aanmeldings nie volgens bestaande wetlike en beleidsvoorskrifte hanteer nie;
- ◆ dat daar nie eenvormigheid tussen agente is as dit kom by die hantering van aanmeldings nie;
- ◆ dat daar nie die nodige samewerking tussen agente in die hantering van aanmeldings is nie;
- ◆ dat die onderskeie agente se beleidsdokumente in isolasie van mekaar opgestel word. Die gevolg is dat die SAPD ander vorms gebruik as wat die *General Regulations Regarding Children* (2009a) bepaal;
- ◆ dat agente onkundig en oningelig is oor wetlike en beleidsvoorskrifte ten opsigte van aanmelding;

- ◆ dat baie agente nie kennis dra van wat hulle pligte en verantwoordelikhede met aanmelding is nie. Dit was veral SAPD-lede wat 'n wanopvatting gehad het van hulle taak binne die KBS. Hulle was onder die indruk ten opsigte van baie van die take wat hulle moet vervul, dat dit nie hulle werk is nie;
- ◆ dat die nauurse krisisdienstrooster waarvoor die DMO verantwoordelik is, op baie plekke nie in plek is nie, wat tot groot probleme ten opsigte van nauurse aanmeldings lei;
- ◆ dat die IAAP wat vir die KBS in die Vrystaat ontwikkel is, die potensiaal het om die meeste van die probleme binne die KBS ten opsigte van aanmelding aan te spreek. Die deelnemers was dit eens dat die ontwikkelde IAAP bruikbaar is en deur hulle toegepas sal kan word. Baie deelnemers het gevra of hulle die protokol wat aan hulle voorsien is om vir die onderhoude voor te berei, kan hou om te gebruik;
- ◆ dat die SAPD nasionale instruksies ontwikkel wanneer nuwe wetgewing verskyn. Veral die *National Instruction 3/2010* (SAPD, 2010) (hierna, *NI 3/2010*) vir kinders wat sorg en beskerming in terme van die CA benodig, is 'n belangrike beleidsdokument wat in die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat opgeneem moet word;
- ◆ dat die toepaslike wetgewing en beleid in die protokol sélf opgeneem word en nie as bylaes tot die protokol aangeheg word nie;
- ◆ dat tydsraamwerke baie duidelik, in elke stap waar van toepassing, met aanmelding aangedui word;
- ◆ dat die vloekaarte wat handel oor agente, sake, die faktore van die Beste belange-standaard van die kind, die identifisering van die kind wat sorg en beskerming benodig, die seksuele misdrywe en die aanwysers wat gebruik kan word in die ondersoek van sake van beweerde mishandeling of verwaarlosing van 'n kind, by die protokol aangeheg word as bylaes; en
- ◆ dat 'n aanbeveling by die wetgewer gemaak word dat alle persone wetlik verplig word om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld.

Vanuit bogenoemde aspekte, soos deur die ondersoek uitgewys is, is die volgende aanbevelings gemaak vir die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat:

- ◆ Dat die inleidende notas sonder verandering in die protokol opgeneem word;

- ◆ dat die *NI 3/2010* in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die toepaslike wetgewing en beleid in die protokol self opgeneem word en nie as bylaes tot die protokol aangeheg word nie;
- ◆ dat die doel- of missieverklaring sonder verandering in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die beginsel van *Geen vertraging in aksie of besluitneming nie* sonder verandering in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat tydsraamwerke baie duidelik by elke stap, waar van toepassing, aangedui sal word;
- ◆ dat die beginsel van *Hou partye ingelig* sonder verandering in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die beginsel dat die beste belang van die kind alle optrede moet bepaal, sonder verandering in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die faktore wat in die bepaling van die beste belang van die kind in ag geneem moet word, in die protokol self opgeneem word én as 'n vloeikaart tot die protokol aangeheg word;
- ◆ dat die beginsel van *Deelname van die kind* sonder verandering in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die uiteensetting van wie die agente is, in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die vloeikaart wat sê wie die agente is, as vloeikaart by die protokol aangeheg word, met die byvoeging dat die agente as Agent 1, Agent 2 en Agent 3 aangedui word;
- ◆ dat daar in die protokol na DMO, in plaas van PDMO, as agent verwys word;
- ◆ dat daar in die protokol na AKBO as agent verwys word;
- ◆ dat daar in die protokol na SAPD, in plaas van PB, as agent verwys word;
- ◆ dat die uiteensetting van sake sonder verandering in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die vloeikaart wat sê watter sake aangemeld kan word, as bylae tot die protokol aangeheg word, met die byvoeging dat die sake as Groep 1 en 2 aangedui word;
- ◆ dat die *CA* en *CLAA* se omskrywing van begrippe in die protokol self opgeneem word en nie as 'n bylae tot die protokol aangeheg word nie;
- ◆ dat die omskrywing van wie die kind is wat sorg en beskerming benodig, in die protokol self opgeneem word én as 'n vloeikaart tot die protokol aangeheg word;

- ◆ dat die lys van seksuele misdade in die protokol self opgeneem word én as 'n vloekaart tot die protokol aangeheg word;
- ◆ dat die lys van professionele persone wat wetlik verplig word om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld, in die protokol self opgeneem word;
- ◆ dat 'n aanbeveling by die wetgewer gemaak word dat alle persone wetlik verplig word om mishandeling en doelbewuste verwaarlosing aan te meld;
- ◆ dat die protokol dit duidelik uitspel dat PB's alle sake wat by hulle aangemeld word ingevolge die CA en NI 3/2010 (SAPD, 2010) **moet** aanvaar én hanteer;
- ◆ dat die voorskrifte van die NI 3/2010 (SAPD, 2010) ten opsigte van wat die SAPD-lid alles moet doen wanneer hy of sy 'n aanmelding ontvang het, in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die protokol dit duidelik uitspel dat PB's moet bepaal of dit 'n Groep 1- of Groep 2-saak is sodat hulle kan bepaal of 'n Vorm 22 ingevul moet word;
- ◆ dat die protokol dit duidelik uitspel dat PB's en AMW's in geval van Groep 1-sake 'n Vorm 22 moet invul en dat hulle dit nie in die geval van Groep 2-sake moet doen nie;
- ◆ dat die SAPD sal moet uitklaar watter lid (die uniformtaklid of GKS-Eenheidslid) verantwoordelik is om 'n Vorm 22 met die aanmelding van Groep 1-sake te voltooi;
- ◆ dat 'n Vorm 22 as bylae tot die protokol aangeheg word;
- ◆ dat 'n ekstra stap by die protokol gevoeg word, naamlik dat die uniformtaklid moet bepaal of dit 'n saak is waarin die kind die slagoffer van 'n misdryf is;
- ◆ dat die protokol dit duidelik uitspel dat 'n lid van die SAPD by wie 'n aanmelding gemaak is, moet vasstel of die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is;
- ◆ dat die NI 3/2010 (SAPD, 2010) se riglyne om te bepaal of die kind onmiddellik dringende beskerming benodig, in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die protokol dit duidelik uitspel dat 'n lid van die SAPD by wie 'n aanmelding gemaak is, die veiligheid en welsyn van die kind moet verseker indien die kind se veiligheid en welsyn in gevaar is, deur óf die kind sonder 'n hofbevel te verwyder óf die beweerde oortreder te verwyder;
- ◆ dat die protokol dit duidelik uitspel dat 'n lid van die SAPD by wie 'n aanmelding gemaak is, 'n kind na TVS kan verwyder, sonder 'n hofbevel;

- ◆ dat die protokol sal uitspel dat alle agente 'n Vorm 36 moet gebruik vir die verwydering van 'n kind na TVS;
- ◆ dat die Vorm 36 as bylae tot die protokol aangeheg word;
- ◆ dat die protokol dit duidelik uitspel dat 'n lid van die SAPD by wie 'n aanmelding gemaak is en AMW's die relevante persone van die verwydering in kennis moet stel;
- ◆ dat die bepaling van die CA dat 'n lid van die SAPD 'n skriftelike kennisgewing aan 'n beweerde oortreder kan uitreik om die huis waar 'n kind woon te verlaat, sonder verandering in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die bepaling van die CA dat alle sake wat deur lede van die SAPD hanteer word, na 'n AMW verwys **moet** word vir verdere hantering en ondersoek, ongeag of die uniformtaklid dit na 'n GKS-Eenheidslid verwys het vir ondersoek, in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die bepaling van die NI 3/2010 dat die verwysing deur middel van 'n SAPD 581(b)-vorm moet geskied, in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die verantwoordelikhede van die stasiebevelvoerders onveranderd in die protokol opgeneem word, aangesien dit die hantering van aanmeldings deur uniformtaklede meer effektief kan maak;
- ◆ dat die SAPD 581(b)-vorm as bylae tot die protokol aangeheg word;
- ◆ dat alle distrikskantore van die DMO moet toesien dat 'n nauurse krisisdienstrooster in plek is om die hantering van aanmeldings ná ure meer effektief te maak;
- ◆ dat die wetgewer versoek word om 'n eenvormige risiko-assesseringsriglyn vir AMW's te ontwikkel sodat die graad van risiko waaraan die kinderslagoffer blootgestel word, bepaal kan word;
- ◆ dat die bepaling dat 'n AMW 'n PB kan versoek om 'n beweerde oortreder uit die huis waar die kind woon te verwyder, onveranderd in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die Vorm 24 as bylae tot die protokol aangeheg word;
- ◆ dat die eerste assesseringsvorm wat deur krisisdienst AMW's voltooi word in die hantering van aanmeldings, as bylae tot die protokol aangeheg word;

- ◆ dat beide die aanwysers en riglyne wat in die ondersoek van sake van beweerde mishandeling of verwaarlosing van 'n kind gebruik kan word, onveranderd in die protokol opgeneem word, asook die vloeikaart met die aanwysers;
- ◆ dat die riglyne waarvolgens 'n AMW die geloofwaardigheid van 'n aanmelding kan bepaal, onveranderd in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat beide die verantwoordelikhede en voorwaardes waaraan 'n AMW moet voldoen alvorens 'n ondersoek of assessering van 'n aanmelding van 'n kind wat mishandel of verwaarloos is gemaak word, onveranderd in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die bepaling oor wat AMW's kan doen om te verseker dat 'n kind voldoende beskerm word, onveranderd in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat die bepaling dat AMW's 'n Vorm 23 moet voltooi en by die DG inhandig, vir eers in die protokol opgeneem moet word, maar dat die onsekerheid rondom die saak met die wetgewer uitgeklaar moet word;
- ◆ dat 'n Vorm 23 as bylae tot die protokol aangeheg word;
- ◆ dat die bepaling dat die DMO verantwoordelik is vir die monitering van alle sake wat deur die AKBO aangemeld word, onveranderd in die protokol opgeneem word;
- ◆ dat 'n aanbeveling by die wetgewer gemaak word om 'n elektroniese databasis te ontwikkel om die sake wat by die KBS aangemeld word, meer effektief te monitor; en
- ◆ dat die bepaling dat 'n AMW 'n misdaad by 'n lid van die SAPD moet aanmeld, onveranderd in die protokol opgeneem word.

3. TOETSING VAN DIE SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die navorsing is gebaseer op die volgende teoretiese stelling:

'n IAAP vir die KBS waarin bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, sal effektiewe toegang tot en respons van die KBS vir die kind wat sorg en beskerming benodig, verseker.

Op grond van die gevolgtrekkings en aanbevelings van hierdie navorsing, soos hierbo bespreek, is die sentrale teoretiese doelstelling as waar bewys, gebaseer op die kwalitatiewe navorsing wat gedoen is.

3.1 Doelstelling en doelwitte van die navorsing

3.1.1 Algemene doelstelling

Die oorhoofse doel van die navorsing was om 'n IAAP vir die KBS te ontwikkel waarin bestaande wetgewing en beleid geïntegreer en in gestandaardiseerde aanmeldingsprosedures gesistematiseer is, sodat die kind wat sorg en beskerming benodig effektiewe toegang tot en respons met aanmelding van die KBS kan bekom.

Die doel van die navorsing is bereik deur die aanspreek van die volgende doelwitte:

3.1.2 Doelwitte

- ◆ Die doelwit om 'n analise te maak van die wetlike en beleidsvoorskrifte wat tans in SA in gebruik is tydens aanmelding by die KBS, is bereik deur in **Artikel 1 'n omvattende literatuurontleding te doen.**
- ◆ Die doelwit om 'n analise te maak van wat wetgewing en beleid, wat tans in SA in gebruik is, aangaande agente, sake, persone en respons met aanmelding bepaal, is bereik deur in **Artikel 2 'n sistematiese uiteensetting van die verskillende aspekte te maak vir opname in 'n IAAP vir die KBS.**
- ◆ Die doelwit om die inhoud van buitelandse aanmeldingsprosedures en –protokolle te analiseer sodat bepaal kan word watter bydrae sodanige prosedures en protokolle tot die ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS kan lewer, is **bereik deur 'n deeglike literatuurontleding in Artikel 3 te doen.**
- ◆ Die doelwit om die bruikbaarheid van die IAAP wat vir die KBS in die Vrystaat ontwerp is, te bepaal met die oog op die verdere ontwikkeling van 'n IAAP vir die KBS in die Vrystaat, is **bereik deur semi-gestruktureerde onderhoude met die drie agente te voer en die uitkomste te gebruik vir die verdere ontwikkeling van die IAAP vir die KBS in die Vrystaat.**

4. AANBEVELINGS

Op grond van die bevindings van hierdie navorsing, word die volgende aanbevelings gemaak:

- ❖ Dat die IAAP vir die KBS in die Vrystaat gedissemineer word. Die navorser het reeds met die provinsiale hoof van die DMO in die Vrystaat geskakel om die protokol voor te hou vir moontlike disseminasie;

- ❖ dat alle SAPD-lede so gou moontlik opleiding ontvang, asook volgehoue opleiding, sodat die hantering van aanmeldings in lyn met wetgewing en beleid kan plaasvind;
- ❖ dat alle AMW's so gou moontlik opleiding ontvang, asook volgehoue opleiding, sodat die hantering van aanmeldings in lyn met wetgewing en beleid kan plaasvind;
- ❖ dat die DMO en SAPD se hoofde bymekaar sal uitkom en bepaal watter vorms tydens aanmelding gebruik moet word om eenvormigheid in die hantering van aanmeldings te verseker;
- ❖ dat die bepaling dat AMW's 'n Vorm 23 moet voltooi en by die DG inhandig, vir eers in die protokol opgeneem moet word, maar dat die onsekerheid rondom die saak met die wetgewer uitgeklaar moet word. Die onsekerheid is daarin geleë dat die AMW's nie seker is of 'n Vorm 23 voltooi moet word ná die hantering van alle aanmeldings rakende mishandeling of verwaarlosing nie, en of sodanige vorm slegs voltooi moet word nadat die beweerde oortreder skuldig bevind word aan 'n misdryf;
- ❖ dat lede van die SAPD onderling sal uitklaar wat die onderskeie rolle en verantwoordelikhede van 'n uniformtaklid en GKS-Eenheidslid is in die hantering van aanmeldings;
- ❖ dat die wetgewer versoek word om artikel 110(1) van die CA uit te brei dat **alle persone** wat op redelike gronde tot die gevolgtrekking kom dat 'n kind mishandel is op 'n manier wat fisiese besering veroorsaak het, seksueel mishandel of doelbewus verwaarloos is, wetlik verplig word om dit aan te meld;
- ❖ dat 'n hernude poging aangewend moet word om stasiebevelvoerders van hulle verantwoordelikhede bewus te maak om die hantering van aanmeldings meer effektief te maak;
- ❖ dat 'n risiko-assesseringsriglyn vir AMW's, wat aanmeldings binne die KBS hanteer, ontwikkel word; spesifiek vir sake waarin die kind aan moontlike mishandeling of doelbewuste verwaarlosing blootgestel word;
- ❖ dat daar dringend aandag gegee sal word dat die DMO die verantwoordelikheid nakom vir die implementering van 'n nauurse krisisdienstrooster in al 12 distrikskantore in die Vrystaat en dat, indien 'n distrikskantoor van die DMO nie sodanige funksie kan uitvoer nie, dit na 'n toepaslike AKBO verwys word, wat as koördineerder sal optree;

- ❖ dat die DMO se moniteringsfunksie opgeskerp word deur die moontlike implementering van 'n sentrale elektroniese databasis van alle kinders wat sorg en beskerming nodig en aanmeld by die KBS. Die SAPD behoort ook toegang te hê tot sodanige sentrale elektroniese databasis; en
- ❖ dat die wetgewer sal bepaal dat die IAAP vir die KBS gereeld opgedateer word soos wetgewing en beleid verander.

5. GEVOLGTREKKING

Die gevolgtrekking waarby die navorser uitgekome het, is dat die IAAP wat vir die KBS in die Vrystaat ontwikkel is (**Afdeling F – gekleurde papier**), effektiewe toegang tot en respons van die KBS met aanmelding sal verseker aan die kind wat mishandel of verwaarloos is of sorg en beskerming nodig.

6. BRONNELYS

Anon. **see** Free State.

Babbie, E. 2007. *The practice of social research*. London: Wadsworth.

Botma, Y., Greef, M., Mulaudzi, M. & Wright, S. 2010. *Research in Health Sciences*. 1st ed. Cape Town: Pearson Education South Africa (Pty) Ltd.

Consolidated Forms **kyk** South Africa.

Creswell, J.W. 2013. *Qualitative inquiry and research design: choosing among five approaches*. 3rd ed. London: SAGE Publications.

Davel, T. 2011. Regte van die kind – MyFundi. [http://www.myfundi.mobia/a/Regte van die kind](http://www.myfundi.mobia/a/Regte-van-die-kind) Datum gebruik: 26 Jan. 2011.

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. **kyk** South Africa. Department of Social Development.

Departement van Welsyn **kyk** South Africa. Department of Welfare.

De Vos, A.S. & Strydom, H. 2011. *Intervention research*. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. *Research at grass roots for the social sciences and human service professions*. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 473-490).

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. In-depth review of literature. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 133-141).*

Free State. Anon. 2002. The Free State Protocol on the Management of Child Abuse.

General Regulations Regarding Children **kyk** South Africa.

Greeff, M. 2011. Information collection: interviewing. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 341-375).*

Grondwet **kyk** Suid-Afrika.

Loffell, J. 2007. Monitoring the situation of children in statutory care. (*In Dawes, A., Bray, R. & Van Der Merwe, A., eds. 2007. Monitoring child well-being: A South African rights-based approach. 1st ed. Cape Town: HSRC Press. p. 293-327).*

Monette, D.R., Sullivan, T.J., & De Jong, C.R. 2005. Applied social research: a tool for the human services. London: Thomson Brooks/Cole.

Neuman, W.L. 2003. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. London: Allyn and Bacon.

Regulasies **kyk** South Africa.

Schurinck, W., Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Formal formulations. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 397-423).*

September, R.L. 2006. The progress of child protection in South Africa. *International Journal of Social Welfare*, 15 (Suppl. 1):S65-S72.

South Africa. 2005. Children's Act 38 of 2005.

South Africa. 2009a. General Regulations Regarding Children.

South Africa. 2009b. Consolidated Forms in Terms of the Regulations under the Children's Act, 2005.

South Africa. 2007. Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32/2007.

South Africa. Department of Social Development. 2004. National Policy Framework and Strategic Plan for the Prevention and Management of Child Abuse, Neglect and Exploitation.

South Africa. Department of Social Development. 2006. Integrated Service Delivery Model.

South Africa. Department of Social Development. 2009a. National Policy Framework for the Children's Act 38 of 2005 as amended.

South Africa. Department of Social Development. 2009b. National Report: Intersectoral Plan on the Implementation of the Children's Act 38/2005.

South Africa. Department of Social Development. 2011. Framework for Social Welfare Services.

South Africa. Department of Welfare. 1997. The White Paper for Social Welfare.

South Africa. South African Police Service. 2010. National Instruction 3/2010. The care and protection of children in terms of the Children's Act. Legal Services: Legislation. Issued by Consolidation Notice 4/2010.

Strydom, H. 2011a. Sampling in the quantitative paradigm. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Delpont, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 222-234).*

Strydom, H. 2011b. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B., Delpont, C.S.L., eds. 2011. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 113-130).*

Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

Suid-Afrikaanse Polisie diens **kyk** South Africa. South African Police Service.

United Nations. 1990. Convention on the Rights of the Child.

Van der Schyff, M. & Strydom, C. 2009. Aanmeldingsriglyne vir adolessente wat aan seksuele misbruik blootgestel word. Potchefstroom: Noordwes Universiteit. (Verhandeling – MA).

Vorms **kyk** South Africa.

Wette **kyk** South Africa.

AFDELING D

BYLAES

BYLAE A

BRIEF - TAALVERSORGER

Datum: 1 November 2013

Hiermee verklaar ek, Cornelia Johanna Fopma, dat ek die taalversorging van die proefskrif van Marthie van der Schyff behartig het.



Me. C.J. Fopma

Kwalifikasies:

- Baccalaureus in Bedryfskommunikasiekunde (BBK), Potchefstroomkampus van die Noord-Wes Universiteit, 1994-1997
- Nagraadse diploma in Vertaling, UNISA, 2004

Kontakbesonderhede:

E-posadres: erasmuscorrie@hotmail.com

Selfoonnommer: 082 794 7228 (RSA)

+99890 321 4359 (Oezbekistan)

**BYLAE B
ENGELSE VRAELYS
SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE**

PLEASE NOTE:

The numbers of the headings of the questions correlate with the headings in the IARP.

- ❖ The PO's only answers questions in point 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8 and 10.
- ❖ The DSW's only answers questions in point 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 9 and 10.

PLEASE NOTE: IF YOU PREFER, THE SEMI-STRUCTURED INTERVIEW MAY BE CONDUCTED IN AFRIKAANS

1. INTRODUCTORY NOTES

1.1 Do you propose any changes to the introductory notes?

2. LEGISLATIVE AND POLICY GUIDELINES

2.1 Do you propose any other legislative or policy guidelines to be included in the developing of an IARP?

3. PURPOSE OR MISSION STATEMENT

3.1 Does the purpose statement capture your role as agent within the CPS?

3.2 Is the purpose statement a true reflection of the role of the CPS with regard to the protection of children?

4. AGENTS

4.1 Look at **FC 1** – is it feasible or must it be left out?

4.2 Would you prefer to refer to PDSD or DSD in the IARP?

4.3 Would you prefer to refer to DCPO or CPO in the IARP?

4.4 Would you prefer to refer to PO or SAPS in the IARP?

5. CASES

5.1 Look at **FC 2** – is it feasible or must it be left out?

5.2 Please indicate if the explanation of the cases in the IARP is clear to you?

5.3 Do you as agent have a clear understanding of what the cases in Group 1 mean/entail, namely: abused in a manner causing physical injury, sexually abused or deliberately neglected. Please explain.

5.4 Please look at the *CA*'s interpretation of terms on the attached **yellow, p.1-2**. Would you like these terms to be included in the IARP or is it sufficient if it is attached only as an appendix to the IARP?

5.5 Please look at the *CLAA*'s interpretation of terms on the attached **pink, p.1-3**. Would you like these terms to be included in the IARP or is it sufficient if it is attached as **FC 4** as an addendum to the IARP? Or can it be left out completely?

5.6 Please look at the *CA*'s list that identifies a child in need of care and protection on the attached **yellow, p.6-7**. Would you like this list to be included in the IARP **or is it sufficient if it is in FC 3** as an addendum to the IARP?

5.7 Please look at the attached list (**pink, p. 3-8**) of sexual offences against a child identified by the *CLAA*. Do you prefer that the list of sexual offences is included as part of the IARP **or is it sufficient if it is in FC 4** as an addendum to the IARP?

6. PERSONS WHO REPORT WITHIN THE CHILD PROTECTION SYSTEM

6.1 Please look at **FC 5**. Would you like this list of professional persons to be included in the IARP or is it **sufficient if it is only recorded in FC 5?**

6.2 Do you have anything to be added regarding persons who report within the CPS?

7. GENERAL PRINCIPLES APPLICABLE TO RESPONSE

7.1 No delay in action or decision

7.1.1 How do you feel about the feasibility of this principle?

7.2 Keep parties informed

7.2.1 How do you feel about the feasibility of this principle?

7.3 Best interests of the child

7.3.1 Do you as agent feel the factors determining the best interests of the child, as set out in section 7 of the *CA* (**yellow, p.3-4**), is a useful guide?

7.3.2 Would you like the factors determining the best interests of the child to be included in the IARP or **is it sufficient if it is described in FC 6** as an addendum to the IARP?

7.4 Child participation

7.4.1 How do you feel about the feasibility of this principle?

8. SPECIFIC RESPONSES OF PO

(Questions 8.1 – 8.2 have to be answered by PO's only) FC 7

8.1 Phase 1: Initial response

8.1.1 Step 1: Report to a PO

8.1.1.1 Is FC 7 feasible or must it be left out?

8.1.1.2 What is your existing procedure as a PO to handle reports within the CPS?

8.1.1.3 If a FCS nit member is not available at the police station, which procedures are followed to refer the report?

8.1.1.4 Do you prefer the report procedures within the SAPS to be included in the IARP?

